DIE KLEUTERS VAN DIE NED. GEREF. KERK STELLENBOSCH-SENTRAAL SE PERSEPSIES VAN LIDMAATWEES

PAUL ALBERTUS DU TOIT

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Teologie

aan die Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Dr J M G Prins

Februarie 1997

VERKLARING:

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening: Paul A du Toit

Datum: 17 Februarie 1997

Geldelike bystand gelewer deur die

Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika)

vir hierdie navorsing word hiermee erken.

Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie.

Opgedra aan

Erica

wat nie toegelaat het dat ek tou opgooi nie,

Kevin, Guillaume, Derik en Amé

wat te lank na hulle sin moes wag vir beurte op die rekenaar,

die M.Th. (Jeugbediening) studiegroep en studieleier

met wie ek gedagtes kon uitruil,

en my veertien spesiale kleuter-leermeesters.

Sonder die kleuters is die gemeenteliggaam se lof aan God gebrekkig.

Die kleuters van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal se persepsies van lidmaatwees.

Opsomming

Die probleem:

Die gemeente het die opdrag om dissipels te maak deur hulle te doop en alles te leer wat die Hoof van die gemeente, Jesus Christus, sy volgelinge beveel het. Een van die beklemtonings in die meer resente literatuur is dat **geloofsvorming** (om dissipels te maak) o.a. 'n **sosialiseringsproses** is. Die **gemeente** is een van die besondere **sosialiseringsagente** en speel 'n spesiale rol in die vorming van die geloof van elke indiwiduele lidmaat, en in besonder die geloofsvorming van die kind. In **die kleuterjare is sosialisering** volgens die ontwikkelingsielkunde **'n spesiale ontwikkelingstaak**. Die kleuterjare is dus besonder belangrik vir sosialisering in die algemeen, maar dan ook vir geloofsvorming as 'n sosialiseringsproses.

Hoe geslaagd is hierdie sosialiseringsproses wanneer die kleuters 'n baie klein persentasie van 'n gemeente uitmaak? Die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal is 'n **verouderende gemeente** waarvan slegs 3% van sy lidmate voorskools is. Sonder die ervaring dat hulle aan die gemeente behoort, en sonder genoeg geleentheid tot deelname aan die aktiwiteite van die gemeente, word die nodige geloofsvorming (in soverre dit sosialisering is), benadeel.

Die gemeenteliggaam behoort aan die kleuters te **kommunikeer** dat hulle deel is van die gemeente. In die nuwe elektroniese kommunikasie-era mag dit egter gebeur dat die kommunikasie tussen gemeente en kleuter nie slaag nie, omdat die gemeente nie doelgerig, in die taal en belewingswêreld van die kleuter van hierdie era kommunikeer nie. Die vraag word dus gestel: **Hoe effektief kommunikeer die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal aan sy kleuters dat hulle deel van die gemeenteliggaam is?**

Om hierdie vraag te beantwoord, kan 'n mens probeer kyk na resultate van die kommunikasieproses by die kleuters. 'n Mens sou kon kyk na die kognitiewe inhoude wat reeds by die kleuters gevestig het, maar dit alleen kan misleidend wees. Die navorser is van oordeel dat die kleuters in die kommunikasieproses **persepsies** oor die gemeente vorm. Hierdie persepsies vorm 'n positiewe of negatiewe filter waardeur alle verdere kommunikasie gestuur word. Indien die kleuters dus positiewe persepsies van die gemeente het, kan dit bevorderlik wees vir verdere geloofsvorming. Daarom lui die probleemstelling: **Dui die persepsies wat die kleuters van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal oor die gemeente het daarop dat hulle hulleself positief met die gemeente verbind?**

'n Antwoord op hierdie vraag kan die plaaslike gemeente help om te evalueer of hy sy rol as sosialiseringsagent in die geloofsvorming verstaan. Dit kan lei tot **aanpassings in die bedieningspraktyk**. Vir die Christelike kerk in die algemeen kan die prosesse wat in een gemeente gebeur en beskryf word, lei tot

besinning en evaluering van dieselfde prosesse wat binne elke Christelike gemeente plaasvind. Hierdie besinning is des te meer noodsaaklik in 'n gesekulariseerde pluralistiese wêreld, waarbinne die Christelike Kerk die uniekheid en noodsaaklikheid van die Bybelse verlossingsboodskap wil handhaaf.

Met 'n **eksplorerend-beskrywend doel** voor oë is all die kleuters wat aan die gemeente behoort en wat tussen 01-01-1989 en 31-12-1990 gebore is, geselekteer **en metodes ontwerp om hulle persepsies oor die gemeente aan die lig te bring en te beskryf**. Deur kinetiese tekeninge (wat deur meer as een persoon geïnterpreteer is), die ontwerp van 'n projektiewe meetinstrument met prente, en selfrapportering (gesprekke) is die persepsies van die kleuters ontbloot en beskryf. Terselfdertyd is die houding van die gemeente teenoor hierdie kleuters gepeil deur middel van deelnemende waarneming en in 'n steekproef-meningsopname.

Gevolgtrekkings:

Alhoewel die navorser (danksy die navorsing!) op baie goeie voet met die meeste kleuters geplaas is en kleuters in gesprekke waarskynlik ook antwoorde gegee het wat hulle as bevorderlik vir die verhouding tussen hulle en die navorser kon beskou, wil dit tog voorkom asof die kleuters **aangename persepsies** oor aspekte van die gemeenteliggaam het. Die positiewe verhouding met die navorser op sigself is een so 'n positiewe aspek. Dit beteken

egter nie noodwendig dat daar 'n oorwig van aangename persepsies is nie. Daar **is ook negatiewe persepsies**. Positiewe **opmerkings deur kleuters** oor aktiwiteite word gedeeltelik uitgekanselleer deur **opmerkings van kleuterouers** wat aandui dat hulle protesteer teen sekere soort byeenkomste.

Die kleuters het **'n aantal verrassende konsepte** rondom die gemeente gebruik. In soverre geloofsvorming ook 'n kenniskomponent het (geloof = kennis + vertroue), kan daar aanvaar word dat die begrippe wat die kleuters tans hanteer 'n belangrike onderbou vorm vir verdere geloofsvorming. Persepsies, anders as konsepte, suggereer egter iets van die verhouding tussen die subjek (kleuter) en die objek (gemeente). Die konsepte dui dus nie sonder meer die bestaan van positiewe persepsies oor die gemeente aan nie. Die navorser het egter ook waargeneem dat **die kognitiewe onderbou ondersteun word deur 'n redelik positiewe affektiewe komponent**. Daar is genoeg aanduiding dat daar heelwat elemente van genieting/aangenaamheid is in

- die sosialisering ('fellowship') by veral die kleiner primêre byeenkomste soos by huisgodsdiens en wanneer 'n paar gesinne bymekaar kom,
- die diensgerigtheid en uitreike na kleuters van die nabygeleë plakkers-area by die sekondêre groeperings soos die kinderkrans (empatie, barmhartigheid, sending),
- en die vieringselemente soos die sang, aansteek van kerse, beweging na die liturgiese ruimte by die gesinsdienste as tersiêre byeenkomste.

Of hierdie aangename ervarings genoegsaam resoneer in die woorde, dade en houdings van ander (volwasse) lidmate, bly 'n ope vraag. Die navorsing het aangetoon **dat die gemeente aanpassings maak om die effektiwiteit van die kommunikasie te verhoog** en dat die kleuters juis na hierdie vernuwende elemente verwys as aangename gemeente-ervarings. Die navorsing het egter ook aangetoon dat kleuters visuele simbole nodig het om uitdrukking te gee aan hulle gemeente-identiteit. Die kerkraad behoort erns te maak met **die representatiewe simboolkommunikasie en rituele** in 'n kerkgebou waar belangrike simbole soos die toring en klokke ontbreek, en waar die buurgemeente se kerkgebou besonder ryk is aan simbole.

Effektiewe kommunikasie binne gemeenteverband het egter nie net te doen met uiterlike simbole en rituele nie, maar met 'n kommunikasiegebeure wat ontspring in die hart van die liefdevolle Vadergod. In verbondenheid aan Jesus, sy Seun, die Hoof van die gemeenteliggaam, is die gemeentelede betrek by 'n groot kommunikasieproses waarvan die inhoud as evangelie (goeie nuus) getipeer word. **Om dus te praat van effektiewe kommunikasie sal daar meer geluister en gesoek moet word na die visie van God, en meer verwag moet word dat die kreatiewe Skeppergees sy gemeente sal begenadig met gawes wat in die nuwe kommunikasie-era gebruik kan word om die evangeliese dialoog tussen God en kleuter (onder andere), asook gemeente en kleuter te bevorder.** Indien die gemeente nie verstaan dat elke lid daar is ter wille van die ander nie, kan die gemeente in generasiegroepe of ander groepe opbreek

sonder dat hulle verstaan dat die gemeente baat by intergeneratiewe byeenkomste waarbinne elke groep 'n bydrae lewer tot die geloofsvorming van die ander. Wanneer daar egter op pluriforme wyse (baie style, vorme, smake) in die aanbidding en diensgerigtheid saam harmonie, versoening en aanvulling gesoek word mag die kleuter se plek nie leeg wees nie. Wanneer die kleuter in hierdie aanbidding deel kry, vind hy ook sy eie sin. Die gemeente is by uitstek die ruimte waarbinne hierdie verheerliking in die tydelike bedeling realiseer. In soverre hierdie navorsing 'n bydrae kon lewer om die gemeenteruimte te help vul met die sinvolle inskakeling van die gemeentekleuters wat God saam verheerlik, in soverre was die navorsing die beoefening van geslaagde praktiese teologie.

Pre-school children's perceptions of membership of the Dutch Reformed Church Stellenbosch-Sentraal

Résumé

The problem

The church is commissioned to make disciples by baptising them and teaching them what the Head of the church, Jesus Christ, taught his disciples. One of the accents in recent literature is that **faith development** (making disciples) is also a **socialising process**. The **church** is one of the **socialising agents** and plays a special role in the faith development of each individual member, and especially in the faith development of the child. According to developmental psychology a **special developmental task of the pre-school years is socialization**. These years are very important for socialising in general, and therefore for faith development as a socialising process.

How successful is the socialising process when the pre-schoolers comprise a very small part of a congregation? The Dutch Reformed Church Stellenbosch-Sentraal has an **aging congregation**; pre-schoolers comprise a mere 3% of its members. If they do not experience that they belong to the congregation and if there are insufficient opportunities for them to take part in congregational activities the necessary faith development (in so far as it comprises socialization) is impaired.

The body of the church should **communicate** to pre-schoolers that they form part of the body. In our era of electronic communication it may happen that communication between congregation and pre-schooler is unsuccessful when the congregation do not communicate purposefully and in the language and in the range of perception of the pre-schooler of this era. The question is therefore posed: **How effectively does the Dutch Reformed Church Stellenbosch-Sentraal communicate to its pre-schoolers that they are part of the body of this church?**

In order to answer this question one should study the results of the communication process of the pre-schoolers. One should look at the cognitive contents already established in the pre-schoolers, but this alone can be misleading. The author holds the opinion that pre-schoolers form **perceptions** about the congregation in the process of communication. Their perceptions form a positive or negative filter through which all further communication is sent. If the pre-schoolers have positive perceptions of this congregation, it will be conducive to further faith development. The problem is therefore posed: **Do the perceptions of the pre-schoolers of the Dutch Reformed Church Stellenbosch-Sentraal on the congregation show that they associate themselves positively with the congregation?**

An answer to this question will enable the local church to evaluate whether it understands its role as socialising agent in faith development. This may lead to **adjustments in its ministry**. For the Christian church in general the processes

taking place and being described in one specific congregation may lead to reflection and evaluating of similar processes taking place within every Christian church. Such reflection is even more necessary in our secularised pluralistic world, a world in which the Christian church wishes to maintain the uniqueness and necessity of the Biblical salvation message.

With the aim of **discovering and describing** their perceptions, all pre-schoolers in the congregation born between 01-01-1989 and 31-12-1990 were selected and **methods were designed to reveal and describe their perceptions about the congregation.** Their perceptions were revealed and described through kinetic drawings (interpreted by more than one person), the design of a projective measuring instrument with pictures and reporting (conversations). At the same time the attitude of the congregation towards these pre-schoolers were gauged by means of participant observation and in a random opinion poll.

Conclusions

Although the researcher had (thanks to the research!) very good relations with most of the pre-schoolers and they probably were inclined to give answers which they would regard as having a positive influence on that relationship, their answers during conversations with them point to **positive perceptions** of aspects of the congregation of which they are part. Their good relationship with the researcher is one of these positive aspects. It does not however necessarily follow that positive perceptions are in the majority. There are **negative**

perceptions as well. Some positive **remarks made by the pre-schoolers** were cancelled in part by **remarks by their parents** indicating that they objected to going to some of the meetings of the church.

They used **some surprising concepts** about the congregation. In so far as faith development contains a knowledge component (faith = knowledge + trust) it can be accepted that the concepts that they use at the moment will form an important basis for further faith development. Perceptions, unlike concepts, suggest something about the relationship between subject (child) and object (congregation). The concepts do not necessarily point to the existence of positive perceptions about the congregation. However, the researcher found that the **cognitive basis was supported by a moderately positive affective component**. It seems that there are several elements of enjoyment/ pleasantness in

- the socialising (fellowship) of the smaller primary gatherings such as family prayers and get-togethers of a few families,
- the service aspect of outreaches to small children in squatter camps at secondary meetings such as "kinderkrans", the weekly children's meeting (empathy, compassion, missions)
- and the festive elements such as singing, lighting of candles, and going to the pulpit in family services as tertiary meetings.

Whether these positive experiences resonate sufficiently in the words, deeds and attitudes of other (adult) members of the church remains to be seen. The research has shown that the **congregation is making adaptations in order to heighten the effectiveness of its communication** and that the pre-schoolers point to these elements as pleasant congregational experiences. The research also showed that pre-school children need symbols to express their identification with the congregation. The church council should therefore stress **representative symbol communication and rituals** in a building without important symbols such as a tower and bells, and where the neighbouring church building is rich in symbols.

However, effective communication within a congregation is not only about visible symbols and rituals, but are about communication which is born in the heart of a loving Father God. In union with Jesus Christ, his Son and Head of the body of the church, members are involved in a great communication process of which the content may be typified as gospel (good news). **In order to talk about effective communication, the congregation should listen to and search for the vision of God, and they should expect the Creator Spirit to grant the congregation gifts that can be used in the new communication era in order to further the evangelical dialogue between God and the pre-school child (amongst others) and between the congregation and the pre-school child.** Should the congregation not grasp that each member is there for the sake of others, the congregation is in danger of breaking up in generational or other

groupings, not grasping the benefits from inter-generational gatherings where each group can contribute towards the faith development of other groups. When harmony, reconciliation and supplementation are pursued in a pluriform way in the worship and service programmes of the congregation, the pre-schooler should not be absent. When the pre-schooler forms part of this kind of worship, he finds his own meaning. The congregation is the setting where this glorification of God is realised in the temporal. If this research contributes towards empowering the congregation to incorporate the pre-school children of the congregation in congregational activities in honour of God, to glorify Him, then this research may be regarded as the practice of successful practical theology.

Inhoudsopgawe

Bladsy

1. Inleiding 21

2. Geloofsvorming 27

2.1 Inleidende opmerkings 27

2.1.1 Maak dissipels 27

2.2 Die wêreld waarbinne geloofsvorming plaasvind 33

2.2.1 Voortgaande sekularisasie 33

2.2.2 Pluralisme 35

2.2.3 Taak en roeping van die Kerk 37

2.3 Die mens wie se geloof gevorm word 43

2.3.1 Totaliteitswese 43

2.3.2 Die Kleuterfase 44

2.4 Die proses binne die gemeente 65

2.4.1 Interafhanklikheid, intergeneratiwiteit 66

2.4.2 Die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal as konteks 74

2.5 Kommunikasie as medium vir geloofsvormende prosesse 91

2.5.1 Nuwe era, nuwe paradigmas 91

2.5.2 Figuur/grond-onderskeiding 94

2.5.3 Sintuiglikheid, liggaamlikheid en representatiewe simboliek 98

2.5.4 Kan volwassenes kleuters verstaan? 102

2.6 Samevatting 106

2.6.1 Probleemstelling 110

3. 'n Geldige navorsingsmetode 112

3.1 Die aard van die navorsing 115

3.1.1 Teologie en empiriese navorsing 115

3.1.2 Post-Positivisties 119

3.1.3 Kwalitatief: Etnografies 124

3.2 Die doel van die navorsing 128

3.2.1 Hipotese of nie? 128

3.2.2 Eksplorerend-beskrywend 131

3.3 Voorbereiding deur aksie-navorsing 131

3.3.1 Strategie 132

3.3.2 Aksies 133

3.3.3 Evaluering 140

3.4 Konseptualisering van die probleemstelling 142

3.4.1 Kleuterpersepsies en verbintenis met die gemeente 142

3.4.2 Gemeentehouding 143

3.5 Operasionalisering 145

3.5.1 Voorlopige eksperimente 145

3.5.2 Kleuterpersepsies en Triangulering (meervoudige kruisvalidasie) ... 147

3.5.3 Gemeentehouding en vraelyste 158

3.6 Samevatting 160

4. Dataversameling en data-analise 164

4.1.1 Ontledingseenhede 164

4.2 Gemeentehouding 168

4.2.2 Gemeentehouding oor kleuters en erediensdeelname 179

4.2.3 Gemeentehouding oor kleuters se deelname aan ander gemeente-aktiwiteite: 184

4.2.4 Teologiese beoordeling van gemeentehouding 186

4.3 Kleuterbetrokkenheid 188

4.4 Kleuterpersepsies 189

4.4.1 Beskrywing van elke kleuter individueel 189

4.4.2 Algemene samevatting van waarnemings en tendense 211

4.5 Algemene gevolgtrekking 215

5. Evaluering van die navorsing 222

6. Saamgestelde bronnelys 226

6.1 Primêre bronne (waaruit aangehaal is) 226

6.2 Aanvullende bronne 231

BYLAAG 1 236

BYLAAG 2 237

BYLAAG 3 238

BYLAAG 4 239

BYLAAG 5 240

BYLAAG 6 245

BYLAAG 7 248

BYLAAG 8 253

BYLAAG 9 257

BYLAAG 10. 346


1 Inleiding
2
Perspektiewe
op
Geloofsvorming
5 Evaluering
4
Kleuters
Persepsies
Betrokkenheid
Verbintenis
Gemeente
houding
Navorsingsmetode
3

1. Inleiding

Die eerste paar lewensjare is baie belangrik in die mens se ontwikkeling. Indien ontwikkeling as opeenvolgende trappe voorgestel word, vorm die eerste lewensjare die onderste trappe, oftewel basis in die ontwikkelingsproses van die indiwidu. Wanneer 'n aantal indiwidue saamgegroepeer word om 'n sosiale eenheid soos 'n gemeente te vorm, kan daar gepraat word van 'n dubbele basis: Enersyds vorm die geskiedenis en tradisies 'n basis vir die bepaalde groepering, andersyds is die groepering voortdurend besig met basisvernuwing deur die toevoeging (inbou) en opbou van nuwe lede. Die nuwe lede vorm met verloop van tyd weer die geskiedenis- en tradisie-basis van die sosiale groepering (gemeente) waarop toekomstige ontwikkeling bou. Die proses wat in die indiwidu plaasvind is dus van belang vir homself én die sosiale groeperings waaraan hy behoort. So is die vormingsprosesse wat in kinders plaasvind grondliggend in hulle eie volwassewording, maar ook grondliggend in die voortbestaan, voortgaande hervorming en opbou van die gemeente.

Bogenoemde uiteensetting is nie strydig met Bybelse beeldspraak dat Jésus Christus die fondament van die gebou van God is nie (1 Kor 3:11). Hy bly die fondament vir die Kerk, ónder alle ander basisse. Juis in verbondenheid met Hom kon die apostels en profete in die beeldspraak van Efesiërs 2:20 die fondament van die heilige tempel genoem word. Wanneer daar gepraat word van die fondament en basislae van die gemeente in die twintigste en een en

twintigste eeu gaan dit juis oor die prosesse van geloofsvorming waardeur nuwer geslagte verbind word aan Christus.

Alhoewel Jesus Christus gister en vandag dieselfde is, is die konteks waarbinne die gemeente gebou word en waarbinne die gemeente sy funksie op aarde moet vervul, telkens anders. Nuwe teorieë, insigte, ontwikkelinge en beklemtonings vorm telkens weer 'n nuwe verwysingsraam waarbinne die gemeente homself moet vind om sy roeping aktueel te kan uitleef.

Een van die nuwere beklemtonings in die literatuur is die beskrywing van geloofsvorming as 'n sosialisasieproses. Navorsers het die religieuse ontwikkeling van die kind vroeër reeds vanuit verskillende invalshoeke beskryf. Sommige het die kognitiewe aspekte in die religieuse ontwikkeling van die kind beklemtoon, terwyl ander weer gefokus het op 'n inherente religieuse potensiaal van die kind wat nie ondergeskik is aan sy kognitiewe ontwikkeling nie (Roux 1994:3). Veel klem is gelê op teorieë oor wat die kind kan begryp, en hoe hy sy verhouding met God ervaar. Die nuwe dimensie wat nou bygevoeg word, beskryf geloofsvorming as 'n proses van geloofs- of religieuse sosialisasie (Prins 1991:254).

Sosialisering is 'n uitdyende proses: Aanvanklik sosialiseer die kind net met die mense in sy onmiddelike omgewing, maar hoe meer hy uitbeweeg en in aanraking met die groter gemeenskap kom, hoe meer geleentheid is daar tot veelvoudige vorme van sosialisering. In hierdie studie kies die navorser die

kleuterfase as domein van ondersoek omdat hulle begin uitbeweeg uit die kleiner sosialiseringsruimte van die ouerhuis. Teoretici uit die ontwikkelingsielkunde dui sosialisering dan ook aan as een van die belangrikste ontwikkelingstake vir die kleuterjare. Daarom word daar in studie gefokus op veertien gemeentekleuters.[1]

Geloofsvorming as 'n sosialiseringsproses is egter nie die enigste nuwe beklemtoning waarmee die gemeente in sy bedieningspraktyk rekening moet hou nie. 'n Aantal ander belangrike ontwikkelinge en beklemtonings op verskillende terreine soos die volgende moet hiermee saam in ag geneem word:

1. Die voortgaande **proses van sekularisasie**.

2. **Pluriformiteit (pluralisme)** as een van die kenmerke van die post-modernistiese tydperk wat ook 'n neerslag vind in die bedieningspraktyk;

---

[1] Vir die doel van hierdie studie is een kind wat in 1988 gebore is en sub A herhaal, saam met die 13 kleuters wat in 1989 en 1990 gebore is, as groep geneem waarop die navorser fokus. Hierdie groep is dan ook die spesiale ontledingseenheid in die prakiese navorsing. Hulle verteenwoordig die oorgangsgroep tussen kleuter- en kinderjare, die periode voordat hulleself vlot kan lees, tot die aanvang van die selflees-fase. Hulle is ook in die fase van versnelde sosialisering, omdat hulle op hierdie ouderdom gewoonlik baie meer in aanraking met die wye sosiale wêreld buite die gesin kom.

3. 'n **Holistiese mensbeskouing** wat impliseer dat een faset van menswees nie op sigself bestudeer kan word nie, tesame met 'n nuwe waardering vir die liggaamlike en affektiewe dimensies naas ander dimensies van menswees;

4. **Intergeneratiwiteit** as een van die noodsaaklike vertrekpunte in die ontwikkeling van gemeentemodelle;

5. **Kontekstualisering** van die bedieningspraktyk, wat o.a. impliseer dat die **veroudering** van die lidmate van 'n bepaalde gemeente soos Stellenbosch-Sentraal 'n nuwe konteks skep vir die bedieningspraktyk;

6. Die erkenning dat die elektroniese era **nuwe paradigmas in kommunikasie** skep, wat heeltemal verskil van die paradigmas uit die era van die gedrukte woord;

7. Die **belangrikheid van grond-ervarings**/agtergrond-belewenis in onderskeiding van figuur-waarneming in kommunikasie, waarvolgens die atmosfeer byvoorbeeld kan bepaal of die kommunikasie van sekere inhoude tussen sender en ontvanger in 'n mindere of meerdere mate geslaagd is;

8. 'n Beklemtoning van die waarde van **representatiewe simboliek (en rituele)** in onderskeiding van diskursiewe (taal-) simboliek.

9. **Kwalitatiewe navorsing** as erkende navorsingsmetode veral in die menswetenskappe. Tegelykertyd word daar nou toegegee en aanvaar dat die **navorser geen neutrale waarnemer** is nie, maar dat hy 'n bydrae tot

navorsing lewer deur ordening van data vanuit sy verwysingsraam, en refleksie daaroor.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou vrae soos die volgende gestel word:

- Het die kleuters, as lidmate van die Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Sentraal aangename persepsies van die gemeenteliggaam?
- Is die kleuterlidmate van die Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Sentraal se persepsies van die gemeenteliggaam bevorderlik (of belemmerend) vir hulle voortgaande geloofsvorming binne die gemeente?
- Hoe effektief kommunikeer die Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Sentraal aan die kleuters dat hulle deel van die gemeenteliggaam is (gemeet aan die ingesteldheid van gemeentelede, die kommunikasie van hierdie ingesteldheid aan die kleuters en die effek wat dit op die persepsies van die kleuters het)?

Bogenoemde drie oorvleuelende vrae was rigtinggewend in die refleksie, studie en ondersoek van die navorser. Die literatuurondersoek en besinning lei dan ook tot die formulering van die probleemstelling teen die einde van Hoofstuk 2:

Dui die persepsies wat die kleuters van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal oor die gemeente het, daarop dat hulle hulleself positief aan die gemeente verbind?

Die verdere hoofstukindeling is as volg:

In die volgende hoofstuk word 'n aantal ter sake **standpunte en invalshoeke oor geloofsvorming** bymekaar gebring vanuit 'n oorsigtelike **literatuurstudie**. Dit sluit die eerste agt aspekte wat hierbo genoem word, in. Uit hierdie veldverkenning word gekonkludeer dat die persepsies wat kleuters oor die gemeente het, hulle voortgaande geloofsvorming positief of negatief kan beïnvloed. **Dit lei tot die formulering van die probleemstelling vir praktiese navorsing**.

In die derde hoofstuk word daar in redelike detail nagedink oor die navorsingsmetodiek en die moontlikhede wat nuwe navorsingsparadigmas in die post-positivistiese era bied (die negende aspek hierbo genoem). In hierdie hoofstuk word dan ook spesiaal nagedink oor **navorsingsmoontlikhede rondom die kleuter in die praktiese teologie**.

Nadat die probleemstelling uit hoofstuk 2 ondersoek is volgens die moontlikhede wat in hoofstuk 3 beskryf is, volg die vierde hoofstuk wat **die resultate** beskryf. Hierdie hoofstuk gee ook perspektiewe met die oog op toepassing in die bedieningspraktyk.

Ten slotte volg **'n kort evaluering**.

2. Geloofsvorming

2.1 Inleidende opmerkings

2.1.1 Maak dissipels

Die opdrag van Christus, die Hoof van die Ligaam, om dissipels te maak, bly vir die Christelike kerk een van sy bestaansredes in die wêreld. Diegene wat tot geloof kom, word deur die *doop* onder die seggenskap van en in gemeenskap met die drie-enige God gebring (*Verklarende Bybel* by Matt 28:19 en 20). Die gedoopte word egter nie net in gemeenskap met God gebring nie, maar ook in gemeenskap met die gemeente gestel.

2.1.1.1 Die gemeente as liggaam van Christus

Skrifgedeeltes soos 1 Kor 12 en Ef 4 gebruik die liggaamsmetafoor om die gemeente te beskryf.[2] Dit is ook in ooreenstemming met die 'lidmaat'-terminologie wat in die Ned Geref Kerk gebruik word.

---

[2] In hierdie studie word daar nie analises gemaak om te bepaal watter kerkmodel in die gemeente hanteer word nie. Die liggaamsmetafoor word bloot gebruik om uitdrukking te gee aan die gemeenskapsaspek, oftewel deelgenootskap, en deelname soos wat dit in die prosesse hierbo beskryf word. Vgl Hendriks (1992:12) se onderskeiding tussen metafoor, beeld en model.

2.1.1.1.1 Ingelyf

'n Mens word 'n lidmaat van die liggaam van Christus deurdat God 'n verbond met jou sluit. Die doop dien as inlywingsakrament. König (1986:30) skryf:

> '...[D]ie doop [verenig] ons met sy liggaam, die kerk sodat ons verbonde is aan alle ander gelowiges en net sáám met hulle ons nuwe lewe kan leef. Elke lid van hierdie liggaam ontvang 'n besondere gawe van die Gees en hierdie gawes moet ons dan in gemeenskap met al die ander lede en tot diens van die ander lede beoefen....'

'n Gemeente bestaan dus nie net uit 'n saamgevoegde, ingelyfde passiewe groep nie. Binne hierdie liggaam vind daar prosesse van beïnvloeding en groei plaas. Meer nog, die klein kind word by hierdie gemeenteliggaam ingelyf voordat hy glo. Die geloof word stap vir stap ná die inlywing gevorm.

2.1.1.1.2 Geloofsvormende prosesse

Richards (1983:76-80 en 372, asook 1988:76) toon aan dat die geloof van die kind volgens die Ou en Nuwe Testament gevorm word deur ten minste die volgende vyf prosesse:

> '...faith nurturing processes are those that
>
> - communicate a senses of acceptance and belonging

- draw the learner into the community as a participant in those activities through which Christian faith is experienced and expressed
- build modelling relationships between members of the community
- involve interacting with the Bible so that instruction becomes interpretation of life
- involve the exercise of choice, so that personal commitments to the lifestyle of faith can be made.'

In Prins (1993:82) se weergawe van hierdie prosesse is daar 'n besondere klem op die **geloofsgemeenskap** in die eerste drie prosesse:

(i) Prosesse wat deelgenootskap aan 'n lewende geloofs-gemeenskap kommunikeer

(ii) Prosesse wat deelname aan die lewe van die geloofs-gemeenskap insluit

(iii) Prosesse wat navolging van lede van die geloofsgemeenskap moontlik maak (modellering)

(iv) Prosesse wat onderrig in die Bybel as 'interpretasie van die lewe' moontlik maak

(v) Prosesse wat 'n uitoefening van persoonlik keuses moontlik maak.

Hierdie vyf prosesse is egter nie losstaande van mekaar nie. Die eerste twee byvoorbeeld handel beide oor deelwees (*acceptance, belonging, participants)* van die geloofsgemeenskap. Al die prosesse is egter deel van die opbouproses van die individuele lidmaat en die gemeente as geheel. Geloofsvorming word dus nie eers afgehandel en gaan dan oor in 'n bouproses nie. Geloofsvorming is die onafgehandelde taak van die gemeenteliggaam - solank daar dissipels gemaak word, én solank die gemeenteliggaam groei.

2.1.1.1.3 Tegelyk subjek en objek in opbouproses

Die gemeenteliggaam veronderstel 'n groeiproses in terme van getalleuitbreiding (kwantiteit) maar ook in terme van geloofsgroei (kwaliteit) wat tuisgebring kan word onder die Bybelse boumetafoor (uitbou- en opbou-terminologie). Hendriks (1992:67) bespreek die boumetafoor by Paulus en skryf :

> 'In teenstelling met die Ou Testament, waar die Heilige Gees net aan gesalfdes gegee is, hoofsaaklik vir die dienswerk van koning, priester of profeet, is die Heilige Gees ná Pinksterdag aan alle gelowiges gegee. Wat Esegiël voorsien het (Eseg 36:26-27), het gebeur. Die logiese gevolg hiervan is dat gewone gelowiges nou instrumente kan wees om die bouwerk van God te doen. God drie-enig bou sy kerk.'

Wanneer Petrus net na die uitstorting van die Heilige Gees verklaar wat daar gebeur het, sê hy aan die skare dat die profesie van Joël 2:28-32 in vervulling gegaan het. Die uitstorting van die Heilige Gees word dan in kinder-inklusiewe terme beskryf: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle *seuns* en julle *dogters* sal as profete optree... Die kritiese vraag wat hiermee aan die orde gestel word, is of die kinders van meet af aan bydraes lewer in die opbouproses van die gemeenteliggaam en of hulle maar net as objekte in die bouproses beskou word totdat hulle later as volwassenes daaraan kan deelneem. Indien dit wel die veronderstelling by 'n gemeente is dat hulle eers later bruikbaar is, kan daar gevra word of hulle hulleself teen daardie tyd nog as lewende deelnemende lidmate van die gemeente beskou.

Daar is dus 'n uitbreidingsproses in terme van getalle ter sprake, maar terselfdertyd 'n proses van groei in toewyding. Hierdie groei in toewyding namate die dissipel leer om alles te onderhou, kan ook as geloofsgroei bestempel word.

In die res van hierdie hoofstuk word daar nou gekyk hoe geloofsvorming (as taak van die kerk in die wêreld) fokus op die totale mens, en as 'n intergeneratiewe sosialiseringsproses plaasvind binne die konteks van 'n bepaalde gemeente in 'n nuwe kommunikasie-era waarbinne die kleuters se persepsies oor die gemeente hulle eie geloofsvorming kan bevorder of belemmer. Die logiese struktuur van die res van die hoofstuk word skematies as volg voorgestel:

Geloofsvorming

as taak van die kerk in 'n wêreld van
- voortgaande sekularisasie
- pluralisme

gefokus op die totale mens
met spesiale geleenthede en uitdagings
in die kleuterfase
- religieuse potensiaal
- ontwikkelingstake (sosialisering)
- liggaamlikheid
- persepsies

as intergeneratiewe sosialiseringsproses
binne die konteks van 'n bepaalde gemeente
nl Die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal
- ouerwordend
- bepaalde bedieningspatrone

in 'n nuwe kommunikasie-era
- nuwe paradigmas, verwysingsraam
- grond/figuur onderskeiding
- sintuiglikheid en representatiewe simboliek

bemiddel of belemmer deur kleuterpersepsies

2.2 Die wêreld waarbinne geloofsvorming plaasvind

Die Kerk met sy opdrag om dissipels te maak, en met sy visie om die Liggaam van Christus te bou, opereer egter binne die konteks van 'n spesifieke wêreldomgewing en is dan ook op hierdie wêreld gerig... In die sogenaamde post-Christelike gemeenskappe waar prosesse aan die werk is om die tradisionele kerk al kragteloser te maak en waar oënskynlik grootskaalse geloofsverval plaasvind, is dit nodig dat die kerk homself vergewis van alle moontlike oorsake waarom dit gebeur. Alhoewel hierdie wêreld waarbinne geloofsvorming plaasvind, met talle beskrywings getipeer kan word, word daar gekies om te fokus op die prosesse van sekularisasie en groeiende pluralisme (die eerste sluit eintlik die tweede in) omdat die navorser van oordeel is dat hierdie twee prosesse besondere nuwe eise aan die kerk stel.

2.2.1 Voortgaande sekularisasie

Lukken (Boon-Schilling e a 1991:30) toon aan hoedat die huidige kultuur die wêreld al minder as *kosmos* sien, en al meer as *saeculum.* Die Griekse en Romeinse kulture het die wêreld as 'n ruimtelike en statiese orde, kosmos, gesien. Hierteenoor het die Jode die wêreld eerder as geskiedenis, *saeculum,* beskou. In die Christelike godsdiens is die twee beskouinge in 'n sekere positiewe spanning tot mekaar gebruik. Die kosmiese visie op die wêreld sluit 'n teologiese en etiese sisteem in wat bokant die geskiedenis uitgaan. Die rituele

as redelik vaste sisteme is tradisioneel in verband gebring met die orde, die vaste sisteem, en word in die sekulêre wêreld waarin die tydelike en liggaamlike al meer beklemtoon word, negatief beoordeel.

Die godsdiens, in besonder die rituele rondom doop, belydenisaflegging, kerkgang, huisgodsdiens, begrafnisse, ens., het 'n integrerende, samebindende rol in die gemeenskappe gespeel. Waar die samebindende kragte ontbreek en die samelewing ver-individualiseer, die tradisies en vroeëre rituele as outyds en as onvanpas beoordeel word, word die tradisionele hoofstroom denominasies laat vaar of gestroop van oorblywende rituele. Sonder gemeenskap is daar geen rituele nie, en sonder rituele is daar geen gemeenskap nie. Vir die gemeente wat per definisie 'n gemeenskap is, word dit 'n krisis.

Ook Faber (in Heimbrock & Boudewijnse 1990:53) skryf die krisis van die godsdiens toe aan die proses van sekularisasie. Hy voer aan dat meer en meer aspekte aan die konsep van sekularisasie toegevoeg word. Sommige van hierdie aspekte is

- 'modern knowledge' en die invloed daarvan op die godsdienstige wêreldbeeld;
- verstedeliking en die effek daarvan op gemeenskappe;
- konflikte tussen die generasies en die gepaardgaande gevolg dat godsdienstige tradisies nie suksesvol oorgedra kan word aan opkomende geslagte nie;

- die invloed van moderne kommunikasie en die oorvloed van verskillende standpunte insake diepere lewensvrae wat danksy die informasietegnologie oral beskikbaar is - standpunte wat óf relativisme in die hand werk óf 'n aggressiewe fundamentalisme;

- die individualisering van die lewe vir baie moderne mense, en verwant hieraan 'n eksistensialistiese filosofiese atmosfeer wat tot uitdrukking kom in *basic distrust.*[3]

Een van die gevolge van die proses van sekularisasie is 'n sekere *openmindedness* t.o.v. alle standpunte. Die sekulêre wêreld is 'n neutrale wêreld. 'Such a society is not homogenous but pluralist in terms of religion and culture and in group and personal values.' (*Facing the challenge of secularism* 1991:55). Wat word onder pluralisme verstaan?

2.2.2 Pluralisme

Verskillende fases in die ontwikkeling tot die hedendaagse pluralisme in die Amerikaanse samelewing word onderskei, t.w.

---

[3] Vgl Erikson se *trust versus mistrust*-polariteit in die eerste lewenskrisis/ stadium, met *hope* as die moontlike sintese binne hierdie krisis (Louw 1990:62). Hierdie hoop is dan die ontwikkelingstaak vir hierdie lewensfase. Is volwassenes wat uitgelewer is aan 'n basiese lewenshouding van *distrust* in staat om hoop aan die klein kind in hulle sorg te bied?

1. die ontstaan van verskillende Protestantse denominasies sonder dat een denominasie 'n bevoorregte status verkry het;

2. die pluralisme wat ontstaan het toe verskillende kulturele en etniese groepe, Protestante, Katolieke en Jode in prosesse van industrialisasie, verstedeliking en immigrasie saamgewerk het aan die gemeenskaplike Amerikaanse droom van vooruitgang, gekenmerk deur materialisme, optimisme en individualisme;

3. die derde fase wat in die 1970's begin het en wat gekenmerk word deur die geleidelike aftakeling van hoofstroomdenominasies, die vermenigvuldiging van denominasies en sektes, spesiale belangegroepe en enkeldoel-organisasies sonder dat daar 'n oorkoepelende *guiding force* is. (*Facing the challenge* 1991:56).

Pluralisme in die godsdiens beteken nou dat daar nie meer 'n regte of verkeerde godsdiens is nie, maar slegs verskillende perspektiewe en verskillende, dog gelyke aansprake op die waarheid. Met die politieke verandering in Suid-Afrika, die strewe na gelykheid, 'n sekulêre staat, neutrale onderwys en die feit dat die hoofstroom Christelik Kerke van die Afrikaanssprekende gemeenskappe nie meer in 'n magsposisie is nie, het pluralisme deel van die onmiddelike konteks geword waarbinne die Liggaam van Christus, die Kerk, sy roeping moet uitleef.

Pluralisme is egter nie net die kenmerk van die buite-kerklike, of wêreld-konteks waarbinne die kerk sy roeping moet uitleef nie. Ook binne gemeentes dring verskillende groepe daarop aan om volgens hulle behoeftes bedien te word. Dit

kom daarop neer dat daar voorsiening gemaak moet word vir verskillende aanbiddingstyle binne een gemeente. Sommige lidmate wat egter gewoond was aan 'n eenstyl-bediening vind hierdie soort pluriformiteit in die gemeente dikwels vreemd, en ervaar 'n vreemdheid in byeenkomste wat nie klop met hulle styl van aanbidding nie.

Die probleme rondom sekularisasie en pluraliteit ontneem die Kerk egter nie van sy taak en roeping nie.

2.2.3 Taak en roeping van die Kerk

Westerhoff gee iets van die situasie waarin die kerk vandag is, en die ingesteldheid waarmee die kerk die wêreld benader weer in *Building God's people* (1983:27):

> 'For a long time we have been dominated by a secular, scientific, materialistic society in which religious pluralism has produced a relativism and skepticism devoid of historical consciousness and futuristic vision.
>
> 'Our world is one of contradictions and shifting perceptions: while searching for community, we celebrate a rugged individualism; while longing for being, we advocate having; while desiring a this-worldly relevance for human life, we live for an otherworldly salvation; while wishing for a spiritual reality we can know directly by participation and encounter, we acknowledge solely a material

reality known only indirectly by sense experience and reason; while affirming a humanitarian commitment, we support an inhuman social order; while confessing belief in the gospel, we live as if God has not acted in Jesus Christ to transform human life and history; while defending both the intellectual and intuitional modes of consciousness, we have been both anti-intellectual and anti-institutional; while confessing a commitment to prophetic judgement and change, we have acted on behalf of conservative institutional and national survival; while conscious of our expanded human choices and seemingly unlimited possibilities, we have become immobilized and escapist; while aware that we are called to be a sign and an advocate of a new world, we have blessed the status quo; while possessing great personal and social resources, we have acted as if we were miserable worms without influence; and while our rhetoric speaks of paradox and integration, we live lives of disintegration, flip-flopping from one heretical extreme to another. Amid these confusions, we are confronted by a world that is radically changing before our very eyes.'

Binne hierdie konteks van 'n gesekulariseerde, pluralistiese wêreld kan daar nou tereg gevra word of ons kinders nog geloof sal hê. Kan 'n kerk wat sonder duidelike doelwitte rondval tussen verskillende standpunte dissipels maak wat in die veranderende wêreld sinvolle lewens lei? Het die kerk nog die wil en vermoë

om dissipels te maak? Hoe word die kinder-dissipels se geloof gevorm en watter periodes in hulle ontwikkeling is belangrik?

Die periode in die menslike ontwikkeling wat volgens populêre mening (vgl byvoorbeeld Malan 1979:11; Theunissen 1978:1-6) deurslaggewend van aard vir die vorming van die mens - ook sy geloofsvorming - kan wees, lê iewers in die eerste paar jaar van menslike ontwikkeling. Inge Oostdijk verwys na Ignatius de Loyola (stigter van die Jesuïete-orde) wat gesê het: 'Geeft mij een kind tot het zevende jaar en ik sal met hem maken wat ik wil!' (Oostdijk 1986:33). Navorsing wat die geloofsgemeenskap kan help met hierdie vormingsproses is dus van besondere belang. Choan-Seng Song skryf in 'n hoofstuk onder die titel *Christian Education in a World of Religious Pluralism*: 'Christians as members of human community also have adjusted themselves to this world of pluralism... But if they have adjusted well to the world of social, political, ideological, and cultural pluralism, they have not, on the whole, come to terms with the world of religious pluralism.' (Seymor & Miller 1990:165) Dit lê dus as 'n uitdaging voor die kerk om sy lidmate (en kleuters) te help om nie net in hierdie wêreld te oorleef nie, maar om ook te help dat elke gelowige sy funksie kan vervul: 'Our vocation is to actively participate in a witnessing community, the church. Our vocation is to be an advocate and sign of God's rule, to become a historical agency through which God is remaking the human world.' (Westerhoff 1983:33)

Dit is vir die Christelike kerk belangrik om na binne te kyk en te evalueer of die kerk getrou bly aan sy opdrag om dissipels te maak (Matt 28:19) wat

saamgesnoer moet word in 'n liggaam wat vir mekaar omgee en wat as eenheid funksioneer. Diepgaande selfondersoek en wetenskaplike navorsing onder leiding van die Heilige Gees kan lei tot nuwe strategieë, metodes en stimulering van prosesse waarvolgens prosesse van geloofsverval en gemeenskapsverval binne die gemeente gestuit kan word en moontlik weer positief gevul kan word in 'n proses van groeiende dissipelskap-vorming, en gemeente-liggaams-vorming. Hierdie strategieë en metodes is nie sonder meer uit die Bybel af te lees nie. Die wêreld van die Bybel en die huidige wêreld verskil soveel van mekaar dat die Bybelse boodskap en gemeentelike bediening nuut ingeklee moet word om in die nuwe wêreldkonteks relevant te wees. Dit impliseer dat die Evangelie so 'vertaal' moet word dat dit Goeie Nuus kan bly. Die aard van hierdie vertalingsproses is dikwels eksperimenterend.

In dié verband word die uitdaging aan eksperimenterende gemeentes gestel om nuwe rituele te skep wat die ervaring van die heilige teenwoordigheid van God bemiddel sodat die mens eksistensieel daardeur aangespreek kan word (Heimbrock & Boudewijnse 1990:54), en om terselfdertyd die gemeenskaplikheid in die gemeentevieringe meer tot sy reg te laat kom. Vaste rituele kan egter in die huidige kultuur van informaliteit negatief ervaar word.

In 'n bespreking oor en pleidooi vir die betrokkenheid van kinders by die simboliese ritueel van die Nagmaalsviering, gebruik Boon-Schilling twee interessante argumente:

1. Daar word gepleit vir 'n ewewig tussen 'decorum en ongedwongenheid' (Boon-Schilling e.a. 1991:14) by die Nagmaalsviering. In hierdie proses waar vastigheid en informaliteit, ritueel en ongeforseerde egtheid in ewewig gebring moet word, kan kinders 'n belangrike diens aan die kerk lewer. Die formaliteit en styfheid rondom die rituele by die Nagmaalsviering (as een voorbeeld) kan versag word deur die betrokkenheid van kinders. 'Het element van informaliteit stapt de avondmaalsdienst binnen zodra voor het kind een plaats rondom de tafel werd ingeruimd. Maar deze informaliteit, ontspannen ongedwongenheid, behoeft allerminst aan de ontzagwekkendheid van de omgang met de Heer afbreuk te doen.' (Boon-Schilling 1991:14).

2. Boon-Schilling argumenteer verder ook dat die kind die korrektief word op rasionalisme en individualisme in die kerk en die maatskappy. Die klein kind is volgens hom van die Nagmaal geweer weens 'n oorwaardering van die **verstandelike** (iets anders as redelike) en die **bevindelike.** 'n Oorbeklemtoning van die verstandelike lei tot onderwaardering van die simbool; 'n oorbeklemtoning van bevindelikheid vertoon weer 'n gemis aan gemeenskapsbesef. Die eie ervaring word in laasgenoemde geval tot norm verhef, sodat daar nie meer gesoek word na eensgesindheid tussen mense wat van mekaar verskil nie, maar na gelykgesindheid. "De gemeente wordt versmald en verbasterd tot een conventikel van gelijkgezinde zielen. Zo speelt een subjectivistisch-individualistische mentaliteit van de bevindelijkheid het maatschappelijk verschijnsel van individualisering in de kaart.' (Boon-

Schilling e a 1991:14). Die terugbring van die kind met sy egtheid en ándersheid as volwassenes, in die kring van die kommunikante kan volgens hierdie standpunt help om die rasionalisme en individualisme in die gemeente aan die kaak te stel, en ook teen te werk.

Samevattend: Die Kerk het sy bestaansreg en roeping in die wêreld van Christus ontvang, en kan nie Kerk bly wees sonder om sy roeping in die wêreld uit te leef nie. Die manier waarop die Kerk sy roeping om dissipels te maak, uitleef stel egter binne elke nuwe era nuwe eise. In die era van die *global village*, o.a. gekenmerk deur sekularisasie en pluralisme, rasionalisme en individualisme, kan die kerk (gemeente) irrelevant ervaar word en gemarginaliseer word, óf die kerk kan die *global village* binnegaan, met die kinders en geslag gebore in die *global village* as aktuele vertolkers van die ou-ou boodskap van hoop en bevryding....! Net soos wat dit vir die kerk aanvaarbaar en uitdagend was om die evangelie te vertaal in die inheemse tale van die wêreld-taalgroepe, net so opwindend behoort dit vir die kerk te wees om die evangelie te vertaal in die idioom van die *global village.* Maar wie is die mens binne die *global village?*

2.3 Die mens wie se geloof gevorm word

2.3.1 Totaliteitswese

Die mens is nie 'n samestelling van verskillende bestanddele nie, maar 'n onverbreekbare totaliteit wat altyd holisties benader moet word omdat hy 'n veeldimensionele fisiek-psigies-geestelike eenheidwese is (Du Preez & Basson 1987:10). Terselfdertyd is hy 'n verhoudingswese wat in ten minste drie basiese verhoudings staan, nl die ek-dit verhouding, die ek-jy verhouding en die ek-U verhouding.[4] Hy is egter ook 'n bestemmingswese in wie sy verlede, hede en toekoms (sy bestaanstye) ineenvloei. As mens met 'n bestemming, is hy ook 'n toekomswese, 'n mens wordend, ontwikkelend op weg - enersyds na persoonlike volwassenheid en lewensvervulling in ooreenstemming met die roeping van God vir die indiwidu, andersyds saam in die groeperings waarbinne hy in verhouding staan. Hierdie wordingsgang is 'n soepele, kontinue gebeure wat 'n deurlopende geheel vorm (Du Preez & Basson 1987:62) maar waarbinne tog sekere fases of stadia onderskei word. Een van hierdie fases is die belangrike kleuterfase.

---

[4] Heyns (1978:127-137) beskryf die mens as verhoudingswese in verhouding tot God, sy medemens, homself, die natuur, die kultuur en die strukture.

2.3.2 Die Kleuterfase

In hierdie studie word daar gefokus op die kleuterfase om te bepaal watter besondere geleenthede daar in hierdie fase is om die kleuter in sy dissipelskap te laat groei en om hom gereed te maak om sy roeping saam met die res van die gemeente uit te leef in 'n wêreld gekenmerk deur sekularisasie en pluralisme. Hierbo is reeds kennis geneem van die feit dat die hoofstroom-denominasies, waarbinne tradisies en rituele 'n besondere rol gespeel het, en wat eens besonder magtig vertoon het, binne hierdie wêreld hulle magsposisie en invloed verloor. Dit impliseer dat die Kerk se dissipelmaak-roeping in gedrang kom.

Dit kan gebeur dat die kerk sy ywer verloor omdat hy sy magsposisie en groot invloed in die wêreld verloor het, maar dit mag ook wees dat die kerk sy ywer verloor omdat hy nie meer die uniekheid van Christus en die Christendom handhaaf in 'n wêreld van religieuse pluralisme nie. Die wyse waarop kinders dissipels word binne verbondskonteks ('doop en leer hulle...') is nou ook in gedrang. Word die kleuter gereed gemaak om in hierdie wêreld as dissipel te oorleef?

In die ontwikkelingsielkunde word baie klem gelê op die kleuter se suksesvolle bemeestering van die omgewing. Wanneer hulle hulle omgewing suksesvol bemeester, kan hulle die wyer wêreld met moed aanpak. So skryf D A Louw (1990:284, met verwysing na Craig 1989) oor die ontwikkelingskonflikte by kleuters:

> 'Die kleuter moet verskillende ontwikkelingskonflikte ten opsigte van byvoorbeeld afhanklikheid, outonomie, bemeestering en onbekwaamheid oplos.... Indien die kleuter nie die omgewing suksesvol bemeester nie, kan die kleuter se persoonlikheidsontwikkeling nadelig beïnvloed word en die kleuter kan begin om maklik moed op te gee en passief te raak.'

Dit mag dus wees dat die kleuter wat binne die liefdevolle geborgenheid van die gemeente ervaar dat hy behoort en leer om sy geloof deelnemend te ontwikkel, later met meer Godsvertroue en daarom met meer selfvertroue in die samelewing uitbeweeg. So sal hy beter in staat wees om nie net die evangelie uit te dra nie, maar ook om die liefde wat in die gemeente deur 'n proses van sosialisasie deel van sy geloofstruktuur geword het, te gaan uitleef as verteenwoordiger van God. Daarom is dit ook noodsaaklik om te kyk na die geleenthede wat die kleuterfase bied vir die ontwikkeling van die kleuter en indirek dus ook vir die Kerk/gemeente.

Die kleuter is in 'n bepaalde ontwikkelingsfase en sy potensiaal is in ooreenstemming met sy vlak van ontwikkeling. Die kleuter word beskryf as

- egosentries: beleef die wêreld vanuit homself en word nou meer en meer blootgestel aan prosesse van sosialisering (Louw 1990:259);

- sintuiglik-intuïtief betrokke in aktiwiteite - volgens Piaget genoem die pre-operasionele periode omdat operasionele denke (denkhandeling) nog nie genoegsaam ontwikkel het nie (Louw 1990:81 en 256);

- energiek en dit is byvoorbeeld vir hom moeilik om lank stil te sit - die tyd waarin grootmotoriese en kleinmotoriese vaardighede ontwikkel (Louw 1990:249);

- en as iemand wat liefde en sekuriteit nodig het en soms skeidingsangs kan ervaar (Louw 1990:286; Malan 1979:27-30).

Die kleuterfase word onderskei van die vroeëre baba-/peuterfase (wat iewers tussen die tweede en derde jaar eindig), en die latere kinderfase wat saamval met verpligte skoolbywoning en formele daaglikse onderrig. Sy ontwikkeling word vanuit die perspektief van die ontwikkelingsielkunde veral beïnvloed deur die onmiddelike huishouding, sosiale invloede en die kultuur waarin hy opgroei (Louw 1990:243).

Hierdie fase van menswees bied unieke uitdagings en geleenthede om prosesse van deelwees en deelname, van opgebou word en opbou, suksesvol in die gemeente te laat plaasvind. Vervolgens word gefokus op drie aspekte wat verband hou met die kleuter se ontwikkeling, nl sy religieuse ontwikkeling, ontwikkelingstake en sosialiseringspotensiaal, en perseptuele/konseptuele vermoëns, om sodoende die geleenthede wat die kleuterfase bied, helderder te omlyn.

2.3.2.1 Religieuse ontwikkeling

Die religieuse ontwikkeling van 'n mens word nie ondergeskik of gelyk aan sy psigologiese ontwikkeling gestel nie. Du Preez en Basson (1987: 9) onderskei soos volg:

Tabel 1: Die kind as eenheidswese

Bestaansdimensies	Bestaanstye Bestemmingswese	Bestaansituasies Verhoudingswese
• Liggaamlik	• Verlede	• Ek - dit
• Psigies	• Hede	• Ek - jy
⇒ Kognitief	• Toekoms	• Ek - U
⇒ Affektief		
• Geestelik		
⇒ Konatief		

SELF

Die religieuse 'dimensie' van menswees word in verband gebring met die Ek - U-verhouding en is verweefd met al die ander dimensies van menswees, maar nie ondergeskik daaraan nie. Soos wat elke onderskeie dimensie hierbo as 'n

moontlikheid, oftewel menslike potensiaal, beskou word, word die mens se vermoë om in 'n Ek - U verhouding te staan ook as religieuse potensiaal beskryf (Roux 1994:4). Hierdie religieuse potensiaal is ook deur verskillende navorsers waargeneem, beskryf en tot onderwerp van teoretisering gemaak.

Een van hierdie navorsers, Sofia Cavaletti beskryf hoe kinders met gemak in die wêreld van die transendente inbeweeg en die kontak met God geniet, en waag 'n verklaring hieroor:

> '...[S]ince the religious experience is fundamentally an expression of love, it corresponds in a special way to the child's nature.... [T]he child has need of love because the child himself is rich in love. The child's need to be loved depends not so much on a lack that requires filling, but on a richness that seeks something that corresponds with it.' (Cavaletti 1983:44).

Diep binne die kind se natuur is daar 'n dringende behoefte aan 'infinite, global love, such as no human being is able to give him. No child ... has ever been loved to the degree that he wanted and needed' (Cavaletti 1983:44).[5] Wanneer 'n klein kind die liefde van God ervaar, word hierdie behoefte op een of ander

---

[5] Uit toetse met ape blyk dit dat dit moontlik mag wees dat die kleintjie se behoefte aan liefde selfs meer is as sy behoefte aan voedsel (Cavaletti 1983:44). Dit mag dalk ook van die klein kind waar wees.

manier bevredig deurdat die kind 'n onfeilbare liefde leer ken. 'God - who is Love - and the child, who asks for love more than his mother's milk, thus meet one another in a particular correspondence of nature. The child, in the encounter with God, delights in the satisfaction of a profound exigence of his person, of an authentic exigence of life.' (Cavaletti 1983:45).

Wanneer die kind dus toegelaat en gehelp word om religieus te ontwikkel, is dit om sy diepste menslike nood te help bevredig. Dit is nie 'n toevoeging van iets vreemds tot die bestaan van die kind nie, maar vervulling van die basiese ingeskape behoefte aan 'n onfeilbare liefde. Daarom is dit ook begryplik dat die waarnemers binne die Cavaletti-groep die religieuse moment (volgens hulle waarneming) beskryf as 'n moment wat met vreugde *(joy)* gelaai is! (Cavaletti 1983:40) Naas die besondere rol wat die volwassene as enkelinge kan speel om hierdie ontmoeting aan te help, en die regte plek ('n atrium) waar die kinders self as kinders hierdie ontmoeting met God kan ervaar binne die regte atmosfeer en met behulp van die regte hulpmiddels[6], word 'n komplementêre onvervangbare rol aan die gemeente toegeskryf:

> 'In the absence of a faith environment where the child may live, of which he feels himself a part and in which he feels himself almost held, we risk cultivating hothouse flowers in the atrium, which are

---

[6] Vgl die kursushandleiding van Cornelia Roux 1988. *My oop gemoed.* Braamfontein: Saailand.

> incapable of enduring the severity of the external climate.... The initiation of a child into Christian life is not a work that can be fulfilled by the catechist alone, nor by the parents alone. It is the whole Christian community that proclaims Christ, and the child must enter into contact with the entire Christian community. The catechist's work ... must be sustained and confirmed by a community that lives what the catechist proclaims.' (Cavaletti 1983:60).

Duckert (1991:23) wys ook daarop dat alle voorskoolse kinders beter vaar in hulle verhoudings by die kerk as hulle nie beperk bly tot hulle eie klein kleuterruimte nie, maar as hulle ook doelbewus geneem word na waar die ander gemeentegroepe besig is: 'They become acquainted with the business of the church. Older children, young people, and adults become acquainted with them.'

Die gemeente vervul dus 'n noodsaaklike diensknegrol waarbinne die kind ontwikkel. Die navorser is besonder geïnteresseerd om te wete te kom in hoe 'n mate die kind hierdie gemeente bewustelik objektiveer - of is die gemeente net die onbewuste sfeer waarbinne die godsdiens gedy sonder dat die kind die gemeente as sulks in die fokus van sy denke bring? Al is die gemeente slegs die onbewuste sfeer, dan skep die gemeente tog wel die ruimte en atmosfeer wat die religieuse ontwikkeling kan bevorder, of benadeel. Die navorser is ook geïnteresseerd om te weet wat die kwaliteit van hierdie ervaring (in terme van positief/negatief, aangenaam/onaangenaam) is.

Die kind se gemeente-ervaring en die rol van die gemeente in die religieuse ontwikkeling, moet egter ook bekyk word vanuit die bepaalde religieuse stadium waarin die kleuter moontlik is. Roux (1994:36-41) onderskei vier religieuse stadia, waarvan die eerste getipeer kan word as die fase van *ervaringsgodsdiens*: 'Die kind is in staat om deur die menslike eienskappe wat hy aan God gee, God op sy eie manier te ervaar.' (Roux 1994:36) In hierdie fase respondeer hy op persone en stimuli. Alhoewel die fases nie tot sekere ouderdomme beperk is nie, word die moontlike ouderdomsgroepering vir hierdie religieuse fase as drie tot agt jaar aangedui. Vanaf ongeveer ses jaar oud kan daar egter reeds by sommige kinders 'n tweede religieuse stadium geïdentifiseer word, nl die fase waarin sy godsdiens beskryf kan word as *'n godsdiens om te behoort*, of anders gestel die fase van die 'religieuse geaffilieerde gevoel'. In hierdie fase is die kerk en die groep waaraan behoort word van besondere belang. Die kind het in hierdie stadium nog 'n besondere vertroue in die ouer persoon. In die laat-kleuterjare kan die gemeente dan ook 'n positiewe rol speel om die oorgang van die aanvanklike ervaringsgodsdiens van die eerste religieuse fase, tot die behoort tot-godsdiens van die tweede religieuse fase te bemiddel.

Die religieuse fases en geloofsontwikkeling is egter nie heeltemal los te maak van die totale persoon nie. Daarom word daar ook gekyk na ter sake standpunte uit die teorieë van die ontwikkelingsielkunde met betrekking tot ontwikkelingsfases.

2.3.2.2 Bepaalde ontwikkelingsfase met ontwikkelingstake, sosialiseringspotensiaal

Soos wat die religieuse ontwikkeling in sekere opeenvolgende stadia onderskei word, word daar ook in die ontwikkelingsielkunde van opeenvolgende stadiums of fases gepraat. Sommige teoretici (Berk 1989, Havighurst 1972: en Rice 1989) koppel sekere ontwikkelingstake aan elke ontwikkelingsfase (Louw 1990:243).

Indien dit so is dat die afhandeling of bemeestering van sekere ontwikkelingstake 'n trap vorm waarop voortgaande ontwikkeling bou, is dit belangrik om die atmosfeer en geleenthede te skep wat die bemeestering van ontwikkelingstake van 'n bepaalde fase kan stimuleer en bemiddel sodat die kind kan voortbeweeg na die afhandeling van 'n volgende ontwikkelingstaak. Ontwikkelingstake wat van besondere belang is vir die kleuterjare is o.a. die sosialisering, inskakeling in die gemeenskap, taalontwikkeling, selfkonsep-ontwikkeling, en morele ontwikkeling.

Al bogenoemde ontwikkelingstake veronderstel eintlik ander mense. 'n Mens is wesentlik 'n verhoudingswese (Heyns 1974:79-127), wat homself nie kan losmaak van die sosiale omgewing en die ek-jy-verhoudings nie. Naas die ek-U-verhouding, is die ek-jy-verhouding geïmpliseer in die dubbele liefdesgebod van God aan sy dissipels. Sosialisering is dus nie 'n opsionele luukse wat aan die eintlike mens toegevoeg word nie, maar is 'n essensiële wesenskenmerk van die mens. Om homself te word en waarlik dissipel te wees, is die naaste nodig - of dit nou ouers, portuurgroep, ander kinders, volwassenes of opvoeders is. Soos

wat die religieuse potensiaal iets beskryf van sy potensiaal om in verhouding tot God te staan, word die term 'sosialiseringspotensiaal' gebruik om hierdie wesenseienskap van die mens te beskryf. Die naaste laat sy inherente sosialiseringspotensiaal tot ontplooiing kom. Tog is dit ook nie so dat die verhouding tot God en die verhouding tot die naaste mekaar uitsluit nie. Die religieuse potensiaal en die sosialiseringspotensiaal, die verhouding tot God en die verhouding tot die naaste knoop saam in die eenheidswese wat moet liefhê. Net so is God die een wat die liefde vir die naaste skenk, en die naaste as gemeente die Liggaam wat die liefde vir God inskerp en stimuleer.

In die volgende paragrawe word daar nou gefokus op die sosialiseringspotensiaal van die mens en die ontwikkeling van hierdie potensiaal in gedragspatrone.

Uit bogenoemde blyk dit reeds dat daar nie 'n vraag oor die moontlikheid van sosialisering al dan nie, is nie, maar wel na die aard van die sosialisering[7]. Sosialisering word soms beskryf as 'n manupileringsproses (Munsinger 1975:344) waardeur die mens (kind) op een of ander manier beheer word met

---

[7] Vier basiese meganismes wat die sosialiseringsproses laat plaasvind, word genoem, nl die begeerte tot affeksie, aanvaarding en erkenning, die wens om onaangename gevoelens wat op verwerping of straf volg, te vermy, die neiging om andere se optrede na te boots en die begeerte om te wees soos ander mense wat die kind geleer het om te respekteer, te bewonder en lief te hê (identifikasie) (Louw 1990:300)

die oog daarop dat hy aanpas by die sosiale en kulturele verwagtings (byvoorbeeld die morele standaarde, rolverwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag) van die groep waartoe sy ouers of opvoeders behoort.[8] Die ouers en gesin, kleuterskool, portuurgroep, televisie en moontlik ander persone met wie die kleuter in 'n verhouding staan (byvoorbeeld die onderwyser, grootouer, of 'nuwe' ouer nadat die ouers geskei is en een weer getroud is...) tree as sosialiseringsagente op (Mussen et al 1984:378-451, Louw 1990: 299, Clarke-Stewart, Friedman & Koch 1985:455-538)[9].

Sosialisering kan tegelykertyd in positiewe en negatiewe terme beskryf word, of, anders gestel, as pro-sosiale gedrag en antisosiale gedrag (Vgl Mussen et al

---

[8] Prins (1991:254) wys ook daarop dat die nuutste literatuur oor kategetiek klem lê op die feit dat geloofsonderrig in 'n geloofsgemeenskap plaasvind, deur gemeenskaplike ervarings, interpretasies, oorleweringe, viering, prediking, gebed en allerlei vorme van gemeenskaplike aktiwiteite sodat daar tereg gepraat word van 'n proses van geloofs- of religieuse sosialisasie.

[9] Dit is interessant dat die 'driemanskap' van ouers, skool en kerk/gemeente in die ontwikkelingsielkunde-literatuur beperk bly tot die eerste twee, met byvoeging van die portuurgroep wat eintlik ook tuisgebring kan word onder skool of kleuterskool. Die Kerk is vervang met die televisie! *Die Kerkbode* (1996:4) berig oor 'n bespreking tydens die jeugkonferensie van die Gereformeerde Ekumeniese Raad dat die huis, skool en kerk as drie-been-stoel van die samelewing op baie plekke in die wêreld nie meer op vaste bene staan nie, en dat daar uit die ervarings van verteenwoordigers uit verskillende wêrelddele geleer kan word hoe om hierdie drie-been-stoel weer staan te maak.

1984: 356-374; Louw 1990:299-305). Pro-sosiale gedrag word byvoorbeeld in verband gebring met die ontwikkeling van samewerking, altruïsme en simpatie/empatie, terwyl anti-sosiale gedrag met agressie, selfsugtige handelinge, leuens, vrees en onttrekking in verband gebring word. Ook binne die geloofsgemeenskap kan die kleuter dus positief of negatief sosialiseer. Sy gedrag sal mettertyd toon wat die aard van sy soialisering binne geloofsgemeenskapverband is. Samewerking en inskakeling by die doelwitte en aktiwiteite van 'n gemeente sou dus aanwysers kon wees wat dui op pro-sosiale gedrag met betrekking tot die geloofsgemeenskap.

Alhoewel die houding teenoor die sosiale omgewing in die gedrag manifesteer, is die kritiese vraag egter of dit binne die kleuter se vermoë is om homself **bewustelik** positief of negatief as deel van 'n sosiale groepering soos die gemeenteliggaam te **kan uitdruk.** Kan hy dit wat met hom gebeur beskryf, teken of verwoord? Kan hy homself in verhouding tot **'n groep** plaas, of dink hy nog net in terme van een-een relasies? Piaget noem die periode tussen vier en sewe jaar die periode van intuïtiewe denke, in onderskeiding van die periode van twee tot vier jaar wat as periode van pre-konseptuele denke geklassifiseer word (Louw 1990:256). Die kleuter van ses en sewe jaar het reeds konsepte van sekere dinge, en weet dat die term *hond* byvoorbeeld na 'n sekere groep diere verwys wat van mekaar verskil, maar tog ook ooreenkomste het. Teoreties kan die kleuter dus ook reeds 'n gemeente**konsep** hanteer.

Die navorser soek na tekens van die (groeps-) gemeente-konsep of persepsies wat die kleuter hieroor het. Vervolgens moet duidelikheid verkry word oor wat bedoel word met persepsies en/of konsepte.

2.3.2.3 Perseptuele ontwikkeling en konsepvorming

In die ontwikkelingsielkunde verwys perseptuele ontwikkeling gewoonlik na die ontwikkelende vermoë om inligting te interpreteer wat deur die sintuie waargeneem word (Louw 1990:251), of, effens anders geformuleer, 'the detection, recognition, and interpretation of sensory stimuli' (Mussen et al 1984:261). Bee (1989:154) stel dit as volg: '**perception** ... the active process of obtaining information about the world through stimulation ..., and they use the term **perceptual learning** to describe the improvements in a person's ability to extract relevant or needed information from the environment.' In die taal van die ontwikkelingsielkunde verwys dit dus na indrukke wat op heel konkrete wyse deur die gehoor-, gesig-, tas-, smaak- en reuksintuie bemiddel is en deur ander kognitiewe funksies soos skematisering en seleksie verwerk is. Hoe ouer die kind word, hoe meer kompleks en gedifferensieerd raak kinders se persepsies van objekte (Clarke-Stewart et al 1985:361, Louw 1990:251).

In 'n meer algemene sin wil dit egter ook voorkom of persepsies kan verwys na indrukke wat in die brein opgeneem is en wat nie altyd so direk herlei kan word na spesifieke sintuiglike ervarings nie. 'n Mens dink byvoorbeeld aan geheelervarings soos die emosionele warmte of atmosfeer van 'n byeenkoms

wat waarskynlik 'n indruk, 'n persepsie, in die brein laat, wat ook deur die kognitiewe prosesse van skematisering en seleksie verwerk kan word. In dié verband kan daar byvoorbeeld gelet word hoe die term *persepsie* in die volgende aanhaling gebruik word (Du Preez & Basson 1987:52):

> 'Selfidentifikasie en self*persepsie* gaan hand aan hand. Die selfkonsep of selfbegrip vloei natuurlikerwys uit die identifisering van die self as persoon in eie reg.... Dat sulke self*persepsies* gevorm word, beteken dat 'n meer gedetailleerde selfkonsep nou na vore tree. Hierdie duideliker omlynde selfkennis en selfbegrip laat die selfidentiteit uitgroei tot 'n kragtige **ek-bewussyn** en 'n **selfagting** wat dring tot **selfhandhawing.**' (My kursivering)

Uit hierdie aanhaling blyk dit hoe die term in heel algemene sin as 'n **indruk** gebruik word: My persepsie van iets/iemand = my indrukke van iets/iemand. Vergelyk dan ook in hierdie verband die gebruik van **persepsie** in die vrae wat Klepsch en Logie (1982:9) stel 'To Measure Perception of Parents', byvoorbeeld 'If you were sick and had to go to a doctor, would you ask your mother or father to go with you?'[10] Hierdie indrukke/persepsies wat die kind van sy ouers het,

---

[10] Clarke-Stewart et al (1985:468) praat byvoorbeeld ook van 'Perceptions of parents in middle childhood'. Onder hierdie gebruik van die term, kan persepsie dui op 'n hele veld van aanverwante en oorvleuelende betekenisse, byvoorbeeld Hoe sien kinders hulle ouers? / Hoe

word nou in sekere konsepte of voorstellings tot uitdrukking gebring byvoorbeeld in woorde of skemas/tekeninge.

Dit wil uit bogenoemde ook voorkom of persepsie die konsep voorafgaan: persepsie word in verband gebring met die waarneming en/of gewaarwording, wat daarná in konsepte weergegee word. Terselfdertyd moet toegegee word dat konsepte nie by voorbaat afgeslote eenhede is nie, maar groeiende eenhede wat in omvang en in gedetailleerdheid toeneem. Du Preez & Basson (1987:20) wys daarop dat die kognitiewe komponent kenverskynsels soos die volgende insluit: 'gewaarwording, waarneming, voorstelling, omsetting, geheue, aandag, syfersimboliek, nie-verbale en taalsimboliek, verbandlegging, logiese redenering, programmering, probleemoplossing, insig en fantasie.' Hierdie kenverskynsels is 'dinamies en intiem verweef met mekaar.' Die grens tussen gewaarwording, waarneming en konsepvorming is dus vaag en oorvleuelend. Selfs die terme (byvoorbeeld gewaarwording, waarneming, indruk, persepsie, konsep en voorstelling) word taalkundig so gebruik dat alles daarop dui dat die semantiese velde van die begrippe oorvleuel. In 'n sekere sin gaan persepsies konsepte vooraf, maar terselfdertyd moet 'n mens toegee dat die meer komplekse en gedifferensieerde persepsies van objekte wat geleidelik ontwikkel, ook gevoed word deur bestaande konsepte. Om dus die grens tussen konsep en

---

beoordeel kinders hulle ouers?/ Watter indrukke het kinders van hulle ouers?/ Watter konsepte het kinders van hulle ouers? / Hoe voel kinders oor hulle ouers?

persepsie te probeer aandui, of die volgorde waarin dit gevorm word, is bloot van teoretiese belang.

Om die saak nog meer kompleks te maak, kan daar ook gelet word op die feit dat persepsies meer dikwels (uitsluitlik?) deur die ontwikkelingsielkundiges in verband gebring word met die kognitiewe vermoëns, terwyl dit tog die affektiewe insluit. Neem byvoorbeeld 'n aanhaling soos die volgende: 'Wat **primêre gevoelens** betref: dit is vae gevoelstoestande van algemene opgewondenheid, met gepaardgaande gewaarwordinge van aangenaamheid en onaangenaamheid.' (Du Preez & Basson 1987:21). Hierdie *gewaarwordinge van aangenaamheid en onaangenaamheid* kan in 'n sekere sin ook as persepsies beskou word, omdat dit iets beskryf van die verhouding tussen die subjek en die objek. In die erediens kan 'n kleuter byvoorbeeld 'n aangename of onaangename gewaarwording ervaar sonder dat hy dit definitief kan toeskryf aan een of ander iets wat hy bewustelik waargeneem het. Hyself, as subjek, kry dus 'n persepsie (indruk) van die gekombineerde objek, bestaande uit die erediensshandelinge, die gemeente, en die ruimtelike omgewing waarbinne die erediens plaasvind.

Hiermee word 'n baie belangrike aspek in die besinning oor wat persepsie beteken, gestel: Persepsie is 'n relasionele woord wat dui op 'n verhouding tussen die subjek en die objek. Die aard van hierdie verhouding kan wissel van 'n blote kenrelasie sonder veel emosionele lading, tot 'n heel emosioneel gelaaide verhouding wat gewoonlik omskryf word as positiewe of negatiewe persepsies. Aangesien die begrippe **persepsies** en **konsepte** dan in diens van

'n verhouding staan, stuur die besinning daaroor 'n mens in die rigting om verder na te dink oor die kommunikasieproses tussen subjek (wat persepsies het) en die objek waaroor die persepsies gevorm is, of wat geken word.

Die hele kommunikasieproses tussen gemeenteliggaam en kleuter is dus ter sake wanneer daar oor die kleuters se persepsies (en konsepte) oor die gemeente gepraat word. In hierdie kommunikasieproses kan die boodskap dat die kleuter ook tot die gemeenteliggaam behoort, op verskillende maniere ge-enkodeer word. Die dekodering daarvan word deur die kleuter op sy eie manier gedoen. Hoe die kleuter dit in die elektroniese era dekodeer, mag dalk anders wees as in vorige eras - veral as in ag geneem word wat Babin (1991:9) sê oor die impak van die elektroniese media op geloof: 'I came to see that it is often not the explicit message or the rationalistic arguments that are most important in communicating faith, but the deeper tones of feeling and background, aspects that hardly enter into our awareness.' Die enkodering en dekodering van die boodskap dat die kleuter aan die gemeente behoort, kan dus nie maar net in rasionele terme verduidelik of verklaar word nie, maar sal ook in terme van die emotiewe en intuïtiewe verklaar moet word. Die rasionele, emotiewe, intuïtiewe en ander komponente van die kleuter se selfkonstruk kan egter nie geskei word asof die enkodering van die boodskap net deur een van hierdie komponente gedoen word nie. In hulle slotperspektief oor die kind as totaliteitswese wys Du Preez & Basson (1987:67) 'n opvoedkunde wat die 'bestudering van die kind en sy opvoeding verflenter sonder dat die drade in 'n sinvolle eenheidsperspektief

bymekaar gehou word', ten sterkste af. Die perspektiewe op die kind, soos skematies hierbo uiteengesit by bespreking van sy religieuse potensiaal, kan hoogstens onderskei word, maar nooit geskei word nie. Soos reeds beklemtoon, is die kind/mens nie 'n blote optelsom van losstaande entiteite nie, maar juis 'n totaliteitswese waarin verskillende teoreties-onderskeie komponente in 'n 'eindelose variasie in die sterkteverhoudinge' (Du Preez en Basson 1987:68) saamfunksioneer - op so 'n manier dat individue van mekaar verskil en uniek is. Die dekodering van boodskappe word ook met hierdie hele menswees gedoen, en sal dus van persoon tot persoon verskil. Om die persepsies van die kleuter te verstaan omvat dus veel meer as om maar net 'n ondersoek te doen na sy sintuiglike waarnemingsvermoëns, en breinprosesse wat direk hiermee in verband staan. Die totale kleuter, fisies-psigies-geestelik, kognitief en affektief, as verhoudings- bestemmings-, wordende en unieke wese (of watter ander onderskeidende perspektief gebruik word om die kleuter te bestudeer) is betrokke by sy persepsies.

Wanneer die kleuter se persepsies van die gemeente beoordeel word, is dit belangriker om te weet of die persepsies positief of negatief is, en of dit getuig van aangename of onaangename ervarings, as om die omvang, of detail daarvan te weet. Indien 'n kleuter die gemeente op meer as een manier kan teken of beskryf, kan dit dui op besondere intellektuele of kreatiewe vermoëns van die kleuter, sonder dat dit noodwendig sy verbondenheid met die gemeente demonstreer. Dit sou beter wees om die kwaliteit van sy verbondenheid met die

gemeente in terme van aangenaam of onaangenaam te probeer peil en daarvandaan verder te werk aan die sinvolheid daarvan.

Die moontlikheid bestaan dat aangename ervarings foutiewelik (!) sonder meer as positief t.o.v. geloofontwikkeling beoordeel kan word. Alles wat aangenaam is, is juis nie altyd positief binne geloofsverband nie. Negatiewe ervarings (lyding) kan byvoorbeeld binne Christelike perspektief sinvol wees en daarom op die duur positief. Omgekeerd kan aangename gemeente-ervarings nie sonder meer op die lang duur as positief en sinvol beskryf word nie. Uit bogenoemde blyk dit dus dat die beskrywing van die kleuterpersepsies wat die navorser moontlik identifiseer, **voorlopig** sal wees in terme van die kwalitatiewe (positief of negatief, aangenaam of onaangenaam) beoordeling daarvan. Oor 'n paar jaar sal dit eers blyk of hierdie voorlopige beoordeling langtermyn sinvolle resultate lewer.

Resultate van navorsing oor die kleuters se persepsies van die gemeenteliggaam is nie net beperk omdat dit voorlopig is nie, maar ook omdat dit **gedeeltelik** is. Die term *gemeente* of *gemeenteliggaam* is abstrakte teologiese begrippe wat voorkom in die abstrakte begrippe-apparaat van volwassenes. Dit kan allermins van kleuters verwag word om hierdie term te gebruik of in sy volle omvang te verstaan wanneer dit byvoorbeeld in vrae gebruik word. Die navorser sal dus moet let op konstituerende komponente wat gesamentlik die begrip **gemeenteliggaam** vorm, byvoorbeeld

- 'n veelheid (lidmate, persone)
- wat verbonde is aan mekaar (liggaam, eenheid)
- deur samesyn
- en saamdoen
- binne geloofskonteks (geloof in God/God se eiendom/Jesus se liggaam)
- onder Hoofskap van Christus
- wat die Liggaam deur sy kruisdood verlos het
- en deur sy Woord en Gees lei,
- maar wat ook op mekaar gerig is
- en gesamentlik ook na buite (die liggaam self) gerig is
- in dade wat getuig van 'n gesindheid wat deur die Hoof geskep is.

In die navorsing word daar dus gesoek na die aanwesigheid van dergelike konstituerende persepsies (en/of konsepte) by kleuters wat geleidelik kan integreer tot 'n samegestelde persepsie van die gemeenteliggaam.

Die aanvanklike persepsies wat kleuters oor God, die gemeente, dissipelskap, die mens se roeping in die wêreld, en so ook hulle selfverstaan het, kan gestimuleer word in prosesse wat die voortgaande ontwikkeling en vorming van

die kleuters help. Kinders is volgens die Bybel vrye, verantwoordelike menslike wesens, maar tegelykertyd beïnvloedbaar (Richards 1983:73-76). Die gemeente van Stellenbosch-Sentraal waarbinne hierdie kinders hulleself bevind is so deur persepsievorming en -uitbreiding direk en indirek besig met beïnvloeding: Daar gaan 'n boodskap uit wat deur die kleuters ontvang en geïnterpreteer word. Dit lei tot bepaalde persepsies wat 'n filter-effek kan hê t.o.v. voortgaande beïnvloeding. Positiewe persepsies sal waarskynlik 'n groter openheid tot positiewe beïnvloeding en vorming van die kleuter as lidmaat/gelowige hê, terwyl negatiewe persepsies 'n geleidelike afkeer van die gemeente en sy programme kan veroorsaak. Alhoewel een mens of 'n groep/gemeente niks kan doen wat die geloofsontwikkeling van 'n ander **determineer** nie, kan een mens/groep 'n ander beïnvloed. '...[W]e are forced to deal with those processes through which we can best serve as God's agents of influence ... we are forced to identify the processes by which we influence the growth of children in faith.' (Richards 1983:76) Dit is juis híérdie prosesse wat deur Richards geïdentifiseer is, wat die navorser as basis gebruik vir hierdie ondersoek (vgl die vyf prosesse in die inleiding genoem).

Indien die plaaslike gemeente die invloedsfeer vorm waarbinne die persepsies van kleuters oor God se gemeenteliggaam gevorm word, is dit belangrik om nou eers die aandag toe te spits op hierdie kontekstuele ruimte.

2.4 Die proses binne die gemeente

Is die plaaslike gemeente van 'n hoofstroom-denominasie nog enigsins 'n ideale kontekstuele ruimte vir kleuters se geloofsontwikkeling? Is die kleuter reeds deel van die gesekulariseerde pluralistiese wêreld wat skepties staan teenoor die hoofstroom-denominasies met bepaalde tradisies? Hoe suksesvol kan die senior geslag met sy lewensparadigmas betrokke wees by die geloofsontwikkeling van 'n geslag wat grootword binne 'n totaal ander wêreld met heeltemal ander verrassend-nuwe paradigmas? Hierdie soort vrae is ter sake wanneer daar nou gefokus word op die teorie en praktyk van die prosesse in die plaaslike gemeente.

Daar word eers gekyk na enkele basisteoretiese vertrekpunte oor interafhanklikheid en intergeneratiwiteit binne die gemeenteliggaam met die oog op 'n ondersoek oor die deelwees- en deelname-prosesse m b t die kleuter in die gemeente. Daarna word daar gekyk hoe die konkrete gemeente lyk waarbinne hierdie ondersoek plaasvind? Die gemeente word geanaliseer om aan te toon hoe die samestelling van die betrokke gemeente is en hoe die bedieningspatroon in die gemeente moontlik die persepsies van die kleuters kan beïnvloed.

2.4.1 Interafhanklikheid, intergeneratiwiteit

In die laaste paar jaar het interessante literatuur[11] oor die interafhanklikheid van die generasies verskyn wat daarop dui dat daar 'n nuwe beklemtoning kom van die belangrikheid van elke generasiegroep in die gemeenteliggaam vir die opbou van die gemeenteliggaam. Elke ouderdomsgroep se lidmate is as subjekte en objekte in die proses van beïnvloeding belangrik. Maar hoedanig is die verbintenis van die verskillende ouderdomgroepe aan mekaar?

---

[11] Vergelyk byvoorbeeld die omvattende werk van White (1988) waaruit aangehaal word in die volgende paragraaf, en al die verwysings in hierdie werk, byvoorbeeld

Koehler, G E 1979. 'Foundations for Intergenerational Education, A Study Guide for use with *Foundations for Teaching and Learning in the United Methodist Church'.* Nashville: The United Methodist Church.

Griggs G & P 1976. *Generations Learning Together: Learning Activities for Intergenerational Groups in the Church.* Livermore: Griggs Educational Service.

Beissert M R 1977. *Intergenerational Manual for Christian Education: Shared Approaches.* New York: United Church Press.

Sawin M M 1979. *Family Enrichment with Family Clusters.* Valley Forge, Pa.: Judson.

Westerhoff III, J H & Willimon W H 1980. *Liturgy and Learning Through the Life Cycle.* New York: Seabury.

As 'n mens die veranderende gesin en instellings waarby die gesinslede betrokke is, analiseer (White 1988:1-11), kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die bande wat generasies saambind baie min en tenger geword het:

- gesinseenhede is klein, sonder uitgebreide kontakte met die grootfamilie,
- die gesin en gesinslede is uitgelewer aan 'n kultuur van mobiliteit wat die sisteme waarin mense ontwikkel telkens weer laat opbreek,
- die frekwensie van egskeiding is baie hoog,
- baie egpare bly kinderloos en veroorsaak dat min vaste verbindinge en kontrakte tussen die generasies ontwikkel,
- en daar is 'n baie hoë waardering vir individualiteit - soms ten koste van die kollektiewe gesinseenheid.

Voorts bevorder instellings soos die werksopset, skole, woonbuurte, klubs, organisasies, sport, die media, vermaaklikheidswêreld en sosiale gebeurtenisse nie net skeiding tussen generasies nie, maar ook atomisering en isolering van die verskillende ouderdomsgroepe. Binne hierdie opset word die kerk/gemeente as dié verlossings-instituut wat mense uit hulle gevangenis-isolasie kan help, beskryf: 'The faith community which is intergenerational in its life will promote lifestyle growth in individuals which affirm connectedness.' (White 1988:11). In die lig van bogenoemde is dit, volgens White, die uitdaging vir die kerk van die een en twintigste eeu om 'n intergeneratiewe godsdienstige opvoedingsprogram

('IGRE = Intergenerational religious education') te ondersteun. So 'n opvoedingsprogram word as volg gedefinieer: 'Intergenerational religious education is two or more different age groups of people in a religious community together learning/growing/living in faith through in-common-experiences, parallel-learning, contributive-occasions, and interactive-sharing.' (White 1988:18). Mary Duckert (1991:3) skryf: 'When children are intentionally included as contributors to and recipients of shared ministry, the program of the whole church is enlivened in worship, education, and work for others.' En verder 'Planning for intentional memory building involves focusing on congregational experiences in which children and adults cooperate in necessary work to benefit the worship, study and well-being of others.' (Duckert 1991:53). Prins (1995:11) wys op die volgende drie elemente wat in die soekbeweging tot intergeneratiwiteit teenwoordig moet wees, nl. koinonia, deelname en dienslewering, en ontsluiting van die geloofstradisie.

Bogenoemde standpunte uit die geloofsgeledere word ondersteun deur geleerdes uit verskillende vakrigtings wat ook die noodsaak van intergeneratiwiteit onderstreep. Die antropoloog, Margaret Mead byvoorbeeld,[12] is van mening dat daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n nuwe kultuur ontstaan

---

[12] Sy onderskei drie kulturele style in die wêreld, nl die '*postfigurative,* when the future repeats the past; *cofigurative,* in which the present is the guide to future expectations; and *prefigurative* for the kind of culture in which the elders have to learn from the children.' (White 1988:100).

het (White 1988:100). Die verdeling van die atoom, die uitvinding van rekenaars, die bevolkingsontploffing, ekologiese wanbalanse, die ten gronde gaan van stede en dinge soos die ruimteverkenning het 'n drastiese, onomkeerbare gaping tussen die geslagte gebring. Waar seniors voorheen kon sê: " 'You know, I have been young and *you* never have been old'... today's young people can reply, 'You never have been young in the world I am young in, and you never can be.' " (White 1988:101). Dit illustreer die onontbeerlike bydrae van die kind in die gemeente wat kontekstueel ter sake wil wees in die wêreld van die een en twintigste eeu. John Westerhoff (White 1988:136-138) praat ook van godsdienstige sosialisasie of enkulturasie as 'n proses van interaksie tussen mense van verskillende ouderdomsgroepe: Drie generasies is nodig om die Christelike gemeenskap sinvol te laat voortgaan, nl die eerste generasie as generasie van visie, die derde generasie as generasie van geheue ('memory') en die tweede generasie as generasie van die oomblik ('present'). Sonder die bydraes van die eerste en derde generasies word die lewe ondraaglik en betekenisloos.

Naas hierdie gesigspunte (van o.a. 'n antropoloog soos Mead en teoloog soos Westerhoff) kom daar ook vanuit die oogpunt van die godsdienstige opvoedkundiges 'n beklemtoning van die feit dat mense van verskillende ouderdomsgroepe van mekaar kan leer in die aanbiddingsgemeenskap (White 1988:149). Op kognitiewe vlak kan die volgende voorbeeld as illustrasie dien: Wanneer 'n kind 'n vraag oor die liturgie stel, is dit baie belangrik dat die leraar

self sal verstaan wat die sin is van die liturgiese moment. Deur die vraag, nadenke daaroor, beantwoording daarvan en ook die deurwerking daarvan tot die res van die gemeente se verstaan van die moment, is die totale gemeente verryk. Die kind se vraag is dus sy besondere bydrae in hierdie geval.

Die bydrae van die kind in die gemeenteliggaam, lê egter nie net op kognitiewe vlak soos wanneer hy 'n vraag stel nie. Dit is velerlei van aard:

Daar is byvoorbeeld ook 'n emotiewe perspektief op die saak. Die blote aanwesigheid van die kind in sy swakheid en afhanklikheid is 'n stimulis om liefde en deernis by die volwasse lidmate te ontlok en verder te laat ontwikkel. Montessori (Roux 1994:21-22) het in haar navorsing van die veronderstelling uitgegaan dat volwassenes ook van kinders kan leer omdat hulle besondere gawes van God is: Wanneer 'n kind in 'n familie gebore word, tree die 'sagtheid' van die innerlike mens by die volwassene/ouer na vore. God vorm en gebruik die kind om die volwassene te vorm.

Iannone skryf dat die ouers die kinders se eerste kategete is, en maak 'n hele aantal bykomende perspektiewe oop van hoe kinders hulle ouers en ander volwassenes in hulle menswees verryk:

> '....[T]he children also have the power to reach their parents and stimulate their faith. In a world that is often cold and dark, the presence of children becomes a sign of hope. In their powerlessness, children call on their parents to go beyond

> themselves. In their innocence, they are a challenge to the temptation to compromise. In their playing, they lift up their parent's hearts toward a renewal of their being. Finally, they make old memories rise in the hearts of their parents, and this gives mothers and fathers a chance to tell their stories - stories that they may not have thought about for a long time.' (Babin 1991:170)

Kinders kan ook gebruik word om die gemeente in aanbidding te lei. Dit stel besondere eise aan die liturg sodat die kinders nie gesien word as 'n groepie wat 'n uitvoering voor die gemeente gee nie, maar as 'n kindergroep wat die gemeente voorgaan in aanbidding. Santer (Perham 1990:6) beklemtoon die feit dat die kerk se liturgie nie die 'private property of any particular individual or group', is nie, maar die gemeenskaplike besitting van 'the whole people of God.' Duckert (1991:71) stel vrae en maak o.a. die volgende opmerkings oor kinders se deelname in aanbidding:

> 'Why is it that children in one congregation flock to the sanctuary and in another find any excuse to avoid congregational worship? The answer may have to do with their preparation, the expectation of parents, teachers and clergy, or the service itself.... [W]hen there are lively children in a service of worship, they might respond to the Word in active ways that assist others in worship. Such involvement assures them of their membership in the community

> and reminds other people of the ministry children are able to perform.' (Duckert 1991:71)

Ook Ng en Virginia Thomas beklemtoon die belangrikheid van kinders in die aanbiddingsgemeenskap:

> 'Concurrent with the rising interest in the role and contribution of children in the church is a growing understanding of worship. The church has endured a faddish contemporizing of worship, with its excesses of streamers, baloons, and superficial spontaneity and joy. However, a positive benefit from recent experimentation has been a recovery of the sense of worship as participation.' (Ng & Thomas 1981:22)

Ng en Thomas spreek dan ook die hoop uit dat aanbiddingsvorme wat meer gemeentelike aksie tot gevolg sal hê, herontdek en ontwikkel sal word in 'n meer omvattende definisie en interpretasie van gemeente-wees. In 'n werkswinkel oor hoe om kinders in die erediens in te sluit, het Cairns en Funfgeld 'n lys elemente aangebied waaraan die verwagtings van 'n aanbiddingsgemeenskap (wat kinders insluit) behoort te voldoen: Niemand moet verveeld wees nie, alle sintuie moet gebruik word, ons doopbelofte t.o.v. mekaar moet gerealiseer word, almal moet iets kan bydra/toevoeg tot die erediens, lidmate moet gawes van mekaar kan ontvang, aanbidders moet mekaar inspireer, tekens; rituele en simbole moet gesamentlik ontwikkel word, die geloof van die generasies moet deur rituele

aangegee word, gebed en lofprysing moet deel van die daaglikse lewe van die aanbidders word, aandag moet gegee word aan die verstaansvlak van al die deelnemers. (Ng & Thomas 1981:120).

Van besondere belang in die besinning oor kinders se positiewe bydrae in die gemeente, is ook die pneumatologiese perspektief: D J Louw (1993:144) praat van die nuwe mens as 'n pneumatiese mens. Hy skryf:

> 'Ons kan dus tot die slotsom kom dat die menslike *pneuma* deur die wedergeboorte 'n nuwe dimensie verkry naamlik 'n Godgerigtheid en 'n nuwe oorgawe aan God.... Dit is die Heilige Gees wat die mens in sy pneumatiese dimensie sodanig aanspreek dat daar van die nuwe mense se *pneuma* gepraat kan word as 'n insprekingspunt of bemiddelingspunt vir voortgesette geestelike groei en die ontwikkeling van die mens se geloofspotensiaal.'

Die nuwe mens en nuwe bestaan van die gelowige in Christus mag egter nie (net) individueel verstaan word nie, maar moet ook korporatief verstaan word (Heyns 1978:360; Ridderbos 1973:241). Binne hierdie korporatiewe persoonlikheid is elke lid(-maat) tegelyk subjek in soverre die Gees hom as instrument in die opbou van die liggaam gebruik, en objek wat opgebou word. Indien die gemeente die kind na sy inlywing by die gemeente teologies as volwaardige lidmaat aanvaar, is dit dus belangrik dat die kind se posisie binne die gemeenteliggaam nie net as objek nie, maar ook as subjek, oftewel

instrument van die Heilige Gees bepaal en ontwikkel moet word - enersyds tot vorming van die kind, maar terselfdertyd tot opbou van die hele gemeente op verskillende vlakke.

Om bogenoemde te konkretiseer, is dit nodig om die potensiaal tot intergeneratiwiteit van 'n bepaalde gemeente te analiseer. Die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal is een van die baie gemeentes wat

- besig is om te verouder,
- in die afgelope paar jaar lidmate afgestaan het aan kleiner groeperinge wat volgens die neiging tot pluralisme ook in die geloofsgemeenskap van Stellenbosch ontstaan het,
- oor die afgelope drie jaar verstellings in sy programme moes aanbring om verskillende bedieningsbehoeftes te probeer bevredig.

2.4.2 Die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal as konteks

Die geloofsgemeenskap (gemeenteliggaam) en die kleuter is nie kontekslose entiteite waaroor slegs in abstrakte algemene waarhede geteoretiseer kan word nie. Indien die kleuter deel van 'n gemeente is, moet hierdie deelwees in 'n bepaalde geskiedenis uitgespeel word. Burger skryf in die voorwoord tot 'n publikasie wat juis handel oor die konkrete verhale van gemeentes: 'Ons aanvaar dat die Christendom primêr in gemeentes as geloofsgemeenskappe

leef. Daarom glo ons dat navorsing oor gemeente-wees van fundamentele belang is.' (Hendriks 1992:5). 'n Gemeente-analise toon die volgende:

2.4.2.1 Verouderende gemeente

Die gemeente het nie baie kleuters nie, omdat daar baie gesinne is wat reeds lank in die gemeente woon, en wie se kinders reeds verby die kinderfases is. Met die statistiek en grafieke hieronder word 'n paar kontoere getrek om aan te dui hoedanig die konteks is waarbinne die kleuters van hierdie gemeente opgevang is.

Uit hierdie profiel blyk die volgende:

- Die totale lidmaattal het in die afgelope 9 tot 10 jaar met 395 gedaal. Dit verteenwoordig 'n daling van 26%.

- In 1988 was die verhouding dooplidmate tot belydende lidmate 1:2.55. Dit is tans 1:3.01. Hieruit blyk duidelik hoe die dooplidmate 'n al kleiner persentasie van die gemeente verteenwoordig.

- Die aantal gesinne wat tans nog net hoërskoolleerlinge en naskoolse kinders huisves, is besonder hoog.

- Die statistiek toon nog geen draaipunt in die geleidelike afname, of stabilisering van die situasie nie, alhoewel daar iewers in die toekoms 'n omkering in die proses verwag word. Dit kan gebeur wanneer die huidige senior-gesinne geleidelik vervang word met jonger gesinne. Met die

verandering in regeringsbeleid oor tehuise vir bejaardes is dit egter moontlik dat die huidige tendens tot veroudering van die gemeente in die volgende paar jaar nog gaan toeneem. Die persone wat tans eiendom besit, gaan voorlopig hier bly.

2.4.2.1.1 Ouderdomsprofiel

Tabel 2

Jaar	Belydende lidmate	Dooplidmate	Totaal
1988	1074	421	1495
1989	1035	392	1427
1990	1039	373	1412
1991	Sinodesitting	Geen statistiek beskikbaar	
1992	968	368	1336
1993	937	294	1231
1994	925	260	1185
1995	Sinodesitting	Geen statistiek beskikbaar	
1996	850	260	1110
Tans	826	274	1100

Grafiek 1


1600
1400
1200
1000
800
600
400
200
0
1988
1989
1990
1991
1992
1993
1994
1995
1996
Tans
Totaal
Belydende lidmate
Dooplidmate

Tabel 3: Ouderdomsverspreiding

	Manlik	Vroulik
0-10 jr	46	40
11-20 jr	103	92
21-30 jr	49	12
31-40 jr	34	51
41-50 jr	79	106
51-60 jr	115	130
61-70 jr	67	88
71-80 jr	30	46
81-90 jr	8	18
91-100 jr	0	3

In tabel 3 en grafiek 2 hieronder word die ouderdomsverspreiding met intervalle van 10 jaar gegee. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die gemeente nie in sulke ouderdomsgroepe bedien word nie. Dis ook baie belangrik om daarop te let dat sekere groepe, byvoorbeeld die skoolgaande kinders wat kategese bywoon, byna almal gemeente-byeenkomste soos die eredienste sal bywoon. Daarenteen mag daar 'n ander ouderdomsgroep wees (byvoorbeeld seniors) wat weens gesondheidsredes nie byeenkomste kan bywoon nie, of 'n groep soos volwassenes wat kerklos geraak het en nie meer formele byeenkomste bywoon nie. 'n Mens sou dus op verskillende ander maniere kon kyk na die bedieningsmoontlikhede van so 'n gemeente. 'n Sekere bedienings-patroon sou dus gevolg kan word met die oog op die behoeftes van diegene wat wel eredienste bywoon, terwyl die kerkraad ander strategieë kon volg om kerklos

lidmate weer nader te trek, of om ouer persone wat nie meer al die byeenkomste kan bywoon nie, te bedien.

Grafiek 2



'n Mens sou die ouderdomsprofiel ook anders kon voorstel met die oog op 'n bediening wat op verskillende groeperings wil fokus, byvoorbeeld as volg:

Tabel 4: Bedieningsgroeperings

Voorskool	Laerskool	Hoërskool	Naskool tot 30 jaar	Studente	30 tot 40 jr	Middel-jare: 41-60 jr	Aftrede 60-70 jr	Na-aftrede 71 plus jr
39	86	140	55	139	85	515	155	102

Grafiek 3

Ouderdomsgroepe as moontlike bedieningsegmente



Nog 'n manier om na die gemeente te kyk, is om te probeer bepaal hoe die gesin-samestellinge is (koshuiskinders uitgesluit). Die volgende tabel gee 'n oorsig van die gesinsamestelling in Junie1996, met uitsluiting van kinders wat reeds die skool verlaat het en waarvan baie nog op universiteit is. Die groot getal gesinne met net een of twee hoërskoolkinders, verteenwoordig meestal gesinne waarvan die laaste kind of twee nou in die hoërskool is. Binne enkele

jare sal die meeste van hierdie gesinne ook sonder skoolgaande kinders wees - nog 'n teken van die veroudering van die gemeente.

Tabel 5: Gesinne en aantal kinders

	Aantal gesinne		**Aantal kinders**
Kinders	Twee ouers	Enkelouer	
Slegs Voorskool	17	1	10 x 2 kinders 8 x 1 kind
Voorskool en Laerskool	8		3 x 2 kinders 4 x 3 kinders 1 x 4 kinders
Voorskool, Laerskool en Hoërskool	4		2 x 3 kinders 2 x 4 kinders
Slegs Laerskool	12	2	4 x 1 kind 7 x 2 kinders 2 x 3 kinders 1 x 4 kinders
Voorskool en Hoërskool	1		1 x 3 kinders

Laerskool en Hoërskool	30		12 x 2 kinders 14 x 3 kinders 3 x 4 kinders 1 x 5 kinders
Slegs Hoërskool	42	12	42 x 1 kind 11 x 2 kinders 1 x 3 kinders
TOTAAL	114	9	245 kinders

Daar is volgens berekening 41 gesinne met voorskoolse en laerskool-kinders wat gereeld by eredienste inskakel. Die erediens-aanbieding behoort dit in berekening te bring.

Die kleuters is egter in verskillende sosialiseringsgroeperinge bo en behalwe erediensgroeperings. Elkeen is binne sy gesin wat verskillende samestellinge kan hê, binne 'n wyer familiekring, binne 'n bepaalde omgewing wat kerklik in wyke georden is, in 'n speelgroep of kleuterskool of ander vorm van dagsorg, en binne ander vrywillige geassosieerde groeperings. Die gesin en wyk is spesiale groeperings van **die gemeente**. Daarom is dit ook nodig om te kyk na die samestelling van die gesin en die wyk waarin elke kleuter van die toetsgroep is. Vir die doel van hierdie navorsing is een kind wat stadiger ontwikkel het en wat

in 1988 gebore is, saam met al die kleuters wat in 1989 en 1990 gebore is, geselekteer en van 'n letterkode wat met die kleuter geassosieer word, voorsien.

Tabel 6: Geselekteerde kinders binne gesinne en wyke

(*Egpare sonder kinders* verwys na egpare sonder voorskoolse en/of skoolgaande kinders maar moontlik met studente of naskoolse kinders binne of buite die huis. Hierdie volwasse kinders is egter buite rekening gelaat.)

	Kode	**Gesinsamestelling**	**Wyksamestelling**
1	A	2 Ouers, 2 Ls kinders	8 Gesinne met kinders 3 Egpare sonder kinders 5 Enkelpersone
2	B	2 Ouers, 3 Ls en 1 Hs kinders	5 Gesinne met kinders 5 Egpare sonder kinders 3 Enkelpersone
3	C	2 Ouers, 2 Vs kinders	6 Gesinne met kinders 9 Egpare sonder kinders 5 Enkelpersone
4	D	2 Ouers, 2 Vs, 1 Ls, 1 Hs kind	6 Gesinne met kinders 3 Egpare sonder kinders 2 Enkelpersone

5	E	2 Ouers, 3 Ls	9 Gesinne met kinders 5 Egpare sonder kinders 2 Enkelpersone
6	J	2 Ouers, 3 Ls kinders	9 Gesinne met kinders 5 Egpare sonder kinders 2 Enkelpersone
7	K	2 Ouers, 2 Ls kinders	6 Gesinne met kinders 9 Egpare sonder kinders 5 Enkelpersone
8	L	2 Ouers, 1 Ls, 1 Hs kind	3 Gesinne met kinders 8 Egpare sonder kinders 2 Enkelpersone
9	M	2 Ouers, 1 Vs en 1 Ls kind	3 Gesinne met kinders 4 Egpare sonder kinders 8 Enkelpersone
10	N	2 Ouers, 1 Vs en 1 Ls kind	4 Gesinne met kinders 4 Egpare sonder kinders 2 Enkelpersone
11	P	2 Ouers, 1 Vs, 2 Ls kinders	8 Gesinne met kinders

			3 Egpare sonder kinders 5 Enkelpersone
12	Q	2 Ouers, 1 Vs, 1 Ls kind	2 Gesinne met kinders 3 Egpare sonder kinders 9 Enkelpersone
13	S	2 Ouers, 2 Ls, 2 Hs kinders	9 Gesinne met kinders 5 Egpare sonder kinders 2 Enkelpersone
14	V	2 Ouers, 2 Ls kinders	6 Gesinne met kinders 9 Egpare sonder kinders 5 Enkelpersone

Kleuters E, J en S is in dieselfde wyk, so ook kleuters A en P, en K en V. Die gesin- en wyksamestelling gee iets weer van die potensiaal tot intergeneratiewe kommunikasie binne die omgewing waar die (geselekteerde) kleuters opgroei. Wanneer data versamel word om die kwaliteit van die kommunikasie tussen die gemeente en die kleuters te evalueer, sal daar o.a. gelet word op hierdie kontekstuele analise waarbinne elk van die kleuters die gemeente kan ontdek. Visscher en Stern (Heimbrock & Boudewijnse 1990:103) wys in 'n artikel oor *Family rituals as medium in Christian faith transmission* op 'n belangrike onderskeid wat gemaak moet word tussen die geloof wat die amptelike kerk as die geloof van Christene opgee, en die werklike geloof van mense wat hulleself

Christene noem. Laasgenoemde word dan *popular religion* genoem, in onderskeiding van die amptelike of voorgeskrewe geloof. Die konsepte en persepsies wat kinders oor bepaalde geloofsake het, word baie sterk in hierdie gesinne as huis-gemeentes, die kerk in die kleine, gevorm. Daarom sluit hulle artikel ook af met die volgende opmerking: 'It is suggested that 'popular religion' and the family as the 'domestic Church' offer important perspectives on faith transmission through family rituals.' (Heimbrock & Boudewijnse 1990:118). Vanweë mobiliteit, werkende ouers en die speelgroepe, kleuterskole en skole, is die wyk natuurlik nie altyd die werklike konteks van die kleuter nie, en soms self ook nie die ouerhuis nie!

Uit al hierdie ouderdoms-analises blyk dit dat dit maklik kan gebeur dat die kleuter vanweë die relatief klein groep in die gemeente gemarginaliseer kan word, in plaas daarvan dat geleenthede benut word om intergeneratiewe verhoudings te stimuleer, om leiding aan ouers te gee, en wyke se gesindhede t.o.v. die kleuters positief in te stem.

Daar word voorts gelet op die aard van die bedieningspatrone in die gemeente om te bepaal hoedanig hulle in ag geneem is by die vasstelling daarvan.

2.4.2.2 Bedieningspatrone

Oor die afgelope paar jaar is bedieningspatrone gevestig en aangepas. Die volgende aanpassings het die kleuterbediening geraak:

Gedurende 1993-1994 het die navorser as nuwe leraar die helfte van die gemeente tuis besoek en o.a. die volgende vraag gestel: Indien u 'n nuwe leraar in hierdie gemeente is, waaraan sal u aandag gee? Verskeie gesinne het die wens uitgespreek dat gesinne by meer geleenthede saam kan aanbid. Hierdie wens is uitgespreek teen die agtergrond van die praktyk dat daar op Sondagoggende (skoolvakansies uitgesluit) drie verskillende eredienste gehou is - een gerig op kleiner kinders tot standerd 2, 'n tweede gerig op kinders van standerd twee tot standerd nege, en 'n derde gerig op die belydende lidmate. Die drie dienste is gelyktydig aangebied, sonder dat daar 'n preekprogram was met die oog op koördinering van die preektemas. Slegs een keer per kwartaal is 'n gesamentlike gesinsdiens in die kerkgebou aangebied.

Hierdie informele terugvoering ondersteun deur 'n brief van 'n gesin uit die ander deel van die gemeente, het die proses aan die gang gesit om 'n nuwe model te beproef. Op die kerkraadsvergadering van 28 September 1994 is 'n model aanvaar (Bylaag 1) waarvolgens ongeveer elke tweede Sondag gedurende die skoolkwartale gesinsdienste gehou sal word, met besondere klem op die deelname van gesinne en die kleiner kinders (Vir die tieners is twee dienste per kwartaal in die aand-tydgleuf ingeruim). Met gesinsdienste is daar geen ander aparte kategese-byeenkomste nie - wel 'n 'kroostroos'-bediening waarbinne enkele moeders met klein kinders die kinders by die moederskamer in die sorg van een van die ouers laat. Tydens die kategese-Sondae is 'n aparte byeenkoms vir al die voorskoolse tot st. 2-kinders gehou met liturgiese momente

wat ooreenstem met momente van 'n gewone erediens en 'n kort boodskap of poppekasvertoning. Dit is opgevolg met kategese-kleingroepwerk. Die kleuters vorm dan 'n eie kleingroep.

Die verandering in erediens-kategese-patrone het aan die begin van 1995 'n aanvang geneem en kan moontlik neerslag vind in die kleuters se persepsies van die gemeente. Indien die persepsies van kleuters oor die gemeente nou beskryf en waargeneem kan word, kan dit 'n eerste toets wees van die uitwerking van hierdie nuwe model op kleuters se persepsies.

'n Tweede ontwikkeling het ook gedurende 1995 plaasgevind. Gemeentelede het bewus geword van die sel-gemeente-konsep wat elders in die land beproef word. Saam met die navorser het 'n paar gesinne besluit om binne die gemeente 'n groepering te vorm wat elke Vrydagaand vanaf 19:00 tot 21:00 bymekaar kom om saam te eet, as gesinne saam te sing, 'n Bybelstorie gerig op die klein kinders te lees en te bid. Hierna speel die kinders, terwyl die volwassenes 'n kort bespreking/Bybelstudie hou en vir mekaar bid. Die navorser het besluit om nie as leier nie, maar wel as gewone groepslid deelnemend by hierdie groep betrokke te wees, met die oog daarop om die prosesse wat in die groep plaasvind, en die ontwikkeling van die kleiner kinders in die groep waar te neem. Aan die begin van 1996 het meer gesinne versoek dat daar ruimte gemaak moet word vir gesinne om buite wyksverband en met goedkeuring van die kerkraad bymekaar te kom - moontlik op Sondagaande in die aanddiens-tydgleuf. Na 'n intense debat oor die aangeleentheid tydens 'n eerste kerkraadsvergadering,

waarna die saak na 'n uitgebreide Dagbestuur verwys is, besluit die kerkraad op 18 September 1996 om die bestaan van sulke groepe te erken, en om 'n ordereëling te tref dat hierdie groepe op Sondagaande kan byeenkom (Bylaag 2). Alhoewel die groepe nog net 'n paar maande funksioneer, kan dit reeds die persepsies van kleuters oor gemeente-wees beïnvloed.

'n Derde belangrike ontwikkeling wat die kleuters betref, het aan die einde van 1995 plaasgevind toe daar geen leier vir 1996 vir die Kinderkrans (Voorskool tot st. 1) gevind kon word nie. Die navorser het dit as 'n ideale geleentheid gesien om deelnemend betrokke te raak by die Kinderkrans. Twee ander volwassenes, 'n student, 'n katkisant uit die Belydenisklas asook 'n st. 7-katkisant is gewerf en elke kleuter in die gemeente is persoonlik per brief uitgenooi om in te skakel. Uit 'n potensiaal van net meer as 30 kleuters en klein kinders, het 25 ingeskakel. Hiervan was die helfte voorskoolse kinders wat op redelik gereelde grondslag gekom het. As basis vir die byeenkomste is 'n aktiwiteitsgids gebruik[13]. Die groep het ook betrokke geraak het by 'n créche in die plaaslike swart woongebied deur opvoedkundige hulpmiddels te versamel en enkele oor-en-weer-besoeke, 'n insamelingsprojek vir kleuterskole in Makatini, en vir kinderevangelisasie in Frankryk onderkeidelik. Ook hierdie byeenkomste, aktiwiteite, geleentheid tot ekumeniese kontakte/kontak met die swart kinders

---

[13] Du Toit, P (red) 1996: *Op-en-wakker aktiwiteite vir die eerste drie skooljare.* Halfway House: Orion.

binne gemeenteverband en sendinggerigtheid kon elementêre gemeente-persepsies beïnvloed.

Die formele gemeente-byeenkomste (huisgodsdiens uitgesluit) waarby die kleuters betrokke kan wees, is dus die volgende:

1. Gesinsdienste

2. Kroostroos en Kleuterkategese, en Aparte kerkbyeenkoms

3. Kinderkrans

4. Gesins-kleingroepbyeenkomste

5. Wyksbyeenkomste

6. Kermis en ander meer sosiale byeenkomste van die gemeente

7. Pinksterbyeenkomste

In navorsing oor die kleuters se gemeentebegrip kan daar dus gekyk word of bogenoemde soorte byeenkomste deur hulle as gemeentebyeenkomste geïdentifiseer word, en hoe die kleuters hierdie byeenkomste ervaar het. Maar daar moet ook gelet word op die aard van die kommunikasie wat by hierdie byeenkomste plaasvind. Deur die kommunikasieproses word 'n verhouding gebou tussen die gemeente binne die konteks van hierdie byeenkomste, en die kleuter. Sonder 'n helder begrip van die eise wat die huidige era aan kommunikasie stel, kan die kommunikasie tussen die generasies so oneffektief

wees dat beide kleuter (as ontwikkelende lidmaat) en gemeente (wat ook besig is om opgebou te word) gebrek ly - die gebrek wanneer die volle potensiaal tot ontwikkeling en opbou nie ontgin word nie. Daarom word daar vervolgens gelet op perspektiewe wat betrekking het op die kommunikasieprosesse.

2.5 Kommunikasie as medium vir geloofs-vormende prosesse

Een van die prosesse waardeur die geloof van die klein kind gevorm word, word 'n kommunikasieproses genoem - die proses waarvolgens deelgenootskap (*a sense of acceptance and belonging)* **gekommunikeer** word. Dit open die vraag na die aard van hierdie kommunikasie in die gemeente.

2.5.1 Nuwe era, nuwe paradigmas

Die omgewing/konteks waarbinne mense ontwikkel, bied bepaalde kommunikasiestyle. Verskillende kulture byvoorbeeld bied veskillende kommunikasieruimtes waarbinne die lede van die groep volgens bepaalde gebruike met mekaar kommunikeer. Hierdie gebruike word bemiddel en begrens deur die paradigmas en verwysingsrame van die persone wat kommunikeer. 'n Persoon word dus geleer om op sekere maniere met mekaar om te gaan, byvoorbeeld maniere van groet, tafelmaniere, maniere waarop kinders teenoor seniors optree, en so ook maniere van kommunikeer met God, oor God en met mekaar binne gemeenteverband. Hierdie aangeleerde gedragspatrone skep 'n

sekere verwysingsraam waarbinne boodskappe gestuur en geïnterpreteer word. Binne hierdie verwysingsraam is taal dan ook een van die stelle simbole wat as medium gebruik word. Maar taal is nie die enigste medium wat gebruik kan word nie, en dit word ook nie losstaande van 'n komplekse geheel van boodskap en medium gebruik nie. Gebare, visuele en ander effekte soos klanktoon speel mee om die geheel van die boodskap oor te dra.

Hierdie komplekse gehele van taal, gebare, en ander simbole kan binne bepaalde kulture en subkulture verskil. Net so kan dit verskil in verskillende tydperke van die geskiedenis. Die era waarin ons nou leef word o.a. gekenmerk deur die moontlikhede wat die elektronika geskep het vir kommunikasie.

Wanneer Toffler (1970:154) hieroor skryf, maak hy 'n onderskeid tussen gekodeerde boodskappe en die ongekodeerde tekens wat elke dag deur ons sintuie waargeneem word. Ongekodeerde tekens is byvoorbeeld die bewegings en kleure in die natuur wat ons waarneem, en wat nie afhanklik is van die menslike vormgewing daaraan nie. Gekodeerde boodskappe, daarenteen, 'are any which depend upon social convention for their meaning. All languages, whether based on words or gestures, drumbeats or dance-steps, hieroglyphs, pictographs or the arrangement of knots in a string, are codes. All messages conveyed by means of such languages are coded.' (Toffler 1970:154). Die effek van die industriële revolusie en die elektronika is dat almal besig is om die maksimale hoeveelheid kodes (beelde) in die minimum tyd te sein - selfs die musiek van Mozart, Bach en Haydn word vinniger uitgevoer as wat dit gedoen is

in die tyd van die komposisie, sodat Toffler verklaar: 'We are getting Mozart on the run.' (Toffler 1970:156) Die neurale sisteem van die mens word daarom gekondisioneer om aan te pas by hierdie nuwe kommunikasie-omgewing, en om 'n maksimale aantal kodes te enkodeer, of om vernuftig oor die seine te gly sonder dat dit doelbewus ge-enkodeer word.

Die elektroniese era het ook die era van die *global village* ingelei: Wat nou aan die eenkant van die wêreld gebeur, word feitlik onmiddelik na al die uithoeke van die wêreld in gekodeerde vorm oorgedra. Die verskillende kulture en die voorheen meer geslote sosiale sisteme se eie sake word nou gemene goed van die *global village.* Binne hierdie *global village* ontstaan daar nuwe klein informele groeperings wat rangskik om enkele fasette van die samelewing en wat gedurig herskik volgens die steeds veranderende modegiere, en soos wat die individu sy demokratiese reg uitoefen om binne hierdie pluriforme samelewing in te skakel waar hy wil. Babin praat ook van die vorming van 'affinity communities' wat die elektroniese weergawe is van geografiese groeperings: 'It is a gathering of people who have chosen each other because of an affinity of character or interests...'(Babin 1991:51-53) Binne hierdie samelewing funksioneer die gemeente ook, en hierbinne word die kleuter gevorm en beïnvloed deur die senders van boodskappe wat die kuns van kommunikasie van hierdie geslag bemeester het. Slaag die gemeente daarin om effektief met die kinders van die elektroniese era te kommunikeer? Moet die gemeente aanpas in sy kommunikasiestyl, of moet die gemeente juis 'n alternatief bied vir die

hoogspanning wat die wêreld met sy massa-gekodifiseerde boodskappe bied? Indien die gemeente 'n alternatiewe kommunikasiegemeenskap is, kan daar gevra word of die kind die boodskap van die gemeente kan hoor.

Babin beskryf die lewe van die jeug (en dit gee ook iets weer van die omgewing waarbinne die kleuterjeug opgroei) as volg:

> 'Young people spend six to seven hours a day watching television and go through the streets with Walkmans in their ears... They immerse themselves in the sounds and images of music videos, and they find computers fascinating to the point of addiction... They are attuned to messages that vibrate with their sensitivities, that speak to their hearts, and that awaken their desires.' (Babin 1991:3)

Binne hierdie nuwe kommunikasie-era word nuwe vrae gestel oor die effek en sukses van kommunikasie. Twee belangrike invalshoeke word gebruik om nuut hieroor na te dink, nl die onderskeiding tussen *figuur* en *grond* in die kommunikasieproses, en die onderskeiding tussen diskursiewe simboliek en representatiewe simboliek.

2.5.2 Figuur/grond-onderskeiding

Die begrippe *figuur* en *grond* in die kommunikasieproses is in besonder in die Gestalt-psigologie ontwikkel om een van die reëls van persepsie te beskryf. Volgens hierdie skool van denke is daar geteoretiseer dat dinge gesien word as

geheel-eenhede en nie as deeltjies of stukkies nie. Wat figuur en grond betref, 'some parts are seen as figures and the rest become background.' (Munsinger 1975:143). Babin (1964:64) wys daarop dat die idee van *grond* van besondere belang in die era van oudiovisuele kommunikasie is. Hy voer aan: 'It is usually possible to say that, contrary to appearances, the ground is the most important aspect in audiovisual language. In fact, it delivers the real message by creating the effect in the viewer.' (Babin 1991:64). Hy haal A Behravian aan wat beweer dat dit wat **gesê** word verantwoordelik is vir slegs sewe persent van die boodskap wat op die televisie gekommunikeer word. Daarteenoor sê hy: ' "the tone and the output of what is said count for thirty-eight percent, and the gestures and facial expressions counts for fifty-five percent.'" (Babin 1991:64). Die *grond* maak dus drie-en-negentig persent van die boodskap uit.

Deur gebruik te maak van hierdie onderskeiding in *figuur* en *grond* in kommunikasiemedia, word hieronder gefokus op aspekte rondom *figuur*, en daarna op aspekte rondom *grond*.

2.5.2.1 Voor-lees fase, taal en begripsvermoëns

Hierdie aspek konsentreer op figuur-verwante aangeleenthede. Die media wat gebruik word in kommunikasie met die kleuter is waarskynlik van deurslaggewende belang. Die kleuter begin gewoonlik eers in die skool lees. Die vyf-sesjarige is dus nog uitgesluit van kommunikasieprosesse waar hyself die Bybel as geskrewe woordbron hanteer. Wanneer die geskrewe teks as 'n

belangrike hulpmiddel in die kommunikasieproses tussen leraar en gemeente, of ander voorgangers en volgers gebruik word, word 'n medium gebruik wat die kleuter nie kan dekodeer nie. Hy moet homself dus verlaat op die orale, verbale en nie-verbale (lyftaal) kommunikasie van die sender en op moontlike ander hulpmiddels soos prente, poppekas, visuele objekte, en ander simbole wat ingespan kan word om die boodskap oor te dra. Indien die sender dit nie in ag neem nie en die kleuter as't ware geïgnoreer word, mag dit bydra tot moontlike negatiewe ervarings in die kommunikasieproses. Die kleuter mag verveeld raak, of die ervaring kry dat hy nie belangrik is of aan die groep behoort nie. Dit geld ook wanneer die begrippe-apparaat wat hanteer word, in so 'n mate bokant die verstaanswêreld van die kleuter is dat hy die boodskap nie kan verstaan nie. Die kleuter dink meer konkreet en daarom sal die meer abstrakte terminologie en waarhede konkreet vertaal en geïllustreer moet word om dit vir hom ter sake te maak.

2.5.2.2 Atmosfeer en grond-belewenis

Alhoewel die kerk die woordverkondiging en boodskap beklemtoon, is die grondervaring van liefde baie belangrik. Malan (1979:14) skryf: 'Die klein kind reageer nie eintlik op die inhoud van die boodskap nie, maar wel op die liefde wat daaruit straal. Dis is so omdat die kleuter sintuiglik op gevoel meer as op kennis handel. Ervaar hy dus liefde, sal hy daarop reageer.' Deist (1991:9-10) maak 'n onderskeid tussen verstand en gemoed. Terwyl die verstand gewaarwordinge klassifiseer in terme van dinge soos hoogte, diepte, breedte en

lengte, interpreteer die gemoed dinge as mooi, lelik, roerend of afstootlik, d.w.s. op kwalitatiewe wyse. 'Die gemoed kan, sonder om regtig te begryp en sonder om regtig te kan sê waarom dit so reageer, aangetrek of afgestoot word. Dit kan reageer met verwondering of afgryse, aanbidding of afsku.' (Deist 1991:10) Hierdie soort opmerkings behoort in ons tyd saamgelees te word met 'n nuwe beklemtoning van die positiewe benutting van die affektiewe in kommunikasie. Babin (1991:9) skryf as volg oor die effek van atmosfeer op jongmense in die kommunikasieproses: 'In pilgrimages, young people's retreats, or the architecture of the church, this framing ground of an almost indefinable emotional sense becomes more important than the ideas we talk about in these contexts.' Dit geld nie net vir jongmense nie, maar ook vir die kleuter.

'n Mens kan natuurlik ook vra of die affektiewe dan nie voorheen so belangrik was nie. Miskien was dit wel 'n aspek wat in die voorafgaande jare verwaarloos is weens die voorrang wat kennisverwerwing (die rasionele) gehad het. Die emotiewe is dikwels wel erken maar dan vanuit die probleemoplossing-modus in plaas daarvan dat dit as positiewe deel van die persoonstruktuur benut is voordat probleme opduik. Müller (1975:21) gee byvoorbeeld (onder andere) die volgende probleemoplossing aan die volwasse geslag t.o.v. kinders in 'n poging om die generasiegaping te oorbrug:

> 'Probeer 'n bietjie u inleef in sy ervaringe, sy frustrasies, sy ideale, sy emosies sodat hy voel hier is iemand wat begryp hoe hy dink en wat ook begryp hoe hy **voel**. Luister veral na die gevoelens van

trots of van gekrenktheid wat verskuil lê agter sy woorde en optrede.... Kom hom dáár in sy gevoelswêreld en -belewinge tegemoet en lei hom daarvandaan uit met tere liefde en met vaste hand.'

Dikwels is daar gepraat oor die taak van die ouers of die opvoeder om die kind met liefde te benader, en voorligting aan die kategete het dit sterk beklemtoon. In 'n leer-omgewing met soveel klem op die inhoud en korrekte formulerings, was dit asof dit teoretiese voorskrifte gebly het. Dit lyk egter of die affektiewe nou weer ontdek en positiewe erkenning daaraan verleen word in teenreaksie op die kognitiewe oorheersing (en moontlik as gevolg van 'n ontnugtering - ten regte of onregte - met die geloofs-resultate van die skoolse kategese-modelle). Het hierdie meer positiewe benadering reeds begin resultate lewer in die gemeente, of is die volwasse lidmate steeds in 'n kognitief oorheersde idioom vasgevang? Wat ervaar die kleuters?

2.5.3 Sintuiglikheid, liggaamlikheid en representatiewe simboliek

In aansluiting by die meer positiewe erkenning van die affektiewe kan ook verwys word na die nuwere beklemtoning van simboliek en liggaamlikheid. Gerard Lukken (1990:30) skryf oor die fundamentele belang van die sintuiglikheid in die liturgie (veral na Vatikaan II). Voor Vatikaan II het die woord 'n ondergeskikte rol in die katolieke liturgie gespeel: Die liturgie is in die

onverstaanbare Latyn gevier: 'zo was het woord tot niet-woord geworden: non-verbaal.' (Lukken 1990:30). In die proses om die woord in die Katolieke kerk te herstel, was daar moontlik, volgens Lukken, 'n oorreaksie wat daartoe gelei het dat die menslike sintuiglikheid misken word. Hy reageer hierop in 'n paar baie interessante paragrawe wat op die volgende neerkom:

1. Daar is 'n verskil tussen representatiewe simboliek en diskursiewe simboliek. Eersgenoemde verwys na enige voorwerp soos 'n ring of foto wat, as jy dit waarneem, in een oogopslag veel meer *representeer* as dit wat werklik teenwoordig is. In die representatiewe simboliek gaan dit om sintuiglike simboliek: die kleur, gebare, versiering, klere, intonasie, musiek - kortliks, 'n totaalwaarneming wat sonder tydsverloop meteens iets/iemand anders teenwoordig stel. Diskursiewe simboliek is die simboliek van die taal, waarvolgens daar 'n opeenvolging van betekeniseenhede is wat mekaar in 'n diskoers opvolg. Eers na voltooiing gee dit 'n geheelbeeld.

2. Die representatiewe simboliek gaan egter die diskursiewe simboliek vooraf. Voordat die kind kan praat en kan deelhê aan die diskursiewe simboliek, het hy deur sy liggaamlik-sintuiglike waarneming reeds deel aan die wêreld. Hierdie sintuiglike deelname aan die wêreld vind in die kind se bewussyn 'n neerslag, sodat bepaalde objekte 'n representatiewe simboliese betekenis kry.

3. Met taalontwikkeling kry die kind 'n 'speelterrein dat onafhankelijk van de werklijke en concrete situaties kan worden betreden en benut.' (Lukken 1990:32)

Situasies uit die verlede kan byvoorbeeld deur woorde stuk vir stuk deur die diskoers herroep word.

> 'De winst aan taal is echter op een of andere manier ook een zeker verlies. Terwijl het kind tevoren volledig in de situatie van het ogenblik kon opgaat en zonder na te denken spontaan op situaties kon reageren, wordt nu deze onbevangenheid in aanzienlijke mate beperkt. Juist de onbevangenheid is de charme van de kind: als het kind binnenkomt, lacht het hele huisgezin.' (Lukken 1990:33)

4. Enersyds kan 'n mens dus praat van 'n toename aan bewussyn deur die taal, maar andersyds is dit ook waar dat dit wat ons in taal verwoord, maar 'n fraksie is van dit wat ons liggaamlik ervaar. Sonder ons liggaamlike ervaring (*lijfelijke basis*) is ons woorde 'dor en levenloos' (Lukken 1990:33). Die representatiewe simboliek speel in op die onderste lae van ons subjektiwiteit. Wanneer die representatiewe simboliek dus verwaarloos word, vind daar 'n disoriëntering binne die ek plaas, soos wanneer iemand 'n kamer binnekom, en gedisorienteerd voel omdat alles daarbinne verskuif is.

5. Die representatiewe simboliek verteenwoordig die beperkte kodes in ons bestaan: weinig kan véél na vore roep. Die taal daarenteen, verteenwoordig 'n veel meer uitgebreide kode. As deel van die beperkte kodes, is rituele eenvoudig en roep dit baie in herinnering - vir elke deelnemer op sy eie vlak van interpretasie. Die beperkte kode het dus terselfdertyd 'n breë aksieradius.

G van Holstein verwys na 'n godsdienspedagoog van Hamburg wat o.a. die volgende gesê het:

> 'Wanneer we in de liturgie de weg van drama en symboliek gaan, zullen we ons moeten realiseren, dat we hiermee niet op zoek zijn naar "verdubbeling van de taal, alsof er - bijvoorbeeld terwille van de aanscouwelijkheid - naast taal nu ook nog beeld of gebaar komt, alsof gebaren het gesproken woord alleen maar onderstrepen... we zoeken dan naar tekenen en gebaren, die uitgaan boven wat in woorden al is ingepolderd, die verder reiken en meer verwachten dan wat al bereikbaar is"...' (Van Holstein 1989:39)

In die kommunikasieprosesse van die gemeente (veral binne die erediens) speel rituele en simbole dus 'n baie besondere rol. Veral vir die kleiner kind wat nog meer op sintuiglike waarneming ingestel is, kan die gebruikmaking van enkele representatiewe simbole blywende aangename betekenis skep. In die navorsing sal die navorser ook op die uitkyk wees na verwysings soos die kanselbybel, kerse, die kruis agter die prediker, nagmaal, doop en die rol wat dit gespeel het by die kleuters.

Vir die doel van hierdie navorsing moet daar gevra word na die aard van die kommunikasie tussen die gemeente en die kleuter, maar ook na die aard van die kommunikasie tussen die navorser en die kleuters. Alhoewel die volgende paragraaf ook kan tuishoort onder die volgende hoofstuk, word dit hier behandel

omdat die hele saak wat te berde gebring word, op elke vlak waar volwassene en kleuter met mekaar kommunikeer van toepassing is. Hierdie saak is die feit dat die gemeente, ouers, kerkraad, predikant en ook die navorser self nie meer 'n kleuter is nie, en aldus interpretasies vanuit volwasse perspektief doen.

2.5.4 Kan volwassenes kleuters verstaan?

Die navorser is geïnteresseerd om te weet of die kleuters *bewus* is daarvan dat hulle aan die gemeenteliggaam behoort.... Daar kan ook nagedink word oor die aard van hierdie 'bewus'-wees by die kleuters. Die perseptuele en konseptuele vermoëns van die verskillende kleuters sal nie net verskil omdat elke kleuter uniek is nie, maar sal waarskynlik ook op verskillende maniere tot uitdrukking kom. Indien die kleuter tog wél voldoende terugvoering gee oor die konsepte soos wat hy dit hanteer, is 'n volgende probleem die vermoë van die volwassenes, en in hierdie geval die navorser, om die konsepte wat die kleuter terugvoer, akkuraat en binne die regte konteks te beskryf. Moet hy dit doen vanuit die breë verwysingsraam of invalshoek van die volwasse wêreld, of moet hy dit probeer doen vanuit die kleiner verwysingsraam of bepaalde interpretasie-invalshoek van die kleuter? Grieve (1990:3) wys byvoorbeeld op die besondere bydrae van Margaret Donaldson wat daarop aangedring het dat navorsing met kinders ook vereis dat situasies van die kind se kant af beoordeel moet word. Die volwasse navorser is gewoonlik besig om die kind te benader met sekere vrae en materiaal wat op verskillende maniere deur die navorser gemanipuleer word. Donaldson sê egter:

> '...[A]t the heart of the experimental situation is a child who is actively trying to make his or het own sense of the situation - and in particular, trying to understand, from what the adult says and does, and from how the material are manupilated, what the adult's motives and intentions might be. Crucially, the childs interpretation of these factors might be quite different from that intended by the adult." (Grieve 1990:3)

Kan die navorser homself inperk om die verwysingsraam van die kleuter te begryp of kan hy werklik die situasie van die kind se standpunt af beoordeel? Daar kan ook gevra word of die navorser (nog) enigsins begryp hoe die klein kind dink. In dié verband is 'n opmerking van Edward Robinson (1977:10) van toepassing. Naas waardering vir die bydrae van Piaget op die gebied van die ontwikkelingsielkunde, maak hy tog die volgende kritiese stelling:

> 'It is in fact this insistence on verbal criteria of development that makes Piaget's work so important to the teaching profession, and of rather less value to anyone who believes that there are positive qualities in childhood that remain undetected by such methods, slipping like water through the finest net. *Piaget is in fact continually setting children an exam in a subject that adults are good at and children bad. Predictably, the children fail.*' (My kursivering, Robinson 1977:10)

Dit wil ook voorkom of kinders se vermoë **groter is** as dié van volwassenes om nie net die sigbare werklikheid meer holisties te ervaar nie, maar ook om die sigbare werklikheid en die Onsigbare werklikheid geïntegreerd te ervaar. Sofia Cavaletti wys selfs op kinders se besondere vermoë om die Onsigbare op so 'n manier te sien dat dit voorkom of hierdie Onsigbare vir hulle méér werklik is as die sigbare realiteit:

> 'It is a fact that the child seems capable of seeing the Invisible.... Children penetrate effortlessly beyond the veil of signs and "see" with utmost facility their transcendentant meaning, as if there were no barrier between the visible and the Invisible.... All that we have been able to observe over these years,... leads us to consider the child as a "metaphysical" being... who moves with ease in the world of the transcendent and who delights in ... the contact with God." (Cavaletti 1983:43 en 44)

Robinson (1977:16) maak ook 'n ander aspek oop: Hy praat van 'n oorspronklike visie (*the original vision)* wat as volg beskryf word:

- 'n soort kennis, anders as blote fantasie, wat natuurlik is en moontlik algemeen voorkom,
- wat verwant is aan iets soos 'n mistieke ervaring/belewing en
- wat as godsdienstig beskryf kan word -

- **'n visie wat net met verloop van tyd behoorlik verstaan kan word (in retrospek)**,
- wat deur die subjek self as outentiek gewaarmerk word, ongeag wat ander daarvan dink,
- wat die subjek bewus maak van sy eie identiteit, vryheid en verantwoordelikhede, en wat te doen het met die sin en doel van die subjek se bestaan (My beklemtoning, Robinson 1977:16).

Daar is dus iets soos die **holistiese ervaring** en bewussyn van die kind, wat die volwassene met sy geoefende analitiese denke moontlik lank gelede reeds agtergelaat het. Verder is daar ook hierdie **oorspronklike ervarings,** 'n *original vision*-ervaring wat slegs met verloop van tyd betekenis kry, maar wat terselfdertyd net deur die subjek gewaarmerk word, en aldus net tweedehands deur 'n navorser beskryf kan word. Die interpretasie van hierdie gegewens vereis tydsverloop en die self-outentieke interpretasie van die persoon wat dit ervaar het.

Wanneer daar gefokus word op die kleuter se begrip van die gemeenteliggaam moet daar dus rekening gehou word met die feit dat die volwasses, navorsers ingesluit, reeds die belewingswêreld van die kind verlaat het en dus nie self weet of hulle die kind waarlik begryp nie. Verder kan die betekenis wat 'n kind nou aan sy gemeenteliggaam-ervaring gee, moontlik met die loop van tyd 'n

groter of ander betekenis hê as wat die kind nou in staat is om te deurskou, of te verduidelik.

2.6 Samevatting

Die persepsies van die kleuters oor die gemeenteliggaam word o.a. deur die geslaagdheid van die kommunikasie tussen gemeenteliggaam en kleuters bepaal.

Geloofsvorming is deel van die **opdrag wat Jesus aan die Kerk gegee** het, toe Hy sy dissipels beveel het om dissipels te gaan maak deur mense te doop en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy beveel het. **Die Kerk vervul sy roeping binne die wêreld** wat gekenmerk word deur 'n toenemende proses van sekularisasie, waarvolgens één teologiese, etiese sisteem wat bokant die geskiedenis uitgaan, vervang word met 'n *openmindedness* en 'n neutraliteit wat bereid is om verskillende aansprake op die waarheid naas mekaar te erken in 'n godsdienstige pluralisme. Dit stel besondere eise aan elke gemeente wat die roeping van Christus ernstig opneem, en wat seker wil maak dat die kinders wat binne die gemeente gevorm word, wel dissipels van Christus sal wees.

Geloofsvorming is vorming van die totale mens en is ook inter-afhanklik van verskillende ontwikkelingstake soos die vermoë om te sosialiseer. Geloofsvorming word selfs deur sommige skrywers in terme van 'n sosialiseringsproses of proses van enkulturasie beskryf. **Kleuters** (soos alle mense) is verhoudingswesens met 'n potensiaal om in beide die ek-U-

verhouding (religieuse potensiaal) te staan, sowel as die ek-jy verhouding (sosialiseringspotensiaal). Hierdie twee 'potensiale' is teoreties-onderskeie aspekte van hulle totale mens-struktuur wat nie geskei kan word nie, en wat geleentheid gegun moet word om ten volle te ontwikkel. Dit is ook in ooreenstemming met Christus se opdrag om God en die naaste lief te hê.

Die gemeente vervul in hierdie proses 'n diensknegrol om die kleuter se religieuse potensiaal as deel van die aanbidding van die gemeente tot ontwikkeling te laat kom. Die gemeente se diensknegrol bestaan ook daarin dat hy as sosialiseringsagent optree, wat tegelykertyd ook die ruimte vorm waarbinne die kleuter homself as deel van die geloofsgemeenskap kan vind.

Die gemeente, as liggaam van Christus, bestaan uit mense van alle ouderdomsgroepe wat as volwaardige lidmate deur die doop by die gemeente ingelyf word. Binne hierdie gemeenteliggaam behoort die verskillende lidmate en generasies sodanig by mekaar betrokke te wees, dat elke lidmaat of groep as instrument in die hand van die Heilige Gees gebruik kan word in die opbou van die ander. Die kinders (kleuters) is nie net ontvangers in die opbouproses nie, maar het ook bepaalde bydraes te lewer in die opbouproses..

In hierdie sosialiseringsproses ontwikkel **positiewe of negatiewe persepsies** oor die gemeente. Persepsies is 'n begrip wat uitdrukking gee aan die aard van 'n relasie tussen die subjek en die objek waaroor die persepsie gevorm is. As sodanig dien persepsies wat die kleuter oor die gemeente het ook as filters om

'n verdere inwerking van die gemeente op die vorming van die kleuter te bevorder of te belemmer. (Wanneer data versamel word om die persepsies as positief of negatief te beoordeel, sal daar rekening gehou moet word met die feit dat die kleuter die gemeenteliggaam in indirekte terme sal beskryf, omdat die abstrakte metafoor *gemeenteliggaam* waarskynlik buite sy begrippe-apparaat val.)

Binne die **konkrete konteks van die Ned. Geref. gemeente Stellenbosch-Sentraal** is die kleuters 'n relatief klein groepering soos blyk uit verskillende analises wat die kleuters en ander kinders se getalle-verhouding tot volwassenes illustreer. So 'n minderheid mag moontlik in die bediening gemarginaliseer word, ten spyte van die teorie dat die eerste sewe lewensjare van deurslaggewende belang kan wees in geloofsvorming. Indien marginalisering van die klein kleutergroep plaasvind, is dit te betwyfel of die gemeente sy roeping om ook die kleuters tot dissipels te laat ontwikkel, ten beste nakom. Daarom is dit belangrik dat die gemeente deurentyd aktief en positief betrokke behoort te wees in prosesse wat aan die kleuter kommunikeer dat hulle wel deel van die gemeenteliggaam vorm.

In die **kommunikasieproses** tussen gemeente en kleuters word die belang van *grond*-kommunikasie in onderskeiding van *figuur*-kommunikasie beklemtoon. Eersgenoemde verwys na dinge soos die stemtoon, liggaamstaal en atmosfeer tydens die kommunikasieproses - dinge wat meer op emotiewe vlak lê - terwyl lg. verwys na die taal en hulpmiddels wat gebruik word. Vir die kleuter wat nog nie

kan lees of skryf nie, is die geskrewe woord nog 'n indirekte hulpmiddel wat alleen deur die sender gebruik word en vir hom nog ontoeganklik is. Ander media vir effektiewe kommunikasie moet dus gesoek word. Representatiewe simbole (en rituele) kan, in onderskeiding van diskursiewe simbole (taalsimbole), veral in 'n intergeneratiewe byeenkoms vir elke deelnemer help om baie dinge op sy eie vlak van interpretasie in herinnering te roep.

Die navorser is saam met die ander **volwassenes reeds verby die ervaringswêreld van die kleuter**, en loop die gevaar om toetse te ontwerp wat voldoen aan vereistes wat vir die volwasse ervaring geldig is. Die evaluerings van die toetsresultate mag ook nie net genormeer word vanuit die volwasse perspektief nie. Hy moet kan rekening hou met die kinders se vermoë om meer holisties oor die werklikheid te dink, om selfs die sigbare en Onsigbare werklikhede as geïntegreerd te ervaar, en om voorlopige (kinderlike) interpretasies oor ervarings te gee. Dit mag wees dat die mens dieselfde ervarings later in sy lewe anders sal beoordeel.

Na bogenoemde veldverkenning, kan daar nou oorgegaan word tot die probleemstelling.

2.6.1 Probleemstelling

Dui die persepsies wat die kleuters van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal oor die gemeente het daarop dat hulle hulleself positief aan die gemeente verbind?

Met hierdie ondersoek wil die navorser nou vasstel

- of die kleuters in die gemeente bewus is daarvan dat hulle deel van die gemeenteliggaam is en of dit vir hulle 'n aangename, positiewe deelwees-van-die-gemeente-begrip is, en

- of die gemeente positief ingestel is om die geloof van die kleuters te help vorm, deur hulle as kleuters te aanvaar, positiewe boodskappe van 'julle behoort tot ons groep' (gemeenteliggaam) aan hulle te kommunikeer en hulle toe te laat om werklik deel te neem aan die gemeenteaktiwiteite waar die Christelike geloof ervaar en tot uitdrukking kom.[14]

---

[14]Die resultate van hierdie ondersoek kan gebruik word as agtergrond met die oog op die ontwikkeling van 'n strategie om die geloofsvorming van die kleuters in die betrokke gemeente beter te bemiddel/fasiliteer. Die ontwikkeling van so 'n strategie is egter 'n volgende fase wat buite die bestek van hierdie studie val.

In die volgende hoofstuk word die aard en doel van hierdie navorsing eers beskryf. Dit word dan opgevolg deur die ontwikkeling van 'n toepaslike navorsingsmetode deur te let op voorbereidende aksies, die konseptualisering van bogenoemde probleemstelling, en 'n beskrywing van die operasionalisering.

3. 'n Geldige navorsingsmetode

Die vier invalshoeke van waaruit die veld van ondersoek in die vorige hoofstuk belig is, nl

- die taak van die Kerk binne 'n gesekulariseerde, pluralistiese wêreld,
- die aard van die kleuter,
- die intergeneratiewe proses binne die gemeenteliggaam,
- en die uitdagings van 'n nuwe kommunikasie-era,

roep om besondere besinning oor die navorsingsmetodes wat gevolg word. In hierdie hoofstuk word daar o.a. gelet op 'n paar nuwere beklemtonings binne die breëre veld van die prakties-teologiese navorsing wat ook ter sake is vir hierdie onderwerp.

Die logiese struktuur van die hoofstuk word skematies as volg voorgestel:


Geldige Navorsing
Die aard van die navorsing
Teologies en empiries
Post-positiwisties
Kwalitatief
• Etnografie
⇒Deelnemend-waarnemend
Die doel van die navorsing
Hipotese-genererend
Eksplorerend
Beskrywend
Voorberei deur Aksie-navorsing
• Strategie
• Aksies
• Gesinsdienste
• Ondersteuningsgroepe
• Studie en spesialisasie
• Kinderkrans
• Evaluering
Konseptualisering van probleemstelling
Domeinverskynsels: ontledingseenhede
• Kleuterpersepsies
• Gemeentehouding
Voorlopige eksperimente
Operasionalisering
Meervoudige kruisvalidasie/
triangulering
• Tekeninge
⇒Interpretasie
Self
Onafhanklike
interpreteerders
Navorser
• Prente
• Gesprek
Vraelys aan Gemeentelede

Daar word eers op drie oorkoepelende temas gefokus wat **die aard van hierdie navorsing** toelig, nl.

- die verhouding teologie tot empiriese navorsing,
- beklemtonings in die post-positivistiese era,
- en die moontlikhede rondom kwalitatiewe navorsing veral soos dit in etnografie tot uitdrukking kom.

Voortvloeiend hieruit word daar nader ingegaan op die **spesifieke doel van hierdie navorsing** aan die hand van 'n paar vrae.

Een hiervan handel oor **hipoteses**. Is dit noodsaaklik om hipoteses te formuleer en, indien nodig, wat is die funksie van hipoteses binne hierdie navorsing? Daar word nagedink oor die beskikbare inligting, en die sekerheidsgraad van die inligting om dan die volgende te bepaal: Is hierdie navorsing **verklarend of beskrywend**; is dit **eksplorerend of toetsend**?

'n Verdere perikoop handel oor die feit dat hierdie navorsing gedoen word binne 'n gemeente waarin daar oor die afgelope drie jaar op grond van navorsingsinsigte bepaalde aanpassings gedoen is, wat ook implikasies het vir die geloofsontwikkeling van die kleuters. Hierdie veranderinge het o.a. die kleuters meer doelbewus betrek by gemeente-aktiwiteite. Dit het ook die kommunikasie tussen gemeente en kleuter beïnvloed en kan neerslag vind in

die persepsies wat die kleuters oor die gemeente het. Indien hierdie veranderings in ag geneem word, sluit hierdie navorsing **elemente van aksie-navorsing in.**

Na die nodige **konseptualisering** en bepaling van die ontledingseenhede, sluit die hoofstuk af met 'n beskrywing van **'n metode van meervoudige kruisvalidasie (triangulering)** wat ontwerp is om die kleuters se persepsies van die gemeente te probeer peil, naas **die ontwerp van 'n vraelys** om die houding van gemeentelede teenoor die kleuterbediening te peil.

3.1 Die aard van die navorsing

Die aard van die navorsing word met 'n paar sleutelterme beskryf, nl

teologies, empiries, post-positivisties en kwalitatief.

3.1.1 Teologie en empiriese navorsing

D J Louw (1993:77) gee die volgende definisie van teologie:

> 'Teologie is die menslike refleksie (sistematiese en eksegetiese besinning)
>
> en as gevolg hiervan 'n interpretasieproses/ vertolkings-gebeure met behulp van die geloof

oor die betekenis/ bedoeling/ sin van die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens soos geopenbaar in die Skrif

en die implikasie van hierdie ontmoeting vir die sin van kerkwees (ekklesiologiese dimensie); vir menswees (eksistensiële dimensie) asook vir die eventuele bestemmingsfunksie van die skepping (kosmiese dimensie).'

Praktiese teologie is dan die hermeneutiese wetenskap waarvolgens die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens op 'n sekere spesiale manier vertolk word. Hierdie spesiale manier beteken dat die vertolking sodanig moet wees dat dit opbouend sal inwerk op die kerk, en vernuwend en veranderend op die ganse kosmos. Die objek van die praktiese teologie is dus die **maniere waarop die heil gekonkretiseer word** en **die konkrete eksistensiële betekenis-/sinvelde wat hierdie heilsontmoeting in die wêreld ontsluit**, asook **die kerklike diensgestaltes** aan die woord met die oog op die opbou van die gemeente. Dit sluit die ontwerp van effektiewe bedieningstrukture en bedieningsstrategieë in (Louw 1993:80-82).

Om die verband tussen die praktiese teologie en empiriese navorsing aan te toon, sal daar egter ook gevra moet word na wat bedoel word met empiriese navorsing. Van der Ven & Visscher (Van der Ven 1985:191-195) voer aan dat empiriese navorsing betrekking het op die sikliese ervaringsproses wat uit die volgende vyf fases bestaan: waarneem (observasie), vermoed (induksie),

verwag (deduksie), toets en evalueer. Indien daar gekyk word na die taak van die praktiese teologie in sy gerigdheid op die kerklike diensgestaltes, om effektiewe bedieningstrukture en bedieningstrategieë te ontwerp, is dit duidelik dat observasie, induksie, deduksie, toetsing en evaluering 'n integrerende deel van die praktiese teologie is. Maar praktiese teologie oorskry ook die empiriese navorsing:

> 'Empiriese analises help die praktiese teologie om sy basisteorie meer effektief op die behoeftes van die praktiese situasie en die sosiale maatskappy toe te spits. In hierdie proses mag die praktiese teologie egter nie 'n slagoffer van die fenomenologiese metodologie raak nie. Metodies gesproke is dit haas onmoontlik vir die praktiese teologie om geïsoleerd van die geesteswetenskappe te werk. Wanneer praktiese teologie sy teorie volledig vanuit die empiriese waarneming ontwikkel verloor die Skrif egter sy plek as kenbron van die openbaring.' (Louw 1993:79).

Vir die doel van hierdie skripsie as **teologiese dokument** en die empiriese navorsing waarvan hier verslag gegee word, geld dan die volgende:

1. Die resultate van observasie, induksie, deduksie, toetsing en evaluering mag **teologies gesproke nie op sigself beoordeel** word nie. As teologie is dit onderworpe aan basisteoretiese vertrekpunte vanuit die Skrif. **Die norm** vir effektiewe kommunikasie tussen gemeente en kleuter moet dus ook in verband

gebring word met **'n Skriftuurlike ekklesiologie en antropologie (mens-beskouing, wat 'n bepaalde kind-beskouing insluit).** 'n Mens sou dus altyd weer moet vra of die kommunikasie tussen gemeente en kleuter wat as effektief beoordeel word vir die geloofsontwikkeling van die kleuter, effektief is omdat dit 'n Skriftuurlike ekklesiologie en antropologie ondersteun. Kommunikasie is byvoorbeeld nie in teologiese sin effektief indien dit 'n humanistiese antropologie as uitgangspunt neem nie.

2. Die interpretasie van die empiriese gegewens vanuit 'n Skriftuurlik gefundeerde ekklesiologie en antropologie behoort ook **die eskatologiese horisonne te ontsluit** sodat gemeente en kleuter **sinvol kan bestaan**.

3. Die persepsies wat kleuters van die gemeenteliggaam het, en die kommunikasie tussen gemeente en kleuters word gedra deur **die vormende werking van die Heilige Gees**. Die empiriese ondersoek kan hierdie handeling van God (die Heilige Gees) **nie werklik deurgrond nie**. Dit kan hoogstens sekere waarneembare resultate van die handeling van God met verwondering probeer beskryf.

Empiriese navorsing moet egter nie gelyk gestel word met die empiriese navorsing van die era van die positivisme nie. Van der Ven (1985:196) wys op die volgende: 'De 'main stream' van de empiriese methodologie heeft het positivisme achter zich gelaten als een schijnbenadering.' Wat gebeur dan in die post-positivitiese era en waarom word die positivisme negatief (as

skynbenadering) beoordeel? In die volgende paragraaf word daar nou gekyk na redes waarom die positivisme in onguns verval het, en wat die aansprake van die post-positivisme is.

3.1.2 Post-Positivisties

Om die post-positivisme te verstaan, moet dit afgegrens word van die voorganger genaamd positivisme. Die positivisme wat nou in onguns verval het, het die volgende kenmerke (Hammersley & Atkinson 1995:4):

1. Die natuurwetenskappe (*physical science)* met die gebruikmaking van die logika van die eksperiment en wetmatighede, is die model vir navorsing in die sosiale wetenskappe.

2. Verhoudings tussen veranderlikes wat standhou onder alle moontlike omstandighede word gesoek en as universele wette beskou. Dit wat uit die verlede geleer word, kan veralgemeen word om dieselfde resultate in die toekoms te lewer. Die eksterne wêreld is beskryfbaar, voorspelbaar en universeel in sy moontlikheid om geken te word (Mowry 1993:53).

3. Die taal van die positivisme is 'n sogenaamde neutrale waarnemers-taal. Twyfel moet dus ten alle koste uitgeskakel word. Daarom word veel klem gelê op fenomene wat direk waargeneem kan word, en op die standaardisering van die prosedures van data-versameling. Die kennis wat in navorsing verkry word, word as objektief en waardevry beskou (Mowry 1993:54).

Vir positiviste is dit belangrik dat teorieë onderwerp moet word aan toetse. Hiervoor word die veranderlikes in die teorie gekontroleer, óf in 'n eksperimentele situasie waar die veranderlikes gemanipuleer word, óf deur statistiese analises van 'n groot aantal gevalle. Die teorie word dan vergelyk met die sogenaamde waargenome 'feitelike situasie'. Die feite moet aldus ook op so 'n manier versamel word, dat dit teoreties-neutraal is: 'every attempt is made to eliminate the effect of the observer by developing an explicit, standardized set of data elicitation procedures.' (Hammersley & Atkinson 1995:5).

Dit is juis hierdie benadering van die positvisme wat deur die empiriese metodologie van die post-positivisme as 'n skynbenadering ontmasker word: 'Immers, in iedere empirische benadering van de werklijkheid liggen bepaalde invalshoeke geïmpliseerd, en daarmee bepaalde concepten, theorieën, oordelen.' (Van der Ven 1985:196). Die empiriese metodoloë van die post-positivisme staan dus bekend as kritiese rasionaliste wat nie meer van die veronderstelling uitgaan dat dataversameling, toetsing en evaluering objektief, sonder vooroordeel en teorieloos kan geskied nie. Hierdie navorsers beklemtoon nou juis die feit dat die waarnemer/navorser vanuit 'n sekere verwysingsraam (*referentiekader)* werk. Die eerste drie fases van die empiries-metodologiese siklus (nl. observasie, induksie en deduksie) kry nou besondere aandag, deurdat die konsepte, teorieë en oordele wat die verwysingsraam van die waarnemer vorm, eksplisiet aan die orde gestel word. Dit lei tot die vorming

van hipoteses wat in die vierde en vyfde fases van die empiries-metodologiese siklus getoets en geëvalueer word.

'n Verdere belangrike opmerking wat Van der Ven (Van der Ven & Visscher 1985:196) maak is die feit dat die toetsing en evaluasie in die post-positivistiese benadering nie meer die verifikasie van uitsprake (in die hipotese) sentraal stel nie, maar wel die valsheid (*falsification)* daarvan[15]:

> 'Dit beteken: in dit soort onderzoek word de onderzoekshypothese altijd vergezeld van een zogenaamde nulhypothese, die het

---

[15] Praktiese illustrasie aan die hand van hierdie navorsingprobleem:

Moontlike hipotese: *Indien die gemeente op 'n effektiewe manier aan die kleuters kommunikeer dat hulle deel van die gemeenteliggaam is, sal die kleuters se persepsies oor hulle deelwees van die gemeenteliggaam positief wees.*

Nulhipotese (teenoorgestelde van die hipotese): *Indien die gemeente op* ***oneffektiewe*** *wyse aan die kleuters kommunikeer dat hulle deel van die gemeenteliggaam is, sal die kleuters se persepsies oor hulle deelwees van die gemeenteliggaam (steeds) positief wees.*

Die nulhipotese word nou getoets om te bewys dat dit vals is! D.w.s. as die stelling in die nulhipotese as vals bewys kan word, bevestig dit die stelling in die hipotese as waar.

Hierdie teoretiese omkering van dit wat getoets word, vereis egter steeds die eksplisiete formulering van 'n hipotese aan die begin van 'n 'toets'-fase, maar dit vereis genoegsame inligting en insigte voordat die praktiese ondersoek begin (Vgl die bespreking hieronder wat handel oor hipotese-stelling al dan nie).

> tegendeel van de onderzoekshypotheze tot uitdrukking brengt. Niet de onderzoekshypotheze, maar de nulhypotheze word ter falsificatie getoetst. Slaagt deze falsificatie niet, dan pleit dit tegen de onderzoekzhypothese; slaagt deze falsificatie wel, dan pleit dit voor de onderzoekshypothese.' (Van der Ven en Visscher 1985:196).

'n Ander weg om uit die probleme van die positivisme te kom, was om te probeer om die sosiale wêreld in sy natuurlike staat te bestudeer, **sonder inmenging of versteuring deur die navorser** - aldus 'n vorm van naturalisme. So 'n benadering het 'n afkeer van enige metode wat herinner aan die stimulis-respons benadering soos wanneer vraelyste gebruik word. Die sosiale fenomene en persone moet in hulle natuurlike staat bestudeer word, omdat persone stimuli **interpreteer.** Hierdie interpretasies beïnvloed dan hulle gedrag. Hammersley & Atkinson (1995:7) verwys na 'n voorbeeld deur Mehan opgeteken waarvolgens kinders 'n keuse moes maak: *Kies die dier wat kan vlieg uit die volgende: 'n voël, 'n olifant, en 'n hond.* Alhoewel die korrekte antwoord 'n voël moes wees, het talle klein kinders die olifant gekies omdat Walt Disney se vlieënde olifant, Dumbo, aan hulle bekend was. Die kinders het dus die vraag verskillend geïnterpreteer. Interpretasie is dikwels weer deur die bepaalde kultuur of konteks gekleur. Die sosiale wêreld - ook die gemeente in sy sosiale gestalte - word deur mense gekonstrueer, na aanleiding van hulle interpretasies en handelinge wat op hierdie interpretasies gebaseer is. Die hele beklemtoning

van kontekstualisering in die navorsing word hiermee aan die orde gestel (Mowry 1993:56), saam met die feit dat die sosiale wêreld aktief gekonstrueer word deur mense vanuit hulle interpretasies oor hoe dit moet wees. In hierdie navorsing is die konteks, nl die bepaalde gemeente van Stellenbosch-Sentraal dus van besondere belang. Kontekstualisering kan egter ook verfyn word deurdat onderdele van die groter konteks in ag geneem word, byvoorbeeld wyke, gesinne en ouderdomsgroepe - vandaar ook die kontekstueel-analitiese trekke in hierdie navorsing.

Die sosiale groeperings waaruit die gemeente opgebou is, is egter nie altyd eenstemmig in hulle houdings en interpretasies nie. Elke individu het 'n persoonlike verwysingsraam en 'n persoonlike leefwêreld opgebou deur die persoonlike ervarings oor jare heen, en telkens nuut gekonstrueer deur wilsbesluite in die uitoefening van demokratiese prosesse. Nóg die persepsies van die kleuters, nóg die gesindheid van die gemeentelede is dus vir elke lid van die groep dieselfde. Net so sal elke persoon vraelyste of ander materiaal wat gegee word en waarop hulle moet respondeer, op unieke wyse interpreteer.

Om die ingesteldheid en interpretasies van elke groep of individue in die groepe **objektief** waar te neem volgens die eis van die naturalisme, vereis verder dat **die navorser** 'n buitestaander moet wees, amper soos 'n immigrant, omdat die persone binne 'n bepaalde kulturele groep nie maklik buite die voorveronderstellings wat hulle visie kleur, kan tree nie. Dit het die verdere ontwikkeling van 'n navorsingsmetode gestimuleer wat eerder die bestudering

van enkele fenomene onderneem as om te probeer om 'n groot aantal fenomene in oorkoepelende algemene terme te beskryf . Op hierdie wyse word daar 'n onderskeid gemaak tussen ondersoeke wat groot getalle van 'n fenomeen ondersoek om moontlike gemeenskaplikhede te ontdek, en kwalitatiewe ondersoeke wat eerder die nuanseverskille binne 'n paar fenomene van 'n bepaalde groepering beskryf. In die volgende perikoop word daar nou gefokus op etnografie as een die van die vorms van kwalitatiewe navorsing.

3.1.3 Kwalitatief: Etnografies

Etnografie kan gedefinieer word as die gedetailleerde beskrywing van die kultuur, oftewel sosiale groep. Die etnograaf, as persoon wat hierdie gedetailleerde beskrywing moet gee, se objekiwiteit binne hierdie vorm van kwalitatiewe navorsing kan egter ook bevraagteken word. Kuhn se oortuigende argumente in sy boek *The Structure of Scientific Revolutions* in 1970 (Eerste uitgawe in 1962) waarin hy aantoon dat daar elke keer 'n revolusie in die geskiedenis van die wetenskappe kom, wanneer die paradigma[16] verander van waaruit wetenskaplikes in 'n bepaalde veld hul ondersoeke en bevindings gedoen het, het baie bygedra tot 'n herevaluering van die posisie van die

---

[16] In 'n latere werk vervang Kuhn sy 'paradigms' met die frase '"disciplinary matrix" - "disciplinary" because it is the common possession of the practitioners of a professional discipline and "matrix" because it is composed of ordered elements of various sorts, each requiring further spesification.' (Kuhn 1977:297)

etnograaf. Die geldigheid van die wetenskaplike aansprake is volgens Kuhn altyd afhanklik van die paradigma van waaruit hulle beoordeel word. Hierdie soort argumentasie téén die objektiviteit van die navorser is verder bevestig met die nuwe beklemtonings in hermeneutiek wat daarop dui dat die teks wat deur die navorser gelewer word, nie slegs 'n transparante medium is nie, maar dat dit onafwendbaar is dat dit die sosio-historiese posisie van die navorser reflekteer (Hammersley & Atkinson 1995:13). Ander argumenteer dat navorsing nie neutraal kan wees nie, maar deel is van prosesse van bemagtiging en beheer, ja, dat die navorsing selfs daarop gerig behóórt te wees om verandering te bewerkstellig.

In die jongste tyd het daar dus 'n paradigma ontwikkel waarvolgens dit betwyfel word of dit moontlik en wenslik is dat die navorser 'n afstand tot die groep wat bestudeer word, behou. Teoreties is daar vier verskillende posisies/rolle wat die navorser kan inneem t.o.v. die groep wat hy bestudeer (Hammersley & Atkinson 1995:104), nl



Posisie 1 en 2 het beide deelnemerstatus, terwyl posisie 3 en 4 beide waarnemerstatus het. Indien die navorser volledige deelnemer is sonder dat die groep wat bestudeer word daarvan bewus is (koverte navorsing), mag dit lei tot ontnugtering by die groep en die verhoudings tussen navorser en groep kan geskaad word indien die navorser as sodanig ontmasker word. Indien die navorser net maar (volledig) 'n waarnemer is, mag die kontakte en insigte wat hy met die groep het, beperk bly.

Die navorser in hierdie studie se verhouding tot die groep(e) wat bestudeer word (die kleuters en die res van die gemeente), is dié van deelnemer omdat hyself deel van die gemeente is en deel in die kommunikasieproses tussen gemeente en kleuters. Hy kan dus sy navorsing vanuit een van die deelnemersposisies (1 of 2) doen. Die vraag is of hy dit as deelnemer wat waarneem moet doen (posisie 2) - die standpunt waarvolgens die betrokkenes mag weet hy is besig om hulle waar te neem - of moet hy dit eerder kovert doen? Indien gemeentelede later uitvind dat hulle menings aangeteken is, sonder dat hulle dit weet, mag dit negatiewe reaksie ontlok. Indien hy dit wel met die medewete van die waargenomenes doen, mag sy posisie as leier/predikant van die gemeente bepaalde response ontlok wat nie die ware gevoelens van die persone weergee nie en so die data beïnvloed. Daar word dus aanvanklik gewerk met 'n rol wat neerkom op 'n deelnemersrol *(complete participant)* wat geleidelik oorgaan in 'n deelnemer-as-waarnemerrol *(participant as observer)*. In beide rolle bly die predikantstatus staan en moet dit op een of ander manier in die data verreken

word. Die volgende opmerking van Hammersley & Atkinson (1995:18) is ter sake vir die navorser, maar waarskynlik ook vir die predikant:

> '...[T]he fact that as researchers we are likely to have an effect on the people we study does not mean that the validity of our findings is restricted to the data elicitation situations on which we relied. We can minimize reactivity and/or monitor it. But we can also exploit it: how people respond to the presence of the researcher may be as informative as how they react to other situations. Indeed, rather than engage in futile attempts to eliminate the effects of the researcher completely, we should set about understanding them....'

Die navorser word dus volgens hierdie paradigma 'n deelnemer wat waarneem (*paticipant observer)* in 'n proses waarvolgens persoonlike teorieë (verwysings-raamwerke) en refleksie daaroor 'n geldige bron van navorsing en kennis word (Mowry 1993:57). Die vloei van die empiriese navorsingsproses word daarmee omgekeer: Waar dit byvoorbeeld by die konvensionele metode van navraag (*inquiry)* vánaf 'n teorie wat getoets word met gebruikmaking van hipoteses (en nulhipotese) vloei, ná die versameling van ter sake data, word daar nou eers 'n uitgebreide data kompilasie gemaak 'which means a complete, literal description of the incidents or entity being investigated' (Mowry 1993:57) en vanuit hierdie data ontwikkel dan 'n meer welbegronde teorie *(a grounded theory).*

In die lig hiervan kan 'n mens nou vrae stel oor die doel van die navorsing en na die sinvolheid van 'n hipotese-stelling vir hierdie navorsing.

3.2 Die doel van die navorsing

3.2.1 Hipotese of nie?

Mowry (1993:57) maak die volgende stelling oor die navorsingsparadigma vir die evangeliese kerk: 'We are not in the business of testing hypotheses, marketing a product, improving efficiency, or increasing reliability.' Hy noem dan die drie soorte navorsing wat vir die kerk belangrik is, nl.

- navorsing oor die **mense**,
- **informasie**-navorsing, deur te luister na sosioloë, demograwe, geskiedskrywers, ens.
- en navorsing oor **program-ontwikkeling**.

Hiervoor stel hy 'n refleksie-benadering tot navorsing voor: Van die beginsels verkry uit kwalitatiewe, naturalistiese en interpretatiewe ondersoeke word nou geïntegreer met standpunte van Donald Schon oor kennis-in-aksie en refleksie-in-aksie (Mowry 1993:58). Dit sluit aan by Hammersley en Atkinson se standpunt (1995:19) dat die navorser met sy kritiese refleksie die 'research instrument *par excellence*' is. 'n Refleksie-benadering probeer om te verstaan en raak te sien hoe mense probeer om sin in hulle lewens te konstrueer, eerder as om te

verduidelik, kontroleer of voorspel. Dit beklemtoon ook die persoonlike betrokkenheid van die ondersoeker by die mense - eerder as 'n 'objective detachment' (Mowry 1993:59). Verder neem dit die kennis-in-aksie van die deelnemers ernstig op. Dit verwys na kennis gebaseer op ervaring en nie net op teorieë nie. Volgens die refleksie-benadering word kennis deur dialoog in 'n interaktiewe proses ontwikkel. Die refleksie-benadering is holisties en veronderstel dat die geheel groter is as die som van sy dele. Die refleksie-benadering stel ook insigte beskikbaar sodat persone deur die hele proses kan leer.[17]

Uit bogenoemde blyk dit dus duidelik dat hipoteses wel hanteer kan word, maar nie aan die begin van kwalitatiewe navorsing binne die lyn van naturalisties / etnografies (met *participant observation*) / reflektiewe navorsing nie. Hier hoort dit, indien moontlik, láter in die proses, ná die versameling van data, op weg na 'n poging om dit wat waargeneem is, te beskryf en te verstaan.

In die lig van bogenoemde, kan die doel van hierdie navorsing hipotese-genererend wees. Enige moontlikheid tot hipotese-formulering word teruggehou tot na afhandeling van die ondersoek. Die doel van die ondersoek is dus nie primêr hipotese-generering nie. Dit moet in 'n ander rigting gesoek word.

---

[17] Vgl byvoorbeeld die rol van kritiese refleksie in die praxis-benadering tot kategese van Thomas Groome 1980.

Om te bepaal wat **die doel van hierdie ondersoek** is, word nou twee verdere oorkoepelende vrae gestel:

1. Hoeveel inligting was voor die tyd beskikbaar, en

2. Hoeveel sekerheid het die beskikbare inligting voor die ondersoek reeds gebring?

Aan die hand van hierdie twee vrae word 'n matriks geskep wat vier selle lewer (Van der Ven 1985:206):

Baie inligting beskikbaar

Min sekerheid	**Eksplorerend-verklarend**	**Toetsend-verklarend**
	Eksplorerend-beskrywend	**Toetsend-beskrywend**

Baie sekerheid

Min inligting beskikbaar

Voor die ondersoek het die navorser geoordeel dat daar min inligting oor die persepsies van die kleuters beskikbaar is, en dat daar min sekerheid is dat die persepsies wat veronderstel is, werklik bestaan. In die lig hiervan is die doel van die ondersoek:

3.2.2 Eksplorerend-beskrywend

In 'n eksplorerend-beskrywende ondersoek beoog die navorser om die kleuters se persepsies op die een of ander manier tot uiting te laat kom en om dit dan te beskryf. Uit die aard van die feit dat persepsies ook iets van die verhouding tussen die subjek en objek gee, sal daar ook vasgestel word of die kleuters in staat is om hierdie verhouding tussen hulleself en die res van die gemeente in kwaliteite van positief of negatief (aangenaam of onaangenaam) weer te gee.

Die eksplorasie-proses was eintlik reeds vóór hierdie ondersoek op dreef. Die gemeenteaanpassings oor die afgelope paar jaar (soos hierbo beskryf) het reeds begin om iets aan die gemeentekleuters te kommunikeer. Terselfdertyd het die aanpassings die ander (volwasse) gemeentelede se houding t.o.v. die kleuters begin ontbloot en beïnvloed. Hierdie navorsing word dus geplaas binne 'n reeks aksies wat reeds uitgevoer is.

3.3 Voorbereiding deur aksie-navorsing

Aksie-navorsing het ten doel om die effek te beskryf van bepaalde aksies wat uitgevoer word op persone of fenomene wat daardeur geraak word. Uitgaande van die teorie dat die eerste paar lewensjaar so belangrik is vir geloofsvorming, het die navorser as nuwe predikant in hierdie gemeente 'n bepaalde strategie gevolg (Vgl ook hierbo by 2.4.2.2). Hierdie strategie het 'n neerslag gevind in die algemene beplanning van die kerkraad en die implementering van vernuwende aksie.

3.3.1 Strategie

Die navorser se persoonlike strategie het op die volgende neergekom:

1. Luister na gemeentelede en kleuters se wense oor hulle betrokkenheid.

2. Raak betrokke by kleuterwerk en ruim tyd in vir opleiding van persone betrokke by kleuterwerk. Aanvanklik is besondere aandag gegee aan die aparte byeenkomste van kleiner kinders op Sondagoggende, waar die gebruikmaking van meer visuele hulpmiddels en 'n poppekas om die toepassing van die boodskap aan kleuters te verduidelik, ingevoer is. Die poppe bestaan uit 'n gesin: oupa, pa, ma, dogter en twee seuns wat intergeneratiwiteit op speelse manier beklemtoon.

3. Herstruktureer eredienspatrone saam met die beplanningskommissie, en begin met liturgiese eksperimente en ander boodskappe wat aan die kleuters kommunikeer dat hulle deel van die feesvierende gemeente is.

4. Gee aandag aan kleingroepbyeenkomste waar gesinne mekaar op 'n meer persoonlike vlak kan ondersteun en gemeenskap kan beoefen.

5. Beklemtoon middelgrootte groeperings met die oog op projekte en aksies na buite gerig.

In die laaste drie strategiese beklemtonings (4, 5 en 6) word sommige teoretiese uitgangspunte van die *Church Growth Movement* opgeneem soos uitgedruk in die formule: *celebration+congregation+cell* = *church* (Gibbs 1990:183). Die

erediens as tersiëre (feesvierende) groepering vorm die vertrekpunt. Daarna word beweeg na die primêre (koinoniale) groepering, en dan na die sekondêre (taak georiënteerde) groepering.

3.3.2 Aksies

Die konkrete aksies wat gevolg het, fokus dus op erediensaangeleenthede, kleingroepaangeleenthede en middelgroepaangeleenthede:

3.3.2.1 Eredienste as gesinsdienste

Die volgende konkrete aksie is geneem t.o.v. die feesvierende tersiëre groepsbyeenkoms om kleuters deel te maak van hierdie groepering:

3.1 kleiner kinders word betrek deur die sing van eenvoudige liedere,

3.2 hulle kry geleentheid om tydens die erediens te beweeg deurdat hulle iets voor in die kerk moet gaan haal/doen (onderbreek periodes van lank stilsit om aan te sluit by liggaamlike ontwikkeling),

3.3 spesiale preke met visuele hulpmiddels word gebruik om te kompenseer vir hulle gebrek aan leesvaardigheid in 'n Woord-georiënteerde gemeente, opgevolg deur evalueringsgesprekke om te peil wat die invloed van die preek op hulle was,

3.4 doelbewuste kontak met kleuters in teenwoordigheid van ander volwassenes byvoorbeeld 'n spesiale gesprek met kleuters tydens

huisbesoeke, fisiese aanraking by die kerkdeur, hurk by die kleuter om hom te groet en 'n paar woorde te wissel nadat die ouers gegroet is, in 'n doelbewuste poging om 'n rolmodel tot intergeneratiwiteit te wees,

3.5 aanmoediging van gesinne met klein kinders om voor in die kerk te sit, in plaas van heel agter waar die kleuters self nie kan sien nie, en waar hulle nie sigbaar teenwoordig is vir die gemeente nie,

3.6 hulle ontvang ook iets om te eet tydens een Nagmaalviering gedurende die jaar (nie die elemente van die nagmaal nie, maar iets anders wat hulle tog aan die Nagmaal herinner).

Hierdie aksie het o.a. die volgende negatiewe en positiewe kommentaar uitgelok. Dit is deur die loop van die jaar aangeteken:

Negatief:

☹ 'Daar is te veel drama. Skaal dit af. Gebruik net een deeltjie van 'n gesinsdiens vir die kleiner kinders.' - kerkraadslid aan leraar.

☹ 'Dit was alweer 'n konsert.' - lid van die koor aan ander koorlid!

☹ 'U het in een van u gebede gevra dat die Here moet help dat ons dit ook vir die kinders aangenaam sal maak in die erediens. 'n Erediens is nie daar om lekker te wees nie, maar om van die Here te leer. Ek gaan in die toekoms liewer na Moedergemeente as daar gesinsdienste is.' - laataandgesprek met toegewyde lidmaat wat gaan stap het en die navorser buite gekry het.

☹ 'Ek het iemand na kerk gebel en gesê hulle moet net hoor wat gaan nou in ons gemeente aan: ons steek nou kerse op net soos die Roomse.' - ouma aan leraar tydens huisbesoek.

☹ 'In die wyk wat ek bedien is daar mense wat liewer in die berg gaan stap as hulle sien dit is weer 'n gesinsdiens want hulle sê hulle kry nie iets vir hulle uit die gesinsdienste nie.' - teoloog/kerkraadslid aan navorser.

☹ '...die dag toe u vergeet het om te preek en net die verhaal uit die Bybel gelees het. Ek meen daar moet darem altyd iets soos 'n preek wees al is dit net in 'n paar sinne.' - senior lidmaat aan leraar n.a.v. 'n erediens waartydens die lydensgeskiedenis net stap vir stap gelees is met kommentaar soos in die vertel van 'n verhaal.

☹ 'Die kleintjies moenie weer voor in die kerk staan en sing nie - 'n mens kan hulle nie hoor nie.' Lidmaat met kinders wat koorlede is, aan navorser.

☹ 'Vyftien gesinsdienste per jaar is te veel. Is een per maand of kwartaal nie maar genoeg nie? (*Vakansies buite rekening gelaat, sou dit neerkom op ongeveer 8 uit die 52 Sondae teenoor die huidige 14 of 15)* - kerkraadslid/teoloog tydens kerkraadsvergadering.

☹ 'Moedergemeente het 'n baie beter stelsel. Die kleintjies word aan die begin van die diens na vore geroep en die dominee klim af van die preekstoel en

praat met hulle. Daarna word hulle uitgestuur en kan hy 'n goeie preek vir die grootmense gee.' - Lidmaat met groter kinders aan leraar.

Terselfdertyd is positiewe kommentaar ontvang:

☺ 'Hierdie gemeente gaan nog uit jou hand eet. Hou net aan.' - Afgetrede kleuterskool-onderwyseres aan navorser.

☺ 'Ek was baie skepties toe daar gevra is dat ons almal saam na die groot kerk toe moet kom. Ek en my vrou het gedink dit is beter as die kinders eenkant op hulle eie vlak benader word. Maar ons sien nou dit werk.' - Kerkraadslid met kleiner kinders.

☺ 'My kind kriewel so dat dit my aan die einde van die eredienste voel of my rok om my nek sit.' - Ma van kleuter aan vriendin. Later in gesprek met die navorser: 'Dit gaan nou baie beter, veral met die gesinsdienste en as hulle iets voor kan kom haal.'

☺ 'Ek kyk in die koerant wanneer jy preek. Dis wonderlik hoe ons ook alles verstaan as jy vir die kinders preek.' - Senior dame van bo-gemiddelde intelligensie!

☺ 'Ek het die teenwoordigheid van die Here aangevoel. Alles het so mooi by mekaar gepas. Die liedere vir verskillende ouderdomsgroepe het alles gevoel dit pas in, en die getuienisse...' - Ma van paar kleiner kinders, vrou van voltydse jeugleraar.

☺ 'Vandag was daar nou iets vir almal. Baie dankie.' - Leierdiaken aan leraar.

☺ 'Gaan daar weer iets wees by die kerk?' - Kleuter voor erediens.

In 'n meningspeiling wat tydens so 'n gesinsdiens gehou is nadat 7 gesinsdienste afgehandel is, het slegs 4% van die 225 volwassenes en 8,3% van die 144 groter kinders wat aan die peiling deelgeneem het, die gesinsdienste as 'uiters negatief', beoordeel. Hierteenoor het 24,9% van die volwassenes en 7% van die groter kinders die 'fantasties'-opsie gekies om die gesinsdienste te beskryf. Verder het 51,1% van die volwassenes en 49,3% van die groter kinders die volgende respons gekies: 'Die gesinsdienste is 'n groot verbetering in ons eredienspatroon.'

Kommentaar wat op sommige vorms ingeskryf is en wat ook van toepassing is op kleiner kinders, is die volgende:

☺ Elke diens is anders....soms meer geslaagd. Pasop vir te veel bykomstighede.

☺ Baie dankie vir vernuwing.

☺ ...blomme en kerse gee 'n besondere atmosfeer.

☺ Ai, ek is so opgewonde oor wat gedoen word...

☺ Enige aktiwiteit wat inpas by die tema is aanvaarbaar, mits dit stigtelik en ordelik plaasvind.

☺ Ons is drie - een horingoue ouma, een jong ma en een 10-jarige dogter - ...by elke gesinsdiens was daar vir elkeen iets om te leer en te beleef.

☺ Ons moet praat oor wat stigtelik is teen die agtergrond van veranderings in die samelewing, invloed van die oudio-visuele hulpmiddels en die sogenaamde Charismatiese kerke.

☹ Die praktiese uitvoering lyk meer na inleiding van volwassenes na kinderkerk as andersom.

☹ Die liturgiese ruimte leen hom nie vir dekorkonstruksies nie...

☹ Soms te dramaties - neem die egtheid weg.

☹ Ons moet daarteen waak om die gesinsdiens in 'n gemoedelike Christelike konsert te laat ontaard... een gesinsdiens per kwartaal is (voorlopig?) genoeg.

Die resultate van hierdie meningspeiling is aan elke besoekpunt teruggevoer, en kommentaar wat deur die evalueringsvorms ingewin is, is geëvalueer en waar moontlik toegepas.

3.3.2.2 Ondersteuningsgroepe

1. Aanvanklik is 'n aksie-plan in werking gestel om wyksbyeenkomste meer kindervriendelik te maak deur ouderlinge aan te moedig om tydens wyksbyeenkomste minder klem te laat val op intellektuele Bybelstudie, en

meer klem op groepsaktiwiteite soos saam sing, of vertellings/getuienisse. Verskillende groepe het in die skriftelike evaluerings net na wyksbyeenkomste gevra vir studiemateriaal wat meer Bybelstudie-pitkos (vir volwassenes!) bevat.

2. Nadat dit geblyk het dat wyksbyeenkomste klaarblyklik nie die geskikte plek is om aan kleiner kinders 'n ervaring te bied dat hulle kan deelneem en behoort aan die groep nie, is 'n eerste eksperimentele kleingroep gevorm saam met 'n paar gesinne wat ook kleiner kinders het en wat die behoefte daartoe uitgespreek het. (Vgl. By 2.4.2.2. hierbo). Hierdie kleingroepbyeenkoms is algou deur die kleuters die *Bybelstudie-partytjie* gedoop, en het 'n onmisbare item op die weeklikse agenda geword. Die groepslede wat daaraan behoort het, wóú daaraan behoort, het self verantwoordelikheid daarvoor aanvaar, en is daarop ingestel om dit so in te klee dat dit vir die hele gesin 'n aangename geestelike ervaring is.

3. Hierdie aksie is so positief ervaar, dat meer en meer gesinne wat daarvan gehoor het en in kontak was met ander gemeentes wat dergelike kleingroepe het, die behoefte uitgespreek het om sulke groepe te vorm. Dit het gelei tot die vorming van meer groepe wat deurgaans positief geëvalueer word deur betrokkenes en wat ook in die gesprekke met die kleuters bepaalde persepsies oor gemeentewees laat.

3.3.2.3 Kinderkrans

Alhoewel die kinderkrans nie uit gesinne bestaan nie, beskou die navorser dit as die sekondêre groepering waarby kleuters betrokke is en waar hulle gedurende 1996 (die navorsingsjaar) klein gesamentlike projekte onderneem het. Die kleuters het self positiewe terugvoering gegee deur gereeld te kom en baie aktief deel te neem aan die aktiwiteite en insamelings ten behoewe van die créche in Kayamandi. Ter illustrasie: Een moeder vertel dat sy soms 'n leuen vertel as die kleuter in die oggend vra of dit al Woensdag (Kinderkransdag) is, omdat die kleuter so opgewonde raak as sy wel erken dat dit Woensdag is, dat sy die aanhoudende gevra na die regte tyd nie kan verduur nie. 'n Ander moeder se kommentaar is: 'As die kinders nie vanjaar 'n sendingbelangstelling ontwikkel het nie, sal dit nooit gebeur nie.' (Kommentaar aangeteken na kontakgeleenthede met die kleuters van Kayamandi, en insamelings vir die kleuterskole in Makatini, en vir kinderevangelisasiewerk in Frankryk onderskeidelik.)

3.3.3 Evaluering

Bogenoemde aksie-stappe met evaluerings en terugvoering het noodwendig tot gevolg dat die gemeente begin saam dink oor die sukses van intergeneratiewe byeenkomste, en geleidelik daarín groei. Teen hierdie agtergrond is dit dan ook belangrik om daarop te let dat daar moontlik geleidelike verskuiwings kom in gemeentelede se houding t.o.v. kleuters. Al die stappe geneem volgens die

strategie het reeds bepaalde resultate gelewer. In 'n gemeenteopname (Oktober 1996) waarvolgens gemeenteaktiwiteite op 'n skaal van 1 tot 7 beoordeel word, kry die Gesinsdienste 'n gemiddeld van 5.25 (mediaan = 6), en die Kinderkrans 'n gemiddelde evaluering van 5.35 (mediaan = 6) soos beoordeel deur die 13% respondente wat wel kennis dra van die aktiwiteite van die Kinderkrans. Verder dui die semantografiek van assosiasies met die gemeente van Oktober 1996 aan dat die gemeente deur 25,61% van 485 respondente as meelewend (voel tuis/ons gemeente/ken mekaar, vriendelike plek) beskryf word teenoor 20,73% wat die gemeente met negatiewe begrippe soos styf/koud/onpersoonlik beskryf. Die navorser het ook by sommige lidmate 'n beeld gekry van 'kinderpredikant' (3,77% van response) met 'preke wat kinders ook kan verstaan' (6,09% van response), soos blyk uit 'n semantografiek van assosiasies met 'n erediens gelei deur die twee leraars in Oktober 1996. (Semantografieke aangeheg as Bylaag 3 en 4)

Hierdie informele aksienavorsing vorm die agtergrond vir die formele ondersoek van die probleem soos geformuleer in die probleemstelling:

Dui die persepsies wat die kleuters van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal oor die gemeente het daarop dat hulle hulleself positief met die gemeente verbind?

3.4 Konseptualisering van die probleemstelling

3.4.1 Kleuterpersepsies en verbintenis met die gemeente

Vanuit die probleemstelling word twee fokuspunte geïdentifiseer, nl

1 Kleuters se **persepsies** van die gemeente Stellenbosch-Sentraal,

2 Kleuter... hulleself **positief verbind** (behoort aan en neem saam deel) met die gemeente.

Skematies sou 'n mens dit as volg kon voorstel:



Twee verhoudings word hier blootgelê, nl

1. Die verhouding tussen die kleuters en die gemeente soos uitgedruk in terme van persepsies en verbintenis, en

2. die verhouding tussen die persepsies en die graad van die verbintenis.

Persepsies word hier in algemene sin gebruik soos reeds beredeneer by 2.3.2.3 hierbo. As sodanig omsluit persepsies algemene indrukke, konsepte/idees, en gevoelens wat die verhouding tussen die kleuter as subjek en die gemeenteligaam as objek beskryf.

Die verbintenis dui op enige aanduidings wat die kleuter gee dat hy aan die gemeente behoort (*belong*), of dat hy aan gemeente-aktiwiteite deelneem *(participate)*. In 'n tekening sou die kleuter homself dus op 'n manier van positiewe verbinding saam met ander gemeentelede teken, of deur na prente oor die gemeente te kyk, kan hy 'n aanduiding gee of hy homself tuis sal vind tussen, of vereenselwig met, die mense en aksies op die prente.

Die kleuters se persepsies word egter nie in 'n vakuum gevorm nie, maar wel binne die kommunikasiesfeer wat die gemeente skep. In die ondersoek word daar dus ook gekyk na die gemeentehouding.

3.4.2 Gemeentehouding

Die gemeentehouding vorm hierdie sfeer, ruimte, of die agtergrond waarteen die persepsies gevorm word. Bogenoemde visuele voorstelling word dus aangevul met hierdie dimensie.



Die gemeentehouding sluit elemente van die volgende in:

- maniere waarop daar oor die kleuters as gemeentelede gedink word,
- uitingsvorme van individuele gemeentelede teenoor kleuters,
- atmosfeerskepping ('grond'-ervaring) by byeenkomste wat die boodskap dra dat kleuters deel van die gemeente is,
- gebruikmaking van verbale ('figuur'-verwante, diskursiewe simboliek) kommunikasie wat binne die begripsvermoë van die kleuter is,
- en gebruikmaking van kommunikasie deur representatiewe simboliek wat inspeel op die ervaringswêreld van die kleuter.

Aangesien hierdie navorsing nie daarop ingestel is om te toets nie, maar eerder om te beskryf, hou die navorser bogenoemde konseptuele analises in gedagte met die verwagting dat daar meer konstrukte van die konsepte na vore kan tree.

Om hierdie saak te ondersoek, is dit nodig dat instrumente of weë gevind moet word om die kleuters se persepsies oor die gemeente en hulle verbintenis aan die gemeente, asook die gemeentehouding, waar te neem en te beskryf. Daarom word daar nou gelet op die manier waarop daar tot handeling oorgegaan word (operasionalisering).

3.5 Operasionalisering

Normaalweg dui operasionalisering op die ontwerp van meetinstrumente om 'n greep te kry op die betrokke domeinverskynsels (Mouton & Marais 1988:64). Kwalitatiewe navorsing soek egter na 'n *insider-perspective* vóórdat daar tot ordening van die data en konsepte oorgegaan word om 'n moontlike teorie of model te konstrueer (Mouton & Marais 1988:70). Die belangrikste taak van die navorser wat so 'n *insider-perspective* van kleuters wil kry, is om situasies te identifiseer of te skep waartydens die kleuters hulle persepsies oor die gemeenteliggaam kan openbaar. Dit het gelei tot voorlopige eksperimentering.

3.5.1 Voorlopige eksperimente

'n Paar voorlopige eksperimente is gedoen om te bepaal watter praktiese weë gevolg kan word om kleuterpersepsies oor die gemeenteliggaam waar te neem:

1. Tydens 'n gewone erediens het die navorser langs 'n kleuter ingeskuif, aangeteken wat hy waarneem en na die diens 'n gesprek met die kleuter gevoer (Bylaag 5). Omdat die navorser meestal tydens gesinsdienste self as predikant aan die woord is, sou hy dus van ander waarnemers gebruik moes maak. Verder is die erediens maar net een van die fasette van gemeentewees en dit alleen sou 'n beperkte resultate lewer. Die navorser het egter ontdek dat 'n gewone gesprek met die kleuter moontlikhede bied, omdat kleuters so eerlik is.

2. In 'n gewone huissituasie waar twee kleuters gespeel het, het die navorser gevra of hulle 'n speletjie saam met hom sal speel. Volgens hierdie speletjie sit die deelnemers in 'n kring. Die eerste deelnemer noem 'n woord. Elke deelnemer volg dan met 'n woord wat pas by die woord wat sy voorganger genoem het. Die sirkel het dus bestaan uit die navorser en twee kleuters. Die navorser het elke keer wanneer dit sy beurt is probeer om 'n gemeenteverwante begrip te noem om te kyk watter ander begrippe die kleuters hierna noem. So is die moontlikheid ondersoek om bloot deur 'n speletjie van opeenvolgende assosiasies persepsies van die kleuters te bekom. Die navorser kon egter nie veel wys word oor die verhouding tussen kleuter en gemeenteliggaam nie en beskou die speletjies as onvoldoende om kleuterpersepsies te peil. (Vgl. Bylaag 6).

3. 'n Derde poging is aangewend deur 'n opdrag aan twee kleuters te gee om na twee prente te kyk en dan 'n storie daaroor te maak. Hulle is alleen gelaat met die prente en 'n bandopnemer. Binne enkele minute was hulle klaar met hulle 'storie' wat bestaan het uit enkele sinne en baie gegiggel. Sonder aktiewe betrokkenheid van 'n navorser, lyk dit ook of dit baie moeilik sal wees om data oor kleuterpersepsies te versamel. (Vgl. Bylaag 7)

Die navorser het dus besluit om sekere metodes, instrumente en prosesse te ontwerp wat die kleuters doelbewus sal stimuleer om hulle persepsies oor die gemeente en verbintenis aan die gemeente weer te gee. In hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van meervoudige kruisvalidasie (triangulering).

Om die houding van die gemeente te beskryf, is 'n vraelys ontwerp.

Vervolgens word daar nou gekyk hoe hierdie instrumente ontwerp is.

3.5.2 Kleuterpersepsies en Triangulering (meervoudige kruisvalidasie)

Triangulering word as metafoor vir meervoudige kruisvalidasie gebruik. Die trianguleringsmetafoor wat algemeen gebruik word in sosiologiese ondersoeke[18], het waarskynlik sy oorsprong in navigasie en militêre strategie. Hiervolgens word verskillende verwysingspunte gebruik om 'n objek se presiese posisie te bepaal. In wetenskaplike navorsing word 'n dergelike tegniek gebruik wanneer 'n bepaalde domein ondersoek word. Deur dieselfde saak vanuit verskillende hoeke te bekyk, kan die verskillende perspektiewe wat op die saak verkry word, meehelp om 'n meer presiese beskrywing van die saak te gee. Alhoewel die term aanvanklik na 'drie' (*tri-*) verwys, het dit met verloop van tyd bloot beskrywend geword vir 'meer as een'. Triangulering kan op verskillende wyses plaasvind, byvoorbeeld data-triangulering (insluitend analiserings-triangulering), waarnemertriangulering, teorie-triangulering en metodologiese

---

[18] 'The strategy of combining approaches to investigation is known by a variety of terms: **Combined operations**... **Mixed strategies**... **Triangulation** is the most frequently used term, which has been identified by Norman Denzin to highlight the use of different methods, investigators, data and theories within a study. (Burgess 1993:104)

triangulering (Denzin 1970a:472). Daar is besluit om die kleuterpersepsies en hulle verbintenis met die gemeente vanuit meer as een hoek te meet. Watter metingsmoontlikhede is daar?

Daar kan onderskei word tussen verskillende soorte van meting, nl observasie, self-rapportering, en projektiewe metodes (Klepsch & Logie 1982:8).

> 'Since no one technique can adequately assess a child's personality, perceptions, values and attitudes, a multiple-measures approach should always be used.... Drawings should be supplemented with information from another projective measure, from observation, from an interview or from an objective type of test.' (Klepsch & Logie 1982:11)

Die gevolgtrekking waartoe Klepsch & Logie kom nadat verskillende toetse gebruik is, is o.a. dat verbale en sogenaamde objektiewe toetse dikwels informasie gee van wat 'n kind graag wil wees, of van wat hy wil hê iemand moet van hom dink. Observasie neem baie tyd in beslag en probleme word ondervind om die regte omstandighede en situasies te vind. Self-rapportering kan weer moeilik gekontroleer of verkeerd bewys word, en kan moontlik ook elemente bevat waarin die getoetste persoon probeer beïndruk.

Hierteenoor voer Klepsch & Logie aan: 'By contrast, the information we get from drawings and other projective tests tells us *the way a person really is.* Of all the projective techniques, drawing dig the deepest into the person, even deeper

than well-known tests such as Rorscharch and the Thematic Apperception Test (TAT).' (Klepsch & Logie 1982:11).

Omdat 'n mens nie afleidings kan maak oor een tekening alleen nie, word daar gesoek na aanvullende data. Die volgende drie metodes (triangulering) is dus gebruik:

- Teken en vertel (projektiewe metode)
- Foto's/prente (projektiewe metode)
- Gesprek (self-rapportering)

Die navorser gebruik deelnemende observasie dus vir voortdurende self-oriëntering om die kleuters te begryp, sonder om dit eksplisiet te verwoord en as data te gebruik. Uitgaande van die tekeninge as basiese metingsinstrument is daar verder gebruik gemaak van waarnemertriangulering deurdat meer as een onafhanklike interpreteerder gebruik is om die kleuterpersepsies vanuit die tekeninge te beskryf.

3.5.2.1 Kindertekeninge: Refleksie en tekenopdrag

Klepsch & Logie (1982:5) voer aan dat kuns 'pictorial language' is wat sy plek inneem tussen ander taalvorme soos die geskrewe en gesproke woord. Ons kommunikeer nie net met woorde nie, maar met gebare (bewustelike en onbewustelik), die maniere waarop ons sit, staan, loop, die styl waarop ons dans of waarmee ons skryf (handskrif), met choreografie, musiek, kuns, ens. 'Whether

the subject wills it or not, the self is projected into each of these activities...' (Klepsch & Logie 1982:5) In die kinderjare spreek tekeninge luider as woorde. Vanuit hierdie vertrekpunt beskryf hulle dan hoe om tekeninge te gebruik as 'n manier om die volgende op een of ander manier te meet: persoonlikheid, die self in verhouding tot ander, groepswaardes, en die houding (*attitude*) teenoor iets. Tekeninge is nie die enigste manier om insig te verkry in 'n kind se denke en houding nie, maar slegs een van die projektiewe metodes naas ander soos sin-voltooiing, assosiasie toetse en spel-interpretasie.

Wales (Grieve & Hughes 1990:140) voer aan dat sommige persone eerder verkies om kinders se tekening met rus te laat omdat dit 'magical en mysterious' is. Maar die volgende insigte verkry uit waarneming van kindertekeninge laat 'n mens tog probeer om deur tekeninge te verstaan hoe die kind dink:

- Kindertekeninge verander volgens 'n redelik algemene, selfs voorspelbare patroon soos wat die kind ontwikkel.

- Verder is dit redelik algemeen dat verskillende tekeninge van dieselfde kind op 'n sekere stadium van ontwikkeling met mekaar ooreenstem (Grieve & Hughes 1990:140).

- Die tekening wat 'n kind lewer is 'n produk wat elemente van sy kognitiewe, persoonlike en kulturele samestelling op een of ander manier reflekteer.

Klepsch & Logie (1982:12-14) gaan van die veronderstelling uit dat tekeninge van mense (*human figure drawings* = *HFDs*) besondere informasie gee om die

volgende dinge te meet: persoonlikheid, groepswaardes, die verhouding van die self teenoor ander, en houdings teenoor sekere persone. Vir die doel van hierdie ondersoek is veral die laaste twee kategorieë belangrik: Die navorser is o.a. geïnteresseerd daarin om te weet hoe die kleuter se verhouding teenoor die ander gemeentelede is, en hoe sy houding teenoor die gemeenteliggaam as geheel is.

Omdat tekeninge oor die gemeente die kind binne 'n sosiale groep plaas, is dit ook goed om te let op die onderskeiding wat gemaak word tussen kinetiese en akinetiese tekeninge wanneer kinders groepe teken:

Aanvanklik is **akinetiese tekeninge** gebruik met 'n eenvoudige opdrag soos: 'Teken jou gesin', of 'Teken 'n klaskamer met mense daarin.' Dit sou ook kon wees 'Teken die kerk op 'n Sondagoggend as die mense binne is.' Akinetiese opdragte is nie baie spesifiek nie en laat aan kinders die moontlikheid om enige soort tekening te maak. So 'n tekening kan hulleself insluit of nie. Aan fantasie en verbeelding word vrye teuels gegee.

Kinetiese tekeninge verskil van akinetiese tekeninge daarin dat die opdrag bepaal dat elke persoon in die tekening iets moet doen, en dat die tekenaar homself in die tekening moet insluit. (Vgl illustrasies deur Burns & Kaufman 1971:19-29) In so 'n tekening kan die kind se persepsie van homself in verhouding tot ander makliker onderskei word. 'n Voorbeeld van 'n kinetiese

opdrag is die volgende (Prout en Phillips 1974 soos aangehaal deur Klepsch & Logie 1982:86):

> ' "I'd like you to draw a school picture. Put youself, your teacher and a friend or two in the picture. Make everyone doing something. Try to draw whole people and make the best drawing you can. Remember, draw yourself, your teacher, and a friend or two, and make everyone doing something." '

N.a.v. hierdie voorbeeld, is die volgende tekenopdrag geformuleer.

Teken vir my enige prent van die kerk se mense/gemeente/mense wat aan die kerk behoort. Jyself moet ook in die prent wees. Laat elkeen iets doen. Teken enige-iets wat hulle doen - of dit nou op 'n Sondag is of op enige ander dag. Onthou, elkeen moet iets doen.

In hierdie opdrag is 'n paar doelbewuste woordkeuses:

1. Sinonieme kan gebruik word om die gemeente te omskryf, maar daar word doelbewus nie gepraat van **jou** gemeente nie, omdat dit by voorbaat 'n aanduiding kon gee van 'n positiewe verhouding.

2. Daar word verwys na 'Sondag of ander dae' om te bepaal of die kleuter aan ander fasette van gemeentewees naas die eredienste dink as hy aan die gemeente dink.

3. Die kinetiese aspek is belangrik - die mense moet iets doen.

Die kleuters moet die opdrag in 'n groepsituasie doen - verkieslik saam met kinders wat nie deel van die toetsgroep is nie en verkieslik nie by 'n gemeentebyeenkoms nie. Die gewone kleuterskool of skool word as meer geskikte ruimte gekies. Die kinders moet wyd uit mekaar gesprei sit om beïnvloeding te beperk.

Saam met die opdrag is besluit om die tekeninge op A4-grootte papier te doen en om 'n verskeidenheid kleurkryte of sagtepuntpenne te voorsien.

Nadat die plasing in die lokaal gedoen is, word die tekenopdrag gegee en herhaal. Sinonieme soos aangedui kan gebruik word vir 'gemeente' sonder om dit so te beskryf dat die kleuters daarmee gestimuleer word om aan bepaalde aktiwiteite van die gemeente te dink. Indien 'n kind nog iets oor die onderwerp vra, word die oorspronklike opdrag stadig herhaal, of 'n nie-direktiewe opmerking gemaak. Na die tyd kan daar gesprek wees oor die tekening aan die hand van die volgende vrae:

- Wie is dit (elke persoon op die tekening)?
- Wat doen elkeen?
- Wat gebeur hier?

Die navorser besluit om gebruik te maak van die kleuters se onderwysers om die opdragte te gee in 'n klassituasie. Die doel van die projek moet vooraf in detail met hulle bespreek word.

Nadat hierdie tekenprojek afgehandel is en 'n geruime tyd verloop het (meer as 'n maand) om die effek van oordrag van een situasie na 'n volgende te beperk, word 'n aanvullende projek geloods om data te versamel. Die tekeninge is 'n redelike oop opdrag waarbinne die kleuter vrygelaat word om feitlik enige situasie te verbeeld. Dit word nou opgevolg met 'n projek waarin die kleuters meer doelbewus gestimuleer word deur beeldmateriaal (prente) wat aan hulle voorgehou word. Hulle kan hierdie prente beskryf en 'n aanduiding gee van moontlike verhoudings tot of vereenselwiging met die persone op die prente. Dit lei tot die ontwerp van die tweede metingsinstrument.

3.5.2.2 Prente-meetinstrument

'n Baie groot getal lyntekeninge, gekleurde en swart-en-wit foto-afdrukke in kerklike en nie-kerklike publikasies is vir hierdie instrument oorweeg. Die volgende besluite is geneem:

1. Verkieslik moet die prente foto-afdrukke wees om dit so na as moontlik aan die werklikheid te hou.

2. Die persone op die prente moet onbekend wees, sodat kleuters kan konsentreer op die soort situasie en houdings van die persone eerder as op

enkele indiwidue wat hy dalk ken. Geen foto's van die plaaslike gemeente is dus gebruik nie.

3. 'n Maksimum van 20 prente moet gebruik word. [19] (Daar is in die finale vorm 18 prente gebruik).

4. Die prente moet 'n wye verskeidenheid assosiasies bied: verskillende kerklike ampte of persone, verskillende groep-groottes, verskillende ruimtes van ontmoeting, verskillende dekor-items wat as representatiewe simbole dien, verskillende houdings, verskillende geslagte en moontlik rasse, verskillende aksies (Bylaag 10.1).

Die verskillende prente moet ook op so 'n manier gebruik word dat die een prent nie as deel van die vorige, of 'n vervolg op die vorige geïnterpreteer word nie.

Die volgende strategie word gebruik:

1. Die prente is almal in een lêer geplaas. Prent A is as neutrale inleidende prent wat 'n aangename emosie verbeeld, gekies. Prent R is doelbewus saamgestel om as laaste prent in die reeks te gebruik.

---

[19] In 'n toetslopie by 'n kleuterskool is kleuters van buite die toetsgroep gebruik om te kyk of hulle aandagspan lank genoeg sou wees om soveel prente te evalueer.

2. Die instrument word as 'n gespreksdokument gebruik in 'n situasie waar die navorser en kleuter alleen is. Die lêer met prente word tussen die kleuter en die navorser geplaas, sodat die prente vir die kleuter reg vertoon.

3. Die hele gesprek word op kassetband opgeneem.

4. Die inleidende prent word oopgemaak en die navorser verduidelik:

'Ons gaan nou na 'n aantal prente kyk. As 'n mens na 'n prent kyk, kan jy dink: *Dit sou vir my lekker gewees het om ook daar te wees.* Soms dink 'n mens dit sal nie so lekker wees nie, maar dit sal goed wees as ek daar is. Soms dink 'n mens weer: *Ek wil tog glad nie daar by die mense van die prent gewees het nie.* Kyk goed na elke prent en sê vir my of dit vir jou lekker of goed sou wees om by die mense van die prent te wees.

5. Die prente word nou een na die ander deurgeblaai terwyl 'n informele gesprek gevoer word - elke keer aan die hand van die vraag of die kleuter by die mense van die prent teenwoordig wou wees. Indien die navorser meen die kleuter verstaan nie dadelik wat op die prent gebeur nie, kan daar 'n gesprek gevoer word n.a.v. die vraag: Wat gebeur hier?, voordat bogenoemde vraag herhaal word.

6. Voordat prent N tot Q gewys word, moet die volgende aanvullende verduideliking gegee word:

Ons gaan nou na 'n paar kinders kyk. Miskien het jy ook al soos hulle gevoel. Wil jy naby hierdie kind wees?

7. By prent R word die volgende verduideliking gegee:

Hierdie kind dink aan sy gemeente. Baie gemeentemense was vandag saam in die kerk. Party was in ander kerke by hulle gemeentes. Ná kerk gaan al die mense weer uit die gebou totdat hulle weer so bymekaar kom. Hulle gaan doen verskillende dinge. Sommige dinge word op Sondae gedoen, en ander dinge op ander dae. Ons gaan nou weer na al die prente kyk. Watter van hierdie prente laat jou aan die gemeente of gemeentemense dink?

8. Hierna word die prente weer van agter af deurgeblaai en 'n informele gesprek volg om te bepaal of die kleuter die mense van die prent binne hulle bepaalde konteks as deel van die gemeente sien.

9. Die kleuters se response word na die tyd beoordeel aan die hand van twee kriteria:

- Assosieer die kleuter homself positief met die mense van die prent?
- Assosieer die kleuter die mense van die prent met die gemeente?

Hierdie prente-beoordeling vorm dus die tweede invalshoek op die domeinverskynsel. Die volgende (derde) metodiek om die persepsies van die kleuters van die gemeente te ontbloot, is gebruikmaking van 'n onderhoud. Dit

kan net ná bogenoemde prente-evaluering geskied, of selfs as deel daarvan mits die navorser eers die response van die kleuter gekry het oor 'n bepaalde prent.

3.5.2.3 Gesprek/onderhoud

In die onderhoud kan enige direkte of oop vrae gestel word. Uit hierdie vrae kan die navorser konkrete afleidings maak oor die kleuter se betrokkenheid by gemeente-aktiwiteite. Die navorser kan byvoorbeeld vra watter dinge die kleuter en sy gesin doen wat wys dat hulle deel van die gemeente is. Uit die manier waarop die kleuter antwoord, kan afleidings gemaak word oor die ingesteldheid van die kleuter teenoor hierdie byeenkomste. Hierdie gesprekke word ook met 'n bandopnemer opgeneem, later in verbatimvorm op skrif gestel en geëvalueer.

❋

Die tekeninge, prente en gesprek vorm dus aanvullende instrumente om die persepsies van die kleuters te bepaal.

Die ontwerp van 'n meetinstrument om die gemeentehouding te bepaal, word vervolgens bespreek.

3.5.3 Gemeentehouding en vraelyste

Naas deelnemende waarneming om die houding van die kerkraad, indiwiduele lidmate en gesinne te beskryf, is daar ook besluit om 'n steekproef te doen om die houding van lidmate te bepaal t.o.v.

- kleuterdeelname in die erediens en

- kleuterdeelname aan ander gemeente-aktiwiteite.

Daar is ook besluit om sekere standpunte wat verband hou met die vraag of kleuters ervaar dat hulle aan die gemeente behoort (*belong)*, soos wat reeds uit deelnemende waarneming geblyk het, in die steekproef aan evaluering te onderwerp.

'n Vorm is dus ontwerp wat aan die volgende vereistes moes voldoen:

1. Dit moet aan teologiese navorsing verbind word, en nie aan die persoon van die navorser en sy betrokkenheid in die gemeente nie.

2. Basiese biografiese besonderhede en gemeentebetrokkenheid moet verklaar word, sonder dat die anonimiteit van die respondent in gedrang kom.

3. Gemeentelede se persoonlike houding t.o.v. **konkrete deelname-items in 'n erediens** soos die sing van kleuterliedere, en hantering van simbole deur kleuters in die erediens moet getoets word.

4. Gemeentelede se persoonlike houding t.o.v. kleuters **se deelname aan ander gemeente-aktiwiteite** moet getoets word.

5. Gemeentelede moet geleentheid kry om aan te dui of hulle meen hulle persoonlike mening soos by 3 en 4 hierbo gevra, is ook die mening van hulle vriendekring. D.w.s. hulle moet geleentheid kry om ook uitdrukking daaraan te

gee of hulle 'namens' ander ook praat, en of hulle standpunt net 'n eie persoonlike standpunt is.

6. Gemeentelede moet geleentheid kry om te sê of hulle saamstem met sekere geformuleerde standpunte oor kleuters se deelwees van die gemeenteliggaam.

('n Voorbeeld van die vorm wat gebruik is, en 'n opsomming van die inhoud van die vorms terugontvang, verskyn in Bylaag 8)

'n Rekenaarlys van lidmate met hulle geboortejaar as indeks en met onderskeiding van geslagte (manlik/vroulik) is gebruik om 'n verteenwoordigende steekproef te kry. Een vorm is aan elke tiende manlike en aan elke tiende vroulike lidmaat gepos met 'n gefrankeerde koevert ingesluit sodat die response teruggepos kon word aan die Departement Diakoniologie van die Kweekskool.

❋

Met die ontwerp van bogenoemde meetinstrumente, is daar nou oorgegaan tot dataversameling. Hiervan word in die volgende hoofstuk verslag gedoen.

3.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op teoretiese uitgangspunte vir geldige navorsing. Hierdie teoretiese uitgangspunte het die agtergrond gevorm om die proses van praktiese navorsing te stuur tot by die punt van dataversameling.

Die **aard van die navorsing** is beskryf aan die hand van drie oorkoepelende begrippe: **Teologies/empiries, post-positivisties en kwalitatief**. In afsonderlike perikope is die geldigheid van empiriese navorsing binne die praktiese teologie beredeneer, post-positivistiese navorsing afgegrens van die navorsing van die positivisme, en die meriete van kwalitatiewe navorsing beredeneer.

As kwalitatiewe navorsing is 'n **eksplorerend-beskrywende doel** gestel, eerder as 'n eksplorend-verklarende, toetsend-verklarend of toetsend-beskrywende doel. Hiermee is hipotesestelling en toetsing van die hand gewys, met die moontlikheid dat die navorsing **hipotese-genererend** kan wees.

Die konkrete navorsing wat in hierdie skripsie beskryf word, is egter nie los te maak van 'n reeks **aksies en evaluerings wat reeds** gedurende die afgelope paar jaar in die gemeente **gedoen is** nie. 'n Kort beskrywing van die strategie en aksies wat gevolg is (en wat die agtergrond vir hierdie studie vorm), is dus as deel van die 'eksplorerend-beskrywende' doel van hierdie ondersoek ingesluit. Dit is juis hierdie aksies en evaluerings wat nogeens die **probleemstelling** geaksentueer het.

In 'n volgende deel is die probleemstelling aanvanklik gereduseer tot twee oorkoepelende konsepte, nl **kleuterpersepsies** ten opsigte van die gemeenteliggaam, en **kleuterverbintenis** met die gemeenteliggaam. Die persepsies wat die kleuters van die gemeente het, bepaal waarskynlik ook die

graad van innerlike verbintenis met die gemeente. Aangesien die **gemeentehouding** die sfeer is waarbinne die kleuterpersepsies en kleuterverbintenis (d.w.s. die verhouding tussen kleuters en gemeente) ontwikkel, is dit bygevoeg as 'n derde konsep. Om hierdie konsepte bloot te lê sodat dit beskryf kan word, is 'n proses van eksplorasie gevolg. Dit het gelei tot voorlopige eksperimentering, opgevolg deur die ontwerp van meetinstrumente vir 'n meer gestruktureerde metode van ondersoek (operasionalisering).

Met die oog op hierdie meer gestruktureerde ondersoek, is 'n metode van **triangulering** in die vooruitsig gestel om die kleuterpersepsies en kleuterhouding te beskryf. Hiervolgens word die domein van ondersoek vanuit meer as een kant ontbloot, bekyk en beskryf. Vanuit hierdie teorie word die volgende metodes as invalshoeke geneem: **kleutertekeninge** en die interpretasie van die tekeninge, **prentebeoordeling** deur kleuters en **gesprekke** tussen kleuters en die navorser.

Parallel met hierdie ontwerp van metodes om die verhouding tussen die kleuters en die gemeenteliggaam vanuit die perspektief van die kleuters, te ondersoek en te beskryf, is 'n **meetinstrument (vraelys) ontwerp** om die **gemeentehouding** by wyse van 'n steekproef te evalueer. So 'n steekproef-meting is aanvullend tot deelnemende waarneming deur die navorser by gemeentebyeenkomste kerkraads- en kommissievergaderings waar besluite geneem word en huisbesoeke.

Hiermee is die navorsingsmetode vanuit die teorie ontwikkel en beskryf en kan daar nou oorgegaan word tot dataversameling en ordening.

4. Dataversameling en data-analise

In hierdie hoofstuk word eers beskryf hoe die ontledingseenhede/-groep binne die domein van ondersoek geïdentifiseer is. Daarna word die konkrete maniere van data-versameling kortliks beskryf en die resultate wat dit opgelewer het, georden, beskryf en saamgevat.

4.1.1 Ontledingseenhede

4.1.1.1 Die gemeente

Die gemeente-houding is ondersoek deur vraelyste te laat invul deur lidmate bo 12 jaar ('n ewekansige steekproef - vgl. 3.5.3 hierbo en Bylaag 8). Negentig vraelyste is uitgestuur en 36 terug ontvang (40% van uitgestuurde vorms, 4% van die gemeente bo 12 jaar oud).

4.1.1.2 Kleuters

Omdat daar so min kleuters in hierdie gemeente is, is besluit om alle kinders binne 'n sekere ouderdomsgroep waarvan die ouers enigsins by die gemeente inskakel, te betrek by die ondersoek. 'n Kleutergroep en die Graad 1-groep (wat in die vorige jaar kleuters was en by wie die resultate van die vorige jaar ondersoek kan word) is as groep vir waarneming (ontledingseenheid) geselekteer. Die gemeentelike databasis dui aan dat daar slegs 13 kinders is wat tussen 01.01.1989 en 31.12.1990 gebore is. Een kind wat reeds in 1988 gebore is, maar wat nog in Graad 1 is, is ook bygevoeg.

Tabel 7:Geselekteerde kinders met kodeletters

	Kode, geboortejaar, skoolst., geslag	Skool
1	**A**, 1989, Gr I, seun	Laerskool Stellenbosch
2	**B**,1990, Pre-prim	Laerskool Stellenbosch
3	**C**, 1990, Pre-prim, seun	Kleuterbosch
4	**D**, 1990, Pre-prim, seun	Kamalielieland
5	**E** 1988, Gr 1, seun	Laerskool Stellenbosch
6	**H**, 1989, Gr I, seun	Laerskool Stellenbosch
7	**J**, 1989, Gr I, seun	Laerskool Stellenbosch
8	**K**, 1990, Pre-prim, seun	Laerskool Stellenbosch
9	**L**, 1989, Gr I, dogter	Laerskool Stellenbosch
10	**M**, 1989, Gr I, dogter	Laerskool Stellenbosch
11	**P**, 1990, Pre-prim, seun	Laerskool Stellenbosch
12	**S**, 1990, Gr I, dogter	Laerskool Stellenbosch
13	**R**, 1989, Gr 1, dogter	Laerskool Stellenbosch
14	**V**, 1990, Pre-prim, seun	Laerskool Stellenbosch

❋

Naas die gemeentehouding en kleuterpersepsies is daar een ander vlak van waarneming wat beskryf word, nl elke kleuter se betrokkenheid by gemeenteaktiwiteite. Hierdie betrokkenheid weerspieël die frekwensie van blootstelling aan die gemeentehouding en is nie dieselfde as die kleuter se verbintenis met die gemeente nie. Gemeenteverbintenis beskryf meer die innerlike gevoel van vereenselwiging, terwyl gemeentebetrokkenheid die frekwensie van geleenthede van betrokkenheid bedoel. Gewoonlik is die ouers verantoordelik vir die frekwensie van betrokkenheid.

In die skema hieronder word die logiese struktuur van die res van hierdie hoofstuk uiteengesit. 'n Beskrywing van buite na binne word gevolg:

Gemeentehouding ➔ Gemeentebetrokkenheid ➔ Kleuterpersepsies en verbintenis.

Die logiese struktuur van die res van hierdie hoofstuk:



Die gemeentehouding as algemene sfeer waarbinne die kleuter se persepsies gevorm word, word eers geanaliseer en beskryf. Daarna word elke kleuter se gemeentebetrokkenheid beskryf. Dit word opgevolg met 'n beskrywing van die kleuter se persepsies oor die gemeenteliggaam en sy verbintenis met die gemeente. Hierdie beskrywing word verkry uit elke kleuter se tekening, prentebeoordelings en die gesprekke met hom gevoer.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevattende beskrywing waarin sekere algemene tendense aangetoon word.

4.2 Gemeentehouding

Alhoewel die gemeentehouding deurlopend op alle moontlike vlakke deur deelnemende waarneming geëvalueer behoort te word, bied die konkrete voltooide vraelyste (Voorbeeld as Bylaag 8 aangeheg) 'n bepaalde perspektief wat die deelnemende waarneming aanvul. 'n Grondliggende vraag is Wie het almal vraelyste voltooi? In die tabel hieronder word die ouderdomsverspreiding van die gemeente gegee, met daaronder die verspreiding van die response terugontvang uitgedruk as persentasie van die totaal.

Tabel 8: Persentasie vorms terugontvang

Ouderdom	11-20 jr	21-30 jr	31-40 jr	41-50 jr	51-60 jr	61-70 jr	71-100 jr
% Gemeentelede	18.9	5.9	8.2	17.9	23.8	15	10.2
% van Vorms terug	5.6	5.6	11.1	22.2	27.7	19.4	8.3

Kinders: Sestien (16) respondente het nog kinders in die huis, alhoewel 5 van hierdie respondente se kinders reeds 18 jaar of ouer is. Drie (3) van die respondente het tans kleuterkinders in die huis.

Kontak met kleuters: Drie (3) respondente het daagliks kontak met kleuters, 6 het weekliks kontak met kleuters, 15 het nou en dan kontak met kleuters, terwyl 12 feitlik nooit kontak met kleuters het nie.

Meelewing in gemeente: Vier en dertig respondente woon gereeld die oggend-eredienste by, een nooit, en een selde. Ses respondente woon gereeld aanddienste by, 18 selde en 8(+4 wat nie hierdie item voltooi het nie) nooit. Drie (3) respondente is op gereelde basis betrokke by die kategese, en twee (2) by die jeugaksies van die gemeente. Vyftien (15) is op gereelde basis betrokke by Bybelstudiegroepe. Uit die agt moontlike kategorieë om gemeentebetrokkenheid te meet, is 13 respondente op gereelde basis betrokke by 4 of 5 (uit die agt) moontlikhede, 11 by twee of drie kategorieë, 8 slegs by die oggend-erediens, 1 slegs by wyksbyeenkomste, en twee by geen een van die kategorieë nie.

Die algemene profiel van die respondente is redelik verteenwoordigend van die gemeente, met uitsondering van die geslagsamestelling van die groep. Hierdie groep het as volg kommentaar gelewer oor kleuters se deelwees van die gemeente (Raadpleeg Afdeling 3 van die vraelys aangeheg as Bylaag 8):

4.2.1.1 Kommentaar op stellings deur ander gemeentelede

Kommentaar by 3.1- Kleuters moet liewe apart bedien word...:

Daar is sewe persone wat sonder kommentaar saamstem met die stelling en twee persone wat nie saamstem nie. Die ander menings word hieronder kripties getabuleer.

Tabel 9: Kommentaar oor aparte bediening vir kleuters

j	Alhoewel aanwins, meeste male steurend in eredienste
j	Bediening aan kleuter is anders gerig
j	Beslis steurend vir my, erediens met diepte bo hulle vuurmaakplek, onregverdig verwag moet stil wees
j	Hang af van ouderdom, en of hulle kan stilsit
j	Kan beter bereik word - eie taal en vlak
j	Kinders verskil; sommige vroeg gereed, ander nie
j	Konsentrasiespan is kort. Self groot geword as kinders in Lutherse kerk
j	Ook gereeld saam met volwassense
j	Ouderdomsverskil is 'n groot probleem
j	Stem nie met laaste deel v mening saam nie
j	Toegelaat word om eredienste by te woon by gepaste geleenthede soos kinderdienste
j	Vroetelende kinders = steurend
n	...dienste kan voorsiening maak vir kleuters.

n	Besware kan omseil word
n	Deel van erediens aan kleuter gewy, fisiese deelname...sal hulle verstaan?...Mooiste preke wat ek onthou was kinderpreke
n	Hulle is tog deel van die gemeenskap van gelowiges
n	Laat die lammertjies na my toe kom...
n	Moet gemeenskap van gelowiges ervaar
n	Nie noodwendig elke Sondag, wel gesinsdienste
n	Onontbeerlike geleentheid vir ouers en kinders - kerk se Hoof ernstig op te neem

Gevolgtrekking: Sommige respondente dink nie in inklusiewe terme nie, maar hoofsaaklik in ons-hulle kategorieë, met die erediens die (alleen-)reg van die volwassenes. Binne so 'n gesindheid sou dit moeilik wees om kleutervriendelike eredienste te hou, en om die volgende gesindheid te kry: 'As die kleuters die erediens positief ervaar en groei, is dit 'n vreugde om jou saam met hulle te verbly (ook in hulle belewing), en so 'n 'offer' te bring wat mag impliseer dat ek op 'n laer intellektuele vlak moet opereer.'

Twee van die persone met kleuters in die huis stem saam dat hulle eerder apart bedien moet word - waarskynlik omdat hulle weet dat kleuters moeilik die gewone eredienste met lang preek verduur.

Kommentaar by 3.2 - Skep baie geleentheid om deelwees in die eerste 5 jaar te ervaar.

Die meeste respondente is positief hieroor - twee is negatief. Elf stem saam sonder kommentaar. Die kommentaar van die ander word weer eens hieronder getabuleer.

Tabel 10: Kommentaar oor gereelde deelname in die eerste 5 lewensjare

j	1 X per mnd/kwartaal saam met grootmense
j	Alles moet geloofwaardig wees, in die grootste eerlikheid aangebied word
j	As jy sleg begin (fondasie), hoe kan jy 'n Christen bly?
j	By gesinsdienste
j	By soveel moontlik aktiwiteite betrek word, moet leef en doen, nie net sit en luister
j	Dis ons Christelike plig
j	Huisgodsdiens elke aand - kerkdiens dan nie vreemd
j	Moet ook eredienste bywoon...
j	Onderrig in klein groepe = beste manier
j	Op hulle vlak
j	Soos ander aktiwiteite moet geloof in Jesus vroeg gevestig word
j	Te veel kan ook skadelik wees- negatiewe houding teenoor godsdiens kweek
j	Teiken hulle spesifiek - behoeftes en begripsvlak
n	Gemiddelde kind van 5-7 jr ervaar nog nie Christenskap soos ouer kinders nie

n	Nog te klein om deel van liggaam-wees te verstaan. Hulle sien dit as kans om voor grootmense op te tree
x	Alle mense kan nie met kleuters 'relate' nie, Elemente in dienste...
x	Ja en nee

Gevolgtrekking: die navorser het onder die indruk gekom dat die respondente regtig saamworstel om die teoretiese uitgangspunt en die praktyk by mekaar te bring. Solank die persepsie by volwassenes bestaan dat die erediens slegs diep is wanneer daar 'n kognitief/intellektuele aanpak was, sal hierdie spanning voortduur. Dit wil nie sê dat daar nooit intellektuele momente of preke by eredienste moet wees nie. Afwisseling binne een diens of by alternatiewe dienste is die model wat oor die afgelope twee jaar ingefaseer is.

Kommentaar by 3.3 - die gemeente se woord, daad en houding dra 'n boodskap aan kleuters oor dat hulle aan die gemeente behoort:

Die meerderheid respondente (31) is van oordeel dat die kleuters tans 'n baie duideliker boodskap in vergelyking met vroeër kry.

Tabel 11: Kommentaar oor huidige geleenthede tot deelname vir kleuters

j	By kategese
j	Daar word baie aandag gegee - ds P
j	Eerste verantwoordelikheid egter by ouers

j	Gemeente hou aparte dienste en aksies vir kleuters. Moet kleuters aktief maak vir saak van Christus
j	Gesinsdienste...
j	Kinders is gretig om na kinderdiens en kategese te gaan
j	Kleuters word dikwels betrek
j	Kry deesdae baie aandag
j	Met groot vrug en seën
j	Ons sien dit almal raak
j	Rol van ouer is van groter belang
j	Voorskoolse Sondagskoolklasse en kinderkrans word weekliks aangebied
n	Baie lidmate lyk gesteurd wanneer kinders nie doodstil sit nie
n	Deesdae meer...Ouers moet meer leiding neem
n	Toestand is besig om ten goede te verander

Gevolgtrekking: Die veranderinge in die gemeente word redelik positief ervaar.

Kommentaar by 3.4 - Spits bedieninge eerder op seniors toe as daar min kleuters is...

Twintig respondente gaan akkoord met hierdie stelling. Die volgende kommentaar word bygevoeg:

Tabel 12: Kommentaar op 'spits bediening eerder op seniors toe..."

j	Daar is 'n verskil tussen kleuters en kinders in die laerskool
j	Een X per maand is reg
j	Eerstens moet vir die grootste gedeelte van die gemeente voorsiening gemaak word
j	Goue middeweg: diens vir oueres en kleuters...
j	Nie een groep ten koste van ander, benut kategese en kinderkrans, een erediens verloor albei groepe
j	Oral moet ruimte gemaak word vir kinders Laat die kindertjies.... geloof soos 'n kind...ek en my huis, ons sal die Here dien
j	Preke op beide volwassenes en kinders gerig, te oppervlakkig vir volwassenes
j	Sien die meeste seniors die deelname van kleuters as lofprysing of aanbidding of verdra hulle dit geduldig totdat hulle weer ingesluit word?
j	Soos kinders nou ingesluit word, vind ek goed...
j	Vir volwassenes soms baie nodig om boodskap weer op kind se vlak te hoor
n	Bedien kleuters apart en gereeld
n	Een X per kwartaal is darem te min
n	Gelowiges behoort nie in groepe verdeel te word nie

n	Gemeente sonder kleuters en jongmense = dooie gemeente - alles voel oud, streng, ontoeganklik
n	Hoe moet gemeente dan groei... jonges is toekoms van kerk
n	Kinders by elke diens welkom: Lied, noem hulle, storie...
n	Kinders moet altyd geleer word om saam met die gemeente die teenwoordigheid van God te beleef...Deutr 6:9-12, 20 - 25 en NT
n	Min, of baie per groep het gelyke aandag nodig
n	Ouer lidmate sal ook geniet wat kleuters bied...Eenvoudigste preke soms grootste trefkrag
n	Ten minste 1 of 2 X p m...Daar is baie van ' n kind in meeste ou mense se harte
n	Verwaarloosde kinders = onbetrokke seniors

Gevolgtrekking: Daar is 'n groep lidmate wat positief ingestel is t.o.v. die geloofsgroei van die kinders en wat 'n bediening gerig op kinders/kleuters nie téénoor die bediening aan die seniors stel nie, maar as 'n gelyke bediening wat veral met die 'toekoms van die gemeente' werk. Die persone wat nie met die stelling saamstem nie, is verteenwoordigend van die hele ouderdomspektrum:

Tabel 13: Ouderdomsverspreiding van persone wat NIE met die stelling saamstem nie

10-20 jr = 2	21-30 jr = 2	31-40 jr = 4	41-50 jr = 3	51-60 jr =3

Algemene gevolgtrekkings m.b.t Afdeling 3 van die Vraelys:

1. Daar is begrip by die meeste respondente vir die problematiek om klein en groot in gesamentlike byeenkomste te betrek. Miskien word hierdie probleem nog nie as 'n ons-probleem, ons-geleentheid beskou nie, maar eerder as 'n probleem wat die leraars en kerkraad met vernuf moet probeer oplos.

2. Die preek wat in stilte aangehoor moet word, is vir baie respondente die maatstaf vir 'n geslaagde erediens. Samesang, geloof saam bely, offers gee, responsoriese gebede en ander liturgiese uitinge waarby kleuters sinvol as deel van die gemeente betrek kan word, word nog nie behoorlik na waarde gereken nie....

3. Die navorser wonder hoe dit moontlik is dat die gemeente positiewe liggaamstaal uitstuur in hulle ontmoeting met kleuters by gemeentelike byeenkomste, indien die gemeente nie die inskakeling en opbou van die kleuters as 'n gesamentlike doelwit aanvaar nie. Word die kleuters geïgnoreer, gegroet, vriendelik aangekyk, afgebuk na hulle buite die kerk, welkom geheet, geprys, aangeraak? Hierdie hele atmosfeer van verwelkoming en blye inskakeling sal as 'n roeping oorgedra moet word aan die gemeente wat die kleuters gereeld by (sommige) eredienste moet laat voel dat hulle *belong*. Hierdie gesindheid sal die ruimte van die byeenkomste moet vul omdat kleuters sensitief is vir die atmosfeer en gesindheid van mense. In plaas van 'n blote 'aangeplakte' verdraagsaamheid teenoor die

kleuter, sal dit baat as daar 'n positiewe uitreiking met warm liefdevolle gesindhede na die kleuters uitgaan.

Indien kleuters die verbale en nie-verbale boodskap hoor dat hulle aan die gemeente behoort, sal hulle ook geleenthede moet kry om binne hierdie geloofsgemeenskap deel te neem. Die respondente het 'n aanduiding gegee van moontlike deelname-elemente binne en buite die erdiens.

4.2.2 Gemeentehouding oor kleuters en erediens-deelname

Die mees aanvaarbare wyses waarop kleuters kan deelneem volgens die respondente, word hieronder getabuleer.

Tabel 14: Aanvaarbare wyses van erediensdeelname (meeste tot minste volgens 'Aantal respondente wat self positief is')

	Aantal respondente wat self positief is (uit 'n moontlikheid van 36) ↓	Aantal respondente wat hulle vriende as positief aandui en so hulle eie standpunt wil versterk	Totaal van vorige twee kolomme	Aantal respondente wat self negatief is
Kleuterliedere uit Jeugsangbundels	26	13	39	2
Beweging na voor in kerk om iets te doen	20	11	31	6
Hanteer simbole soos kerse	19	12	31	6
Vraag/ antwoord in preek	17	8	25	8

Offergawes help opneem	14	5	19	10
As groep hardop saam met leraar bid	10	5	15	18
Deelneem aan Nagmaal	4	2	6	22

Indien daar gekyk word na die aantal nee-response in die laaste kolom, blyk dit dan ook dat die meeste respondente 'n definitiewe 'nee' kies (in plaas van 'maak nie saak nie') by **Deelname aan Nagmaal** (22 self plus 13 vriende) en **Hardop saam met die leraar bid** (18 self plus 14 vriende). Hierdie response dui daarop dat die soort deelname-moontlikhede wat die leraars oor die afgelope twee jaar gebruik het vir die meerderheid respondente aanvaarbaar is. Deelname aan die Nagmaal is vreemd vir die respondente wat kom uit 'n tradisie waarvolgens belydenisaflegging na die ouderdom van 16 jaar toegang tot die Nagmaal verleen. Net so ook is die gebruik van groepsgebed (sang uitgesluit) vreemd aan die tradisie van die gemeente en kerkverband. So skryf een respondent (20 jaar oud) byvoorbeeld dat gebed 'n persoonlike saak is en nie 'n gediggie of rympie nie.

Een van die respondente wat positief was oor alle vorme van deelname, behalwe die Nagmaal (wat met 'n vraagteken gemerk is) is 'n dame ouer as 70 jaar wat die volgende kommentaar skryf: 'Kleuters moet bewus word van die genot van deelname....aktiwiteite aantreklik...' Dieselfde lidmaat skryf elders: 'Hulle is teer en ontvanklik en moet die LIEFDE ontmoet', en 'Ouer mense geniet

kinderpreke baie'. Die ander respondent wat op al die moontlikhede positief geantwoord het, is vroulik, met twee tieners, 'n kleuter en 'n peuter in die huis, en wat gereeld inskakel by die oggenderedienste, die kategese, Bybelstudiegroep, wyksbyeenkomste en kleingroepbyeenkomste. Sy stel in haar kommentaar voor dat 'n deel van die erediens aan die kleuters gewy word, dat hulle fisies betrek word, en is van mening dat die eenvoudigste preke soms die grootste trefkrag het.

Die lidmate wat die meeste negatiewe response gegee het, is 'n man en vrou (uit verskillende gesinne) tussen 40 en 50 jaar wat feitlik nooit kontak met kleuters het nie. Die manlike respondent het twee tienerkinders in die huis, woon oggenderedienste gereeld by en selde wyksbyeenkomste, maar gee geen ander aanduiding van gemeentebetrokkenheid nie. Sy lyn van denke word in sy kommentaar weergegee: 'Kan deelneem aan kinderdienste, maar nie aan eredienste nie', 'Vroetelende kinders is steurend', 'Die gemiddelde kind van 5 tot 7 jaar ervaar nog nie Christenskap soos ouer kinders nie' en 'Daar moet eerstens vir die grootste gedeelte (bedoelende die ouer gedeelte) van die gemeente voorsiening gemaak word.' die onderskeid tussen 'kinderdienste' en 'eredienste' is opvallend en getuig van 'n redelik ingeburgerde (on-!)teologiese denke.

Die vroulike respondent wat op alle moontlikhede negatief gereageer het, se twee kinders in die huis is in hulle vroeë twintigerjare. Sy woon gereeld die oggend-eredienste by, en selde aanderedienste, vroudiensbyeenkomste en

wyksbyeenkomste. Haar standpunt kom tot uitdrukking in die volgende kommentaar: 'Kleuters is nog baie jonk en word nie ten beste betrek by 'n groot formele groep nie', 'Hulle is beslis steurend vir my...erediens met diepte is bo hulle vuurmaakplek - dis onregverdig om te verwag dat hulle moet stil wees', 'Teiken hulle spesifiek volgens hulle behoeftes en begripsvlak', 'Benut kategese en kinderkrans - een erediens verloor albei groepe.'

Algemene gevolgtrekking insake erediensdeelname:

1. Daar is geen tipiese profiel (ouderdom, geslag, graad van persoonlike gemeentelike meelewing, gesinsamestelling) van respondente wat positief of negatief oordeel oor kleuters se deelname aan die erediens nie. 'n Idee dat dit senior lidmate is wat negatief staan teenoor die betrokkenheid van kleuters by eredienste word glad nie deur die respondente ondersteun nie - inteendeel, dit wil voorkom of sommige senior lidmate baie gretig is om die erediens saam met kleuters te beleef, en om eenvoudige preke te hoor. Is dit dalk 'n ander groep wat negatief ism oor kleuterdeelname, nl persone wie se kinders pas uit die huis is, wat op intellektuele vlak besig is in die samelewing en wat ook van 'n erediens 'n intellektuele dialoog verwag en daarom geïrriteerd is wanneer hulle konsentrasie verbreek word?

2. Indien toelating tot gebruik van die Nagmaal oorweeg sou word, sou daar deeglike voorbereiding hierop moet wees. Besinning oor gesamentlike hardop gebede of responsoriese gebede moet weer plaasvind. Sulke gebedsvorme

word reeds met groot vrug in sommige kleingroepbyeenkomste waarby die navorser betrokke is, beoefen.

3. Uit die resultate van hierdie meningspeiling blyk dit ook dat daar nie 'n algemene gemeentehouding is nie. Verskillende gemeentelede openbaar verskillende grade van toegeneentheid tot die kleuter en sy teenwoordigheid by eredienste. Indien hierdie **denk**patrone in die **gedrag** van die gemeentelede manifesteer, mag dit wees dat 'n kleuter by een erediens ervaar dat hy behoort omdat hy kontak gemaak het met 'n ouer lidmaat wat deur houding, woorde en lyftaal toegeneentheid uitstraal, terwyl hy by 'n volgende erediens net die teenoorgestelde kan beleef in kontak met 'n (ander) geïrriteerde lidmaat. Om sulke negatiewe kontakgeleenthede te beperk, sou voorsorgmaatreëls getref kon word deur sekere eredienste vooraf as gesinsdienste te tipeer (soos tans die geval is), en 'n positiewe gemeentegroep aan te moedig om uit te reik na die kleuters deur hulle te groet, naby hulle te sit, aktiwiteite saam met hulle te doen en hulle persoonlik te leer ken. Indien die leraars en kerkraad hierin leiding neem, kan dit 'n gesindheid modelleer wat verder kan uitkring na die res van die gemeente.

4.2.3 Gemeentehouding oor kleuters se deelname aan ander gemeente-aktiwiteite:

Die respondente is oor die algemeen positief ingestel oor kleuterdeelname aan ander gemeenteaktiwiteite, met uitsondering van wyksbyeenkomste en (tot 'n mindere mate) deelname aan 'n kinderkoor.

Tabel 15: Aanvaarbare wyses waarop kleuters aan ander gemeente-aktiwiteite kan deelneem (meeste tot minste volgens 'Aantal respondente wat self positief is')

	Aantal respondente wat self positief is (uit 'n moontlikheid van 36) ↓	Aantal respondente wat hulle vriende as positief aandui en so hulle eie standpunt wil versterk	Totaal van vorige twee kolomme	Aantal respondente wat self negatief is
Kinderkrans	34	17	51	0
Betrek by huisbesoekgesprek	31	16	47	1
Kermisbetrokkenheid	29	17	46	1
Kleuterkategese	22	13	35	9
Selgroepe van 'n paar gesinne	21	8	29	3
Gesellig verkeer na kerk	21	7	28	4
Kinderkoor	17	9	26	5
Wyksbyeenkomste	7	4	11	15

Gevolgtrekking oor ander(nie-erediens) gemeentelike betrokkenheid:

1. Hierdie meningspeiling bevestig die waarneming wat reeds deur die navorser gedoen is, nl. dat kleuters (en kinders!) nie as deel van die wyksbyeenkomste aanvaar word nie. Die verwagting by lidmate is dat wyksbyeenkomste 'n studie-geleentheid moet wees vir die volwassenes van die wyk. Toe die navorser in 1994 wyksbyeenkomste-materiaal beskikbaar gestel het wat fokus op die verhale van die seniors in die wyk, vertellings oor die aksies van die kinders soos die Kinderkrans en CSV, saambid en baie sang, is deur verskillende wyke negatiewe kommentaar gelewer omdat die materiaal nie Bybelstudie-stof bied nie. Die (minderheid) gesinne wat verspreid in wyke woon, het dus geleidelik 'n behoefte ontwikkel om tog 'n byeenkoms te hou waarby die kinders en kleuters op hartlike manier betrek kon word. Dit het die ontstaan van gesins-(sel-)groepe gestimuleer. Hierdie groepe mis egter die bydraes van seniors wat nie meer kinders in die huis het nie, en die seniors mis (onwetend!) die kontak met die kleuters en kinders van die gemeente. 'n Uitdaging tot meer intergeneratiewe betrokkenheid by wyksbyeenkomste is daarmee laat vaar ten gunste van 'n slegs volwasse wyksbyeenkoms.

2. Aangesien die gesinsbyeenkomste (selgroepe) geografiese grense ignoreer, kan dit verdere vervreemding tussen lidmate wat geografies naby mekaar woon, in die hand werk. Dit verander die aanname wat vroeër gemaak is, nl. dat die wyk (naas die gesin) een van die belangrikste kontekste is waarbinne

die kleuters se geloofsvorming plaasvind en waarbinne daar geleentheid tot intergeneratiewe kommunikasie is.

3. By die kinderkrans en kleuterkategese word daar hoofsaaklik met die portuurgroep gewerk, en is intergeneratiwiteit ook beperk omdat daar net enkele volwasse leiers is.

4. Baie positiewe verhoudings is by huisbesoek opgebou deurdat die kinders betrek word. Hierdie informele kontakgeleentheid mag nie onderskat word nie. In hoeverre dit alleen 'n geleentheid is wat deur die leraars benut word, en wat moontlik glad nie deur die kerkraad benut word nie, is nie getoets nie. Die vermoede bestaan egter dat daar min kontak tussen kleuters en kerkraadslede is, en indien daar kontak is, die kerkraadslede nie deur die kleuters as deel van die gemeente geïdentifiseer word nie.

Alhoewel die gemeente se menings en voorkeure die ruimte en atmosfeer skep waarbinne die kleuterbetrokkenheid plaasvind en waarbinne die kleuterpersepsies gevorm word, is dit nie die finale norm nie. Daarom word enkele normatiewe teologiese riglyne hieronder aangestip.

4.2.4 Teologiese beoordeling van gemeentehouding

1. Die gemeentehouding teenoor die kleuters moet eintlik die houding van God (Christus) reflekteer. Die liggaam kan nie anders wees as die Hoof nie.

2. Geloofsontwikkeling het tegelykertyd 'n vertikale en horisontale dimensie. Die verhouding met God gaan nie op in die verhouding tot die naaste nie. Die bydrae van navorsers wat klem gelê het op die religieuse potensiaal van die kleuters het juis hierdie aspek beklemtoon. Die lewende God staan in 'n direkte verhouding tot elkeen van hierdie kleuters en in hierdie verhouding word elke instrument (gemeentelid) wat God gebruik, oorskry deur die werking van God self deur die Heilige Gees.

3. Die erediens is die spesiale ontmoetingsplek vir die gesprek tussen God en die gemeente. Indien dit ware dialoog tussen God en die hele gemeente is, sal die verskillende verstaansvlakke waarop die dialoog plaasvind in die liturgie gereflekteer word, anders bly dit dialoog tussen God en 'n deel van die gemeente.

4. Die liggaamkarakter van die gemeente waarbinne elke lid 'n besondere bydrae het, het ook nie net betrekking op volwassenes en op kognitiewe aspekte van menswees nie. 'Die een lid kan nie vir die ander sê ek het jou nie nodig nie' (1 Kor 12:21), behoort deur 'n kerkraad en gemeente ook teologies deurdink te word in terme van die posisie van die kinders tot op kleuter-, peuter- en selfs babavlak. Danksy die inwoning van die Heilige Gees is alle kinders van God as subjekte betrokke en moet hulle gawe-wees aan die gemeente en die bedieninge wat hulle in die gemeente kan lewer, ontdek word. Hiertoe het die kerkraad ook 'n roeping.

Na bogenoemde beskrywing van die gemeentehouding, kan daar nou gekyk word na die konkrete maniere waarop die kleuters wel in die gemeente betrokke is.

4.3 Kleuterbetrokkenheid

Uit die gesprekke met die kleuters en hulle ouers, asook deur deelnemende waarneming deur die navorser, blyk dit dat al veertien kleuters by die een of ander vorm van huisgodsdiens betrokke is (Een rapporteer dat sy self in haar Kinderbybel lees). Tien (10) van die kleuters woon op redelik gereelde grondslag die gesamentlike byeenkoms vir kleiner kinders voor die junior-kategese by waar hulle blootgestel word aan basiese liturgiese elemente soos die votum, groet, die tien gebooie, die geloofsbelydenis, sang, gebed, offergawes en 'n kort boodskap. Agt (8) van die kleuters woon tans kategeseklasse by. Agt (8) is saam met hulle gesinne by selgroepbyeenkomste van 'n paar gesinne in die gemeente betrokke. Nege (9) van die kleuters het gedurende die afgelope jaar die kinderkrans bygwoon - ses op gereelde grondslag en drie by geleentheid. Elf (11) van die kleuters woon gereeld die gesins-eredienste by. Slegs twee van die kleuters het by geleentheid 'n wyksbyeenkoms bygewoon. Een het die gemeentebasaar (kermis?) gemeld in die gesprekke en een het verwys na die kermis. Slegs een van die kleuters het (sover bekend) 'n Pinksterdiens bygewoon.

Die helfte van die kleuters (7) is op 'n gereelde basis by vyf of ses van bogenoemde kategorieë betrokke. Vyf (waarvan 2 plaaskinders is!) is by drie of

vier van bogenoemde kategorieë betrokke. Slegs twee is min betrokke t.s.v. die feit dat ten minste een ouer positief is oor die gemeente.

Dit wil voorkom of al die soorte byeenkomste waarby kleuters tans op gereelde grondslag betrokke is, redelik slaag: Daar is positiewe terugvoering, behalwe oor die wyksbyeenkomste en eredienste wat nie-gesinsdienste is nie. Binne hierdie veld van betrokkenheid word die verhoudings tussen kleuters en ander gemeentelede geskep, en ontwikkel die kleuters se persepsies van die gemeente. Hoedanig is hierdie persepsies?

4.4 Kleuterpersepsies

Elke kleuter is uniek, en voordat daar oorgegaan word tot 'n paar veralgemenings oor die kleuters se persepsies van die gemeente, word daar eers gekyk na 'n basiese samevatting van elke unieke kleuter se persepsies. Die navorser verkies om dit hier op te neem (i.p.v. as 'n bylaag) om daarmee juis te beklemtoon dat elkeen uniek is, en dat die navorser nie maar wil volstaan met die samevattende opmerkings oor die hele groep nie. 'n Mens sou wel by die deurlees net kon konsentreer op die samevatting (heel onderste kolom) by elke kleuter.

4.4.1 Beskrywing van elke kleuter individueel

Die tekening wat elke kleuter gemaak het en wat deur drie onafhanklike persone beoordeel is, word eers geïnterpreteer. Dit word dan aangevul met die resultate van die prente-meetinstrument. Die prente waarmee die kleuter homself op een

of ander wyse positief sou wou vereenselwig/verbind, en die prente wat deur die kleuter as 'gemeente' geïdentifiseer is, word vermeld om te bepaal watter prente in beide kategorieë voorkom. Voorts word elke kleuter se betrokkenheid soos wat uit gesprekke geblyk het, en 'n aantal terme wat hy/sy in die gesprek gebruik het, aangetoon.

Kindkode: A	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Goeie detail, goeie kleur Gesin (Geen kerk, gemeente)	Kind in geborgenheid...	Hegte band met gesinslede
Prente	**Positief vereenselwig met:** C **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** C E F H I K M **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** C		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Slegs een keer in gewone kerk (-erediens), gereeld by kinderkerk in kerk-anneks. Volgens moeder: moeilik om stil te sit. Huisgodsdiens saam met ma of pa. Ma: 'Ons bespreek nie eintlik godsdiens nie.' **Terme/konsepte gebruik:** die groot kerk/ gee geld aan armes/ party gemeentemense is van die duiwel en die helfte is van Jesus/ dominee... Bybel... leer vir mense wat reg is/ as iemand oud is weet ek hulle gaan kerk toe - minder jongmense/ Jesus dien sy Vader by die heilige tempel... / Heilige Gees...		
Samevatting	1. Alhoewel hy geen groot-kerk ervaring het nie, vereenselwig hy hom met die groot-kerk prent, C. Hy praat van Jesus by die heilige tempel en ook van die Heilige Gees. Hy lê waarskynlik verbande tussen Jesus se tempel-ervaring en die erediens - positief in sy gedagtes. 2. Die dominee wat die Bybel hanteer, leer 'n mens wat reg is. 3. Sy gesin vorm sy belangrikste sosiale groep - ook godsdienstig. 4. Die kerk word meer met ouer mense verbind. 5. Die gemeente gee geld aan armes.		

Kindkode: B	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Minder kwaliteit Impulsiwiteit - onnet inkleur Kerk as gebou teenwoordig	Groen (religieuse kleur?) (Let op vorm van menslike figure)	Simbole: Torings, horlosie, haan - nie een van hierdie by Stellenbosch-Sentraal se kerkgebou. Buite gebou... Aktief - dans, spring Slegs moeder by hom op tekening
Prente	**Positief vereenselwig met:** A B C D E G I J L M P **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** A B C ?E I J K L M P **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** A B C E I J L M P		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Gesin bid en lees soggens, Sondagskool, Kinderkrans. Moeder: 'Gesinsdiens met aksies is positief - as kinders kan beweeg, kerse aansteek of iets doen.' **Terme/konsepte gebruik:** Dominee is interessant/ kerk is lank/ huiskerk is die aand se kerk/ huiskerkmense is dieselfde as wat hy by oggendkerk sien/ klavierspeel, koor en sing.../ dominee (diaken) gee *sweeties* / liedjies, poppekas en klasse... by Sondagskool.		
Samevatting	1. Sterk klem op aktiwiteite: Dans op tekening, kerk is lank, gesinsdiens met aksies (beweging en kerse aansteek) is positief, impulsiwiteit/ onnet inkleur op tekening. Kies prente met aksies as positief en gemeente: A B C J. Dominee gee iets (*sweeties)* 2. Sang, huiskerk waar jy kan speel, en poppekas is alles positief.... Gesinsintimiteit is positief: Prente E I L M.		

Kindkode: C	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Baie detail Kerk sentraal Gesin Positiewe aanduiding van gemeente	Alles buite kerkgebou Kerkgebou nie gelokaliseerd Dominee groot, mensies klein Gesinsgeoriënteerd	Gesinseenhede - almal buite Groot dominee met Bybel Kruis op kerk, kerk lyk soos huis
Prente	**Ongelukkig is die kassetband met konkrete antwoorde beskadig. Algemene indruk soos wat die navorser dit herroep: Vae kerkbegrip met baie min positiewe assosiasie. Op die meeste vrae is indirek of met 'Ek weet nie' geantwoord. Herlei vrae na begrip van vriendelike kerkmense.**		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Huisgodsdiens met ma of pa. Nog net een keer in die kerk. Gereeld by kinderkrans. Gesin baie gereeld by byeenkoms van paar gesinne (huiskerk) **Terme/konsepte gebruik:** Kerkmense is vriendelik.		
Samevatting	1. Was nog min by erediens - het tog 'n idee van die gesinne (soos by huiskerk) wat gaan. Waarskynlik 'n baie vae erediensbegrip. Dominee met Bybel funksioneer ook by kinderkrans en huiskerk. Het 'n verwagting van vriendelikheid by die kerk. 2. Die gemeente bestaan uit gesinseenhede soos die gesinsbyeenkomste (huiskerk, selle) op Vrydagaande. 3. Baiese simbole soos die dominee, Bybel en kruis vorm 'n kern waaromheen verder gebou kan word.		

Kindkode: D	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Minder volwasse tekening Kerk sentraal, dominee teenwoordig Verder geen gemeentebetekenis gevestig Self op die periferie	Kerk is gelokaliseer (Kyk na groot hande, klein voetjies, ens - ontwikkeling)	Pa (as leraar) prominent saam met hom - en ander dominee. Kerkgebou sentraal. Buite... Vriendelike gesigte.
Prente	**Positief vereenselwig met:** A B C D E F G I J K L M N O P Q **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** A B C D E F G I J K L M N O P Q **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** Alle nommers behalwe H.		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Huisgodsdiens as gesin saans saam, kinderkrans, kleuterkategese, Gesinsdienste en soms ook ander, Pinksterbyeenkomste, huiskerk/selbyeenkoms **Terme/konsepte gebruik:** Kerkklere / Bybelstudie / Bybel en Gesangboek / moederskerk / huiskerk / preek / preekstoel / bid vir siekes en gee presentjie / jy kan lag in die kerk (na demonstrasie in Gesinsdiens) / moet offers bring (kollekte) / by Nagmaal iets gekry / klavier / orrel... Kan nog nie Bybel lees nie, maar 'ek kan al 'n strik maak'		
Samevatting	1. Baie los elemente - waarskynlik nog nie bewustelik in 'n samehangende geheel georden nie. Praat ook nog nie oor die gemeente vanuit 'n Christussentrum nie, byvoorbeeld die familie van Jesus, diegene wat verlos is.... 2. As predikantskind is die gemeente en gemeentelewe één met die normale lewe, en vervleg daarmee. Hierdie lewe is veelkantig en hy assosieer positief daarmee - kies alle prente behalwe prent H - waarskynlik op ras en-/of verskil in sosiale klas-grond.		

Kindkode: E	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Kerk sentraal, tog nie seker of kind en pa werklik as deel van die gemeente beskou word nie Simboliek van die kruis is belangrik Wat beteken die 'tralies'?	Die kerk en mense is apart van mekaar Die kruis figureer sterk	(Hy het baie gesukkel om te begin teken - onseker van homself) Kruis is belangrik Is dit tralies of bakstene? Kerk lyk amper soos vuurpyl: Hoog, reik na bo?
Prente	**Positief vereenselwig met:** A C G I O **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** C E F G I K L M Q **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** C E G I		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Sondagskool, kinderkerk, soms groot kerk, huiskerk, vorige jaar by kinderkrans, huisgodsdiens - Moeder: Nie elke aand nie - dit moet spontaan wees. Moeder: Hy sê dikwels die kerk voel te lank. Meen kinders word oorge-evangeliseer. Hy geniet sang die meeste. **Terme/konsepte gebruik:** Liewe Jesus / Bybel / kruis / dominee / gee geld vir Liewe Jesus / bid / huiskerk		
Samevatting	1. Liewe Jesus en die kruis figureer sterk in sy denke oor die kerk. 2. Hy sukkel baie om self sy ervarings weer te gee en het ook baie gesukkel om te begin teken. Dit voel amper asof die tralies om sy kerktekening (wat waarskynlik bakstene is!) iets weergee van sy onvermoë om sy innerlike tot uiting te bring. Hy vereenselwig hom met drie baie basiese gemeentegroeperings: Die groot kerkgebou-ervaring (C), die gesin (E en I) en die kleingroep onder die boom (G)		

Kindkode: H	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Goeie detail Kerk is sentraal met die gesin om die kerk 'n Positiewe tekening Ma afwesig	Kerk en mense is buite - hang dalk saam met die opdrag-interpretasie 'Stoorkamer-idee' waarskynlik op 'n ander prentjie gesien	Die kerk is sentraal en die mense daar rondom gerangskik Simbool: Klok ('klokke is vir my mooi') Natuur (voëls) en kerk in harmonie
Prente	**Positief vereenselwig met:** A B C D E F G H I K L O **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** ?A ?B C ?D E G I K ?L M N P Q **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** C E G I K (MOONTLIK OOK A B D EN L)		
Gesprek	**Betrokkenheid:** kinderkrans, klein kerk, groot kerk, Sondagskool, huiskerk, kermis, huisgodsdiens **Terme/konsepte gebruik:** preekstoel / nagmaalstafel / orrel (het self al 'n paar note daarop gespeel) / baie positief oor die huiskerk. Gemeente: 'God is hulle Vader en hulle is almal familie' / Doop: 'Dis die eerste dag wat hulle hom saambring' (inlywing!) / Nagmaal: 'Om te onthou hoe Christus aan die kruis gesterf het'. 'Ons gemeente helpvir mense wat nie so bevoorreg is nie' - noem die kinderkransprojekte (koppeling van kinderkransprojekte en gemeente)		
Samevatting	1. Sterk konseptuele ontwikkeling oor basiese geloofsdinge soos die gemeente, doop, nagmaal.... (pa is teoloog). 2. Hy het baie blootstelling aan al die verskillende fasette van gemeentewees. 3. Sy prente oor die gemeente waarmee hy ook identifiseer verteenwoordig sterk die geïnstitusionaliseerde kerk: C E I K, met die kleingroep (G) moontlik as Kinderkrans of Sondagskool. (Hy het aanvanklik gedink hulle lees 'n storie of doen 'n wiskunde-taak, maar hy het hulle tog in die tweede rondte van die gesprek as 'gemeente' geïdentifiseer.)		

Kindkode: J	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Detail Onseker of dit iets van die gemeente weergee Kind en sy broer	Seuntjies! Kerk as gebou funksioneer nie sterk nie	J plus kerkklere plus Bybel - lyk mooi! Kerk? lyk soos 'n huis... trap na bo, koffiebeker? - mengsel van huis en kerk 'Op 'n ander dag as Sondag' - vriendelike tannie
Prente	**Positief vereenselwig met:** A B E F G H I K L O Q **Positief as Gemeente geïdentifiseer: Alle nommers met 'n bietjie twyfel by** H **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** A B E F G H I K L O Q		
Gesprek	**Betrokkenheid:** huisgodsdiens, Sondagskoolkerk, Sondagskool, ander eredienste, soms kinderkrans, huiskerk ('kinders kan speel') **Terme/konsepte gebruik:** gemeente / dominee en Sondagskoolmaats / 'om as gesin saam te lewe' is belangrik / hou van sing en Sondagskool, maar sê dis lekkerder in die groot kerk as in die sondagskoolkerk / 'kastelerige preekstoel in ander kerk (moedergemeente) / 'papieregoeters langs die preekstoel' (projektorskerms) / die gemeente kom bymekaar en praat van Jesus by die huiskerk / 'Jesus het gesê hulle moet kerk toe kom'. Moeder: Kind klae soms as hy kerk toe moet gaan, wil aktiewe dinge doen, nou beter met gesinsdienste.		
Samevatting	1. Redelik goeie gemeentebegrip, weet dis reg om bymekaar te kom, sê dis lekker in die groot kerk, maar kies nie prent C nie. 2. Gesinsbinding is belangrik (prente E en I). 3. Hou van aktiwiteite (prente A en B) 4. Sterk aanwesigheid van deernis: Prente H en O gekies, asook F (en selfs K - 'lekker om geld te gee')		

Kindkode: K	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Laervlak-tekening, (nog) min verbeelding Moontlik preekstoel Spits dak Kerkgebou	Sterk gebonde aan plek, met 'n stoel, dominee of preekstoel	Ek, self... Toring, moontlike gerigtheid na bo (dalk net 'n dak) Die gemeente is in die kerkgebou
Prente	**Positief vereenselwig met:** A B C G K L **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** A B C D E F G H I J K L M P Q **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** A B C G K L		
Gesprek	**Betrokkenheid:** huisgodsdiens, Sondagskooldiensie, pa ander denominasie/kerklos?, **Terme/konsepte gebruik:** 'Die kerk is vervelig', 'ek is altyd moeg by die kerk'. Moeder: soms negatiwiteit om kerk toe te gaan. Positief oor toring en kerse... Positiewe opmerkings oor ouma wat gereeld kerk toe gaan.		
Samevatting	1. Alhoewel hy feitlik al die prente as gemeente-mense aandui, tog nie helder beeld van 'n gemeente nie - hy kom onseker voor. (In sy gesin is hy in die skaduwee van 'n sterk ekstroverte en intelligente broer, sowat twee jaar ouer as hy). 2. Sy ouma langsaan by wie hy ook dikwels bly terwyl sy ma werk, speel 'n belangrike rol en is waarskynlik sy 'poort' tot die gemeente (Kies prent L as spesiale prent) 3. Die kleingroep waarby daar ook seuns is, is vir hom positief (A, B, G) 4. Min blootstelling aan gemeentelike aktiwiteite gehad.		

Kindkode: L	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Mooi detail Musiek, vreugde Gesin bietjie verspreid, moeder afwesig Tóg gevoel van gemeenskap	Die kerk is ver... Vrolike mense	Vrolik, musiek op oorkruis hoeke van prente Kerk is kastelerig, sentraal, tog ver weg ('kerk het al uitgekom, en die mense hou toe basaar') Roomys (soos soms by kerk na die diens) Persone uitgesprei en weg van mekaar
Prente	**Positief vereenselwig met:** A B C E G I J K L M O **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** ?A B C D E F G H I J K L M O Q **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** ?A B C E G I J K L M O		
Gesprek	**Betrokkenheid:** soms kinderkrans, Sondagskool en sondagskooldiensie, gesinsdienste, huiskerk, huisgodsdiens **Terme/konsepte gebruik:** vriendelikheid / glimlag / mense wat soet is / en wat ander help is norm om kerkmense mee te identifiseer / basaar / Bybel / Jesus-liedjie / mense sing omdat hulle lief is vir die Here / die mense van die kerk is 'my tannies, my ooms, my oumas en my oupas '(eie familie) / dominee / kruis 'met die handdoek om' (kruis met gekleurde doek op preekstoel) / mooi vensters / kerse / geld vir die arm mense bymekaar gemaak / vervelig as dominee net praat / soms: party sê wat gaan aan in ander wêrelde (sendinggetuienisse) / lekkerder by die regte kerk as by die huiskerk / Sondagskool lekkerder as regte kerk - inkleur / doop: naam kry.		
Samevatting	1. Kerkassosiasie gebou om vrolikheid, vriendelikheid, basaar... (A, B, J en L), maar dis buite die kerkgebou. 2. Groepe (C, G, M) en die gesin (E en I) funksioneer goed. Alle prente behalwe die enkelinge op N en P verteenwoordig kerkmense		

Kindkode: M	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Goeie detail, kleur Vreugde Geen aanduiding van gemeente	Goeie selfbeeld Fyn detail, klein diertjies	Vrolik Natuur geassosieer met opdrag (?) Geen eksplisiete religieuse (gemeentelike) aanduiding
Prente	**Positief vereenselwig met:** B ?E ?G J **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** ?A B ?C D E F G I J K L M O P Q **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** B ?E ?G J		
Gesprek	**Betrokkenheid:** soms kerk toe, soms huiskerk, enkele kere al by kinderkrans, ma en kinders lees Bybel (pa nie by nie) **Terme/konsepte gebruik:**spesiale mense gaan kerk toe, Jesus is lief vir my (spesiaal), Jesus is daar by die kerk en na die kerk by al die mense, het aan die kruis gehang, kruis by die kerk gesien, huiskerk lekker: ' hoef nie stil te sit nie', nog nie doop gesien, self gedoop - die Here sê: Jy is myne.', kerkmense is lief vir mekaar, kerkmense: ou ooms en tannies en jongmense en babas, tweelinge, party ken mekaar, party is vriende, dominee se tafel waar hy Bybel lees, orrel se pype, gemeentemense sorg vir kinders (hospitaalprent)		
Samevatting	1. Baie prente as gemeentprente uitgewys, wil tog nêrens by wees nie (min betrokkenheid en blootstelling) 2. Wil deel wees van vrolike groep (B en J) 3. Liefde vir mekaar, liefde vir MY - ervaar as jongste kind moontlik baie liefde - liefde ingekeer op haar(ontvang), sélf moontlik nog onbeholpe/onseker om te gee		

Kindkode: P	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Laervlak-tekening Kerk en vensters - simboliek Kerk sentraal, wel vae begrip van gemeente	Stadiger/laer onwikkeling (figuurlyne, kerklyn) Nie iets van self - dalk op 'n distansie	Kleurvensters, driehoek: toring? Twee persone is vriendelik Buite die kerkgebou
Prente	**Positief vereenselwig met:** D ?E G I J K L ?M O P Q **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** C E H I K L **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** E I K L		
Gesprek	**Betrokkenheid:** enkele kere by kinderkrans, 1 maal per jaar by wyskbyeenkoms, huisgodsdiens slegs hy en ma, dikwels by Sondagskooldiensie, soms groot kerk **Terme/konsepte gebruik:** Bybels / wil voor sit om te sien / kerk: nie gesels, nie baklei / kerkklere / gooi geld in / sien nie mense wat hy ken by kerk (plaaskind) / moet vir dominee luister / Bybel lees / herroep preek met lampe as hulpmiddel / het al 'n doop gesien / Nagmaal: brood en wyn - Jesus se bloed (brood vergeet) / 'wil ook geëet het, want dis lekker om te voel dat Jesus ook in ons lewe'.		
Samevatting	1. As plaaskind geïsoleerd van gemeentelike byeenkomste en program en sien daarom nie mense wat hy ken by die kerk nie. So sien hy homself ook nog vreemd binne die gemeente-situasie. Kies E, I, en L - wat dui op belewing van gemeente binne klein gesinsverband, saam met die diaken wat geld opneem.		

Kindkode: R	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Detail Hartseer element (dalk persoonlik) Kerk is sentraal Dominee en sy vrou, eie gesinslede is die kerkmense Wel gemeenskap	Hele familie Sterk met die dood te doene gehad Dalk 'n verhaal wat in die prent ingeteken is (Hoenderhaan op die kerktoring)	Alles is hartseer, ook die son Dramaties - swart Bring dood i.v.m. gemeente en 'by die Here wees' Versoen 'dood' en die Here 'loof en prys' Groter gesin is sterk teenwoordig
Prente	**Positief vereenselwig met: Alle prente behalwe N (kwaai seuntjie)** **Positief as Gemeente geïdentifiseer: Alle prente behalwe N (kwaai seuntjie), met twyfel oor A, F en L** **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer: Alle prente behalwe N**		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Sondagskooldiens en Sondagskool, lees self Kinderbybel - onseker oor huisgodsdiens, baie godsdienstig by skool - bid dikwels namens groep hardop. **Terme/konsepte gebruik:** klokke / vensters / haan óp kruis / kruis / Bybel lees / loof en prys die Here: sing bid, lees Bybel / die gemeente is die 'loof-groep' / teenoor die buitekantgroep / 'familie van Jesus' / 'ek het jou by die kerk gesien, jy is 'n kind van Jesus' / dominee / orrel / doopvont / simboliese lap oor kruis voor in die kerk is die 'klere van Jesus / doop: naam en 'Jy is 'n kind van Jesus' / verwissel maklik tussen religieuse en profane.		
Samevatting	1. Ervaar iets van die dramtiese by hierdie kleuter - enersyds die dood, andersyds die lofprysing. Selfs haar manier van praat oor die Here en gebede openbaar dramatiese trekke, alhoewel die gesin nie oorgeestelik of dweperig is nie. Is hier 'n 'aangebore' dramatiese geestelikheid teenwoordig? 2. Die hele lewe is vir haar religieus en sy wil daarin wees.		

Kindkode: S	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Die kerk is sentraal Rol van fondsinsameling?	Die kerk is 'n huis Doen iets wat nie soseer iets met kerk te doen het nie (Stylstel: streeplyn met hemel bo en aarde onder)	Horlosie (nie by eie kerk nie) Geld gee is belangrik: vir arm kinders, 'arm kinders kom nie kerk toe nie, omdat hulle nie geld het nie' , 'die Here is bly as jy geld gee' (gesprek)
Prente	**Positief vereenselwig met:** B C F G H J K L N O Q **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** A B C D E F G I J K L M P **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** B C G J K L		
Gesprek	**Betrokkenheid:** huisgodsdiens (soggens saam gebed, en voor gaan slaap saans), wyksbyeenkomste, soms Sondagskool en Sondagskooldiens, gesinsdienste **Terme/konsepte gebruik:** dominee wat preek / 'die Here wat jou groet' (dominee se hand) / mooi aantrek / die gemeente maak hulle mooi / trek rokke aan en vat hulle boeke / geldjies gee / gemeente is mense wat in die kerk is, hulle gesigte en lywe vertel dat hulle die gemeente is: glimlagte en mooi aangetrek / gee geld vir arm mense / die Here loof: sing, Bybel lees, gebedjies opsê / self gedoop deur oupa / doop beteken: 'God het kinders gestuur'.		
Samevatting	1. Erken die vele fasette van gemeentewees en is bewus van die groet van die Here aan die begin van die diens. 2. Die ontmoeting met die Here is iets besonders - mooi aantrek en geld gee (materialisme?) 3. Kies vrolike prente soos B J en L. 4. Assosieer positief met groot gemeentegroep (C) en kleingroep (J)		

Kindkode: V	Interpretasie deur PN	Interpretasie deur CR	Interpretasie deur navorser
Tekening	Laervlak-tekening Kerk moontlik weerspieël	Iemand binne-in die kerk, maar weet nie of hy tuis voel	Klok en aksie om die klok te trek Tussen ander mense, hyself is een van die groen mannetjies
Prente	**Positief vereenselwig met:** A F G M P Q **Positief as Gemeente geïdentifiseer:** C E K L ?M **Positief vereenselwig met en as Gemeente geïdentifiseer:** Geen, dalk M		
Gesprek	**Betrokkenheid:** Gesin skakel by eredienste van ander gemeente in. Woon net eredienste by, sit in moederskamer. Huisgodsdiens: Soggens dagboek, saans Kinderbybel. **Terme/konsepte gebruik:** 'by die kerk gooi 'n mens geld in' / mooi pakke klere aan / 'net babas' (moederskamer en vorige Sondag was doop) / 'ek wil nie kerk toe gaan nie' / 'hou nie van Sondagskool nie' / 'dominee praat te lank.'		
Samevatting	1. Navorser is totaal onbekend vir kleuter - hy spreek hom dus gemaklik negatief uit t.o.v. die kerk en tot verleentheid van die ouers wat baie positief Christelik is. 2. Die babas en doop-geleentheid het 'n positiewe indruk op hom gemaak. 3. Daar is min religieuse sosialisering.		

Hieronder volg nou 'n oorsigtelike samevatting

Tekening-interpretasie deur PN	Tekening-interpretasie deur CR	Aanvullende tekening-interpretasie deur navorser
Drie (3) tekeninge het geen kerk of gemeente-aanduiding (M J en A) Vier (4) tekeninge is laervlaktekeninge (V P K en B) met 'n vae gemeentebegrip by B en P C verteenwoordig die kerk as gemeente met 'n gemeenskap om die kerk L H R D E en S (6) is minder verbind	1. Daar is 'n sterk lokalisering - na die kerkgebou toe 2. Daar is aanduidings dat die gemeente meer is as die pa en ma. Die gemeentebegrip draai egter nog baie om die gesin. 3. Daar is nie net kognitiewe of sosialiserings-aspekte nie, maar wel ook 'n religieuse komponent: die God-mens verhouding.	1. Agt (uit 14) kleuters het **gesinslede** geteken (Graad 1: A E H J L R, Pre-prim: C D). K het waarskynlik net homself geteken. Drie het **die dominee** geteken (R D en C). Elf (uit 14) kleuters het **meer mense as hulleself** of gesinslede geteken (6 Graad 1's en 5 pre-prim.) - of 'n maat of ander volwassene. 2. Al die tekeninge vertoon positiewe gesindhede - selfs R met die begrafnistema is positief in die bymekaar-wees. 3. Vyf kleuters het die **kruis**-simbool geteken, vyf (en nog moontlik 4 ander) het die **kerktoring** beklemtoon, drie 'n **Bybel/boek met kruis**, drie (moontlik vier) die kerkklok(ke), twee **die gekleurde glasvensters** - alles moontlike simbole wat die religieuse dimensie verteenwoordig. (Daar is ook twee weerhane en twee horlosies!)

Oorsigtelike resultaat van Prente-meting:

In die tabel hieronder volg die prente op mekaar, vanaf die prent wat deur die meeste kleuters met die gemeente verbind is, tot die prent wat deur die minste kinders met die gemeente verbind is (N). In die tweede ry volg dan die hoeveelheid 'stemme' wat elke prent gekry het (as uitdrukking daarvan dat dit die gemeente verteenwoordig). In die derde ry word die getal kleuters gegee wat hulleself positief vereenselwig het met die mense op die prent.

	E Gesin - kerk- bank	K Diaken kollek- teer	I Huis- besoek	C Ere- diens	L Present vir seniors	M Jongman en 2 kinders	G Groep onder boom	B Blind- doek	F Hospi- taal	J Opge- wonde kinders	Q Dogter: inkleur	A Skool- kinders	P Seun: bang, kers	D Ma en dogter	H Swart nood- hulp	O Seun: hart- seer	N Seun: plooi- neus
Positief Gemeente	13	13	12	11	10	10	9	8	8	8	8	7	7	6	5	5	2
Self Positief	6	8	8	10	9	6	11	9	6	8	6	7	6	6	4	8	2

Op die volgende bladsy is hierdie tabel grafies geïllustreer.

Grafiek 5


Gemeente-aspekte en positiewe assosiasies
14
12
10
8
6
4
2
0
E Gesin - kerkbank
K Diaken kollekteer
I Huisbesoek
C Erediens
L Present vir seniors
M Jongman en 2 kinders
G Groep onder boom
B Blinddoek
F Hospitaal
J Opgewonde kinders
Q Dogter: inkleur
A Skoolkinders
P Seun: bang, kers
D Ma en dogter
H Swart noodhulp
O Seun: hart-seer
N Seun: plooineus
Positief Gemeente
Self Positief

Die volgende kan hieruit afgelei word:

1. Dit is duidelik dat die kleuters 'n baie duidelike begrip het van die gemeente in terme van die gesin op die kerkbank, die diaken wat in die erediens kollekteer (of broodjies uitdeel), die huisbesoeksituasie, en 'n grootgroepbyeenkoms soos 'n erediens (prente E, K, I en C).
2. Wanneer hulle egter hulle eie positiewe assosiasies weergee, is die kleingroepbyeenkoms onder die boom die gunsteling, met die grootgroepbyeenkoms (erediens!) tweede. Dit moet waarskynlik saamgelees word met die baie positiewe instelling rondom sang en musiek. Die stil sit en lees op die kerkbank (prent E) word saam met ander prente tiende geplaas en sou moontlik nog verder uitgeval het as dit nie vir die aangename teenwoordigheid van die pa of ma was nie (In die gesprekke is die gunstelingposisie vir die kleuter by hierdie prent die ma se skoot of die posisie styf teen ma of pa).
3. Die kleuters is waarskynlik nie bang vir sosialisering nie en kies maklik prente met groepe en groepsaktiwiteite, met verskillende geslagte en ouderdomsgroepe teenwoordig. Veral die positiewe ingesteldheid teenoor prent L waar die senior dame 'n geskenk kry en waar geen kinders op die prent is nie, kan daarop dui dat kleuters ook graag by seniors wil wees - veral in hulle vreugdes. Die vriendelikheid wat uit hierdie prent straal, is uitnodigend en dra waarskynlik by tot die feit dat die prent deur hulle gekies is.
4. Ná die kleingroepbyeenkoms onder 'n boom (wat moontlik met Kinderkrans of Kategese verbind kan word) is aksie-prente soos die blinddoekspeletjie (B) en die geskenk vir die senior-dame (L) gunstelinge. Dit blyk dat

verrassings, aksie, vreugde vir kleuters 'n aangename kombinasie is. Hierteenoor word die bakleierige (?) seuntjie met die plooineus vermy.

5. Dit val ook op dat hulle die plakkerssituasie van prent H wil ontwyk, maar tog baie positief ingestel is teenoor die hartseer (bruin?) seuntjie van prent O. (Empatiese ingesteldheid).
6. Hulle is positief teenoor die predikant (op die huisbesoek-prent, en moontlik ook op die geskenk aan senior dame-prent) en die diaken wat geld opneem.

Bogenoemde afleidings en interpretasies word aangevul deur die gesprekke met kleuters en hulle ouers. Vervolgens is 'n paar terme wat die kleuters gebruik het, saamgevoeg om 'n saamgestelde beeld te kry van hoe hulle oor die gemeente dink.

Terme/konsepte gebruik:

Wanneer die kleuters oor die kerk praat dink hulle aan

- kerkklere/mooi klere/pakke (4),
- God wat hulle groet - dominee se hand (1),
- sang, klavierspeel, orrel/orrelpype, loof en prys, Jesus-liedjie (8),
- Bybel lees/Bybelstudie (feitlik almal),
- gebed - ook vir die siekes,
- die dominee,
- offers vir die armes/geld vir Jesus/help minderbevoorregtes (7),
- mense wat praat oor ander 'wêrelde' - sendinggetuienisse (1),

- die gemeente wat kerk toe kom omdat Jesus so gesê het/ wat van Jesus is en nie van die duiwel nie/ wat God as Vader het en familie is/ spesiale mense is - Jesus is ook daar/ wat die loof-groep is/ wat God se kinders is,

Van hierdie gemeente verwag hulle die volgende eienskappe: hulle is vriendelik, mense wat glimlag (en ook 'jy kan lag in die kerk'), wat nie baklei nie, en wat lief is vir mekaar.

Tog word daar ook van die kerk (blykbaar met verwysing na gewone eredienste wat nie as gesinsdienste ingerig is nie) gesê dat dit vervelig is (2), dat dit lank is en dat jy moet stil sit (3), dat jy nie mag gesels nie, dat die dominee te lank praat... Die huiskerk/ gesinsbyeenkomste/ selgroeperings word in baie meer positiewe terme beskryf, hoofsaaklik omdat die stilsit-komponent nie daar is nie.

Die doop funksioneer feitlik nie in hulle spontane rapportering oor die gemeente nie - behalwe as hulle daarna gevra word. Dan beskryf hulle die doop as volg: 'die eerste dag wat hulle (ouers) hom (die baba) saambring kerk toe (inlywing)/ naam kry / waar die Here sê: Jy is Myne / waar gesê word: Jy is 'n kind van Jesus / wat beteken: God het kinders gestuur.

Die nagmaal word ook net genoem wanneer daarna gevra word. volgens hulle kry jy by die Nagmaal iets/ wil jy ook eet omdat jy ook wil voel dat Jesus in jou lewe/ laat die wyn jou dink aan die bloed van Jesus (brood - vergeet).

Naas die Bybel funksioneer die kruis, kerse, gekleurde vensters, die preekstoel, die toring, orrel(pype), die kollektebordjie as herkenbare gemeentelike/kerklike simbole.

4.4.2 Algemene samevatting van waarnemings en tendense

1. Die gemeentehouding teenoor kleuters en kleuterdeelname aan gemeente-aktiwiteite is veelkantig en geskakeerd. Dit verteenwoordig persoonlike voorkeure wat wissel van baie positief t.o.v. gesamentlike aktiwiteite en byeenkomste tussen verskillende ouderdomsgroepe, tot 'n afkeur van byeenkomste waarby kleuters dalk 'n steurnis kan wees weens hulle kort aandagspan of onvermoë om lank stil te sit. Die huidige ontwikkeling van gespesialiseerde eredienste wat as gesinsdienste ruimte bied om liturgiese momente vir kleuterbetrokkenheid te benut en die selgroepontwikkeling as 'alternatief' op geografiese wyksbyeenkomste, word volgens alle aanduidings deur 'n redelike aantal gemeentelede aanvaar. Of hulle daarmee ook positiewe samewerking en 'n bereidheid tot persoonlike intergeneratiewe betrokkenheid aanvaar, is nie uitgeklaar nie. Om te verdra enersyds, of andersyds, om met geesdrif deel te neem, kan 'n reuseverskil maak in die intergeneratiewe kommunikasie met woord, daad en houding. Juis dit kan ook 'n verskil maak in die atmosfeer van intergeneratiewe byeenkomste, en die persepsies van kleuters beïnvloed. Die navorser is van oordeel dat dit moontlik is dat kleuters sowel positiewe as negatiewe houdings teenoor hulle kan ervaar, afhangende van wie die gemeentelede is met wie hulle kontak het by elke byeenkoms. Die gemeente het nie net 'n saak-aanbod om aan die jeug (kleuters ingesluit) te maak nie, maar ook 'n persoonlike aanbod (Prins 1995:15). Net so,

meen die navorser, het die kleuter 'n persoonlike aanbod te maak in die dialoog tussen mense en God, en mens tot mens.

2. Daar ontbreek nog 'n teologiese kern in die denke van baie lidmate oor die redes waarom die boodskap dat hulle deel is van die gemeenteliggaam en dat hulle onmisbare deelnemende lidmate van die gemeenteliggaam is, aan kleuters gesein moet word. Motiverings is prakties van aard en dring nie deur tot basisteoretiese uitgangspunte nie. Juis wanneer vanuit 'n basisteoretiese vertrekpunt saamgedink word oor die manier waarop kleuters gemeentelede is, kan gemeentelede wat leer om na die wil van die Hoof te vra, oortuig word om die geloofsvorming van die kleuters en ander gemeentelede as hulle roeping te sien. Prins (1995:10) wys ook daarop dat die skepping van intergeratiewe verhoudings en die effektiwiteit van geloofskommunikasie in 'n groot mate afhang van die hoe konkreet die gemeente die navolging van Christus na vore kan bring. Hy wys dan daarop dat versoening die helende gebeure is waardeur God mense aan Hom verbind, maar wat ook die basis skep vir 'n belewing van verbondenheid aan mekaar en betrokkenheid by mekaar ontstaan.
3. Die kleuters van die geselekteerde groep is (op hulle vlak) goed betrokke by die gemeente-aktiwiteite waarby hulle teenwoordig beplan word. Die kontakgeleenthede is daar, en die sosialiseringsproses vind plaas - positief of negatief!
4. 'n Hele aantal verrassende insigte is by die kleuters teenwoordig - soos dit byvoorbeeld verwoord is in die terme/konsepte wat hulle gebruik. Hier word o.a. gedink aan die betekenis van die groet by die erediens, die gemeente wat beskryf word as die 'loofgroep', die familie van Jesus, asook

die eerste aanduidings van die barmhartigheidswerk van die kerk (geld) en sy sendinggetuienis, die doop om aan jou te sê dat jy God se kind is, die nagmaal wat jou laat onthou hoe Christus aan die kruis gesterf het en waaraan jy kan deelneem sodat jy kan voel dat Jesus in ons kan leef....

5. Die volwasse lede van die gemeente is die kleuters se eie familiemense, die dominee (baie sterk), 'n enkele bekende oom of tannie en ouer mense (by een). Die ander kinders van die gemeente is (volgens hulle tekeninge en gesprekke) hulle portuurgroep/maats en broers en susters (in een geval die babas van die moederskamer). Hulle is egter nie bang om te sosialiseer met persone uit ander ouderdomsgroepe nie.
6. Positiewe belewenisse hang hoofsaaklik saam met die sang en lofprysing en die moontlikheid om te beweeg. Hulle liggaamlikheid en (kort) aandagspan bied die basis vir negatiewe ervarings - die kerk is lank, dominee praat lank, hulle moet stilsit, voel moeg en is vervelig. Hulle is afhanklik van dit wat hulle sien, en hou daarvan om op plekke te sit waar hulle alles kan sien. Hulle herroep dienste waarin visuele hulpmiddels gebruik is.
7. Daar is 'n baie basiese empatiese gevoel teenwoordig teenoor hartseer kinders met wie hulle identifiseer ('n basis vir diens van Barmhartigheid).
8. Die bekende Christelike simbole soos die Bybel, kruis, kerse, klokke... is bekend en is identifiserende items om die gemeente se eie aard aan te dui. Die teenwoordigheid van sulke simbole bied 'n bekende identiteitskeppende omgewing. Dit is interessant dat die kleuters wat in hierdie gemeente se toringlose kerkgebou sonder glasvensters en klokke

in hulle uitbeelding van die gemeente die identiteitskeppende visuele simbole van die aangrensende gemeente se kerkgebou gebruik.

9. Huisgodsdiens en huiskerk bied primêre kleingroep-ervarings met intimiteit, Sondagskool/kategese (met die voorafgaande diens) en veral die kinderkrans bied sekondêre mediumgroep-ervarings met geslaagde uitreikprojekte (by die kinderkrans), en die tersiêre grootgroep-ervaring word veral in die gesinsdienste beleef. Sonder huiskerk, kinderkrans met projekte en gesinsdienste sou die sosialiseringsmoontlikhede baie minder wees, en die omvang van positiewe inskakeling geringer. Die tradisionele erediens en wyksbyeenkomste is minder geslaagde byeenkoms-moontlikhede vir die kleuters.

10. Die positiewe verhouding met die leraar(s) kan positief benut word. Die positiewe evaluering van die huisbesoek-prent is onderstreep met die besoeke wat die navorser tuis gebring het om onderhoude te voer met die kleuters. Geen kleuter dui aan dat hulle 'n spesifieke ouderling of diaken ken nie - selfs by 'n enkele geval waar die ouer 'n diaken was, was die kleuter nie eens daarvan bewus nie. Hierdie ampte funksioneer baie vaag, indien enigsins. Dit laat 'n mens die vraag stel of dit nie tog wenslik sou wees as kerkraadslede op een of ander manier meer uitkenbaar moet wees nie.

11. Elke kleuter is egter ook uniek en daar kan nie net in algemene terme van die kleuters gepraat word nie. Dit spreek uit die tekeninge wat nie net die verskille in ontwikkeling aantoon nie, maar ook die verskillende aksente in die uitbeelding van die gemeente. Juis die verskille beklemtoon die uniekheid van gemeentewees waarvolgens elkeen 'n andersoortige bydrae

lewer volgens die insigte, gawes en vermoëns wat die besondere lidmaat het. Om die uniekheid van elkeen te laat opgaan in 'n algemene gryse beskrywing van lidmaatskap sou juis die unieke plek wat elkeen in die gemeenteliggaam het, laat vervaag. Geloofsosialisering het dus nie gelyke geloofsvorming van elke lidmaat op die oog nie, maar eerder aanvullende geloofsvorming van elke lidmaat tot opbou van die liggaam as geheel. Juis in die oopmaak van die begrippe en persepsies van die kleuters oor die gemeente, kom daar ook aanvulling tot mekaar se geloofsinhoude. Hierdie oopgemaakte inhoude moet aan mekaar gekommunikeer word om 'n getuienis tot mekaar en groeigeleentheid te bied.

12. Die ontwikkeling van metodes om kleuters se perspektiewe op die gemeente na die oppervlak te bring, en vir die opbou van die gemeente beskikbaar te stel, bly 'n uitdaging. Dit mag egter nie net oor kognitiewe bydraes gaan nie, maar behoort ook hulle bydraes op ander terreine soos die affektiewe en liggaamlike spontaneïteit in te sluit. Die navorser is in die proses verryk deur die kleuters se lojaliteit, spontane aanvaarding en betoning van liefde, hulle humor, eerlikheid en veral die kinderlike geloof wat die religieuse en profane werklikhede dig bymekaar (verweefd?) hou.

4.5 Algemene gevolgtrekking

Aan die begin van hierdie navorsing is drie vrae wat oorvleuel en wat die navorsing gerig het, gestel. Is daar antwoorde gevind op hierdie vrae? Die antwoorde wat hieronder aangebied word, oorvleuel ook. By elke verdere

vraag word die antwoord wat op die vorige vraag gegee is dus as deel van die volgende antwoord veronderstel en aspekte daarvan nie weer gestel nie.

1. Het die kleuters, as lidmate van die Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Sentraal aangename persepsies van die gemeente-liggaam?

Antwoord: Ja, die kleuters het aangename persepsies oor aspekte van die gemeenteliggaam. Die teenwoordigheid van aangename persepsies beteken egter nie noodwendig dat daar 'n oorwig van aangename persepsies is nie. Daar is ook negatiewe persepsies. Die navorser is (danksy die navorsing!) op baie goeie voet met die meeste kleuters geplaas. In gesprekke het kleuters waarskynlik ook antwoorde gegee wat hulle as bevorderlik vir die verhouding tussen hulle en die navorser kon beskou. Positiewe **opmerkings deur kleuters** oor aktiwiteite kan dalk uitgekanselleer word as daar geluister word na **opmerkings van kleuterouers** wat aandui dat hulle protesteer teen sekere soort byeenkomste. Die navorser is egter oortuig daarvan dat die positiewe aksies wat geneem is om kleuters op hulle vlak te akkomodeer by die gesinsdienste, selbyeenkomste, huisbesoek, kategesebyeenkomste en kinderkrans 'n uitgebreide ruimte skep vir die vorming van aangename persepsies .

2. Is die kleuterlidmate van die Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Sentraal se persepsies van die gemeenteliggaam bevorderlik (of belemmerend) vir hulle voortgaande geloofsvorming binne die gemeente?

Antwoord: Die kleuters het 'n aantal verrassende konsepte rondom die gemeente gebruik. In 'n sterk kognitiewe leeromgewing (die universiteit, met 'n teologiese professor as een van die ouers) is dit dan ook te verwagte dat sulke konsepte gevorm word. Daar is egter in die bespreking van wat die navorser onder persepsies verstaan, daarop gewys dat persepsies, anders as konsepte, iets van die verhouding tussen die subjek (kleuter) en die objek (gemeente) suggereer. Die konsepte dui dus nie sonder meer die bestaan van positiewe persepsies oor die gemeente aan nie. Die konsepte oor die gemeente wat die kleuters hanteer, het egter aan die lig gebring dat die meeste kleuters 'n redelike begrip het van wat 'n gemeente is. Die navorser het vasgestel dat feitlik al die konstituerende elemente wat as voorbeeld genoem is om die begrip gemeenteliggaam aan te dui, is op een of ander manier deur die kleuters gebruik:

- 'n veelheid (lidmate, persone)
- wat verbonde is aan mekaar (liggaam, eenheid)
- deur samesyn
- en saamdoen
- binne geloofskonteks (geloof in God/God se eiendom/Jesus se liggaam)
- onder Hoofskap van Christus
- wat die Liggaam deur sy kruisdood verlos het

- en deur sy Woord en Gees lei,
- maar wat ook op mekaar gerig is
- en gesamentlik ook na buite (die liggaam self) gerig is
- in dade wat getuig van 'n gesindheid wat deur die Hoof geskep is.

In soverre geloofsvorming ook 'n kenniskomponent het (geloof = kennis + vertroue), kan daar aanvaar word dat die begrippe wat die kleuters tans hanteer 'n belangrike onderbou vorm vir verdere geloofsvorming.

Die navorser is ook van oordeel dat die kognitiewe onderbou ondersteun word deur 'n redelik positiewe affektiewe komponent. Daar is genoeg aanduiding dat daar heelwat elemente van genieting/aangenaamheid is in

- die sosialisering ('fellowship') by veral die kleiner primêre byeenkomste soos by huisgodsdiens en wanneer 'n paar gesinne bymekaar kom,
- die diensgerigtheid en uitreike na kleuters van die nabygeleë plakkers-area by die sekondêre groeperings soos die kinderkrans (empatie, barmhartigheid, sending),
- en die vieringselemente soos die sang, aansteek van kerse, beweging na vore by die gesinsdienste as tersiêre byeenkomste.

Of hierdie aangename ervarings genoegsaam resoneer in die woorde, dade en houdings van ander (volwasse) lidmate, bly 'n ope vraag. Die kerkraad sal hierdie vraag vanuit 'n teologiese verstaan van wat 'n gemeente is, wat lidmaatwees (ook kleuterlidmaat) impliseer, en wat die sin van elke soort

byeenkoms is (primêre, sekondêre en tersiêre, oftewel kleingroep-, middelgroep- en grootgroepsbyeenkomste) moet beantwoord om saam met die res van die gemeente na die wil van die Hoof van die gemeente te soek. Alleen so sal die kleuters 'die LIEFDE ontmoet' (in die taal van 'n senior lidmaat). Sonder dié ontmoeting kry geloofsvorming 'n hartelose wettiese of koue intellektuele gedaante (vormgodsdiens).

3. Hoe effektief kommunikeer die Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Sentraal aan die kleuters dat hulle deel van die gemeenteliggaam is (gemeet aan die ingesteldheid van gemeentelede, die kommunikasie van hierdie ingesteldheid aan die kleuters en die effek wat dit op die persepsies van die kleuters het)?

Antwoord: Die navorsing het aangetoon dat die gemeente aanpassings maak om die effektiwiteit van die kommunikasie te verhoog. Die aanpassings lewer reeds positiewe resultate deurdat die kleuters juis na vernuwende elemente verwys as aangename gemeente-ervarings.

Die navorsing het ook aangetoon dat kleuters visuele simbole nodig het om uitdrukking te gee aan hulle gemeente-identiteit. Die kerkgebou met toring, klokke, glasvensters, kerse, kruis, kansel, kanselbybel (asook nagmaal en doopsimbole wat onderbenut word) kommunikeer iets aan die kleuter van die plek waar die spesiale ontmoeting met die Here plaasvind. Die kerkraad behoort erns te maak met die representatiewe simboolkommunikasie in 'n kerkgebou waar belangrike simbole soos die toring en klokke ontbreek, en waar die buurgemeente se kerkgebou besonder ryk is aan simbole.

Ook rituele skep identiteit en gemeenskap. Die navorser is van oordeel dat die kerkraad ook kreatief behoort te dink oor die skepping van (meer) rituele wat die kleuters op aangename wyse betrek. Gedurende die periode van navorsing is slegs enkele babas gedoop - nie by gesinsdienste nie! Die doopritueel as sigbare herinnering aan die inlywing van die kleuter by die gemeente, is vaag en funksioneer vaag en slegs 'by navraag' by die kleuters. Die doopvont is iewers voor 'weggesteek' en onsigbaar vir die kleuters.

Effektiewe kommunikasie binne gemeenteverband het egter nie net te doen met uiterlike simbole en rituele nie, maar met 'n kommunikasiegebeure wat ontspring in die hart van die liefdevolle Vadergod. In verbondenheid aan Jesus, sy Seun, die Hoof van die gemeenteliggaam, is die gemeentelede betrek by 'n groot kommunikasieproses waarvan die inhoud as evangelie (goeie nuus) getipeer word. Om dus te praat van effektiewe kommunikasie binne gemeenteverband sal daar

- meer geluister moet word,
- meer gesoek moet word na die visie van God,
- meer verwag moet word dat die kreatiewe Skeppergees sy gemeente sal begunstig met gawes wat in die nuwe (elektroniese?) kommunikasie-era gebruik kan word om die evangeliese dialoog tussen God en kleuter (onder andere), asook gemeente en kleuter te bevorder. Hoe ernstig vra die gemeente God se leiding en wag hulle daarop? Mead (1991:87) inspireer met die volgende woorde:

> 'Those of us who share the biblical faith look at the uncertain future with normal human anxiety and fear, but also with a strange confidence that springs from knowing in whose hands we are. We can look back at what our forebearers did and how they carried the faith. We can look at the institutions they build to house their life of faith. We can look at the shape of community that nurtured them. In what they did we can see flaws, but we can also see there was a Presence with them in their wildernesses - in their false starts as well as in their successes. We can act now trusting in that same Precence... A new church is being born. *It may not be the church we expect or want.* The church of the future may not include our favorite liturgy or hymn, our central theological principle, or even our denomination! God's promises always arive with new surprises in them. The form of the new world and new church is not in our hands.'

Die pluralisme binne die huidige samelewing kan moontlik maar net nog 'n uitdrukkingsvorm van selfsug word: Elkeen doen wat hom behaag en sluit aan by groepe wat hyself behaaglik vind. Die *me-generation* (Vitz 1977:105 en verder) wat eintlik 'n kultus van selfaanbidding geskep het, kan ook deur demokratiese prosesse in 'n gemeente gedy, as die gemeente nie verstaan dat elke lid daar is ter wille van die ander nie - net soos Christus die Hoof Homself ook vir die gemeente oorgegee het. Die *me-generation* skep 'n soort pluralisme wat onverdraagsaam is. Hierteenoor kan daar pluriformiteit binne

die gemeente bestaan: Baie style, vorme, smake... wat tog in die aanbidding en diensgerigtheid saam harmonieer. In hierdie koor mag die kleuter se plek nie leeg wees nie.

Met die beantwoording van hierdie drie vrae, is daar ook 'antwoord gegee' op die vraag in die probleemstelling:

Dui die persepsies wat die kleuters van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal oor die gemeente het daarop dat hulle hulleself positief met die gemeente verbind?

- Ja, indien die navorser as volwassene reg gehoor het, en nie net 'n weerklank van sy eie mening opgevang het nie;
- Ja, maar die finale antwoord sal eers met verloop van tyd deur elke kleuter self gegee en gedemonstreer word;
- Ja, maar dit kan nog baie verbeter, indien die gemeente bereid is om nog meer na sy Hoof te luister en te gehoorsaam.

5. Evaluering van die navorsing

Ten slotte is dit goed om 'n paar evaluerende opmerkings te maak oor die proses wat (voorlopig) hiermee afgesluit word. Enersyds voel die navorser om af te sluit met: 'die berg het 'n muis gebaar', omdat daar geen nuwe groot ontdekkings gemaak is of bewyse gelewer is nie. Andersyds kan die invloed van die navorsing op die navorser, sy roeping, sy beïnvloeding van individuele mense en groepe in besluitnemingsprosesse, en die invloed wat

die vraelyste, tekeninge, prentemeetinstrument, interpretasies en gesprekke op 'n breë spektrum mense gehad het, kwalik beskryf word. Hieronder word slegs na 'n paar aspekte wat die sinvolheid van die proses beskryf, verwys:

1. Die navorser is gedwing om basisteoretiese uitgangspunte oor die gemeente en die kleuterlidmaat via praktykteorie tot by bedieningspraktyk deur te voer en daaroor na te dink.

2. Omdat daar min kwalitatiewe studies in Afrikaans en op teologiese terrein beskikbaar is om as navorsingsmodel te gebruik, moes die navorser homself vergewis oor geldige navorsingsmoontlikhede binne die post-positivistiese paradigma. Die etnografiese styl van versameling van soveel moontlik data, ordening, nadenke en beskrywing van fenomene sonder om hipoteses te formuleer en bewyse (wat geen werklike bewyse is nie) te lewer, het 'n bevryding gebring.

3. Omdat die navorser se onderwerp direk in verband staan met sy daaglikse beroep en lewensroeping as evangeliebedienaar, is daar deurgaans dividende gelewer in terme van

    - die opbou van goeie verhoudings met die kleutergroep en hulle ouers,

    - die deurgee van inligting wat uit die literatuurondersoek ingewin is aan gemeentegroepe,

    - die herstrukturering van aspekte van die bedieningspraktyk saam met die kerkraad se beplanningskommissie.

4. Die gebruikmaking van

    - triangulering ('n navorsingstrategie uit die sosiologiese wetenskappe),
    - projektiewe toetsing (kinetiese tekeninge) in die praktiese teologie,
    - en 'n eie prente-meetinstrument wat ontwerp is vir kleuters wat nog nie skryf/leesvaardig is nie,

    sowel as die hantering van 'n steekproef wat verteenwoordigend van die gemeente moes wees,

    is met huiwering aangepak en praktiese ondervinding is opgedoen.

    In die proses het die navorser ook lesse geleer toe hy

    - bewus geraak het van kleuters wat die tekenopdrag dalk anders geïnterpreteer het as wat hy bedoel het,
    - een van die bandopnames van 'n gesprek met 'n kleuter beskadig het voordat dit in verbatimvorm oorgetik kon word - 'n gesprek wat nie herhaal kon word nie,
    - teleurgesteld moes aanvaar dat slegs veertig persent van die respondente wat vir die steekproef gekies is, gereageer het.

5. Daar kan ook gevra word of hierdie navorsing (as praktiese teologie) eskatologiese horisonne help ontsluit sodat gemeente en kleuter sinvol kan bestaan. Deur te wys op die visie van God met betrekking tot die

kleuterlidmate en die gemeente se instrumentele funksie om die evangeliewoord vir die kleuters te vertaal sodat hulle geloofsontwikkeling kan plaasvind, word daar deurgestoot na vrae oor die sin van gemeentewees en kleuter-menswees. Die gemeente bestaan nie om homself te behaag nie, maar om God te verheerlik deur meerstemmige verheerliking. Wanneer die kleuter in hierdie aanbidding deel kry, vind hy ook sy eie sin. 'n Kleuter vind nie eers sy geloofsbestemming wanneer hy (fisies) volwasse geword het nie, maar wel wanneer hy kan deelneem in die kerk van alle eeue se verheerliking van God. Selfs al sou 'n mens in sy kleuterjare te sterwe kom, sou sy bestaan sinvol wees indien hy aan hierdie verheerliking kon deelneem. Die gemeente is die ruimte waarbinne hierdie verheerliking in die tydelike bedeling realiseer. In soverre hierdie navorsing 'n bydrae kon lewer om die gemeenteruimte te help vul met die sinvolle inskakeling van die gemeentekleuters wat God saam verheerlik, in soverre was die navorsing die beoefening van geslaagde praktiese teologie.

6. Saamgestelde bronnelys

6.1 Primêre bronne (waaruit aangehaal is)

Babin, P 1991. *The new era in religious communication.* Minneapolis: Fortress.

Bee, H 1989. *The developing child.* New York: Harper & Row.

Boon-Schilling, H, Overbosch, W G & Soeting, A G 1991. *Liturgievernuwing in een veranderd wereld: terugblik en toekomstperspectief.* Amsterdam: G Van der Leeuw-stichting.

Burgess, R G 1993. *Research methods.* Walton-on-Thames: Nelson.

Burns, R C & Kaufman, S H 1971. *Kinetic family drawings (K-F-D).* London: Constable.

Cavaletti, S 1983, *The religious potential of the child.* New York: Paulist Press.

Clarke-Stewart, A, Friedman, S & Koch J 1985. *Child Development - a topical approach.* New York: John Wiley & Sons.

Deist, F 1991. *Verhinder hulle nie.* Pretoria: J L van Schaik

Denzin, N K 1970a. *Sociological methods - A sourcebook.* Chicago: Aldine.

Denzin, N K 1970b. *The research act in sociology.* London: Butterworths

Die Kerkbode 14/15 Junie 1996. Drie-been-stoel is wankelmoedig, bl 4.

Du Preez, J J & Basson, A J 1987. *Die kind as totaliteit.* Stellenbosch: Fakuteit opvoedkunde US.

Du Toit, P A 1996. *Op en wakker aktiwiteite vir die eerste drie skooljare.* Halfway House: Orion

Duckert M 1991. *New Kid in the Pew.* Louisville: Westminster/John Knox.

Gibbs, E 1990. *I Believe in Church Growth.* 3rd ed. London: Hodder en Stoughton.

Grieve, R & Hughes, M 1990. *Understanding Children.* Oxford: Basil Blackwell.

Groome, T H 1980. *Christian Religious Education.* San Francisco: Harper.

Hammersley, M & Atkinson, P 1994. *Ethnography: principles in practice.* London: Routlege.

Havighurst, R J 1972. *Developmental tasks and education.* New York: McKay.

Heimbrock, H G & Boudewijnse, H B 1990. *Current studies on rituals.* Amsterdam-Atlanta: Rodopi.

Hendriks, J 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente.* Wellington: Hugenote.

Heyns, J A 1974. *Die Mens.* Bloemfontein: Sacum

Heyns, J A 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Klepsch, M & Logie, L 1982. *Children Draw and Tell.* New York: Brunner/Mazel.

König, A 1986. *Die doop as kinderdoop en grootdoop.* Pretoria: N G Kerk

Kuhn, T S 1962. *The structure of scientific revolutions.* Chicago: University of Chicago Press.

Kuhn, T S 1977. *The essential tension.* Chicago: University of Chicago Press.

Kurtines, W M & Gewirtz, J L 1987. *Moral development through social interaction.* New York: John Wiley & Sons.

Louw, D A 1990. *Menslike ontwikkeling.* 2de Uitg. Pretoria: HAUM

Louw, D A 1990. *Menslike ontwikkeling.* 2de Uitg. Pretoria: HAUM.

Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting.* Pretoria: RGN.

Lukken, G 1990. *Liturgie en Zintuiglijkheid.* Hilversum: Gooi en Sticht bv.

Malan, G 1979. *God en die Kleuter.* Kaapstad: N G Kerk

Mouton J & Marais, H C 1988. *Metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN.

Mowry, B J 1993. A reflective approach to research: Applying the research paradigm of post-positivism tot the evangelical church, in *Christian Educational Journal, Volume XIII, Number 2, 51-67.*

Müller, B A 1975. *Sodat hulle kan weet.* Bloemfontein: Sondagskool-Boekhandel.

Munsinger, H 1975. *Fundamentals of Child Development.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

Mussen, P H, Conger, J J, Kagan J & Huston A C 1984. *Child development and Personality.* New York: Harper & Row.

Ng, D & Thomas, V 1981. *Children in the worshipping community.* Atlanta: John Knox.

Oostdijk, I 1986. *Van kind tot kind.* Barneveld: De Vuurbaak.

Perham, M (Ed.) 1991. *Liturgy for a new century.* London: The Alcuin Club.

Prins, J M G 1991. Kategese en geloofsoordrag deur sosialisering, *NGTT,* 32 (2), Junie 1991, 250-259

Prins, J M G 1993. Vertrekpunte en riglyne vir vernuwing van die kategese, *NGTT,* 34 (1), Maart 1993, 81-93

Prins, J M G 1995. Intensionele geloofsosialisering binne intergeneratiewe verhoudings - 'n grondvereiste vir effektiewe jeugbediening, *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 10(1), 1995, 51-62.

Reformed Ecumenical Council (The) 1991. *Facing the challenge of secularism.* Grand Rapids.

Richards, L O 1983. *A Theology of Children's Ministry.* Michigan: Ministry Resources Library

Richards, L O 1988. *Children's ministry.* Grand Rapids: Zondervan.

Ridderbos, H 1973. *Paulus.* Kampen: J H Kok

Ridderbos, H 1973. *Paulus.* Kampen: J H Kok.

Robinson, E 1977. *The original vision.* Oxford: Rel. Exp. Reseach Unit, Manchester College.

Roux, C 1988. *My oop gemoed.* Braamfontein: Saailand produksies.

Roux, C 1994. *Die religieuse potensiaal van die kind.* Stellenbosch: Kindergodsdiensburo.

Seymor J L & Miller, D E 1990. *Theological Approaches to Christian Education (Chapters 9, 12).* Nashville: Abingdon.

Theunissen, A 1978. *Vernaamstes in die Koninkryk.* Kaapstad: Tafelberg.

Toffler, A 1970. *Future Shock.* London: Pan

Van der Ven, J A & Vissher, C 1985. Empirische methodologie in de Pastoraal Teologie, in Van der Ven, J A (red.), *Pastoraal tussen Ideaal en Werkelijkheid.* 191-217. Kampen: Kok.

Van Holstein, G 1989. *Het kind in de liturgie.* Hilversum: Gooi en Sticht bv.

Vitz, P C 1977. *Psychology as religion: The cult of self-worship.* Grand Rapids: William B Eerdmans.

Westerhoff III, J H 1976. *Will our children have faith?.* New York: Seabury.

Westerhoff III, J H 1983. *Building God's people in a Materialistic Society.* New York: The Seabury Press.

White, J W 1988. *Intergenerational Religious Education.* Birmingham, Alabama: Religious Education Press.

6.2 Aanvullende bronne

Abrahamson, M 1983. *Social research methods.* London: Prentice Hall.

Ackroyd, A & Hughes, J A 1992. *Data collection in context (Second edition).*London: Longman.

Adler, P A & Adler, P 1987. *Membership roles in field research.* Newbury Park: SAGE.

Barrett, E 1960. *Storytelling - its easy.* Grand Rapids: Zondervan.

Barzun, J & Graff, H F 1992 (5th ed). *The modern researcher.* New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Berryman, J W 1985. Children's spirituality and religious language, in *British journal of religious education,* Vol. 7, 120-127.

Biehler, R F 1981 (2nd Ed). *Child development - An Introduction.* Boston: Houghton Mifflin Co.

Borgman, A 1992. *Crossing the Posmodern Divide.* Chicago: University.

Brink, V & Kitching, D 1994. *Effektiewe Jeugwerk.* Halfway House: Orion.

Bryman, A 1987. *Quantity and quality in social research.* London: Routlege.

Burger, C 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi.

Carson, D A 1993: *Worship: Adoration and Action.* Grand Rapids: Baker Book House.

Children in the way (pp 4-31). 1988. London: The National Society (Church of England) for promoting Religious Education.

Dingemans, G D J 1986. *In de leerschool van het geloof.* Kampen: J H Kok.

Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder de hoorders.* Kampen: J H Kok.

Dudley, C S, Carroll, J W & Wind, J P1991: *Carriers of Faith.* Louisville: Westminster/John Knox.

Gilliland, A H 1969. *Understanding preschoolers.* Nashville: Convention Press

Hammersley, M 1990. *Reading ethnograhic research: A critical guide.* London: Longman.

Hendriks, J (red) 1993. *Gemeentes vertel.* Kaapstad: Lux Verbi.

Klink, J L 1970. *Kind en Geloof.* Bilthoven: Ambo.

Klink, J L 1971. *Kind en Leven.* Bilthoven: Ambo.

Kugler, G & Lindner H 1976. *Neue Familiengottesdienste 2.* Gütersloh: Gütersloh Verlagshaus Gerd Mohn.

Kugler, G & Lindner H 1980. *Neue Familiengottesdienste 4.* Gütersloh: Gütersloh Verlagshaus Gerd Mohn.

Lerner, R M 1976. *Concepts and Theories of Human Development.* Reading, Massachusetts: Addison-Wesley.

Lester, J D 1976 (2nd ed). *Writing research papers.* Glenview: Scott, Foresman and Co.

Long, T, Convey J J & Chwalek A R 1986. *Completing dissertatins in the behavioral sciences and education.* San Francisco: Jossey-Bass

Louw, D J 1989. *Gesinsverryking.* Pretoria: Academia.

McGoldrick, M S W & Gerson R 1985. *Genograms in Family Assessment.* New York: WW Norton & Co.

Mönks, FJ & Knoers, A M P 1988. *Ontwikkelingspsychologie.* Nijmegen: Dekker & Van de Vegt.

Nichols, D P 1993. Outgrowing physics envy: Reconceptualizing social

research, in *Contemporary Family Therapy*, 15(1), February, 51-71. Chicago: Human Science Press.

Plummer, K 1983. *Documents of Life.* London: George Allen & Unwin.

Prins, J M G 1994. *Geloofsopvoeding en geloofsonderrig.* Klasnotas.

Radford, J & Govier E (ed) 1980. *A Textbook of psychology.* London: Sheldon.

Ratcliff, D & Davies J A. *Handbook of youth ministry.* Birmingham: R.E.P. Books.

Shawchuck, N & Heuser, R 1993. *Leading the congregation.* Nashville: Abingdon.

Strommen, M P 1979. *Five cries of youth.* San Fancisco: Harper & Row.

Tamminen, K 1991. *Religious development in childhood and youth.* Helsinki: Suomalainen Tiedeakatemia.

Van Rensburg, G & Hendriks, J 1994. *Vernuwing in Jeugbediening.* Pretoria: Engedi.

Victor, J A 1987. *Die plek van die dooplidmaat in die erediens.* Ongepubliseerde D.Th. proefskrif - Universiteit van Stellenbosch.

Wegman, H A J 1991. *Liturgie in de geschiedenis van het christendom.* Kampen: J H Kok

Winkler, A C & McCuen, J R 1979. *Writing the research paper. A handbook.* New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Zuck, R B & Benson, W S 1978. *Youth education in the church.* Chicago: Moody.

BYLAAG 1

Notule van Kerkraadsvergadering: 28 September 1994

Eredienste en Kategese

Die kerkraad besluit dat

daar in die eerste ses maande van 1995 'n model vir eredienste en kategese beproef sal word waarin groter gesinsbetrokkenheid nagestreef word en dat die kerkraad na 'n gemeentelike vergadering na afloop van hierdie ses maande, 'n evaluering van die model sal maak;

die model voorsiening daarvoor sal maak dat daar elke tweede Sondag 'n gesinsdiens in die kerkgebou sal wees endat daar op alternatiewe Sondae 'n tradisionele erediens in die kerkgebou gehou word waartydens daar gelyktydig kategese in ander lokale sal plaasvind;

wyksbyeenkomste in die aande soos in die verlede sal plaasvind;

een aanddiens per maand (nie tydens die wyksbyeenkomste nie) 'n tienergerigte diens sal wees;

om praktiese redes die gemeentekalender vir 1995 opgestel sal word asof die voorgestelde model vir die hele 1995 ingevoer sal word.

BYLAAG 2

Notule van Kerkraadsvergadering: 18 September 1996

6.10.1 Gesinsbyeenkomste op Sondagaande

Na aanleiding van punt 4 van die notule van die Dagbestuur gedateer 19 Junie 1996, word as volg besluit:

6.10.1.1 'Die inisiatiewe van lidmate met betrekking tot die ontstaan van gesinsbyeenkomste, word verwelkom. Die kerkraad wil graag steun en leiding bied ten einde ook hierdie bedieningsbehoefte bevredigend te akkomodeer binne die breër gemeentelik bediening.

6.10.1.2 Die kerkraad is van oordeel dat die aandbyeenkomste ingerig word om aan bepaalde bedieningsbehoeftes soos Bybelstudie, jeugbyeenkomste, wyksbyeenkomste en die behandeling van aktuele vraagstukke te voldoen en wil hoegenaamd nie die indruk skep dat bevrediging van hierdie behoefte in kompetisie met ander tree nie.[20]

6.10.1.3 Dat die kerkraad graag die hele ontwikkeling wil ondersteun deur ope kommunikasievloei tussen die kerkraad en die groepe met betrekking tot terugvoering van die geslaagdheid van byeenkomste, deur materiaalgebruik en enige verder ontwikkeling.'

---

[20] Hierdie bewoording vervang die Dagbestuur se besluit wat as volg gelui het: 'dat groepe wat meen dat hulle nie anders kan as om op Sondagaande te vergader nie, vriendelik versoek word om dit parallel met jeugdienste en Bybelstudiebyeenkomste te laat plaasvind.'

BYLAAG 3

Semantografiek van assosiasies met die gemeente Stellenbosch-Sentraal.



NEGATIEF	%	N
Styf/Koud/Onpersoonlik	22.56	74
Wil nie betrokke raak by lidmate nie	1.83	6
Gemeente met baie probleme	0.61	2
Swak bywoning	1.22	4
X	20.73	68

SAMESTELLING	%	N
Klein gemeente/Groot kerk	10.98	36
Groot leë kerk/Sonder kinders en jongmense	2.44	8
Oumense	5.79	19
Baie hooggekwalifiseerde mense	0.95	3
X	20.12	66

ANDER	%	N
Dr. Cilliers	0.31	1
Konserwatief	4.27	14
Baie potensiaal	7.32	24
X	14.63	48

VERGADERPLEK	%	N
Kerk/Huis van die Here	10.06	33
Studente kerk	1.22	4
X	11.28	37

DIENSTE	%	N
Goeie prediking	3.35	11
Mooi kersdienste	0.31	1
Gesinsdienste	1.52	5
X	5.18	17

KERKGEBOU	%	N
Vuil/Lelike kerkgebou	1.22	4
Onvriendelike gebou	1.22	4
X	2.44	8

MEELEWEND	%	N
Voel tuis/Ons gemeente/Kan mekaar	24.39	80
Vriendelike plek	1.22	4
X	25.61	84

BYLAAG 4

Semantografiek van assosiasies met 'n erediens gelei deur die predikante.

	%	N
Goed voorbereid	27.83	96
Lekker saamsing	4.64	16
Uitstekend	6.67	23
Praek dat kinders ook kan verstaan	6.09	21
Prakties	3.19	11
Geniet sy optrede/Verstaanbaar	10.34	36
Lekker preke/Boeiend/Interessant	2.90	10
X	61.74	213
Prediking: positief (Dr Cilliers)		
Goed voorbereid	41.08	152
Woordspeling/Goeie taalgebruik	12.16	45
Uitstekend/Briljant	7.57	28
Mooi boodskappe	12.97	48
Goeie sprekar/predikant	5.41	20
Hou van sy preke/dienste	1.08	4
Prakties/kreatief/lewendig	2.16	8
X	82.43	305

Persoon (Ds Du Toit)	%	N
Eerlik /Eg/Opreg	13.62	47
Baie aktiwiteite	3.18	11
Kinderpredikant/Net ingestel op kinders	3.77	13
Informeel	1.16	4
X	21.74	75
Persoon (Dr Cilliers)		
Egtheid	0.81	3
Formeel	1.08	4
Praat hard	0.54	2
Baie negatief	0.27	1
Akademies	1.35	5
Vir die oumense	0.27	1
X	4.32	16



	%	N
Prediking: negatief (Ds Du Toit)		
Hou nie van sy preke nie	1.74	6
Sing te veel	2.61	9
Swak	0.87	3
Sukkel om binne een uur klaar te kry	0.87	3
Stadig/Langdradig	8.12	28
Praat sag	0.58	2
Konserterig	1.74	6
X	16.52	57
Prediking: negatief (Dr Cilliers)		
Tê dramaties/Alliterasie	11.08	41
Sukkel om binne een uur klaar te kry	0.27	1
Swak	0.27	1
Langdradig	1.35	5
Moeilik verstaanbaar	0.27	1
X	13.24	49

Dr Cilliers

Ds Du Toit

BYLAAG 5

Deelnemende waarneming:

Kleuter binne erediens - Pinksterfees

Sit in die derde bank van voor af. Kleuter geïnteresseerd in die Mededelings wat vooraf by die deure uitgedeel is.

Hy vat aan sy das. Bekommerd dat dit skeef sit.

Tokkel met vingers.

Kyk rond, veral na ander kinders.

Baie beweging van sy hande en vingers.

Onder gebed: Kyk eers deur mededelings. Lê stil teen pa.

Onder Skriflesing en preek: Vryf die Bybel se kant oor en oor (taktiele ervaring). Sit doodstil terwyl prediker 'n verhaal as inleiding tot die preek op dramatiese wyse vertel. Na sowat drie minute neem hy weer die Mededelings. Blaai en draai dit tot by die prentjies. Kyk aandagtig na die prentjies.... Wonder. Skuif rond. Probeer 'n bietjie stilsit en luister. Neem weer die Mededelings. Kyk weer na die prentjies. Kyk rond in die kerk. Speel met sy hande en vingers. Swaai bene. Word vir 'n oomblik redelik stil en leuen aan teen ouer. Rol sy das op en weer af. Kyk of die punte ewe lank is. Gaap twee keer. Lê teen ouer. Sug verlig as prediker 'Amen' sê en van die kansel afklim om wingerdlote aan kinders uit te deel.

Hy gaan saam met die kinders vorentoe. Staan redelik stil voor met gesig na mense. Bekyk die gemeente. Kom terug bank toe met loot wat hy by die prediker gekry het. Baie kriewelrig. Gaap. Kyk baie rond onder kollekte. Geniet dit waarskynlik om self geld in die bordjie te plaas.

Na Kerk volg die volgende gesprek:

N1: Wat was vir jou lekker in die kerk?

D1: Dat ons vorentoe kon gaan.

N2: Wat het julle gekry?

D2: Takke.

N3: Waarvan?

D3: Druiwe.

N4: Hoekom?

D4: Omdat Jesus die loot is.

N5: En ons.

D5: Nee, ons is die lote.

N6: Wie is die wingerdstok?

D6: God.

N7: Hoekom was dit vir jou lekker om voor te staan?

D7: Jy kan almal sien.

N8: Wie het jy gesien?

D8: G se ma. (*Sondagskool-leidster*)

N9: Wie is G?

D9: Hy is ook een van die kinders in die kinderkrans.

N10: Wie is almal in die kerk?

D10: Die gemeente (*Hy gebruik die term hier korrek*)

N11: Wat het jy nog gesien?

D11: Die prente van die duiwe.

N12: Waar?

D12: Mos daar langs die kante. *(Kartonduiwe wat voor teen die kerk se muur was*).

N13: Wat is op die preekstoel?

D13: 'n Duif (*verwys na die kanselkleed*)

N14: Watter kleur is die duiwe?

D14: Wit.

N15: Hoekom wit?

D15: Swart is die duiwel se kleur.

N16: En die lappie?

D16: Rooi.

N17: Was dit vir jou mooi?

D17: Ja.

N18: Hoekom?

D18: Dis so helder.

N19: Hoekom is dit rooi?

D19: Jesus se bloed is ook rooi.

N20: Watter fees het ons gevier?

D20: Jesus het opgestaan.

N21: Maar dit het ons mos nou die dag met Paasfees klaar gevier. En onthou jy nou die aand was dit Hemelvaart? So wat is dit nou?

D21: O ja, Pinkster.

N22: Wie het op Pinkster gekom?

D22: Die Heilige Gees.

N23: Wat het die mense alles gesien toe die Heilige Gees gekom het?

D23: 'n Aardbewing.

N24: Wat nog?

D24: Vuurtjies op hulle koppe.

N25: Watter kleur is vuur?

D25: Rooi.

N26: Hoekom dink jy die lappie was vandag rooi?

D26: O ja! (*AHA-ervaring en einde van die gesprek*)

BYLAAG 6

Assosiatiewe woordspel

'n Ander moontlike poging om kleuters se gedagtes te herroep, is probeer met 'n assosiatiewe woordspel.

Metode:

N noem 'n woord en vra B en D om in volgorde woorde te noem wat pas by hierdie woord. Die spel gaan al in die rondte om. N probeer om gemeente-woorde tussen-in te voeg.

N: Klok

B: Lui

D: Klokkie

N: Kerk

B: Bid

D: Witmense

N: Klere

B: Mense

D: Herder

N: Skaap

B: Skaappop

D: Wol

N: Warm

B: Koud

D: Koue water

N: Doop

B: Mens

D: CD-player *(Sien dit raak in die vertrek)*

N: Musiek

B: CD

D: Draai

N: Wiel

B: Tyre

D: Kar

N: Venster

B: Huis

D: Lig

N: Kers

B: Vuur

D: Hout

N: Kruis

B: Plus

D: Somme

N: Skool

B: Klimapparate

D: Kinders

N: Sing

B: Klank

D: Kasset

N: Orrel

B: Dans

D: Musiek

N: Bly

B: Rok

D: Meisie

N: Diaken

B: Kollekte

D: Geld

N: Arm mens

B: Klere

D: Man

N: Ouderling

B: Dominee

D: Preek

N: Huiskerk

B: Mense

D: Oë

N: Prente

B: Verf

D: Hartjie

N: Sonde

B: Vrede

D: Wit

N: Doek

B: Baba

D: Oulik

N: Stilsit

B: Luister

D: Pa

N: Koor

B: Sing

D: Juffrou

N: Sondagskool

Einde.

BYLAAG 7

Kort storie(s) gemaak deur D en B.

Metode:

B is genooi om by D te kom speel. Prent S en T is vir hulle gegee om een storie oor te maak, met die volgende inleiding:

N: Hierdie dogter het by haar mamma gekom en gesê sy het 'n plan. Vertel vir my die storie.

Hulle ontvang opdrag om dan ook 'n storie oor prent V te maak. Die opdrag:

N: Hierdie man is een van die gemeentelde van die kerk in Kayamandi. Hy dink aan iets. Vertel vir my 'n storie.

Hierna is die twee alleen gelaat met 'n aangeskakelde bandopnemer.

Verbatim:

D: Sy kom by die huis en toe vra sy vir haar ma om koekies te bak.

B: Dit lyk my sy het verjaar. En sy blaas *(groot gelag)*....

D: Lees gou daai.

B: Ek kan nie lees nie *(groot gelag)*

D: Toe het sy koekies gebak. Nou gaan ons aan met die volgende storie.

Die man dink die kinders speel op die net. Sy kinders wil ook graag so speel.

(Baie sagte gefluister - onhoorbaar.)

B: En hy dink en hy dink en hy dink.

D: En hy wens sy kinders kan klere aangehad het, want hulle is kaal.

B: Ons is nou klaar.

Ongeveer twee uur later is D gevra om 'n ***langer*** *storie te vertel met die twee prente. Die resultaat:*

Verbatim:

1. Die meisiekind het op 'n dag verjaar en skool toe gegaan. Sy het die kers doodgeblaas en sy het huis toe gegaan en vir haar ma gehelp om koekies te bak vir haar verjaarsdag. En sy het baie lekker verjaar.

2. Die man het gedink hoe gelukkig is die kinders wat daar in die stad woon. En hulle is baie bevoorreg want hier by hulle is dit vuil en hulle het nie mooi klere nie. Hy dink hoe God al die kinders gemaak het en vir hulle klere gegee het en verstand om alles te doen en speel. Toe hy hier opstaan het hy vir die mense vertel van God.

BYLAAG 8

Navorsing oor die kleuter (4-6jaar) as gemeentelid.

Geagte Lidmaat van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch-Sentraal

Will our children have faith?

'n Paar jaar gelede (1976) het John H Westerhoff III 'n boekie geskryf met hierdie titel. Sy vraag het verskillende mense diep laat nadink oor wat tans in gesinne en gemeentes gebeur. Daar word o.a. nagedink oor hoe kinders geestelik opgevoed kan word sodat hulle as lewende lidmate van die liggaam van die Here Jesus sal leef.

In 'n klein stukkie navorsing word daar nou gekyk na wat **kleuters (4-6 jaar oud)** se indrukke van 'n gemeente is. Die gesprekke met 'n paar kleuters in u gemeente moet binne 'n raamwerk geplaas word. Hoe die gemeente oor hulle voel en dink, en hoe die gemeente hulle benader, vorm so 'n raamwerk.

Uit sowat 900 lidmate op die lidmaatlys, is elke tiende lidmaat gekies om te help om die raamwerk te beskryf. So is u gekies om 'n sekere ouderdomsgroep te verteenwoordig. Op die voltooide vraelys wat u terugstuur verskyn u naam nie weer nie, d.w.s. u antwoorde is anoniem. U menings sal as deel van die hele groep se respons hanteer word.

Sal u asseblief help deur die kort vraelys **baie eerlik** in te vul en in die gefrankeerde koevert terug te stuur. **Dit is baie belangrik dat u u eie mening gee waar dit gevra word.** Deur die vrae eerlik te voltooi, help u die kerk in een van sy pogings om sy bediening te verbeter.

Baie dankie.

Voltooi asseblief alle vrae in elkeen van die drie afdelings en stuur **voor 25 September** in die gefrankeerde koevert terug aan

Kleuternavorsing (M.Th. Jeugbediening)

Departement Diakoniologie

Privaatsak X1

Matieland

7602

Vraelys i v m Kleuters tussen 4 en 6 jaar oud

1. Biografiese besonderhede

1.1 Ouderdomskategorie (merk met ✓)

10-19 jr	☐	20-29 jr	☐	30-39 jr	☐	40-49 jr	☐	50-54 jr	☐
55-59 jr	☐	60-64jr	☐	65-69 jr	☐	70-74jr	☐	75 + jr	☐

1.2 Geslag

Manlik ☐
Vroulik ☐

1.3 Gesinsamestelling

Ongetroud ☐
Enkel (geskei of weduwee/wewenaar) ☐
Getroud ☐

1.4 **Ouderdom** van kinders **<u>in die huis</u>** indien enige

Kind 1 = ☐ jaar oud
Kind 2 = ☐ jaar oud
Kind 3 = ☐ jaar oud
Kind 4 = ☐ jaar oud
Kind 5 = ☐ jaar oud
Kind 6 = ☐ jaar oud

1.5 Hoe gereeld **praat u met, en luister u na kleuters**? (Merk net een)

Daagliks ☐
Weekliks ☐
Nou en dan ☐
Feitlik nooit ☐

1.6 Aan watter **gemeentelike groeps-aktiwiteite** neem **u self** deel?

		Gereeld	Selde	Nooit
1	Oggend-eredienste			
2	Aand-eredienste			
3	Kategese			
4	Jeugaksie (kinderkrans, JKJA, SKJA)			
5	Vrouediens			
6	Bybelstudiegroep			
7	Wyksbyeenkomste			
8	Ander kleingroepbyeenkomste			

(Voltooi asseblief ook die volgende twee bladsye)

2. Kleuters (4-6 jaar) en Deelname (*participation)*

Op watter wyses moet die kleuters as dooplidmate in u gemeente **deelneem?**

		My mening			My vriende se mening volgens my		
Kleuters se deelname aan Eredienste		JA	NEE	Maak nie saak nie	JA	NEE	Maak nie saak nie
1	Kleuterliedere uit jeugsangbundels sing						
2	As groep hardop saam met leraar bid						
3	Hanteer simbole soos kerse						
4	Offergawes help opneem						
5	Beweging na voor in kerk om iets te doen						
6	Vraag/antwoord in preke						
7	Deelname aan Nagmaal						
Kleuters se deelname aan ander gemeente-aktiwiteite							
8	Kinderkrans een maal per week						
9	Wyksbyeenkoms elke maand						
10	In klein selgroepe van 'n paar gesinne as ouers en kinders saam deelneem						
11	Kleuterkategese elke Sondag						
12	Betrek by gesprek tydens huisbesoek						
13	Deelname aan 'n kinderkerkkoor						
14	Gesellig na kerk by kerksaal koeldrank drink						
15	Speletjies speel, en kinder-items koop by die kermis						

Enige ander opmerkings oor **Kleuters en hulle deelname** aan die aktiwiteite van die gemeente waarvan hulle dooplidmate is.

.....

.....

(Voltooi ook vraag 3 op die agterkant, asseblief)

3. Kleuters (4-6 jaar) en Deelwees (behoort aan, *belonging)*

Beoordeel die volgende vier menings. Merk met ✓ en lewer kommentaar:

3.1 ***Kleuters moet liewers apart bedien word. Hulle kan dikwels nie alles sien nie, verstaan min en kan ook nie lank stil sit nie. Hulle teenwoordigheid in 'n erediens of by 'n wyksbyeenkoms is dikwels steurend.***

Ek stem saam ☐
Ek stem nie saam nie ☐

Motivering of opmerking:

.....

.....

3.2 ***Die eerste 5 tot 7 jaar is die belangrikste jare in 'n mens se geloofsvorming. Die hele gemeente moet dus baie aandag aan sy kleuterlidmate gee. Hulle moet soveel moontlik geleenthede kry wat hulle laat ervaar dat hulle deel van die liggaam van Christus is.***

Ek stem saam ☐
Ek stem nie saam nie ☐

Motivering of opmerking:

.....

.....

3.3. ***Die gemeente waaraan ek behoort dra deur woord, daad en houding 'n duidelike boodskap aan sy kleuters oor dat hulle aan die gemeente behoort.***

Ek stem saam ☐
Ek stem nie saam nie ☐

Motivering of opmerking:

.....

.....

3.4. ***Indien 'n gemeente min kleuters en baie meer seniors het, moet die kerkraad en leraars die byeenkomste en bedieninge liewer toespits op die ouer lidmate. Net enkele geleenthede, byvoorbeeld een kinderdiens per kwartaal, moet so ingerig word dat die kleuters ook spesiaal betrek word.***

Ek stem saam ☐
Ek stem nie saam nie ☐

Motivering of opmerking:

.....

.....

.....

.....

(Verdere kommentaar kan op 'n aparte bladsy aangeheg word.) Baie dankie!

BYLAAG 9

Tekeninge van Kleuters en Verbatims na tekeninge

Die tekeninge van A, H, J, L, M, en S (almal in Graad I) is op 'n 'n Vrydag by die skool gedoen saam met die res van die klas. Die navorser het kort hierna gesprekke met 'n bandopnemer in die personeelkamer met elke kind individueel opgeneem. Elke kind is eenkant geroep, en het vrae beantwoord terwyl hy na sy tekening kyk.

B, K en V het op 'n Maandag geteken. Hulle is in die pre-primêre klas en het ook saam met die hele klas geteken. Die opnames van hulle gesprekke is op dieselfde manier hanteer.

C het saam met 'n paar kinders die tekenopdrag in 'n ander kleuterskool se pre-primêre klas gedoen en gesprek gevoer met die onderwyseres.

D is op dieselfde wyse hanteer in 'n derde kleuterskool-omgewing. Die onderwyseres het aan 'n paar kinders die opdrag gegee en met twee van hierdie kinders gesprekke gevoer wat op bandopnemer opgeneem is, sodat D nie alleen gevoel het nie.

P het in 'n vierde skool met 'n pre-primêre klas onder leiding van die onderwyseres geteken en wou nie juis kommentaar oor die tekening lewer nie.

Interessante opmerkings van kleuters is met rooi gemerk (slegs op die oorspronklike teks).

A

Gesprek met onderwyseres tydens tekening (O = Onderwyseres):

A1: Ek teken die museum.

O1: Hoekom?

A2: Ek hou baie daarvan en dit is my gunsteling ding.

O2: Gaan jy jouself ook daarin teken?

A3: Ja, juffrou (baie beslis).

(Teken die sonvis)

O3: Hoekom teken jy die sonvis?

A4: Sy maag lyk soos 'n ronde son.

Gesprek ná die tyd met navorser:

N1: Wat is dit?

A1: Ons was by die museum. Dis 'n oom wat vertel van al die visse.

N2: So dit is 'n oom wat vertel van al die visse? En wat sien ek alles hier?

A2: Dis ek en my broer en dis my ma en dis my pa.

N3: Julle vier. En julle was by die museum?

A3: Ja, en dis 'n sonvis.

N4: Wanneer was julle by die museum?

A4: Mmm...

N5: Was dit lankal?

A5: Dit was op 'n Sondag. Laas keer toe ons by die kerk was. My ma het belowe as ons gou kerk toe gaan, dan gaan ons eers huis toe en dan gaan ons vir ons mooi klere aantrek, en dan gaan ons museum toe. Ons het na twee plekke toe gegaan, maar juffrou het gesê ek moet net een teken.

N6: Ja, so julle was eers by die kerk. En wat was daar by die kerk?

A6: Mmm..., ek dink poppe.

N7: Was daar 'n poppekas by die kerk?

A7: Ja.

N8: En toe is julle na die kerk museum toe? Baie dankie....

B

N1: B, vertel vir my wat gebeur alles op jou tekening.

B1: OK, daar's ek, daar's my ma, daar's voëls, die kerk en die kerk se klok en die son en die hoender wat op die kerk is.

N2: Ja...

B2: En dis omtrent al.

N3: Vertel vir my, as 'n mens by jou kerk se deur ingaan, wat gebeur daar binne of wat sien jy?

B3: 'n Mens sien ligte.

N4: Hoe lyk die ligte?

B4: So klein rond en dan net wit.

N5: En wat sien jy nog?

B5: Stoele. En die dominee. En mense.

N6: Hoe lyk die mense?

B6: Anderste as ek.

N7: Hoe anderste?

B7: (Stilte)

N8: Ken jy hulle?

B8: Nee. Net vir H (sy klasmaat by die skool).

N9: Is die mense vriendelik?

B9: Ja.

N10: Groet hulle die kinders?

B10: Ja.

N11: Wie het al vir jou gegroet?

B11: Baie mense.

N12: Grootmense of kinders?

B12: Grootmense en kinders.

N13: Hoekom is hulle vriendelik?

B13: (Stilte)

N14: Wie ken jy nog by die kerk?

B14: Die dominee.

N15: Hoe lyk die dominee?

B15: Hy staan op 'n preek.

N16: 'n Preekstoel, ja.

B16: En hy het 'n Bybel.

N17: Praat hy hard of sag?

B17: Hard.

N18: Hoekom?

B18: Dat ál die mense kan hoor.

N19: Kan jy iets onthou wat hy al gedoen of gepraat het?

B19: Nee.

N20: Wat gebeur nog behalwe die dominee wat daar voor praat?

B20: Daar staan net een mens daarvoor en hy gee briewe... kaarte uit wat 'n mens kan sien wat al die liedjies is.

N21: Waar staan hy?

B21: Daar heel voor.

N22: So daar by die ingang. Praat die dóminee die heeltyd.

B22: Ja.

N23: En wat doen die mense?

B23: Hulle mag nie praat nie.

N24: En mag hulle nog iets doen?

B24: Nee, hulle moet doodstil sit.

N25: Hoekom moet hulle doodstil sit?

B25: Omdat dan maak hulle die dominee deurmekaar.

N26: Lyk die mense vriendelik of sit hulle net daar met ernstige gesigte?

B26: Hulle lyk vriendelik.

N27: Hoekom dink jy lyk hulle vriendelik?

B27: Weet nie.

N28: En wie gaan almal saam met jou kerk toe?

B28: My pa en my ma. My broer gaan Sodagskool toe en ek gaan ook Sondagskool toe. Net my ma en my pa gaan kerk toe.

N29: Gaan julle nie partykeer saam kerk toe?

B29: Ja net partykeer.

N30: Is daar nie ook kerk by die Sondagskool nie?

B30: Ja, daar is kerk, maar my broer is by 'n ander Sondagskool.

N31: Is dit lekker as jy by die een kerk is en jou broer by die ander kerk en jou pa en ma by die ander kerk?

B31: Ja.

N32: Hoekom?

B32: Want dis lekkerder daar.... want ons gaan na ons klassies toe en dan praat ons en ons speel speletjies en alles.

N33: En dis beter as om in die kerk te wees?

B33: Ja, want dan praat die dominee te lank en dan word ons moeg en dan moet ons aan die slaap raak.

N34: En wat sê jou ma dan?

B34: Niks.

N35: As dit Sondagoggend is en jy gaan kerk toe, is jy dan bly of sou jy liewer skool toe wou gaan.

B35: Ek is bly.

N36: Hoekom?

B36: Want 'n mens leer baie goed.

N37: Het jy daardie mense wat by die kerk is al by 'n ander plek ook gesien?

B37: Ja.

N38: Waar?

B38: Iewers by die dorp.

N39: Kom 'n paar van julle gesinne nie somtyds so bymekaar nie.... so op party Sondagaande.

B39: Ja, party mense kom na ons toe, en ons gaan na party toe.

N40: Wie is julle almal?

B40: OK, dis ons familie en ons vriende.

N41: Wat doen julle dan?

B41: Dan speel die kinders en dan gesels die groter mense, maar dan bid hulle en lees hulle en alles.

N42: En is dit dan vir jou lekker?

B42: Ja

N43: Hoekom?

B43: Maatjies speel lekker by ons en ons speel lekker rekenaar.

N44: Kan jy ook bid?

B44: Ja, ek bid omtrent elke oggend.

N45: B, het jy al nagmaal gesien?

B45: So 'n bietjie

N46: Wat is dit?

B46: Ek kan nie onthou nie.

N47: Het jy al 'n doop gesien?

B47: (Stilte)

N48: En die kinderkrans? Wat gebeur daar?

B48: Ons gaan eers bid en dan praat ons en dan gaan ons in ons klassies.

N49: Is dit lekker?

B49: Ja.

N50: Hoekom?

B50: Want ons doen so baie goed dat dit net ewe skielik lekker word.

N51: Wie sien jy almal by die kinderkrans?

B51: My maatjies en die dominee.

N52: Die dominee?

B52: Ja

N53: Is dit lekker om die dominee te sien?

B53: Ja

N54: Hoekom?

B54: Want dan kan ons weer van al die goeters leer.

C

Die onderwyseres by die kleuterskool het slegs enkele vrae sonder bandopnemer aan C gestel en dit aan die navorser oorgedra. Voor die tyd was haar kommentaar: *Ek wonder of hy iets sal teken, want sover ek weet woon hierdie gesin se kinders nog nie eredienste by nie.* Die navorser is egter daarvan bewus dat die ouers gereeld vir die kinders uit die Bybel lees, dat C inskakel by die kinderkrans en dat die gesin 'n gemeente-selgroepbyeenkoms op weeklikse grondslag bywoon.

C het op sy tekening die gesin aangedui op pad kerk toe, die dominee wat uit die Bybel lees en ander gesinsgroepe op pad kerk toe.

D

Hy teken eers die kerkgebou, toe die rooi man wat die dominee is, toe die halwe man heel links en laaste homself heel regs. Die onderhoud is op band gevoer deur die onderwyseres van die betrokke pre-primêre klas.

N1: Sê vir my, wie is hierdie in die prentjie?

D1: Mmm, die dominee.

N2: En daardie?

D2: Dit is ek.

N3: En hierdie?

D3: (Dink 'n bietjie) 'n Ander omie.

N4: Ken jy die omie?

D4: Mmm, oom J.

N5: O, is dit oom J. Nou wat is julle besig om te doen? Vertel my die storie van jou prentjie.

D5: Ek maak skrik.

N6: Vir wie maak jy skrik?

D6: Vir iemand wat daar agter die kerk wegkruip.

N7: En wat doen die ander mense?

D7: Die een?

N8: Ja.

D8: Hy sê vir 'n mens iets.

N9: Wat sê hy vir jou?

D9: Kom kerk toe.

N10: Kom kerk toe? En oom J, wat doen hy?

D11: Hy praat met die mense daar.

N12: Kan ons daardie mense sien?

D12: Nee.

N13: Wat sê hy vir daardie mense?

D13: Alles oor die preek wat hy gedoen het.

N14: O, alles oor die preek wat hy gedoen het. Wanneer het hierdie prentjie gebeur?

D14: Wanneer het dit gebeur?

N15: Ja, wanneer het dit gebeur?

D15: Eenkeer by die kerk.

N16: Was dit 'n Sondag?

D16: Mmm.

N17: Vertel vir my nog verder wat het daardie dag gebeur...?

D17: (Stilte.)

N18: Hoekom het jy daardie een skrikgemaak?

D18: Want hulle is my maatjie.

N19: So hy is jou maatjie.

D19: Ons was besig om te speel.

N20: Was jy nie binne-in die kerk nie?

D20: Ek was.

N21: Nou speel jy buite om skrik te maak? Was dit na die tyd?

D21: (Stilte)

N22: Was die preek nou al klaar verby?

D22: Mmm

N23: Wat doen hierdie dominee nou weer?

D23: Hy praat nog.

N24: Met wie?

D24: Nee, hy sit en dink?

N25: Waaraan dink hy?

D25: Mmm, aan volgende keer se preek.

N26: En wie se kerk is dit? Waar is die kerk?

D26: Dis mos *('n lang, ingewikkelde pad-verduideliking volg.....)*

N27: Is dit die kerk waarheen julle altyd gaan.

D27: Ja.

N28: Het jy al na die preek geluister?

D28: Mmm.

N29: Hou jy daarvan as Pappa preek?

D29: Mmm.

N30: Wat onthou jy wat hy al vir jou gesê het?

D30: (Dink lank) Jesus was aan die kruis gesterf.

N31: Waarvoor?

D31: Vir ons sondes.

N32: So hy het dit vir jou in die kerk vertel? Baie dankie.

E

Opmerking: E het baie gesukkel om te begin teken.

N1: E, vertel vir my wat gebeur hier.

E1: Ek het in die boom geklim en toe val ek.

N2: So jy het in die boom geklim.

E2: En toe val ek.

N3: Wie is hierdie?

E3: My pa.

N4: En daardie?

E4: Dis iemand.

N5: En hier is 'n baie interessante kerk wat jy geteken het. Gaan jy soms daar in?

E5: Baie.

N6: En as 'n mens daar ingaan? Wat is daar binne?

E6: Die dominee.

N7: En wat nog?

E7: Jesus.

N8: Het jy Hom al gesien?

E8: Nee.

N9: Nou hoe weet jy Hy is daar binne?

E9: Weet nie (baie binnensmonds)

N10: E, sê vir my wat is hierdie?

E10: 'n Kruis.

N11: Het jy die kruis al in die kerk gesien? Waar is die kruis?

E11: By die dominee?

N12: Nou hoekom is daar 'n kruis?

E12: *(... geen respons, verleentheid...)*

N13: En al die mense wat in die kerk is... ken jy hulle?

E13: 'n Paar.

N14: Is dit vir jou lekker om hulle te sien?

E14: Ja.

N15: Wat gebeur nog in die kerk?

E15: Sing.

N16: Is die kerk kort, of is die kerk lank.

E16: (Vinnig en uitdruklik) Lank.

N17: Is dit te lank?

E17: *(...skud kop - nee...)*

N18: Baie dankie, jy het vir my 'n baie mooi tekening gemaak.

E18: Hierdie mense loop verkeerd-om.

N19: Is die kerk nou klaar? Is hulle bly dis klaar of is hulle spyt?

E19: Spyt *(baie sag, nie met baie oortuiging nie - behoort so te antwoord?)*

H

Opmerkings tydens die tekenproses:
Ek teken die kerk en die kerkklokke. Die klokke is vir my mooi. Ek teken die voëltjie ook want partykeer staan daar baie voëltjies by ons kerk.

N1: Jou naam is H, nè, en dit is jou baie interessante tekening?

H1: Ja.

N2: Vertel vir my wie is almal op hierdie tekening.

H2: Dis my pa, en dis ek en dis my suster J. Sy staan 'n bietjie verder.

N3: So sy staan 'n bietjie verder?

H3: Ja

N4: En jou pa staan aan hierdie kant?

H4: Ja

N5: En wat sien jy nog alles.

H5: Hier is drie voëls...

N6: Ja, en daardie een voël is daar?

H6: Ja, by die kerkklok.

N7: Ek sien ook baie vriendelik goed hier.

H7: Ja, die wolke en die son. En dit is die kerk se gedeelte.

N8: Ja

H8: En dit is so twee spaarkamers.

N9: Spaarkamers wat daar in die kerk is. Dis baie interessant. Was jy al in die spaarkamers gewees?

H9: Nee.

N10: Wat dink jy is in die spaarkamers?

H10: Soos goeters wat 'n mens nie juis gebruik nie.

N11: Goed wat hulle nie gebruik nie?

H11: Of iets wat hulle nog gaan gebruik. Dis die stoor.

N12: Dis baie interessant?

H12: En hier is 'n nessie.

N13: Ja, en hier binne? Ek wonder wat is hier binne?

H13: Die kerk.

N14: Die binnekant van die kerk. En as ek nou hierdie deur oopmaak..?

H14: Dan gaan daar 'n preekstoel wees *(beduie).*

N15: En wat is nog in die kerk?

H15: Baie banke... en daar's nog soos die nagmaalstafel.

N16: Is daar mense ook?

H16: Ja, natuurlik, maar net op Sondae.

N17: Watter mense is daar?

H17: Die mense wat kerk toe gaan.

N18: Ken hulle mekaar.

H18: Dit hang af wat se soort mense dit is.

N19: Hoe bedoel jy

H19: Soos, sê nou maar soos.... daar's baie mense wat mekaar ken. Want almal staan mos bymekaar, so hulle moet mekaar ken.

N20: Staan hulle almal bymekaar so hulle moet mekaar ken? Hoekom?

H20: Want God is hulle Vader, so hulle is almal familie.

N21: God is hulle Vader, so hulle is almal familie?

H21: Ja, hulle is.

N22: En hulle kom almal kerk toe.

H23: Ja

N23: Baie dankie....

J

N1: Vertel vir my wie dit almal is.

J1: Dis die tannie wat by die kerk werk.

N2: En die?

J2: Dis ek.

N3: En hierdie een?

J3: Dis die tannie wat by die kerk werk.

N4: Wat maak sy?

J4: Sy maak dit mooi skoon.

N5: En dit?

J5: Dit is die hekkie waar 'n mens ingaan.

N6: En wat gebeur hier?

J6: Dit is die trap waar 'n mens ingaan.

N7: Wie sien 'n mens as jy hier by die deur ingaan?

J7: My sondagskoolmaats.

N8: En wie nog?

J8: Die dominee.

N9: Ja, die dominee...

J9: En my pa.

N10: Hoe lyk die mense wat daar in die kerk is?

J10: Hulle het hare en oë, en hulle het skoene aan en hulle lyk mooi.

N11: Lyk hulle mooi? Hoekom lyk hulle vir jou mooi?

J11: Hulle het pakke aan.

N12: Is dit lekker om 'n pak en 'n das aan te hê?

J12: Ja, want dan lyk jy mooi.

N13: Ja en al die mense lyk dan mooi. Wie is nou weer al die mense daar in die kerk?

J13: My pa en my broers en ander ooms en tannies.

N14: Wie het gesê hulle moet kerk toe kom?

J14: Jesus.

N15: So jy dink Jesus het gesê hulle moet kerk toe kom.

J15: Mmm...

N16: Baie dankie. Dis 'n baie mooi en interessante tekening.

K

(Hy het tydens die tekenproses vir die juffrou gesê die gemeente is die kerkgebou)

N1: Jy sê jou naam is K, en jy het nog 'n boetie ook?

K1: Ja, sy naam is H.

N2: K, was dit vir jou lekker om te teken? Hou jy van teken?

K2: Nie baie nie.

N3: Nou vertel vir my wat het jy alles geteken.

K3: Daar's my son en hier's my kerk en hier is ek.

N4: As 'n mens hier instap by die kerk se deur... wat dink jy kry 'n mens daarbinne?

K4: Stoele en gordyne... en wat's daar nog... *(dink)*?

N5: Is daar mense ook?

K5: Ja.

N6: Wie?

K6: My ouma en oupa en daar's nog mense.

N7: Nou hoekom kom hierdie mense kerk toe? Hoekom bly hulle nie by hulle huise nie?

K7: Hulle moet na die Bybel toe... hulle moet kerk toe gaan... dis mos 'n moet!

N8: Is dit 'n moet? Hoekom?

K8: Dit leer jou van die Bybel.

N9: So dis belangrik om kerk toe te gaan, want daar leer ons uit die Bybel. En hoe sê jy nou weer, wie gaan almal saam na jou kerk toe? Ouma en oupa, en wie nog...?

K9: Ek weet nie wie nog nie... ander mense ook.

N10: Kan alle mense maar kerk toe gaan?

K10: Mmm...

N11: Sien jy partykeer die mense wat hier by die kerk is weer in die straat?

K11: Mmm...

N12: Jy sien vir ouma en oupa, né?

K12: En ek sien my tannie wat by my ma se winkel werk.

N13: Is sy ook hier by die kerk?

K13: Ja, en ek is ook daar.

N14: Wat is hier op jou?

K14: Dit is die knopies by my trui.

N15: Het jou kerktrui sulke knopies?

K15: Ja.

N16: Jy is alleen hier geteken. Gaan jy so alleen?

K16: Nee, my ma en my broer gaan saam.

N17: Waar sit julle?

K17: Ons sit agter. (vgl opmerking oor gordyne vroeër - die gemeente se kerkruimte word met gordyne afgeskort om dit te verklein)

N18: Is dit lekker agter in die kerk?

K18: Ja, 'n mens kan goed sien.

N19: So julle kan goed sien.

K19: Ja, ons is mos hoog.

N20: Is dit. Klim julle met die trappies op?

K20: Ons het al een keer.

N21: Wat sien jy daar voor in die kerk?

K21: Die dominee.

N22: Is die kerk lank of is die kerk kort?

K22: Lank.

N23: Baie lank? Wat maak 'n mens as dit lank is? *(Misverstand hier)*

K23: Sodat baie mense kan spasie hê.

N24: Sodat baie mense spasie kan hê?

K24: Ja, die kerk moet groot wees.

N25: Maar ek bedoel, raak jy partykeer moeg omdat die kerk lank aanhou?

K25: Ja.

N26: Wat maak jy dan?

K26: Ek sit op my ma se skoot en dan raak ek partykeer aan die slaap.

N27: Dis darem lekker om so op Mamma se skoot te kan sit. Is daar iets wat eendag baie lekker was by die kerk?

K27: Ja. Ek het eenkeer 'n lekkertjie gekry.

N28: By die kerk? Hoe het dit gesmaak?

K28: Lekker.

N29: Baie dankie dat jy vir my 'n tekening gemaak het...

(Gaan direk na bladsy 288)

L

N1: L, jy het 'n baie interessante tekening gemaak. Ek sien hier is 'n baie interessante paar mense op. Vertel vir my wie is hulle almal?

L1: Daai is my pa en hy sing so 'n klein bietjie met sy Bybel (laggie).

N2: Ja...

L2: Hy sing 'n Jesus-liedjie. En daar is my groot suster wat in die koshuis is. Sy lees ook Bybel.

N3: Ja, sy lees ook Bybel.

L3: En daai is ek, en ek eet 'n roomys.

N4: Ja.

L4: En daarso is 'n ander meisiekind.

N5: Ken jy vir haar?

L5: Ja, ek ken haar.

N6: Is sy deel van julle familie?

L6: Nee, sy's maar net 'n maatjie van my.

N7: Sien jy haar altyd by die kerk?

L7: Ja, net partykeer.

N8: Net partykeer?

L8: Ja, sy is 'n sub B-meisie.

N9: En is dit die kerk daardie?

L9: Ja

N10: En wat is daar as 'n mens die deur oopmaak?

L10: Dan's dit die kerk binnekant waar die dominee se preekstoel is en 'n klomp stoele.

N11: En wat is vir jou interessant of lekker in die kerk?

L11: Mmm, as mens sing in die kerk.

N12: As 'n mens sing. Ek kan dit baie duidelik sien as ek na jou prentjie kyk. Wie sing almal?

L12: Die dominee sing, en die mense sing en ek sing en my sussie sing en my pa en my ma sing en al die ander mense sing ook.

N13: Nou wie is al daardie mense wat so sing?

L13: Dis my tannies en my ooms en my oumas en my oupas...

N14: Nou hoekom sing hulle?

L14: Omdat hulle is lief vir die Here en nou sing hulle vir die Here.

N15: Dink jy almal van hulle is lief vir die Here en hulle sing vir Hom liedjies?

L15: Ja.

N16: Is dit? Is dit waarom hulle kerk toe kom? Of hoekom kom hulle kerk toe?

L16: Sodat hulle van Jesus kan leer en van Jesus kan hoor wat hulle nog nie weet nie.

N17: Baie dankie....

M

N1: M, vertel vir my 'n bietjie oor hierdie prentjie. Wie is daar?

M1: Dis ek en 'n maatjie by die skool.

N2: Vertel vir my die storie van hierdie prentjie. Wat gebeur in hierdie prentjie?

M2: Ons het in die bos gaan stap.

N3: So julle het in die bos gaan stap?

M3: En ons kyk na al die diertjies.

N4: En julle kyk na al die diertjies. Watter dag het julle hier gaan stap?

M4: Mmmm, Vrydag.

N5: Op 'n Vrydag. Is jy baie lief vir hierdie maatjie?

M5: Mmmm.

N6: En vertel vir my nog oor hierdie prentjie.

M6: Dis al die diertjies.

N7: Is dit al die interessante diertjies wat jy in die bos sien. Hoekom gaan jy en jou maatjie in die bos stap?

M7: Ek het vir my ma gevra.

N8: Ja?

M8: En toe sê sy ja.

N9: En toe was dit lekker? Hoekom het jy gevra om in die bos te gaan stap?

M9: Ons wou na die diertjies gaan kyk.

N10: Vertel gou vir my, sê nou ek sê: Daar was 'n gemeente. Wat is dit?

M10: Ek weet nie.

N11: Kom ek vra vir jou iets anders. Die mense wat soms kerk toe gaan.... wie gaan kerk toe?

M11: Mense.

N12: M, enige mens? Dis nie spesiale mense nie?

M12: Ja dit is spesiale mense.

N13: M, hoekom sê jy so?

M13: *(Stilte)*

N14: M, is jy ook spesiaal?

M14: Ja.

N15: Hoekom is jy spesiaal.

M15: Mmmm, Jesus is vir my lief.

N16: Ja, daarom is jy spesiaal. Vertel nog iets vir my. As jy by 'n kerk kom, wie sien jy almal daar?

M16: Klomp mense.

N17: Noem vir my iemand wat jy daar gesien het.

M17: S..

N18: Is dit vir jou lekker as vir haar daar sien? Is sy een van jou maats?

M18: Ja.

N19: Hoekom?

M19: Want sy is een van my maatjies.

N20: Is julle hier by die skool ook maatjies?

M20: Nie eintlik nie.

N21: Nou wie sien jy nog daar?

M21: A...

N22: Is dit ook 'n maatjie?

M22: Ja.

N23: M, en watter grootmense sien jy ook daar?

M23: E... se ma.

N24: Vertel vir my, moet jy kerk toe gaan?

M24: Mmm...

N25: Hoekom?

M25: Want anders kan jy nie leer van die Here nie.

N26: So anders kan jy nie van die Here leer nie. En wat van die ander klomp mense. Is dit vir hulle lekker om kerk toe te gaan?

M26: Ja.

N27: Hoekom?

M27: Jesus is daar?

N28: So Jesus is daar. Waar is Hy?

M28: Binne in die kerk.

N29: Dis baie interessant. En as die kerk klaar is?

M29: Dan's Hy by al die mense.

N30: Al gaan hulle na al die baie plekke toe?

M30: Mmja.

N31: Is hy regtig by al die mense?

M31: Ja...

N32: Nie net by die wat in die kerk was nie?

M32: Nee.

N33: Baie dankie, M...

P

(P het saam met sy klas onder toesig van die kleuterskool-onderwyseres geteken. Sy het terugvoering gegee dat hy nie eintlik oor sy tekening wou praat nie. Hy het homself ook nie op die prent uitgewys nie, maar wel gesê dat hy die kerk met die vensters geteken het. Die twee figure is ander mense wat kerk toe loop. Hy het sy naam bo in die linkerkantste hoek geteken en daar rondom versier. P se vader woon nie eredienste by nie. Die res van die gesin wel.)

R

N1: A, jy het vir my 'n baie interessante tekening gemaak. Wat sien jy alles hier?

R1: Dis my mamma wat huil.

N2: En dit?

R2: Ouma.

N3: En die een?

R3: Ek.

N4: En die een?

R4: Pappa.

N5: En jy is tussen die twee? En wie is daardie een?

R5: Oupa.

N6: En wie is dit?

R6: Die dominee se vrou werk ook daar.

N7: Is dit die dominee se vrou?

R7: Ja.

N8: En sy werk daar.

R8: Ja.

N9: En daardie een?

R9: Die dominee.

N10: Vertel vir my gou wat is hierdie alles?

R10: Die kerk, hier's die klokke, en die vensters, en die haantjie wat op die kruis staan op die dak, en die son huil ook want oom Johan is dood. Maar ek weet nie op watter dag nie.

N11: En toe jou oom Johan dood is. Wat het toe gebeur?

R11: Toe het ons almal begin huil en ons almal het gewens dat hy by die Here sal wees.

N12: Is dit. Het dit lankal gebeur?

R12: Baie lankal... toe ek nog nie eers ses was nie.

N13: En het julle toe kerk toe gegaan?

R13: Ja

N14: En hoekom het julle kerk toe gegaan?

R14: Want my oom is dood en daardie dag wou ek die Here geloof en prys het.

N15: Hoekom wil julle Hom daardie dag geloof en prys het.

R15: Want ek is lief vir die Here en ek lees my Bybel. Toe ek verjaar het, toe was my oom al lankal dood en toe koop my ouma en my oupa vir my 'n Kinderbybel en ek lees elke aand daarin.

N16: Nou lees jy elke aand daarin?

R16: *(Kyk na die prent)* En hier huil almal en die sonnetjie huil ook.

N17: Ek sien die sonnetjie huil ook. Was daar ander mense ook?

R17: Ja, maar hulle is nog binne in die kerk.

N18: Wat maak hulle?

R18: Hulle sing en toe kom ons uit om die laaste keer te kyk na die kruis daarso *(wys na die kruis op die graf of kis).*

N19: Wie is die mense in die kerk.

R19: (Noem name), en die brandweermense, en my een maatjie wat 'n bietjie baie stout is.

N20: Mag hy ook kerk toe kom.

R20: Ja.

N21: Nou hoekom mag hy ook kerk toe kom.

R21: Hy wil ook prys die Here, maar hy is 'n bietjie stout.

N22: Nou hoe loof en prys 'n mens die Here?

R22: 'n Mens sing en mens bid en jy lees uit jou Bybel.

N23: Gaan jy baie kerk toe?

R23: Baie keer, en Sondagskool toe. Onthou oom my nie toe ek daar voor by oom gekom het nie?

N24: Ja, ek onthou vir jou goed. As 'n mens klaar is by die Sondagskool en die kerk, wat dan? Sê eers vir my wat is daardie klomp mense by die kerk se naam? Het hulle een naam?

R24: Ek het vir hulle 'n naam gegee, maar ek weet nie of al die mense dit ken nie. Dit noem 'n mens die loofgroep.

N25: Dis baie mooi. Dis baie mooi en jy het vir hulle hierdie naam gegee.

R25: Ja, want hulle loof en prys die Here.

N26: Is dit? Het jy nou sommer so vir hulle daardie naam gegee?

R26: Ja.

N27: En as hulle klaar in die kerk vir die Here geloof het, wat maak hulle dan?

R27: Dan gaan ons huis toe en dan eet ek eers my wortels en my gesonde kos.

N28: Is dit..?

R28: En op Sondae as ek klaar by di Sondagskool is.... ek het amper vergeet, maar ons braai elke keer. Ons braai hoender en partykeer eet ons sommer 'n skapetjie wat my mamma gemaak het.

N29: 'n Skapetjie?

R29: 'n Skaapboud.

N30: So julle eet baie lekker. As daardie loofgroep nou uit die kerk is, dan gaan hulle seker almal lekker kos eet.

R30: Ja maar ek het vir hulle 'n ander naam as hulle uit die kerk is.

N31: Ja?

R31: Dan is hulle die buitekantgroep want hulle is dan buitekant die kerk.

N32: As hulle buitekant die kerk is, kom hulle dan nie weer bymekaar nie.

R32: Ja, hulle kom weer op 'n volgende Sondag.

N33: En as hulle mekaar in die week sien?

R33: Dan sê hulle: Hallo, hoe gaan dit met jou? Is dit lekker vir jou in die kerk? Loof en prys jy die Here?

N34: Is dit.... dan sê hulle sulke goed. Ek het nie geweet hulle sê sulke goed nie...

R34: Ja.

N35: Baie dankie, dit was baie lekker...

R35: En een keer toe ek gaan slaap het in my bed, toe weet ek sommer die duiwel is daar naby want ek het sy voetstappe gehoor. Hy wou sommer vir Jesus uitgegooi het en binne in my lelike hartjie gekom het. Toe sê ek: "Nee, duiwel, gaan weg, ek hoor jou voetstappe. Die Here is by my." Toe vat ek my Bybel en vat hom by my (maak gebaar asof sy die Bybel voor haar bors omhels) en toe slaap ek met hom by my.

N36: Toe slaap jy met jou Bybel by jou?

R36: Ja dat die duiwel nie kan inkom nie.

N37: Is dit?

R37: Ek het vier tande al gewissel...

N38: Is dit?

R38: En... vyf rand *(wys vyf vingers vermakerig)* vir elke tand!

N39: Baie dankie nou eers....

S

N1: Watter prent is joune?

S1: Hierdie een.

N2: O, hierdie een. Jy het 'n baie mooi prent gemaak. Vertel eers vir my wie is almal hier?

S2: Daai is ek en daai is sommer net 'n tannie wat die plante natspuit.

N3: En dis die kerk?

S3: Ja

N4: Het jy al so 'n tannie daar by die kerk gesien?

S4: Nie eintlik nie.

N5: Nie eintlik nie? Is jy en die tannie die gemeente?

S5: Ja.

N6: En wie is nog daar?

S6: My ma en my pa en my boeties en sussie en al my maatjies.

N7: En al jou maatjies... En hulle is almal in die gemeente.

S7: Ja

N8: Wat se ding is die gemeente?

S8: Dit is die mense wat in die kerk is.

N9: Daar binne-in?

S9: Wat kerk toe kom. En wat ook die geld maak.

N10: Wat ook die geld maak?

S10: Wat ook die geld bring.

N11: Waar kry hulle die geld?

S11: Hulle sit 'n bakkie daar binne op die tafel. En al die mense wat ingaan dan vat hulle geldjies en dan sit hulle dit in die bakkie en dan gee hulle dit vir al die arme kindertjies.

N12: So is dit al die mense wat geld bring en wat dit vir die arm kinders gee wat kerk toe kom?

S12: Nee, nie net hulle nie, maar dis ook al die ander mense wat kerk toe kom.

N13: Dis baie interessant dat jy vir my vertel van die mense wat geld bring. Is die arm kindertjies ook deel van die gemeente?

S13: Jaaa (nadenkend)...

N14: Hoekom is hulle deel van die gmeente?

S14: Want hulle het ook die Here lief, partykeer.

N15: So party van hulle het ook die Here lief. Nou hoekom kom hulle partykeer nie kerk toe nie?

S15: Hulle het nie geld nie.

N16: So, hulle het nie geld nie, nou kan hulle nie kom nie.

S16: Ja.

N17: Moet 'n mens geld hê om kerk toe te kom?

S17: Ja.

N18: Dis vir my so 'n mooi storie wat jy vir my vertel van mense wat kerk toe kom en geld vir die arm kindertjies gee. Hoekom gee hierdie mense geld?

S18: Om vir die Here te help.

N19: Help hulle vir die Here... Gee jy ook geld?

S19: Ja.

N20: Is dit lekker om 'n geldjie te gee.

S20: Mmm...

N21: Ek dink dis nie lekker om geld te gee nie.

S21: (Baie beslis) Ek dink dit is.

N22: Hoekom?

S22: Want dan's die Here bly.

N23: Dan kan die arm kindertjies ook iets kry. En wat is nog vir jou lekker by die kerk?

S23: As 'n mens prentjies teken en as 'n mens die Here loof.

N24: Nou hoe loof 'n mens die Here?

S24: As 'n mens vir Hom sing en as 'n mens uit die Bybel lees en as 'n mens gebedjies opsê.

N25: Loof al die mense die Here?

S25: Nie party nie.

N26: So party en nie die ander nie. As die mense nou klaar die Here geloof het en hulle gaan nou hier uit die kerk uit, wat gaan doen hulle dan. Dan loof hulle nie meer die Here nie.

S26: Maar dan gaan hulle huis toe en dan maak mens kos en dan eet mens.

N27: En dan wag hulle die hele week voordat hulle weer kerk toe kom?

S27: Mmm

N28: En wat doen hulle in die week?

S28: Dan gaan mens skool toe, en jy werk en al daai goed.

N29: En dan wag 'n mens die hele week totdat dit weer kerk is.

S29: Ja.

N30: En as dit Sondag word?

S30: Dan gaan mens kerk toe.

N31: En dan, is dit lekker om op te staan en kerk toe te gaan?

S31: Ja.

N32: Is dit nie 'n bietjie vroeg nie?

S32: Nee.

N33: Baie dankie vir die mooi tekening.

V

N1: Jy het vir my 'n baie interessante tekening gemaak. Wie is almal in julle gesin?

V1: Ouma en oupa, mamma en pappa en ek.

N2: En boeties en sussies.

V2: My sussie ook.

N3: Wat doen jou mamma en pappa?

V3: My mamma drink tee en my pappa gaan werk. (!)

N4: Wat sien jy alles hier? Vertel vir my.

V4: Drie vensters en 'n klok wat hierso uithang en 'n mannetjie trek dit. Hier staan ek en kyk hoe trek die mannetjie die klok. Hier is die deurtjie waar 'n mens instap.

N5: Vertel vir my, as 'n mens hier instap, wat sien 'n mens binne in jou kerk?

V5: 'n Mens kry tee, daar is tee en suiker, en 'n mens sien gordyne, en 'n mens sien tafels en 'n mens sien stoele.

N6: Kry 'n mens tee by die kerk?

V6: Mmm...

N7: Dis baie lekker, né?

V7: Mmm...

N8: Is jy lief vir tee?

V8: Ja.

N9: Hoekom gaan die mense hier in by jou kerk?

V9: Want... hulle het nie 'n ander kerk nie.

N10: En watter mense het jy al almal hier binne-in jou kerk gesien?

V10: Die dominee en my sussie en my mamma en my ouma en my oupa.

N11: Kan jy onthou wat die dominee al gepraat het hier in die kerk?

V11: Nee.

N12: Is dit lekker in 'n kerk of is dit lekkerder by die huis?

V12: Lekkerder by die huis.

N13: Hoekom?

V13: Want by die kerk moet 'n mens net heeldag sit, en jy staan op en jy kry tee, maar jy kry nie stokkielekkers daarso nie.

N14: So 'n mens moet sit. Lank?

V14: Ja.

N15: Wat gebeur alles as 'n mens so sit?

V15: 'n Mens raak net moeg.

N16: Wat hoor 'n mens?

V16: Wat die dominee praat.

N17: Wat praat hy? Kan 'n mens dit verstaan of praat hy snaakse goed?

V17: Ek kan die dominee verstaan.

N18: En wat doen julle behalwe sit?

V18: Ons drink tee.

N19: As die mense uitkom uit die kerk, waarheen gaan hulle dan?

V19: Hulle gaan huis toe.

N20: Sien hulle mekaar weer by die huis of iewers.

V20: Mmm...

N21: Wanneer sien hulle mekaar weer?

V21: Later as hulle weer kerk toe kom....

Evaluering van tekeninge

Die tekeninge is saam met 'n paar ander interessante tekeninge aan die twee onafhanklike interpreteerders voorgelê. Kommentaar wat nie van toepassing is op die veertien geselekteerde kinders se tekeninge nie, is nie as data in aanmerking geneem vir hierdie skripsie nie. Dit word egter hier weergegee om die geselekteerde kinders se tekeninge binne 'n groter beoordelingsveld te plaas. Dit sou ook interessant wees om te probeer om vergelykings te tref tussen die tekeninge van kleuters van verskillende gemeentes. Tekeninge W, X, Y, en Z was vir die navorser interessant:

W: Die betrokkenheid by die troue (ritueel) het 'n onmisbare indruk op die kleuter gelaat. Verskillende elemente van sosialisering is aanwesig.

X: Hierdie kleuter se ouers is onlangs geskei. Naweke gaan hy na sy pa op 'n ander dorp en aldus voer hy aan kan hy nie kerk toe gaan nie. Wat beteken die dik swart mure om die kerk of huis?

Y: Hierdie kleuter se vader het die huis ongeveer 'n maand tevore verlaat. Die uitgespreide gesin in die kerk met die kleuter self heel agter (nader aan pa as aan ma), en met die gesigte weggekeer gee moontlik uitdrukking aan die proses van verwerking van die egskeiding, skaamheid, hartseer, onuitgeklaarde verhoudings in terme van nabyheid en verwydering....

Z: Is dit nie 'n mooi prent van verwelkoming by die kerk nie?

Die kommentaar is op kassetband gegee en deur die navorser in verbatim-styl op skrif geplaas.

Interpretasie deur PN

Die evalueerder het geen persoonlike kennis van een van die respondente nie, en interpreteer dus in 'n "lugleegte". Sy kommentaar

Die groep as geheel - hoë kwaliteittekeninge.

A:

Detail, goeie kleur, gesin van die kind.

B:

Swakker tekening, minder kwaliteit, impulsiwiteit weerspieël in onnet inkleur.

C:

Baie detail, kerk sentraal, gesin. Eerste tekening wat 'n aanduiding gee van gemeente.

D:

Weer eens minder volwasse.

Kerk sentraal, dominee wel daar, maar geen aanduiding van 'n gemeente nie. Kind self op die periferie.

E:

Kerk sentraal, maar tekening van kind wat uit die boom val en sy pa en iemand wat verkeerde kant toe loop. Hierdie kind homself nie as lidmaat beskou nie... en waarskynlik ook nie sy pa nie.

H:

Kerks sentraal, goeie detail, gesin wat om die kerk geskaar is. 'n Positiewe tekening.

J:

Tekening met detail. Die kind en sy broer, waarskynlik by die huis. Daar is 'n tannie wat by die kerk werk - nie duidelik of dit gemeente betrek of nie, vir my lyk dit na nee.

K:

Een van die laervlak-tekeninge. Moontlik 'n preekstoel met 'n figuur daarby en moontlik 'n spits dak. Min verbeelding.

L:

Pragtig, met mooi detail. Pa wat 'n Jesus-liedjie sing, musiek teenwoordig en vreugde. Die gesin 'n bietjie verspreid, moeder nie teenwoordig op die tekening nie.

M:

Goeie kleur en detail, vreugde, geen aanduiding van kerk of gemeente nie.

P:

Een van die laervlaktekeninge, minder volwasse nog. Kerk en vensters van die kerk simbolies weerspieël en mense wat kerk toe loop. Daar is 'n begrip van gemeente met die kerk sentraal, maar nie besonder duidelik nie.

R:

Gedetailleerde tekening. Hartseer element, kis of graf naas die kerk. Dominee en vrou teenwoordig, ouma by ma en kind en pa aan die ander kant. Nie 'n gelukkige tekening nie. Kerk is sentraal.

S:

Kerk sentraal. Tekenares is besig om met blomme iets te doen, tannie wat blomme natgooi. Eienaardige kommentaar van geld kry, wat moontlik verband hou met kollekte of die rol van die kerk met fondsinsamelings.

V:

Laervlaktekening. Kerk moontlik weerspieël.

[21](W: Baie mooi gedetailleerde tekening van gemeente in die kerk. Was al twee keer 'n blommemeisie.

X: Gebou wat moontlik 'n kerk kan wees. Daar kom 'n gesin aan met voertuie op die pad. Tekening is ietwat somber. Daar is 'n donkerheid wat vir my 'n bietjie bekommer.

Y:

Weer eens gemeente in die kerk, dominee op die kansel, blomme, kerse, gemeente wat sit, maar die gemeente word van agter gesien, behalwe dominee. Dis gevaarlik om gevolgtrekkings te maak, maar dit sou kon wees dat hierdie kind die gemeente as miskien minder toeganklik ervaar.

Z:

Kerk met die klok, die mooi venster, die deur oop! Die tekenares met twee tannies wat by die deur ingaan en die persoon wat by die deur die boeke uitgee. 'n Positiewe tekening.)

---

[21] Opmerkings wat in hakies geplaas is, of tekeningnommers wat in hakies geplaas is, verwys tekeninge wat nie deur kleuters van die geselekteerde groep gemaak is nie.

(X,) M, J, A

Vier, 22%, wat tekeninge gemaak het wat nie die kerk op enige manier verteenwoordig nie. X mag die kerk wees, maar daar is rook wat by die skoorsteen uitdraai, alhoewel daar 'n gekleurde venster is. Maar hierdie tekening het die swaar swart raam en dit is kommerwekkend. M het waarskynlik niks met die kerk te doen nie, en daar is net 'n maatjie by die kunstenares. J is die tannie wat by die kerk werk. Weer eens nie van die gemeente nie. A is 'n baie goeie tekening, maar dit is die museum na die kerk.

V, P, K, en B

Vier, 22%, van die tekeninge beoordeel, is van laer kwaliteit, maar twee van hulle verteenwoordig beslis die kerk. Daar is beslis 'n begrip van die teenwoordigheid van die kerk as gebou by hierdie vier kinders.

Die 56% wat oor is, word weer eens ingedeel:

(W,) C, (Z, Y)

Vier, 22%, wat beslis die kerk as gemeente verteenwoordig. Die heel beste een daar is W, die troupaar voor die kansel, met die gemeente in die kerk waar die simboliek van die kruis en die Boek teenwoordig is. Dit is vir my 'n

aanduiding van begrip van dit wat die kerk uitmaak. C is ook 'n baiemooi tekening, waar daar 'n aanduiding is van 'n gemeenskap om die kerk. Die kerk sentraal met die kruis heel bo, die dominee lees uit die Bybel, en die gesin op pad kerk toe. 'n Baie positiewe tekening wat begrip van gemeente en lidmaatskap vir my goed verteenwoordig. Z waar die tekenares met twee tannies en 'n man by die deur inkom. Die deur is oop. Die kerk is aantreklik. Die simboliek van die klok en die boek by die deur. Daar is ook gemeenskaplikheid waarvan ek hou. Y - hierdie kind se pa het volgens die aantekening die huis ongeveer 'n maand gelede verlaat, en dan is die gesin ook verspreid in die kerk. Die gemeente kyk weg van die kind af, maar daar is blomme en kerse en die dominee is op die kansel en kyk na die kind toe. Daar is weer eens 'n aanduiding van gemeente.

Die grootste groep[22], 33% van die response, is minder verbind:

L, H, R, D, E, S,

L: Die kerk is daar, pa sing Jesusliedjie....ma nie teenwoordig nie, maar 'n vrolike tekening.

---

[22] Hierdie groep verteenwoordig waarskynlik die gemiddeld van die betrokke gemeente se kleuters.

H: Die kerk is sentraal, die gesin is om die kerk, maar daar is geen aanduiding van gemeente nie, ook nie van dominee nie. Weer eens is ma nie teenwoordig nie.

R: Die tekening wat op 'n hartseer dui, met al die persone teenwoordig. Miskien kon dit geplaas geword het waar die gemeente uitgebeeld word, maar my gevoel is dat dit meer 'n uitbeelding is van 'n persoonlike hartseer. Interessante tekening.

D: Laervlaktekening, waarskynlik 'n jonger kind. Kerk en dominee is geteken, maar die kind self is nie deel daarvan nie - hy maak iemand skrik, so die werklike betekenis van die kerk is waarskynlik nog nie heeltemal gevestig nie.

E: Die kerk sentraal, maar die kind wat uit die boom uitval en die pa wat eintlik verkeerde kant toe loop. Interessante tekening van die kerk - amper asof daar tralies rondom is. Die simboliek van die kruis is daar, maar dit sou baie interessant wees om te weet wat in hierdie kind se lewe aangaan.

S: Beeld die tannie uit wat die plante natmaak. Hierdie een ook moontlik onbillik eenkant geplaas. Die geld kry, laat my voel of die werklike betekenis van die kerk miskien 'n bietjie skraal is in hierdie kind se gemoed.

As ek na die vier tekeninge kyk wat as positief geklassifiseer is[23], het dit my nogal beïndruk dat hierdie vier kinders 'n gevoel het van 'n gemeenskap, 'n groep, al is hulle in hierdie stadium 'n bietjie meer gevoelig oor gebeure in die gesin.

---

[23] Slegs een kleuter uit hierdie groep van vier is 'n dooplidmaat van hierdie gemeente en een van die veertien geselekteerdes.

Tekening-evaluering deur C Roux

Die omgewing waarbinne die tekeninge gedoen is, en die persoon wat dit afgeneem het, is baie belangrik vir die analise van die tekeninge. Ek sal graag wil weet watter rol die gebruik van kleur hierin speel. Was daar spesifieke kleurkryte gegee met 'n spesifieke doel of was dit net algemene kryte wat daar in die kamer was?

Een van die interessante dinge wat in die verlede al vir my duidelik geword het, is dat die dominante gebruik van kleur, byvoorbeeld swart, nie noodwendig 'n mate van agressiwiteit by kinders aandui nie. Kinders het byvoorbeeld 'n voorkeur vir kleur. Daar is byvoorbeeld gevind in die analise wat ons gemaak het van kinders uit die dowe gemeenskap se tekeninge dat gehoorgestremde kleuters soms werklik meer die donker kleure gebruik. Dit kan miskien 'n sterk sielkundige situasie wees waarin hulle die gebrek aan 'n sintuig miskien ervaar en dat dit miskien daaraan gekoppel kan word, maar dit is nie noodwendig dat as daar baie swart gebruik word, dit as agressie gesien moet word nie. Ook dat daar sommige kinders is wat wel dominante kleure verkies weens die warmte en kleure daarby betrokke. Ook is daar gevind dat wanneer kinders besig is met die religieuse komponente hulle meer die bloue of sagte groen verkies. Dit is dus nie so dat wanneer kinders sekere kleure gebruik dat hulle altyd aggressiwiteit of positiwiteit tot 'n besondere onderwerp wil uitoefen nie.

Opmerkings by tekeninge:

A:

Heel normaal. Wat interessant is, is dat dit die kind binne-in die geborgenheid teken ....

B:

Groen... kerk met tipiese hoenderhaan daarop en 'n kind wat hier is, is heel vrolik. Dit is interessant om te kyk na die tipe tekening t.o.v. ontwikkeling.... Die tipe vorme van die menslike figure wat hierdie kind gebruik.

C:

Alles wat gebeur is buite die kerkgebou. Die kerk is nie soort van gelokaliseer nie. Dis gesinsgeoriënteerd, dominee apart, met veral die feit dat hy groot is en die mensies klein. Dis vir my ook baie interessant om te let op die tipe van menstekening wat jy hier vind.

D:

Die menstekeninge - kyk na die groot hande en snaakse voetjies. Die kerk word as 'n gelokaliseerde komponent gegee.

E:

Weer 'n kerk en mense apart. Hier is 'n kind wat al 'n bietjie verdere vorm van ontwikkeling het, psigomotoriese ook, en sy hantering van figuurlyne. Dis interessant dat die kruis baie sterk figureer...

H:

Dis weer die kerk en mense buite die kerk. Ek dink dit het alles te doen met die opdrag wat gegee is. Die opdrag praat van *die kerk se mense*, en *laat elkeen iets doen.* Die stoorkamers is 'n tipiese ou prentjie wat hulle iewers gekry het...

J:

Seuntjies.... Sterk ontwikkeling al van die figuur, patrone wat hulle het. Die kerk funksioneer nie sterk as gebou hier nie. Baie sterk die kosteres wat skoonmaak en dat dit net mense is wat aan die kerk behoort.

K:

K is 'n tipiese eerste figuurlyn-tekening. Ook sterk gebonde aan plek, met 'n stoel, dominee of preekstoel of iets en die persoon is daar by.

L:

Die opdrag was dat iemand iets moet doen. Die kerk is ver. Alles dinge wat buite die kerk funksioneer. Vrolike mense....

M:

Dis 'n tipiese vrolike alledaagse prentjie van 'n kind wat ook 'n goeie selfbeeld het. Die diertjies en kleurgebruik is baie normaal. Daar is verfynde detail op die tekening... As jy regtig iets van gemeente hierin wil lees, sal jy kan sê die kind verkeer normaal met mense maar ek sal baie versigtig wees om sommer daardie komponent daarin te sit.

P:

Dit is nou weer baie interessant as jy kyk na die figuurstruktuur as jy dit vergelyk met M. Die stadiger ontwikkeling t.o.v. die figuurlyne, die kerklyn wat geteken is, ander mense wat kerk toe loop. Daar is nie iets van homself wat spesifiek funksioneer op die prentjie nie. Die kind kan miskien van 'n distansie af kyk. Dit lyk nie of die opdrag dat jy jouself ook op die prentjie moet teken, hier funksioneer nie.

R:

Nou weer iets interessant. Hier is 'n hele familie... 'n Kind wat definitief al baie sterk met dood te doene gehad het. Interessant die kleure wat gebruik word vir die ma en ouma. Dit mag miskien wees dat die kind in hierdie opsig ... mmm... ek wil nie die swart komponent te sterk beklemtoon nie. Wat baie sterk hier na vore kom is miskien 'n verhaal wat in hierdie prentjie ook ingeteken is. Interessant dat jy altyd die hoenderhaan op die kerktoring kry.

Wat baie interessant is, is die skeiding van die figure by die kerk, aan die kante. Die dominee en die dominee se vrou daarbo wat miskien ook iets kan suggereeer van mense wat in die kerk woon, geassosieer met die opdrag van *die kerk se mense.*

S:

Die kerk is ook maar weer net 'n huis, met die nodige lyne...'n gemaklike prentjie. Ons noem dit stylstel. 'n Kind wat met ander woorde die prentjie

binne 'n spesifieke streeplyn sien van die hemel bo en die aarde onder. Elkeen doen iets wat nie soseer met die kerk te doen het nie...

V:

Vir die eerste keer sien ek nou iemand binne-in die kerk, as dit 'n kerk is wat ek vermoed dit is. Baie in die eerste fase van figuurtekeninge. As jy sien hoe die huis geteken is, met die vensters....

'n Mens lees baie moeilik hierin dat die kind homself in die kerk tuis voel, maar miskien tog.

W:

Hier is miskien dit waarna die navorser gesoek het. Die opmerking dat sy al twee keer 'n blommemeisie was - dui op 'n baie positiewe ervaring. Mense wat sing, mense wat trou, mense wat dinge doen.... Die ferfynde detail wat hier in die kerk aangebied is... Mense wat inkom... Dis asof hierdie kind baie sterker bewus is van wat die kerk en die funksies daarvan is.

X:

As jy my vra is dit eerder 'n huis as miskien iets soos 'n doopvont in die kerk, en die funksies van die mense wat hier buite is, is wat mense doen - party praat, party ry karretjie...

Y:

Ek verkies hierdie tipe van prente waar kinders mense binne-in die kerk teken. Hier is positiwiteit: blomme, loof die Here.... Wat interessant is, is die plasing van die ma en pa sussie en ek. Die opmerking geskryf by die tekening, is nie vir my so sterk nie. Sy het elkeen in 'n spesifieke ry geplaas, en nie weerskante van mekaar nie. Dit kan wees dat hier 'n sterk moederfiguur is.... Verder dink ek dis baie positief vir wat die mense in die kerk doen.

Z:

'n Tipiese hantering van wat gewoonlik op pad kerk toe gebeur: die klok, die mooi gekleurde vensters, en dan die man wat by die deur staan en seker die afkondigings uitdeel. Dis 'n tipiese gaan na die kerk-houding. Interessant weer dat jy die interessante figuurlyne kry....

Opsommend:

Oor die algemeen, alhoewel dit blyk dat kinders die begrip *kerk se mense* baie sterk lokaliseer na die kerkgebou toe, daar by sommige tog wel die begrip is dat die gemeente wyer is as pa en ma - veral te sien by tekeninge waar baie meer mense in die kerk is...

'n Mens moet baie versigtig wees om sonder meer te sê dat hierdie kinders werklik die begrip *gemeente* werklik ken. Die spesifieke sosialiseringsprobleme: Op hierdie ouderdom... 'n sub A-kind maar nog aan begin van skoolloopbaan waar hy miskien sosialisering begin ervaar. Soms is

daar net persoonlikheidontwikkeling wat nog stadiger is. Wat ek wel sterk opmerk is dat jy gewoonlik kinders het wat kerk toe gaan of in die kerk is - sterk plasing met die gesin, dat dit om die gesin gaan, wat sterk aansluit by fase 1 van die kind se religieuse ontwikkelingsvlak, of begin by fase 2 waar die kind bewus word van ander mense of ouer mense se godsdienstige behoeftes of uitlewing. Dit is nie net kognitief-sosialiseringskomponent nie, maar ook 'n sterk religieuse komponent - van hoe die kinders die menseverhouding met God, en godsdiens en die religie in die algemeen sien... Dis logies dat by sommige kinders hulle in die fase is waar hulle met hulle ouers en klein kringetjie is en dat daar 'n ander fase is waar die kinders met 'n baie groter groep.... onderwyser, tannie langsaan in aanraking kom.

A. Besoek aan museum ná kerk.




B
Ek spring

C

D
Ander ds.
Ds.
Ek maak iemand skrik

E


Hulle loop eintlik verkeerde kant toe.
Iemand
Pa
Ek
Boom geklim
val af

H


Klok
Spaarkamers
= stoorkamers
Een van my susters
Ek
Pa
Nessie


J
Ek
Tamie wat by die kerk werk. (mooimaak)
My broer

K





My pa - hy sing 'n
Jesus-liedjie





L

Ek eet 'n
roomys



Ander meisie



Suster



M




kerk + vensters
Ander mense wat
kerk toe loop.
P


R
Dominee se vrou
Dominee
Oupa
Ma
Ouma
Ek
Pa

S
Tannie
Ek


V
Ek
Maw wat
klok trek

W
Was twee keer al
blommemeisie by
troue.



Ma
Pa
Sussie
Ek
y

Z



BYLAAG 10.1

Evaluering van prente om te gebruik as meetinstrument

'n Onafhanklike afgetrede kindertuinonderwyseres (met kleuter-kleinkinders, en wat ook in ons gemeente betrokke is) het 'n voorlopige seleksie van prente met motiverings gemaak. Die navorser het elke prent geëvalueer in terme van 8 kategorieë, nl die moontlike teenwoordigheid van kerklike ampsdraers, die groepgrootte wat veronderstel word, die ruimte waarbinne die persone is, dekor-items teenwoordig, die houdings van die persone op die prente, die ras en geslag van persone teenwoordig, en die soort aksies waarmee die persone besig is. Hierdie agt kategorieë is as 'n moontlike aantal positiewe of negatiewe assosiasie-dimensies geneem waarby 'n kleuter se gedagtes kan aansluit. Dit impliseer egter nie dat 'n prent met 'n hoë assosiasie-telling noodwendig 'n beter prent is as een met 'n lae assosiasie-telling nie, omdat een aspek van 'n prent, byvoorbeeld die teenwoordigheid van die diaken so dominerend kan wees dat ander assosiasie-dimensies vervaag.

Hieronder volg 'n motiverings-analise van **die prente wat wel gebruik** is.

	Kodenommer van elke prent									
Beskrywende eienskappe van prente	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J
Ampte: predikant, ouderling, diaken, kategeet, kinderkransleier, begeleier/orrelis		Ja	Ja				Ja		Ja	
Groepgrootte: Enkeling, gesin, kleingroep, grootgroep	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja		Ja		Ja	Ja
Bepaalde ruimte: Kerkgebou/saal, huis, buite			Ja		Ja		Ja		Ja	
Bepaalde dekor: kleredrag, bybels, kerkbank		Ja	Ja		Ja		Ja		Ja	
Houdings en Emosies: Vreugde, hartseer, empatie, deernis, bangheid, respek, nabyheid van verskillende ouderdomsgroepe en geslagte.	Ja	Ja		Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Geslag en ras	Ja			Ja				Ja		
Aksies: spel/inkleur, Bybellees, storievertel, hulpverlening/gee of offervaardigheid		Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	
Moontlike aantal assosiasie-dimensies	3	5	5	4	5	2	6	3	6	2

	Kodenommer van elke prent (vervolg)							
Beskrywende eienskappe	K	L	M	N	O	P	Q	R
Ampte: predikant, ouderling, diaken, kategeet, kinderkransleier, begeleier/orrelis	Ja	Ja	Ja					
Groepgrootte: Enkeling, gesin, kleingroep, grootgroep			Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Bepaalde ruimte: Kerkgebou/saal, huis, buite	Ja		Ja					
Bepaalde dekor: kleredrag, bybels, kerkbank	Ja	Ja				Ja	Ja	Ja
Houdings en Emosies: Vreugde, hartseer, empatie, deernis, bangheid, respek, nabyheid van verskillende ouderdomsgroepe en geslagte.		Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Geslag en ras				Ja	Ja		Ja	
Aksies: spel/inkleur, Bybellees, storievertel, hulpverlening/gee of offervaardigheid	Ja	Ja	Ja				Ja	Ja
Moontlike aantal assosiasie-dimensies	4	4	5	3	3	3	5	5

J

K

N



R

	Vr. 1.1	Vr. 1.2	Vr. 1.3	Vr. 1.4						Vr. 1.5	Vr. 1.6																							
Vormnommer	Ouderdom	Geslag	Gesin-samestelling	Kleuter nou in huis	Ouderdom van kinders in die huis					Kleuter afgelope drie jaar in huis	Kommunika-sie met kleuter	1	2	3	4	5	6	7	8	1 Self	1 Ander	2 Self	2 Ander	3 Self	3 Ander	4 Self	4 Ander	5 Self	5 Ander	6 Self	6 Ander	7 Self	7 Ander
4	10	m	o	n	17	14	12			n	n	g	s	g	g	n	n	n	n	m	m	j	j	j	j	m	m	j	j	j	j	n	n
16	10	m	o	n						n	n	g								m	m	n	n	m	m	j	m	n	m	n	n	n	n
9	20	v	o	n						n	n	g	s	n	n	n	n	n	n	j	j	n	j	m	j	j	j	j	j	j	j	j	n
32	20	v	o	n						n	w	s	n	n	n	n	n	s	n	j	j	m	m	j	j	j	j	j	j	j	j	n	n
10	30	v	g	n	23	21	15	12		n	w	g	s			g				j	j	n	n	j	j	j	j	j	j	j	j	m	m
21	30	v	g	j	3	5				j	d	g	n	n	n	s	n	s	n	j	m	m	m	m	m	m	n	j	m	j	j	n	n
23	30	v	g	n	13	10	8			j	w	g	g	g	s	s	g	g	g	m	m	n	n	j	j	m	m	j	j	m	m	m	m
31	30	v	g	j	12	10	5	3		j	d	g	s		g	s	g	g	g	j	m	j	m	j	m	j	m	j	m	j	m	m	m
2	40	m	g	n	19	14				n	n							g		j	j	n	n	j	j	m	n	j	j	j	j	n	n
18	40	m	g	n	16	14				n	f	g	n	n	n	n	n	s	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n
6	40	v	g	n	23	22	19			n	f	g	n	n	n	n	n	g	s	j	j	j	j	j	j	j	j	j	j	n	j	m	m
12	40	v	g	n	19					n	f	g	s			s		g		j		n		j		j		j		j		n	
13	40	v	g	n	20	22				n	f	g	s	n	n	s	n	s	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n	n
14	40	v	g	n	23	21	18			n	n	g	s	n	n	s	g	g	g	j		n		n		n		j		n		n	
15	40	v	g	j	15	13	5	2		j	d	g	s	g	s	s	g	g	g	j	j	j	j	j	j	j	j	j	j	j	j	j	j
27	40	v	g	n						n	f	g	n			s	g	g	n											j			
5	50	m	g	n	23	20	18	15		n	f	g	s		n	n	n	g	n	j		j		j		j		j		j		m	
35	50	m	g	n	18					n	n	g	s	n	n	n	g	g	n	j	j	m	n	m	m	n	n	m	m	m	m	n	n

	Vr. 2																
Vormnommer	8 Self	8 Ander	9 Self	9 Ander	10 Self	10 Ander	11 Self	11 Ander	12 Self	12 Ander	13 Self	13 Ander	14 Self	14 Ander	15 Self	15 Ander	**Opmerking**
4	j	j	m	m	j	j	j	j	j	j	m	m	j	j	j	j	
16	j	j	m	m	m	m	j	j	j	m	m	m	m	m	m	j	
9	j	j	j	n	j	n	j	j	j	j	m	m	n	m	j	j	N.a.v. 2: Gebed = persoonlike gesprek, nie gediggie of rympie
32	j	j	j	j	m	m	n	m	j	n	j	m	j	m	j	j	
10	j	j	j	j	j	j	m	m	j	j	j	j	j	j	j	j	
21	j	m	m	m	m	m	m	m	j	m	m	m	m	m	j	m	
23	j	m	m	m	j	j	n	n	j	j	m	m	j	j	j	j	
31	j	m	?	m	j	m	m	m	j	m	?	m	j	m	j	m	
2	m	m	n	n	n	n	j	j	j	j	m	n	m	n	m	n	
18	j	j	n	n	m	m	j	j	j	j	j	j	m	m	j	j	Kan deelneem aan kinderdienste, nie aan eredienste
6	j	j	n	m	j	j	n	m	j	j	j	j	n	m	j	j	
12	j		n		m		n		m		m		m		j		
13	j	j	n		j	j	j	j	j	j	j	j	m		j	j	Baie jonk, nie ten beste betrek by groot, formele groep nie
14	j		n		j		j		j		n		j		j		
15	j		n		j		j		j		j		j		j		
27	j						j				j						
5	j		j		j		j		j		j		j		j		
35	j	j	m	m	j	m	j	j	j	j	m	m	j	j	j	j	

Vr. 3

Vormnommer	1	Opmerking	2	Opmerking	3	Opmerking	4	Opmerking
4	j	Alhoewel aanwins, meeste male steurend in eredienste	j	As jy sleg begin (fondasie), hoe kan jy 'n Christen bly?	j	Daar word baie aandag gegee - ds Paul	n	Hoe moet gemeente dan groei... jonges is toekoms v kerk
16	j				j		j	Preke op beide volwassenes en kinders gerig te oppervlakkig vir volwassenes
9	n	Hulle is tog deel van die gem v gelowiges	j		n	Deesdae meer...Ouers moet meer leiding neem.	n	Gelowiges behoort nie in groepe verdeel te word nie
32	n	Bied kinders 'n keuse	j	Spesiale aandag, verduideliking	n	Net met gesinsdienste	n	Grootmense - uit eenvoudige preke net soveel leer. Kerk moet ophou styf wees
10	j	Kan beter bereik word - eie taal en vlak	j	By soveel moontlik aktiwiteite betrek word, moet leef en doen, nie net sit en luister	j	Gem hou aparte dienste & aksies v kleuters. Moet kleuters aktief maak v saak v Christus	j	Oral moet ruimte gemaak word vir kinders Laat die kindertjies.... geloof soos 'n kind... ek en my huis ons sal die Here dien
21	j	Stem nie met laaste deel v mening saam nie	j	Dis ons Christelike plig	j	Ons sien dit almal raak	n	Een X per kwartaal is darem te min
23	n	Moet gemeenskap v gelowiges ervaar	x	Alle mense kan nie met kleuters 'relate' nie, Elemente in dienste...	j	Rol v ouer is v groter belang	j	Goue middeweg: diens vir ouer en kleuters...
31	j	Tensy diens op hulle gerig is	j	Gemeentebedrywighed beslis 'n groot effek	j	Kinderkrans en gesinsdienste	n	
2	n		j		j		n	
18	j	Vroetelende kinders = steurend	n	Gem kind v 5-7 jr ervaar nog nie Christenskap soos ouer kinders nie	j	Voorskoolse Sondagskoolklasse en kinderkransword weekliks aangebied	j	Eerstens moet vir grootste gedeelte v gemeente voorsiening gemaak word
6	n		j		n	Baie lidmate lyk gesteurd wanneer kinders nie doodstil sit nie	n	Gemeente sonder kleuters en jongmense = dooie gem. - alles voel oud, streng, ontoeganklik
12	j		j		j		n	Bedien kleuters apart en gereeld
13	j	Beslis steurend vir my, erediens met diepte bo hulle vuurmaakplek, onregverdig verwag moet stil wees	j	Teiken hulle spesifiek - behoeftes en begripsvlak	j		j	Nie een groep ten koste v ander, benut kategese en kinderkrans, een erediens verloor albei groepe
14	j		x	ja en nee	j		j	
15	n	Deel v e.diens aan kl. gewy, fiesiese deelname...sal hulle verstaan ...Mooiste preke wat ek onthou was kinderpreke	j		j		n	Ouer lidm.e sal ook geniet wat kleuters bied... Eenvoudigstepreke soms grootste trefkrag.
27	j		j		j		j	
5	n	...dienste kan voorsiening maak vir kleuters.	j	Soos ander aktiwiteite moet geloof in Jesus vroeg gevestig word	j	Kleuters word dikwels betrek	n	Verwaarloosde kinders = onbetrokke seniors
35	n	Moet soms volwasse erediens ervaar	j	Een maal per kwartaal in erediens	j		j	

BYLAAG 10 (vervolg)

Verbatims: Prente

Die volgende gesprekke is afskrifte van gesprekke gevoer met die kleuters aan die hand van prente A tot R. Dit behoort as volg gelees te word: Begin by die tweede kolom en lees elke blok in volgorde van bo na onder. Wanneer die laaste blok gelees word teenoor prent Q of R, word 'n omgekeerde volgorde gebruik om die blokke van die derde kolom te lees. D.w.s. die blok teenoor prent Q word eers gelees, dan die blok teenoor prent P en so verder tot by blok A. Die kort gesprek teenoor elke prentnommer word egter **binne-in** die bepaalde blokkie op normale wyse van bo na onder gelees.

Verbatims: Prente 369
Prenteverbatim A 370
Prenteverbatim B 378
Prenteverbatim C 386
Prenteverbatim D 386
Prenteverbatim E 399
Prenteverbatim H 406
Prenteverbatim J 412
Prenteverbatim K 419
Prenteverbatim L 425
Prenteverbatim M 435
Prenteverbatim P 447
Prenteverbatim R 454
Prenteverbatim S 463
Prenteverbatim V 472

Prenteverbatim A

Prent	Respondent A	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wat sien jy op hierdie prent? A: Kinders wat skree. N: Partykeer wens 'n mens jy is ook daar.	N: En hierdie? A: Ek weet nie.
B	N: Wens jy jy was ook daar? A: Nee, ek wil nie daar wees nie.	N: Is hierdie mense deel van 'n gemeente? A: Ek weet nie so mooi nie.
C	A: Ja. N: Waarna lyk dit vir jou? A: Soos Bybeltyd.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ja. N: Wat gebeur hier? A: Dit lyk my hulle sing 'n volkslied. N: Hoekom dink jy hulle sing 'n volkslied? A: 'n Mens sing party volksliedens in die kerk. N: Wat is 'n volkslied? A: Dis 'n lied wat jy begeer en wat jy altyd kan sing wanneer jy bymekaar is. N: Noem vir my een volkslied wat jy

		ken. A: Al een wat ek ken is *Herders op die ope velde.* Maar hoekom ek weet dis 'n volkslied, is omdat hulle opstaan en omdat hierdie een oom 'n Bybel in sy hand het, is hulle deel van die gemeente. En ek weet hy is die een wat op die ander prentjie was waar die seun vir sy ma 'n geskenk gegee het - die een wat bo gestaan het. N: Waar sou jy graag wou wees op hierdie prent. A: (Wys 'n plek heel agter, links) N: Hoekom daar? A: Dan kan jy beter sien. N: Wil jy nie hier heel voor wees nie? A: Dan sien jy alles duidelik en dan gaan jou oë dof raak, heel, heel, heel voor. *(Opmerking: Soos in die fliek!)*
D	A: Nee. Dit lyk nie vir my lekker nie.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ek weet nie so mooi nie.
E	N: Wens jy jy was hier? A: Nee. N: Waarna lyk dit vir jou? A: Dis mense wat sit maar ek weet nie waarvoor nie.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ek weet nie so mooi of hy 'n Bybel vashou nie (*Wys na middelste seun)* N: Ek het hulle eintlik uitgeknip en weer geplak. Waarop dink jy sit hulle? A: Dit lyk soos die groot kerk se, een van die stoele.

		N: As jy nou hier kon sit, waar sou jy wou sit? A: *(Wys die plek net langs die ma)* N: Was jy al so in die groot kerk? A: Ek was net een keer, maar toe was ons in die verkeerde kerk.
F	A: Nee.	N: En hulle? A: Ja. N: Altwee, of net die een? A: Net die verpleegster. N: So sy is deel van die gemeente? A: Ja, want sy help mense.
G	A: Nee, ek wil nie daar wees nie.	N: Is hulle deel van die gemeente? A: Ek weet nie so mooi nie.
H	N: Sou jy hier naby wou wees? A: Nee, definitief nie.	N: Dink jy hierdie vrou is deel van die gemeente? (*Netjies geklede vrou op prent)* A: Ja. N: En die ander mense op die prent? A: Nee. N: Hoekom dink jy sy is deel van die gemeente? A: Sy gee vir hulle geld. N: Is dit omdat sy deel van die gemeente is? A: Ja. N: Hoekom gee gemeente-mense vir ander geld?

		A: Sê nou hulle is arm en môre gaan hulle dood. N: So sy is jammer vir hulle? A: Ja. N: Is alle gemeentemense jammer vir arm mense? A: Party. Die helfte is van die duiwel en die helfte is van Jesus. N: So party is van die duiwel al is hulle deel van die gemeente? A: Ja, maar hulle is dan nie lus om hulle geld te mors op die arm mense nie.
I	N: En hier? A: Nee. N: Wat gebeur hier? A: Iemand wat vir die ander mense iets lees.	N: En hierdie mense? A: Ja. N: Hoekom dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ek weet nie of dit 'n dominee is nie...? Dit lyk of hy 'n Bybel het. N: Wat doen hy? A: Ek dink hy leer vir die mense wat is reg.
J	N: Sou jy hier naby wou wees? A: Nee.	N: Dink jy hierdie kinders is deel van die gemeente? A: Nee.
K	N: En hier? A: (met nadruk) Ja! N: Wat gebeur hier?	N: Dink jy hierdie mense is deel van die gemeente? A: Ja.

	A: Die mense gooi geld in vir die arm kindertjies.	N: Hoekom? A: Dis omdat hulle gooi geld in vir die arm kinders.
L	N: Sou jy hier naby wou gewees het? A: Nee. N: Wat gebeur hier? A: Die ouma se seuntjie gee vir haar 'n present.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ek het nie mooi gekyk nie. (*Navorser besef hy probeer elkeen van hierdie prente assosieer met die gesigte wat hy op prent R gesien het).* N: Onthou, almal was nie op daardie kerk-prentjie nie. Jy moet net dink of die mense wat jy op hierdie prentjies sien, kerk toe gaan en aan die gemeente behoort. A: Ja, as iemand oud is weet ek hulle gaan kerk toe. N: Ja...? A: Ja, want my ouma doen dit, maar sy kan nie kerk toe gaan nie - dis te veel geld. N: So dit kos te veel geld? A: Ja, maar sy dien die Here dag en nag. Maar sy klae aanhoudend. N: So jy dink as 'n mens oud word is jy deel van die gemeente? Hoekom dink jy so? A: Dis omdat hulle is baie lief vir Jesus. N: En jongmense? A: Nie baie van hulle nie.

		N: Hoekom nie? A: Party wil nie, party is nie lus nie.
M	N: En hier? Sou jy hier wou bywees? A: Nee.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ja. N: Hoekom dink jy hulle is deel van die gemeente? A: Ek weet nie.
N	N: Sal jy graag by hierdie kind wou wees? A: Nee, hy lyk lelik.	N: En hy? A: Nee.
O	N: En by hom? A: Nee.	N: En hy? A: Weet nie.
P	N: En by hom? A: Ek weet ook eintlik nie.	N: Is hy deel van die gemeente? A: Nee. Ek weet nie.
Q	N: En by hierdie kind? A: Nee.	N: Is sy deel van die gemeente? A: Nee.

Verdere vraaggesprek nadat A prent R gekies het om verder oor te gesels.

N: As jy nou so aan die gemeente dink, wat is alles in jou kop?

A: Dat ek die Here dien.

N: Hoe dien 'n mens die Here?

A: As ek hom loof en prys?

N: Hoe prys en loof 'n mens Hom?

A: Bid vir Hom, en prys Hom en dien Hom.

N: Doen 'n mens dit alleen?

A: Party mense doen dit alleen as hulle stil is en niemand hulle hoor nie.

N: En wie is nog almal in jou gemeente?

A: *(Noem sy broer en maats se name, asook drie van die kategese-personeel wat hy as kinders se ouers noem: X se ma en pa....en een van die persone wat vir hulle by die skool leer)*

N: Is kerk toe gaan vir jou lekker?

A: Ja.

N: Hoekom?

A: Jy kan die Here dien en dis lekker om daar te speel en teken.

N: Wat dink jy is die belangrikste ding wat die gemeente doen, as die kerk verby is - op die ander dae van die week?

A: Party dae as dit skool is, dat jy betyds is. *(Plaaskind!)*

N: En watter mooi goed doen die gemeente nog?

A: Iets wat baie belangrik is. Toe al die mense weg is van die kerk af toe weet Jesus se ma en pa nie waar Hy is nie, toe was Hy besig om sy Vader te dien.

N: Waar?

A: In die heilige tempel.

N: Het ons ook 'n heilige tempel?

A: Ek weet nie.

N: Waar dien jy die Here?

A: Hier by die huis en by die kerk.

N: Is die kerk nie 'n heilige tempel nie.

A: Ja, dit is.

N: Is dit?

A: Dit is heilig.

N: Wat beteken heilig?

A: As jy alleen is moet jy nie bekommerd wees nie, want die Heilige Gees is by jou.

N: Baie dankie....

Kommentaar en gesprek met moeder.

N: Watter gemeentebyeenkomste woon A by?

Moeder: Net kinderkerk en dan die Sondagskool daarna.

N: Het hy al ander soort byeenkomste bygewoon?

Moeder: Nee.

N: Wat trek hy aan as hy kerk toe gaan?

Moeder: Hulle trek netjies aan - vir hulle. Hulle wil nie kerkklere aantrek nie. Dis ongemaklik, styf...

N: Is jou ervaring dat hy stil sit of kriewel hy nog baie?

Moeder: *(Verleë)* Dis hoekom hy nog nie kerk toe gaan nie.

N: Is hy ongemaklik as hy in die groot kerk kriewel?

Moeder: Ja.

N: Sou jy in 'n ander kerk meer gemaklik wees - gee die gemeente vir jou die gevoel hulle hinder of is dit jou eie gevoel?

Moeder: Beide.

N: Het hulle al ander byeenkomste bygewoon soos 'n Nagmaal, doop, begrafnis...?

Moeder: Ja, net 'n begrafnis so twee of drie jaar gelede toe my man se pa dood is.

N: En troues?

Moeder: Nee.

N: Dink jy hy het enige begrip van wie julle ouderling of diaken is?

Moeder: Nee.

N: Ek het afgelei dat julle huisgodsdiens hou. Lees julle saam?

Moeder: Ja, ek of my man met die kinders.

N: En bid julle by die etenstafel?

Moeder: Nee, ons het nooit 'n etenstyd nie.

N: Het julle enige ander gesamentlike godsdiensoefening?

Moeder: Nee. Hulle wil graag kinderkrans toe gaan, maar dis alles op een dag - judo en krieket....

N: Was hulle al by die kerkkermis?

Moeder: Ja.

N: Het hulle dit geniet?

Moeder: Ja, want hulle hou van die joligheid.

N: dink jy jou kinders weet wat 'n gemeente is?

Moeder: Nee.

N: Hoekom dink jy hulle weet nog nie?

Moeder: Ons bespreek nie eintlik godsdiens nie. Ons gaan ook nie as 'n gesin kerk toe nie. As die kinders vir my vra sal ek vir hulle na die beste van my vermoë sê.

Prenteverbatim B

Prent	Respondent B	*Hierdie kolom moet van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: As 'n mens na 'n prent kyk, kan jy dalk dink: *Ek wens ek was ook daar.* Partykeer omdat jy dink dit is lekker, partykeer is jy net nuuskierig, partykeer is jy jammer vir iemand en jy wil help.... Wens jy jy was daar? B: Mmmja.	N: En hierdie kinders? B: Ja.
B	N: Bekyk die prent mooi. Sou dit vir jou goed gewees het as jy daar was? B: Ja.	N: Dink jy hierdie mense is deel van die gemeente? B: Ja. N: Wat doen hulle?

		B: Hulle spot vir mekaar of iets.
C	N: En hier? B: Ja.	N: En hulle? B: Ja. N: Wat gebeur hier? B: Die tannie speel op 'n klavier en ek dink die kinders sing koor of hulle luister. N: As jy hier iewers kon sit, waar sou jy wou gesit het? B: *Wys heel agter, regs, bo.* N: Is dit vir jou lekker om daar te sit? B: Dis lekker om agter te sit, dan kan jy duidelik sien. N: Wat kan jy dan sien? B: Jy kan die koorkinders sien en die tannie, en alles.
D	N: Sou dit vir jou lekker gewees het om hier te wees? B: Ja.	N: Is dit mense van die gemeente? B: Ja, ek weet ook nie.
E	N: En hier? B: Ja. N: Wat sien jy hier op die prent? B: Ek sien 'n man en 'n dogtertjie, en 'n seuntjie en nog 'n seuntjie en nog 'n seuntjie en nog 'n seuntjie en 'n vrou. N: Wat doen hulle? B: Hulle sit en party kyk boeke.	N: Dink jy dit is mense van die gemeente? B: Ja. N: As jy hier kon gesit het, sê nou maar dit was jou gesin, waar sou jy wou gesit het? B: Ek sou langs my ma wou gesit het.

	N: Op watter plek is hulle? B: Mmm, weet nie.	
F	N: Sou jy hier wou gewees het? B: Nee, ek sou nie hier wou gewees het nie (*gespanne glimlaggie)*	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? B: Nee, ek weet nie.
G	N: En hier? B: Ja.	N: En hulle? Wat doen hulle? B: Sy vertel vir hulle iets, ek weet nie wat nie. N: Waar dink jy gebeur dit? B: By die parkie.
H	N: Sou jy hier wou gewees het? B: Nee. N: Wat gebeur op hierdie prent? B: *Baie lang stilte.* Weet nie.	N: Dink jy hierdie vrou is dalk deel van die gemeente? B: Nee. N: En die ander mense op die prent? B: Mmmnee.
I	N: Sou jy hier wou by gewees het? B: Ja. N: Waar dink jy is hierdie mense? B: Ek dink by die dominee. N: Is dit nie by 'n huis nie? B: Dit lyk soos 'n huis.	N: En hierdie mense? B: Ja.
J	N: Sou jy hier wou by gewees het?	N: Dink jy hierdie kinders is deel van die gemeente?

	B: Ja.	B: Ek dink, ja.
K	N: En hier? B: Nee. N: Wat gebeur hier? B: 'n Oom gee vir 'n seuntjie en 'n dogtertjie sweeties. N: Hoekom wil jy nie hier by gewees het nie? B: *Skud net kop.*	N: Dink jy dit is mense van die gemeente? B: Dit lyk soos die kerk, hierdie. N: So die prentjie lyk vir jou soos die kerk? En hierdie man? B: Hy lyk soos die dominee. N: Gee hy sweeties vir die kinders? B: Mmmja. N: Kyk mooi. B: Ja.
L	N: Sou jy hier wou by gewees het? B: Ja, dis krismis.	N: Dink jy hierdie mense behoort aan die gemeente? B: Ja. N: Wat laat vir jou dink hulle behoort aan die gemeente? B: Hulle lyk so. N: Waaraan sien jy dit? B: Dis krismis.
M	N: En hier? B: Ja. N: Wat gebeur hier? B: 'n Tannie vertel vir die kinders stories.	N: Dink jy hierdie mense behoort aan die gemeente? B: I think, yes!
N	N: Op die volgende paar prente is daar net een kind op elke prent. Sou jy by hom wou wees?	N: En hierdie een? B: Nee!

	B: *Laggie.* Nee! N: Hoe lyk hy vir jou? B: Kwaad. N: Kwaad? B: Lyk my hy is vies.	
O	N: En sou jy by hierdie kind wou gewees het? B: Nee. N: Hoe lyk hy vir jou? B: Hy lyk hartseer.	N: Dink jy hierdie kind behoort aan die kerk, aan 'n gemeente? B: Weet nie.
P	N: En sou jy by hierdie kind wou gewees het? B: Ja. N: Hoe lyk hy vir jou? B: Hy lyk scarry.	N: Dink jy hy is deel van die kerk se mense? B: Ek dink hy was daardie een op die prentjie. N: Jy moet onthou almal was nie op die prentjie nie. Jy moet net vir my sê of hierdie prente se mense deel van enige kerk se mense is, deel van enige gemeente is.
Q	N: En by hierdie kind? B: Mmnee, ek hou nie van inkleur nie.	N: Dink jy sy is deel van die kerk se mense? B: Nope (nee).
R	N verduidelik saamgestelde prent en vra hy moet uit die prente wys watter mense deel van hierdie mense is wat in die kerk was, of in 'n ander kerk was. N: Wat noem ons mense wat gewoonlik kerk toe gaan?	

	B: Ek dink dames en here.	

N: Na watter prent wil jy graag weer kyk?

B: *Kies prent J.*

N: Wat dink jy gebeur by hierdie prent?

B: Hulle skree.

N: Waarom dink jy skree hulle?

B: Ek sien niks waaroor hulle skree nie. Hulle skrik of iets.

N: Hoekom dink jy hulle is deel van die gemeente?

B: *Baie lang stilte sonder antwoord.*

N: Wat dink jy gaan hulle doen as hulle hier weggaan.

B: Hulle gaan huis toe.

N: Waar is hulle nou?

B: Hulle is by die park of iets.

N: Is dit vir jou lekker om kerk toe te gaan?

B: Ja, ek gaan Sondagskool toe.

N: Wat doen julle by die Sondagskool?

B: Ons leer liedjies en partykeer het ons poppekas en dan gaan ons na ons klasse toe.

N: En in die groot kerk?

B: Daar's ook lekker.

N: Wat is lekker vir jou?

B: As hulle sing.

N: Wat is vir jou interessant in die kerk as jy rondkyk en jy kyk so na die mense?

B: Die dominee.

N: Is die kerk gou klaar of moet 'n mens lank wag?

B: Dis so 'n bietjie lank.

N: En is jy bly as die kerk klaar is?

B: Ja, dan kan ons huis toe gaan.

N: Hoekom bly jy nie maar by die huis nie?

B: Partykeer bly ek by die huis.

N: Is die kinderkrans ook die gemeente se deel?

B: Ja.

N: Is julle ook deel van die gemeente hier by die huis?

B: Ja, partykeer as ons huiskerk het.

N: Wat gebeur dan?

B: Dan speel die kinders en dan kom die tannies en dan praat hulle en dan bid hulle en drink tee.

N: En die ooms?

B: Hulle ook.

N: Hoekom is daar 'n huiskerk?

B: Dis die aand se kerk.

N: Wat doen julle gesin nog wat vir jou laat dink dat julle deel van die gemeente is?

B: Ons bid en lees Bybel in die oggende.

N: Almal saam?

B: Een lees en een bid. My pappa lees.

N: En bid julle by die eettafel?

B: Ja, ek bid die meeste.

N: Bid julle nog op ander kere ook?

B: Ek weet nie.

N: As jy kerk toe gaan, is jy bly om die mense daar te sien?

B: Ja.

N: Wie is jy bly om daar te sien.

B: Tannie B en C *(deel van die huiskerk-groepie).*

N: Het jy al ooit 'n doop gesien?

B: Nee.

N: Het jy al ooit 'n nagmaal gesien?

B: Wat is dit?

N: As hulle 'n broodjie eet en 'n bietjie wyn drink.

B: Nee.

N: Was jy al ooit by 'n troue in die kerk?

B: Ja.

N: Was dit vir jou lekker?

B: Ja.

N: Hoekom.

B: Sommer.

N: En by 'n begrafnis?

B: Ja, al baie ...*verduidelik oor oumas en oupas wat dood is.*

N: Weet jy wie is ouderlinge en diakens?

B: Nee.

N: Wat doen hulle?

B: Ek weet nie.

Uit 'n kort gesprek met die ouers:

Moeder: Soos wat julle dit nou doen dat hy kan Sondagskool toe gaan, en sy eie kerk het, is dit vir hom positief, behalwe as dit nou 'n lekker gesinsdiens is met aksies soos kerse wat aangesteek word, of toe hulle uitgeloop het, of daardie tipe van dinge waar hulle kan beweeg. Ek kan regtig sê hy huil as dit die oggend nie Sondagskool is nie

Prenteverbatim C

Die opname is ongelukkig beskadig en nie geskik vir 'n transkripsie nie.

Hierdie respondent was nog baie min in 'n kerk - net een keer wat hy kan onthou. Op die meeste vrae het hy geantwoord: *Ek weet nie*.

Die groepsprente het hy verbind aan nie-gemeentelike aktiwiteite, byvoorbeeld 'n konsert. Toe hy gevra is wat hy in die kerk sien as hy daar inkom, het hy gesê: 'n Prokureur op 'n verhoog', bedoelende 'n predikant op die preekstoel.

Hy was nog nie by 'n doop, nagmaal, begrafnis of troue nie en weet ook nie wat daar gebeur nie.

Een van die ouers lees saans saam met die kinders Bybel en hulle bid.

Die gesin skakel by 'n weeklikse huiskerk in, waar hulle eet, sing en Bybel lees. Die sang is vir hom die belangrikste.

Hy woon wel die kinderkrans elke week by, maar verbind dit waarskynlik nie met die gemeente nie.

Hy het aangedui dat die kerk se mense altyd vriendelik is en het dit ook as norm gebruik om enkele prente met die kerkmense te assosieer. Op 'n vraag wie kerk toe gaan, het hy sy gesinslede genoem. Hy het volgens sy wete nog nooit 'n ouderling of diaken gesien nie, maar ken die predikant as deel van die huiskerkgroep.

Hy bring wel die Bybel op sommige prente in verband met die kerk en sy mense, maar geen ander tekens byvoorbeeld die kruis, kerkklere, kerse, orrel, koor, ens. het in die gesprek na vore gekom nie.

Prenteverbatim D

Opmerking: Die gesprek met hierdie respondent is gevoer deur 'n kleuterskoolonderwyseres. Sy word dus aangedui met NN.

Hierdie verbatim word weergegee om die moontlike verskille in gesprekstyle tussen N en NN aan te toon. Dit is ook interessant om daarop te let dat die

respondent nie die prente dadelik 'geestelik' interpreteer nie, soos wat baie ander respondenete gedoen het, omdat hulle die navorser as predikant ken.

Prent	Respondent D	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	NN: Wat sien jy hier alles? D: 'n klomp skoolkinders? NN: Sou jy hier wou wees? D: Ja. NN: Hoekom? D: Ek weet nie? NN: Wat dink jy? D: Hulle *cheer.* NN: Oor wat, dink jy? D: Oor rugby of sokker.	NN: En die klompie? D: Ja, want dit lyk of hulle kerkklere aan het.
B	NN: Wat gaan hier aan, wat sien jy hierso? D: Hulle speel 'n speletjie. NN: Wat se speletjie sal dit wees? D: Hulle bind 'n ou se oë toe en dan loop hy rond. Hulle speel wegkruipertjie toe-oë. NN: Sal jy hier wou wees? D: Ja. NN: Watter een sou jy wou	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente? D: Ja. NN: Kan 'n mens grappies maak in 'n kerk? D: 'n Mens kan maar so partykeer lag, soos toe daardie omie laas ingekom het en gesê het hy is moeg *(Verwys na 'n jongman wat as hulp by 'n preek die dra van laste gedemonstreer het.)*

	wees? D: *Wys een heel regs met hoedjie op.*	
C	NN: Wat sien jy alles hierso? D: Hier kyk hulle konsert of iets. NN: Sal jy graag hier wil wees? D: Ja. NN: As jy nou hier kon wees, waar sou jy graag wou gesit het? D: Daar (*Wys oop plek by die klavier)* NN: Sommer naby. Hoekom sou jy daar wou sit? D: Dat ek kan goed sien. NN: Wil jy dan daar sien wat die tannie speel? D: Dat ek daar kan sien wat hulle daar doen...of 'n voorplekkie. NN: Wat dink jy doen die mense daar. D: Sirkus. ***Opmerking: Die sirkus was net 'n week gelede in die omgewing.*** NN: 'n Sirkus? D: Of 'n konsert.	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente? D: Ja. Dit lyk my hulle is in 'n kerk.
D	NN: Wat sien jy hierso? D: Die meisie wys miskien haar	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente?

	rapport vir haar ma. NN: Sou jy daar wou wees? D: Ja. NN: Dink jy dit kon jou rapport wees? D: Ja. NN: En hoe dink jy kon die rapport wees? D: In 'n lêer. Kom ons blaai. NN: Nou kom ons kyk verder.	D: Ja, hulle kan Bybel lees daar. NN: Wat neem mense nog saam kerk toe behalwe die Bybel? D: 'n Gesangeboek. NN: Hou jy van die liedere. D:
E	NN: Wat sien jy hier? D: Dis kinders wat luister na die Bybel. NN: Ek het dit uitgeknip dat jy nie kan sien waar dit is nie. Waar dink jy is dit? D: In die kerk. NN: Sal jy graag hier wil by wees? D: Ja. NN: Waar sou jy wou gesit het? D: *Wys plek langs die mamma.* NN: O, hier langs die mamma. Hy lyk nogal na jou. En wat maak hy? D: Hy lees Bybel. NN: En waar wil jy nog sit? D: *Wys op die pa se skoot.*	NN: Is hulle deel van die gemeente? D: Hulle gaan kerk toe, want hulle is in die kerk nou. NN: Dink jy kinders moet so spoggerig aantrek as hulle kerk toe gaan? D: Nie altyd nie. NN: Dink jy die ooms moet so 'n pak en alles aanhê? D: Ja. NN: En die tannies? D: Nie altyd nie.

	NN: Maar daar is dan nou 'n Bybel? D: Liewer langs my ma.	
F	NN: Wat sien jy hier en wil jy graag hier wees? D: Ek sien hier dis slaaptyd, dis nag by hulle. NN: Wil jy graag hier wees? D: Ja. NN: Wat sien jy nog hier? D: 'n Pop. NN: Wat sien jy nog? D: 'n Mamma. NN: Is dit lekker hier? D: Ja. NN: Hoekom is dit lekker? D: Hulle lag.	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente? D: Ja. NN: Wat maak die kerk met siek mense? D: Bid vir hulle. NN: Wat nog? D: Gee vir hulle 'n presentjie.
G	NN: Wat sien jy hier? D: Dis 'n vrou wat vir die kinders 'n storie vertel. NN: En sal jy graag hier wil wees? D: Ja. NN: Waar sal jy wil wees? D: *Wys 'n plek heel agter die seun met die bril.*	NN: Dink jy hulle is deel van 'n gemeente? D: Ja.
H	NN: Wat sien ons hier? Kom ons kyk goed. Wil jy graag hier	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente?

	wees? D: Mmnee. NN: Hoekom nie? D: Dis vuil. NN: Wat sien jy nog? Wat gebeur hier? D: Ek kan nie heeltemal sien nie. NN: Kyk naby. Wat dink jy? D: Geld. NN: Wat gebeur met die geld? D: Sy moet dit kom koop en dan gee sy geld.	D: Nee. NN: Hoekom nie. D: Dit lyk nie so nie. Hulle is nie naby aan 'n kerk nie. NN: Moet 'n mens in 'n kerk wees, of kan jy ook in die veld kerk hou. D: In die veld ook. NN: Waar sal dit die lekkerste wees? D: In 'n kerkgebou want daar kan jy sit op 'n bank.
I	D: Dis moeilik. NN: Dis nie moeilik nie, ons moet net kyk. D: Hulle lees Bybel in die aand. NN: In die aand. D: Bybelstudie. NN: Sal jy graag hier wil wees? D: Ja. NN: Waar sal jy gesit het? D: *Wys 'n plek op die vloer tussen die ma en pa.*	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente? D: Ja, want hulle lees Bybel. NN: Kan jy al Bybel lees? D: Nee, maar ek kan al 'n strik maak *(Hy het so pas geleer om sy skoenveter vas te maak)*
J	NN: Wil jy graag hier wees? D: Ja. NN: Hoekom? D: Kyk TV.	NN: Dink jy hulle is deel van die gemeente? D: Ja. NN: Hoe lyk hulle vir jou?

	NN: Waar sal jy wil staan? D: *Wys plek heel bo links.* NN: Dink jy die TV is lekker? Wat dink jy kyk hulle? D: Spiderman.	D: Hulle het kerkklere aan. NN: Hoe lyk hulle gesigte? D: Gelukkig. NN: Lyk al die mense so as jy in die kerk kom? D: Nie altyd nie. NN: Hoe lyk party dan? D: *Trek lelike suur gesig.*
K	NN: Wat is dit? D: Dit is toe hulle in die kerk hulle offers moet bring. NN: Sou jy graag hier wou wees? D: Ja. NN: Hoekom? D: Want dis lekker. NN: Gee jy ook altyd so 'n offer? D: Mja. NN: Waarvoor? D: *Stilte* NN: Gooi al die mense in? D: Mmnee. Party gooi niks in nie. NN: Wat dink jy maak hy met al die geld? D: Ek weet nie. NN: Sou jy graag met die kollektebordjie wou loop? D: Nee.	NN: Is dit deel van die gemeente? D: Ja. NN: Wat noem 'n mens die omies wat so rondloop om die geld op te neem? D: *Stilte.* NN: Het jy al met 'n kollektebordjie rondgeloop? D: Nee! NN: Waarvan hou jy baie van die kerk? D: As daar iets vir ons is. NN: Wat nog? D: *Stilte.* Nagmaal is. En Kersfees. NN: Wat nog? D: Klavier, of orrel.

L	NN: Wat sien jy hier? D: O, dis moeilik. Die een gee vir die ander een 'n present. NN: Sou jy graag hier wou wees? D: Ja. NN: Hoekom? D: Hulle lyk gelukkig. NN: Wie dink jy is dit? D: Ouma. NN: En wat kry sy? D: Haar present, want sy verjaar.	NN: Dink jy dat dit deel van die gemeente is? D: Ja. NN: Hoekom? D: Gee present. NN: Het dit dan iets met die gemeente te doen? D: Hulle het kerkklere aan.
M	NN: Wat sien jy en wil jy graag hier wees? D: Ja. NN: Wat dink jy gebeur hier? D: Koerant. NN: Koerant? D: Sy lees vir die kinders. NN: Ek wonder wat staan in die koerant? D: Van 'n man wat dood is.	NN: Dink jy hulle behoort aan die gemeente? D: Ja. NN: Dink jy hulle was al by 'n Nagmaal? D: Ja. NN: Al drie? D: Ja. NN: Was jy al by 'n nagmaal? Wat het daar gebeur? D: Die ma kry wyn, in so 'n klein glasie. NN: In so 'n klein glasie. Wat nog? D: 'n Stukkie broodjie. NN: Net so 'n klein stukkie? Hoekom dan so? Wat dink hulle?

		D: Van Jesus se bloed. NN: En as hulle die broodjie eet? D: Weet nie mooi nie. NN: Wat dink hulle as hulle dit eet? D: Hoe Jesus aan die kruis gesterf het. NN: En waarom bloed? D: Omdat die bloed af van Hom af gedrup het. NN: Het jy nog nie wyn gedrink nie? D: Nee. NN: En brood? D: Ja, want daar was iets ook vir die kinders laas. Toe was daar 'n broodjie en 'n lekkertjie en 'n pappermentjie.
N	NN: Wil jy hier wees? D: Ja. NN: Hoekom? D: Hy sien iets. NN: Wat dink jy? D: Sy ma haal die vet van die skaap af en dan is dit nie lekker nie. Dan sien hy dis sleg.	NN: dink jy hy behoort aan die gemeente? D: Ja. NN: Hoekom lyk dit vir jou so? D: Dit lyk of hier 'n Bybel is *(Wys voor af van die prent af).* NN: Nou hoekom trek hy sy gesig so? D: Sê nou maar iets lelik is in die Bybel geskryf. NN: Is daar iets lelik in die Bybel geskryf? D: Nee, maar sy ma of pa of boeties het iets lelik in die Bybel geskryf.... Of hulle het bladsye uitgeskeur.

		NN: Kan 'n mens dan 'n bladsy uit die Bybel uitskeur? Het jy al gehoor van iemand wat dit doen? D: Ja, op 'n storie. NN: Op 'n storie? D: Ja, 'n pastoor. Op Hagenheim.
O	NN: Wil jy graag hier wees? D: Ja. NN: Wat dink jy gebeur hier? D: Sy dink in haar kop oor haar ouma se ouma se ouma wat nou al dood is. NN: Hoe voel sy? D: Sleg. NN: Wat sou jy wou maak as jy hier was? D: Gebid het. NN: En dink jy dit sou gehelp het? D: Ja. NN: Met wie praat jy as jy bid? D: Met God. NN: Sal Hy na 'n kind luister? D: Ja. NN: En wat sal dan met haar gebeur? D: Sy sal nie meer hartseer word nie.	NN: Nou dink jy sy is van die gemeente? D: Ja, want dit lyk of sy kerkklere aan het. NN: Ek sien net 'n stukkie trui hier. D: Dis 'n kerktrui. NN: Wat se soort kerke is daar almal? D: Die moederskerk. NN: Ja. D: Die huiskerk. NN: Ja, en waar hou hulle nog partykeer kerk? D: Daar agter die kerk se agterkant.

P	NN: Wat dink jy gebeur hier, en sal jy hier wil wees? D: Daar wil ek wees. *(Wys heel bo regs)* NN: Wat wou jy daar gemaak het? D: Gekyk het wat sy wil doen. NN: Nou wat wil sy doen? D: Sy het wakker geword en nou kyk sy of daar 'n dief in die huis is. NN: Is sy bang? D: Mmja. NN: As jy nou daar was, wat sou jy gemaak het? D: Ek sou die polisie gebel het.	NN: Kom ons kyk na die een? Dink jy sy was al in 'n kerk? D: Ja. NN: Was jy al by 'n doop? D: Ja. NN: By wie se doop? D: Ken nie. NN: Wat maak die dominee? D: Hy vat water en dan sit hy dit so op sy koppie. NN: Waar kry hy die water? D: Ek weet nie, dis net daar in 'n bak. NN: Waar is die bak? D: Daar onder die preekstoel. Daar staan so 'n paal met voetjies en dan is die bak so bo. NN: Hoekom gooi hy water op die kop? D: Ek kan nie onthou nie. NN: Is jy gedoop? D: Ja. NN: Wat het die dominee toe gesê? D: Ek kan nie onthou nie, dis te lank terug. NN: Die dominee sê die Babatjie se Naam en wie hoor dan die naam? D: God. NN: En wat weet God dan?

		D: Wie hy is. NN: Wat is hy? D: Van die gemeente.
Q	NN: Sal jy graag hier wou wees? D: Ja. NN: Waar? D: Hier agter haar. NN: Sal sy vir jou 'n kryt gee om saam in te kleur? D: Ja.	NN: Dink jy sy behoort aan die gemeente? D: Ja. NN: Hoekom dink jy so? D: Weet nie.
R	NN: Kyk hier? Wat dink jy doen die kind? D: Hy dink aan die kerk? NN: Wat dink jy dink hy alles? Maak sommer jou oë toe en dan sê jy alles wat jy aan kan dink. D: Sy ouma se ouma wat nog kerk toe gegaan het. NN: Wat sien hy nog alles? D: My pa preek. NN: Hoe preek hy? D: Mooi. NN: Waar staan hy as hy preek? D: Op die preekstoel. NN: Wat sien jy nog as jy dink aan die kerk?	NN: Dink jy hierdie mense behoort aan die gemeente. D: Ja. NN: En hierdie seuntjie hou nie van die kerk nie. Hoekom nie? D: Dis te lank en hy moet stil sit. NN: Dink jy die kerk is te lank. D: Nee, want ek moes vir twee ure gestaan het, die hele konsert deur. NN: Die hele konsert deur, vir twee ure? Is die kerk ook twee uur lank? D: Mmja.

	D: Die seuntjie dink dis vir hom sleg daar. NN: Hy hou nie van die kerk nie?	

Na 'n baie lang en ingewikkelde eliminasieproses kies hy uiteindelik prent R uit 'n kortlys van A, E, H, K, O, P, Q, R.

NN: Hoekom kies jy hierdie een? Gaan jy baie saam met jou ma kerk toe?

D: Ek was al een keer net saam met my pa, net ek alleen.

Een dag toe hy byna huilend gesmeek het om nie kerk toe te gaan nie,het N hom gevra om alleen spesiaal saam met hom te gaan en in die kerkraadsbank te sit, terwyl 'n ander leraar gepreek het.

NN: Was jy alleen?

D: My pa het net opgegaan en iets gesê en toe kom hy af.

NN: Was dit vir jou lekker?

D: Ja.

NN: Was jy al ooit by 'n begrafnis?

D: Nee.

NN: Was jy al by 'n bruilof?

D: Nee.

NN: Is die kerk te lank vir jou?

D: Nee.

NN: En die kore?

D: Nee.

NN: Wat sien jy alles as jy in die kerk rondkyk?

D: Ek sien die koor, en ek sien die orrel, en die preekstoel.

NN: En wat is nog mooi?

D: As my pa bid?

NN: Het jy al vir my by die kerk gesien?

D: Ja.

NN: Wat is lekker by die kinderkrans?

D: Om van Jesus te leer.

NN: Baie dankie.

Prenteverbatim E

Prent	Respondent E	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wat gaan aan op hierdie prentjie? E: Weet nie. N: Hoe lyk hulle vir jou? E: Weet nie. N: Sou jy dalk by so 'n klomp wou by gewees het? E: Ja. N: Waar sou jy dan op die prent wou gewees het? E: Voor. N: Dis wat ek vir jou van elke prent gaan vra.	N: En hulle? E: Ek weet ook nie.
B	N: Sou jy by die mense op hierdie prent wou by gewees het?	N: Dink jy dis kerkmense? E: Weet nie.

	E: Weet nie.	
C	N: En by hierdie prent se mense? E: Ja. N: As jy hier kon sit, waar sou jy wou wees? E: Hier voor. N: Hoekom voor? E: Dat ek meer kan hoor van liewe Jesus. N: Waarna lyk die prentjie vir jou? E: Kerk.	N: En hulle? E: Ja.
D	N: Sal jy dalk hier wou by gewees het? E: Nee.	N: Dink jy dit is kerkmense? E: Weet nie.
E	N: Hierdie prent het ek uitgeknip. Ek het alles weggesny wat rondom die prent was. Sê nou dis jou pa en jou ma, sou jy wou by gewees het? E: Ja. N: Waar lyk dit vir jou sit hulle? E: Kerk. N: Hoekom dink jy dit is die kerk? E: Hulle lees Bybel. N: Waar sou jy wou gesit het? E: Weet nie.	N: Is dit kerkmense? E: Ja. N: Sê nou jy sit nou so en jy kyk 'n bietjie rond in die kerk, wat sien jy alles? E: Kruis, dominee, Bybel.
F	N: Sou jy hier wou by gewees	N: En is dit kerkmense?

	het? E: Nee. N: Waarna lyk dit vir jou? E: Hospitaal.	E: Ja.
G	N: Sou jy hier wou by gewees het? E: Ja. N: Wat gebeur op hierdie prentjie? E: *(Baie lang stilte)* Lees 'n storie.	N: En hulle? E: Ja. N: Hoekom? E: Lyk so. N: By wat is hulle? E: Onder 'n boom. N: Hoekom is hulle so by mekaar? E: Die tannie lees vir hulle 'n storie. N: Gebeur dit so met kinders wat van die kerk is? Waar gebeur dit? E: By die kerk.
H	N: Hier is 'n prent van iemand hier en ander hier. Sal jy hier naby wou gewees het? E: Nee.	N: Dink jy hierdie vrou is 'n kerkmens? E: Weet nie.
I	N: Wat lyk dit vir jou gebeur op hierdie prent? E: Die dominee lees vir hulle Bybel. N: Sou jy wou by gewees het? E: Ja. N: Hoekom? E: Want hy lees Bybel.	N: Dink jy hulle is kerkmense? E: Ja. Die dominee is daar by hulle.

J	N: Sal jy by hulle wou by gewees het? E: Nee.	N: Dink jy dis kerkmense? E: Ek weet nie.
K	N: En hier? Wat gebeur hier? E: Gee geld vir liewe Jesus. N: Hoe weet jy dis vir die Here Jesus? E: Dis in 'n kerk.	N: En hulle? E: Ja. N: Wat doen hulle? E: Gee geld. N: Wat noem ons hierdie een wat die geld neem? E: Weet nie.
L	N: En hier, sou jy hier wou by gewees het? E: Weet nie. N: Wat gebeur hier op die prentjie? E: Gee presente.	N: Dink jy dis kerkmense? E: Ja, omdat dit in 'n kerk is. N: Daar staan die dominee.
M	N: En hier? E: Weet nie. N: Wat gebeur hier? E: Weet nie.	N: En hulle? E: Ja, hulle lees in die Bybel.
N	N: Hierdie seun, sal jy naby hom wou gewees het? E: Nee. N: Hoe lyk hy vir jou? E: Kwaad.	N: Dink jy dit is 'n kerkmens? E: Nee.
O	N: En by hierdie kind? Hoe lyk hy vir jou?	N: En hy? E: Weet nie.

	E: Hartseer. N: Sou jy hom wou troos? E: Ja.	
P	N: Sou jy by hierdie een wou wees? E: Ek weet nie.	N: Dink jy hy is 'n kerkmens? E: Weet nie.
Q	N: En hier? E: Nee. N: Hoekom nie? E: Wil nie teken nie.	N: Dink jy sy is 'n kerkmens? E: Sy teken 'n prentjie van Jesus.
R:	N: Wat sien jy op hierdie prent? E: Kerk, en 'n seun en 'n klomp mense wat kerk toe kom. N: Hierdie seun dink aan die mense wat kerk toe gaan. Hoe sal jy hulle noem? E: Kerkmense. N: Watter dag gaan hulle kerk toe? E: Sondag. N: Dan gaan doen hulle allerhande dinge. Al hierdie prente is van kerkmense of dalk nie. Jy moet nou vir my help. Sê vir my as hulle kerkmense is....	

N: Wat doen julle gesin nog wat vir jou laat dink daaraan dat julle kerkmense is?

E: Ons bid.

N: Wanneer?

E: By die kerk en in die aande voor ons gaan slaap en voor ons skool toe gaan.

N: Wie bid dan?

E: My ma bid.

N: bid julle ook?

E: Ja.

N: Wat bid jy?

E: Kan nie onthou nie.

N: Doen julle nog ander goed?

E: Huiskerk party aande.

N: Wat is dit?

E: Dan praat ons oor die Here in die huis.

N: Is dit vir jou lekker?

E: Ja, dan bid ons ook.

N: Sing julle ook?

E: Ja.

N: Was jy al by die kinderkrans?

E: Ja.

N: Wat doen hulle daar?

E: Ons bid en maak goeters met papier en blinkertjies en gom.

N: Is die kinderkrans ook kerkgoed?

E: Ja.

N: Het jy al gesien as 'n babatjie gedoop word?

E: Ja.

N: Het jy al Nagmaal gesien?

E: Nee.

N: Wat is dit?

E: Weet nie.

N: Is dit vir jou lekker om kerk toe te gaan?

E: Ja.

N: Is die kerk lank of kort?

E: Partykeer lank en partykeer kort.

N: Wat doen jy as die kerk lank is?

E: Ek luister maar.

Die moeder sê dat hy dikwels sê die kerk is te lank.

Moeder: As ons sê ons gaan groot kerk toe, dan sê hy dis te lank. Hy sê hulle gebruik woorde wat hy nie verstaan nie. As ek vra wat hy nie verstaan nie, sê hy as hy geweet het sou hy dit verstaan het. Hy geniet miskien die sing die meeste. Hy wil nie vorentoe gaan nie, maar my ander kind gaan graag. Die huiskerk geniet hulle - hulle is 'n klomp seuns en hulle speel graag. Dit voel soms vir my of ons ons kinders oor-evangeliseer. My hartewens is dat my kinders 'n oop verhouding met die Here moet hê, nie 'n gewoonte een nie, nie ons bid elke aand nie. Jy weet dit moet spontaan wees.

Prenteverbatim H

Prent	Respondent H	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wat sien jy op hierdie prent? H: Seuns wat op 'n balkon sit en een of ander sport kyk. N: Sal jy by hulle wil wees? H: Dit hang af... N: Ja? H: Of hulle hulle goed gedra. N: So gaan ons nou na al die prente kyk....	N: En hulle? H: Ook miskien.
B	N: As jy mooi na hierdie prent kyk, sal jy daar by hulle wil wees? H: Speel hulle blindemol of iets? N: Dit lyk so. H: Ja ek sal miskien by wil wees.	N: Dink jy dit is dalk mense van 'n gemeente? H: Miskien.
C	N: Sal jy dalk by hierdie prent se mense wil wees. H: Miskien, behalwe...wat se musiek speel hulle? N: so wat sien jy op hierdie prent?	N: En hulle? H: Miskien is dit 'n kerk! N: As dit 'n kerk is, en jy kan iewers kies om te sit, waar sou jy wou sit? H: Omtrent in die eerste of tweede ry. N: Waarom sou jy voor wou sit?

	H: Dis een of ander musiek-konsert.	H: As jy agter op die balkonne sit, kan jy altyd nie so mooi sien nie. Oom weet mos in ons kerk as daar gesinsdiens is, is daar groepe... dan as ons laat kom vir kerk sit ons daar agter. N: En hou jy daarvan? H: Nee, want daar's baie min mense. N: Hou jy van baie mense? H: Nogal, maar dan moet daar net nie te veel mense wees nie. N: As daar te veel mense is? H: Dan is dit oorrompel.
D	N: Sal jy hier wou by wees? H: Ek sal nie omgee nie? N: Waarna lyk dit? H: Iets het vir haar seergemaak.	N: En hulle? H: Miskien.
E	N: Wat sien jy op hierdie prent? H: Drie kinders en 'n baba en 'n ma en 'n pa. N: Ek het die prent uitgeknip sodat jy nie maklik kan sien waar dit is nie. Hoe dink jy waar is dit? H: Dit lyk soos by een of ander dokter. N: Wat het hulle by hulle. H: Boeke. N: Sê nou een van daardie boeke is 'n Bybel? Waar dink jy	N: En hulle? H: Ja, hulle is in 'n kerk.

	is hulle dan? H: By 'n kerk. N: Sou jy dan by hulle wou wees? H: Ja. N: Waar sou jy dan wou gesit het? H: Kan dit ook af van die prent wees? N: Ja. H: *Hy wys 'n denkbeeldige plek links van die pa, af van die prent af.* N: So jy wil nie hier tussen hulle sit nie? H: Ja.	
F	N: Sal jy hier by wou wees? H: Ja.	N: Dink jy hulle is deel van 'n gemeente? H: Nee.
G	N: En hier? H: Wat doen hulle hier? Lees 'n storie of doen wiskunde-take? N: Dalk. H: Ja.	N: Is hulle deel van 'n gemeente? H: Ja.
H	N: Kyk mooi, hier staan iemand. H: Arme mense. Dit lyk soos Kaya Mandi. N: Sou jy dalk hier by wou	N: Dink jy hulle is deel van 'n gemeente? H: Ek dink nie so nie? N: En hierdie dame?

	gewees het? H: Ek sal nie omgee nie. N: Wat sou jy wou gedoen het? H: Gewerk het. N: Wat se werk? H: Ek weet nie....	H: Ja, sy help hulle. N: Hoekom dink jy sy kan deel van 'n gemeente wees? H: As sy goed doen, is sy partykeers....miskien deel van 'n gemeente. N: En hierdie arm mense? H: Hang af of dit naby 'n kerk is.
I	N: Sou jy hier wou by gewees het. H: Ja, want dit lyk soos 'n huiskerk. Ek hou nogal baie van kerk.	N: Dink jy hulle is deel van 'n gemeente? H: Miskien, want hulle hou huiskerk. So hulle hoef nie altyd by die kerk te wees nie.
J	N: En as jy nou na hierdie prent kyk, sou jy hier wou wees? H: Nee, want ek hou nie daarvan om te skree nie.	N: En hulle? H: Nee.
K	N: En hier? H: Kollekte... Ja. Maar waarvoor gaan eintlik die kollekte? N: *Gee 'n kort verduideliking.*	N: Hulle. H: Ja!
L	N: Sou jy hier wou by wees? H: Dit lyk soos partytjie. Ja.	N: Is hierdie mense deel van 'n gemeente? H: Omtrent.
M	N: En hier? H: Ek dink nie so nie. N: Wat gebeur hier? H: Iemand lees 'n storie vir twee	N: Is hulle deel van 'n gemeente? H: Beslis, daai Bybel wat sy vashou.

	ander kinders.	
N	N: Sou jy by hom wou wees? H: Nee.	N: En hy? H: Miskien.
O	N: En by hom? H: Ja. N: Hoe lyk hy vir jou? H: Hartseer.	N: Dink jy hy is deel van 'n gemeente? H: Ek dink nie so nie.
P	N: En by hom? H: Nee. N: Wat gebeur hier? H: Ek kom nie juis agter nie. Sy hou 'n kers vas.	N: Dink jy hy is deel van 'n gemeente? H: Dit lyk so. N: So, dit lyk so? H: Dit lyk amper soos 'n baie ou kerk met 'n aandse diens.
Q	H: Dit lyk soos 'n seun met 'n pruik aan. N: Sou jy by hierdie kind wou wees? H: Nee.	N: Dink jy sy is deel van 'n gemeente? H: Miskien.
R	Verduidelik die saamgestelde prent: Seun wat aan die gemeente dink...	

N: As jy dink aan ons gemeente, wat doen ons alles?

H: Ons gemeente help vir mense wat nie so bevoorreg is soos ons nie.

N: Soos waar?

H: Kinderkrans is mos ook 'n gedeelte van die gemeente. En dan help ons vir mense van Zenzele Créche en mense daar rondom. En vir die Franse.

N: En vir die mense wat in Frankryk werk. Wat doen die gemeente nog?

H: Hulle sing en prys vir God.

N: Wat nog?

H: Hulle help vir mense.

N: Watter prent wil jy kies om weer te bekyk?

H: (*Hy kies prent I*)

N: So dit lyk vir jou na wat?

H: Na mense wat in 'n gemeente is. By huiskerk.

N: Was jy al by huiskerk?

H: Ja!

N: Waar is dit?

H: Dis hier en by dr L se huis.

N: So dan hou julle huiskerk? Wanneer?

H: Sondae aande.

N: Is dit lekker?

H: Ja.

N: Wat maak julle?

H: Een keer het ons al oor tyd gesels.

N: En wie sê nou waaroor julle gesels?

H: Ons besluit so saam, want dis mos nou nie regverdig dat een mens op een ding besluit en dan besluit 'n ander een ... en dan kry een mens nie eers kans nie.

N: En is dit grootmense en kinders bymekaar, of is hulle apart?

H: Nee, glad nie.

N: Is dit lekker as julle saam is.

H: Ja, baie.

N: Wie sien jy by ons kerk oor wie jy bly is dat jy hulle sien?

H: Vriende.

N: Wat is ouderlinge en diakens?

H: Ek dink dit is mense wat by die kerk werk.

N: Wie is die ouderling hier by julle wyk? *(Sy pa!)*

H: Ek weet nie.

N: Het julle in julle gesin ook dinge wat julle as gemeente doen?

H: As ons eet dan vat ons ons Bybels daar naby my pa se rekenaar. Ons het uit Psalms gelees.

N: Dan lees julle saam? En wat doen julle nog?

H: Ons sing en lees en bid.

N: Wat is vir jou die interessantste ding wat jy in ons kerk sien?

H: Dis 'n snaakse antwoord: die orrel. Tannie A, ek is in haar musiekklas toe reël ons dat ons saam met die orrellis op die orrel kan net 'n paar note speel.

N: As jy rondkyk in ons kerk, wat sien jy nog wat interessant is?

H: Ek weet nie.

N: Het jy al 'n doop gesien?

H: Ja.

N: Wat gebeur by 'n doop?

H: Daar's 'n dominee en daar's so 'n paal met 'n bakkie op. En dan is daar water in en as iemand dan 'n baba gekry het, dan bring hulle die Sondag hom saam... en dis die eerste dag wat hulle hom saambring, en dan gaan hulle hom mos doop.

N: Hoekom doop hulle hom?

H: Ek het vergeet.

N: En die Nagmaal.

H: Dit is om te onthou hoe Christus aan die kruis gesterf het.

Prenteverbatim J

Prent	Respondent J	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die*

		response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.
A	N: Sal jy graag tussen hierdie kinders wou wees? J: Ja. N: So het ek 'n klomp prente in die boek wat ek vir jou gaan wys....	N: En die skoolkinders? J: Ja.
B	N: Kyk mooi na hierdie prent. Sou jy hier by wou gewees het? J: Ja. N: Waarna lyk dit vir jou? J: 'n Speletjie.	N: En hulle? J: Ja.
C	N: En by hierdie prent se mense? J: Mmmnee. N: Waarna lyk dit vir jou? J: Na iemand wat klavier speel.	N: En hulle? J: Ja.
D	N: Sou jy by hierdie mamma en kind wou gewees het? J: Nee.	N: Dink jy hulle is? J: Ja.
E	N: Sal jy dalk hier by wou gewees het? J: Ja. N: Hoekom sou jy hier wou by wees? J: Dis 'n gesin.	N: En hulle? J: Ja.
F	N: En hier? Sou jy dalk hier by	N: En hulle?

	wou gewees het? J: Mmmja. N: Wat sien jy op hierdie prent? J: 'n Pop, 'n dokter, en 'n bed.	J: Ja.
G	N: Hier is nog 'n baie interessante prent. Sou jy dalk hier wou by gewees het? J: Ja. N: As jy nou vir jouself hier 'n plek kon gekies het, waar sou jy wou sit? J: *Wys plek agter ander kinders.*	N: Dink jy hulle is deel van 'n gemeente? J: Ja. N: Hoekom dink jy hulle is deel van die gemeente? J: Hulle doen iets daarvan.
H	N: Bekyk hierdie prent mooi. Sou jy dalk by hierdie mense wou wees? J: Ja. N: Wat gebeur hier? J: Iemand gee vir iemand anders iets. N: Kan jy sien wat sy gee? J: Nee, ek kan nie mooi sien nie.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? J: Ek weet nie. N: En hierdie vrou? J: Ek dink sy is.
I	N: Kyk na hierdie prent. Sou dit vir jou lekker wees om hier by te wees? J: Ja. N: Wat gebeur hier? J: Iemand lees vir iemand anders iets.	N: Is hulle deel van die gemeente? J: Ja.

J	N: Sal jy graag hier by wou gewees het? J: *Dink baie lank.* Nee ek dink nie so nie.	N: En hulle? J: Ja! *Met laggie.*
K	N: Sou jy graag by hierdie mense wou wees. J: Ja. N: Hoekom? J: Om geld te gee. N: Is dit vir jou lekker om geld te gee? J: Ja.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? J: Ja.
L	N: Kan jy sien wat hier gebeur? Sou jy graag daar wou by gewees het? J: Ja. N: Wat gebeur daar? J: Iemand gee vir iemand anders 'n geskenk. N: Wie dink jy gee die geskenk? J: Hy (*die man*). N: Wie dink jy is hy? J: 'n Jongman.	N: En hulle? J: Ja. N: Wie almal? J: Almal.
M	N: Sou jy daar wou wees? J: Nee.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? J: Mmmja.
N	N: Sal jy by hierdie kind wou wees?	N: Dink jy hy is deel van die gemeente?

	J: Nee. N: Hoekom nie? J: Hy's kwaai.	J: Ek weet nie.
O	N: En by daardie kind? J: Ja. N: Hoe lyk hy vir jou? J: Ek kan nie eintlik sê nie.	N: En hy? J: Ja.
P	N: En by hierdie kind? J: Ek weet nie. N: Wat gebeur hier? J: Hy doen iets maar ek kan nie presies sien nie.	N: En hy? J: Ja.
Q	N: Sal jy hier by wou wees? J: Ja. N: Wat doen sy? J: Sy teken... ek hou van teken.	N: En hy? J: Ja.
R	N: *Verduidelik dat kind aan kerk en gemeente dink. Die mense was klaar in die kerk en hulle gaan nou weg.* Wat noem ons hierdie mense? J: Die gemeente. N: Nou gaan ons weer na al die mense kyk en al wat jy vir my gaan sê is of jy dink die mense op die prente is deel van die gemeente.	N: Dink jy sy is een van die gemeente? J: Ja.

Hy kies prent E om verder oor te gesels.

N: Vertel vir my wat sien jy alles op hierdie prent.

J: Iemand lees boek en die pa sit en die ma het vier kinders?

N: Hoekom hou jy van hierdie prent?

J: Ja, dis om as 'n gesin saam te lewe.

N: Hoeveel is in julle gesin?

J: Vyf.

N: Hou jy van meisies?

J: Nee (*hulle is net seuns).*

N: Hulle sit so. Dink jy hulle is by die huis?

J: Nee, in die kerk.

N: As jy 'n plek kon kies, waar sou jy wou sit?

J: *Wys die plek langs die pa.*

N: As jy so in die kerk is, waarvan hou jy?

J: Van sing en van die Sondagskool.

N: Waar sit julle in die kerk?

J: In die Sondagskoolkerk.

N: Is dit vir jou lekkerder in die Sondagskoolkerk as in die groot kerk.

J: Nee, in die groot kerk.

N: Hoekom?

J: Daar sing jy meer en lees uit die Bybel.

N: As jy aan die kerk se binnekant dink, wat het jy al gesien wat vir jou interessant is?

J: Daardie een kastelerige preekstoel wat in die ander kerk is.

N: En in ons kerk?

J: Die twee papieregoeters langs die preekstoel (*skerms van die oorhoofse projektor)*

N: Het jy al iets daarop gesien wat jy kan onthou.

J: Daardie een liedjie.

N: Het jy al 'n doop gesien?

J: Ja, dis lekker om dit te sien.

N: Is die kerkdiens lank?

J: Ja.

N: Wat doen jy die heeltyd?

J: Sit maar.

N: Waarna kyk jy dan alles?

J: Die dominee en die gesangboekies, of ek kyk die Bybel deur.

N: As iemand vir jou vra: Wat doen julle gemeente alles? Wat sal jy antwoord?

J: *Dink baie lank.* Kom bymekaar en praat van Jesus.

N: Kom julle soms in die aand ook bymekaar?

J: Ja.

N: Wat noem julle dit?

J: Huiskerk.

N: Hou jy daarvan?

J: Dis lekker want die kinders kan speel.

N: Is huiskerk lekkerder as die ander kerk?

J: 'n Bietjie.

N: Wat van die kinderkrans? Is dit ook deel van die gemeente?

J: Ek dink dis 'n bietjie anders.

Uit 'n gesprek met die moeder blyk dit dat hy 'n bietjie kla om kerk toe te gaan - moontlik omdat hy meer van iets hou waaraan hy meer aktief kan deelneem. Hulle

hou van die gesinsdienste waar hulle iets moet doen. Hy is nou beter as 'n tyd gelede wat stilsit betref.

Hy het al Nagmaal en begrafnis, en troue bygewoon. Hy weet nie wie die kerkraadslede is nie. Toe hulle in die vorige gemeente maandeliks omgekom het, het hulle geweet, maar hier is dit anders.

Huisgodsdiens: Oggende na ontbyt hou hulle saam - sing nie. Maak beurte met bid> bid ook by etenstafel. Saans elkeen op sy eie. Hy kan al self ietsie uit sy Kinderbybel lees.

Prenteverbatim K

Prent	Respondent K	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wat sien jy op hierdie prent? K: Skoolkinders. N: Hou jy van die prent, of sal jy graag daar by wil wees, of is dit vir jou 'n lekker prent? K: Ja, dit is 'n lekker prent.	N: En hierdie klomp skoolkinders? Is hulle deel van die gemeente? K: Ja.
B	N: Is dit 'n lekker prent? K: Ja.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? K: Ja.
C	N: Is dit vir jou 'n lekker prent? K: Ja. N: Wat sien jy op hierdie prent?	N: En hulle? K: Ja!

	K: 'n Klavier.	
D	N: Is dit 'n lekker prent? K: Hmmh (nee). N: Is dit nie vir jou 'n lekker prent nie? K: Nee.	N: En hulle? K: Ja.
E	N: En hierdie prent? K: Nee. N: So dis nie vir jou 'n lekker prent nie. Wat sien jy op daardie prent? K: Kinders. N: Weet jy hoekom dit nie vir jou 'n lekker prent is nie? K: Nee.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? K: MMja.
F	N: Is dit vir jou 'n lekker prent? K: Nee.	N: En hulle? K: Ja. N: Al twee van hulle? K: Mmm.
G	N: Is dit vir jou 'n lekker prent, sou jy daar by wou wees? K: Ek gee nie om nie.	N: Is hulle deel van die gemeente? K: Ja.
H	N: Is dit 'n lekker of sleg prent? K: Ek weet nie.	N: Dink jy daardie vrou is deel van die gemeente? K: Ja.
I	N: En hierdie een? K: Ek weet ook nie.	N: En daardie mense? K: Ja.

J	N: Is dit lekker of sleg? K: Dis 'n lekker prent. N: Sal jy graag daar wou wees? K: Ek kan net nie sien wat daar gebeur nie.	N: Dink jy daardie kinders is deel van die gemeente? K: Ja.
K	N: Is dit 'n lekker prent? K: Dis 'n lekker prent. N: Wat gebeur hier? K: Hulle gee vir die oom geld.	N: En daardie mense? K: Mmm *(Positief)*
L	N: Is dit 'n lekker of sleg prent? K: Lekker. N: Hoekom? K: Die ouma verjaar.	N: Is daardie mense deel van die gemeente? K: Ja.
M	N: En hierdie een? K: Dis 'n lekker prent. N: Die ma vertel vir haar kinders 'n storie.	N: Dink jy daardie mense is deel van die gemeente? K: Ja.
N	N: Hou jy van hierdie kind, sal jy by hom wil wees? K: Nee.	N: Dink jy hy is deel van die gemeente? K: Nee.
O	N: En by hierdie kind? K: Nee. N: weet jy hoekom nie? K: Nee.	N: Dink jy hierdie kid was in die kerk en is deel van die gemeente? K: Ek weet nie.
P	N: En sou jy by hierdie een wou gewees het? K: Nee.	N: Dink jy hy was ook daar by die kerk? K: Ek dink so.

	N: Hoe voel hy? K: Hartseer.	
Q	N: En by hierdie prent? K: Nee, ek wil by my eie broer wees.	N: Dink jy hierdie kind is deel van die gemeente? K: Ja, ek dink so.
R	N: Waaraan dink jy dink hierdie seuntjie? K: Aan 'n kerk. N: *Verduidelik oor die mense in die kerk, die gemeente wat dinge buite die kerk gaan doen....*	

Verdere gesprek oor prent C:

N: Wat dink jy gebeur alles hier behalwe die tannie wat klavier speel?

K: Die mense kyk vir haar en hulle hoor hoe speel sy.

N: Sal jy graag daar wil wees?

K: Ja.

N: Waar sal jy wil wees as jy vir jou 'n plekkie kies?

K: *(Wys 'n plek iewers in die middel tussen die mense)*

N: Dink jy nie dalk jy sal nie iets kan sien nie?

K: Ja.

N: Maar jy sal daar wil sit?

K: Ja.

Verdere gesprek oor prent wat hy self kies. Prent L.

N: Jy het gesê die ouma verjaar. Wie is daar rondom die ouma?

K: Ek weet nie.

N: Wie dink jy kan dit wees?

K: 'n Ander oom.

N: En daardie een?

K: Hy lyk vir my soos 'n oupa?

N: Waar is hulle nou?

K: By die ouma se huis.

N: Gaan jou ouma ook kerk toe?

K: Nee.

N: En jou oupa?

K: Ja.

N: Is dit vir jou lekker om kerk toe te gaan.

K: Mmhnee. Vervelig.

N: Is dit vervelig? Hoekom? Vertel vir my.

K: Want ek is altyd moeg by die kerk.

N: Is daar iets by die kerk waarvan jy soms hou?

K: Nee.

N: Hou jy van sing?

K: Ja.

N: Van die liedere wat ons by die kerk sing?

K: Ek weet nie.

N: Wat maak jy altyd as hulle bid by die kerk?

K: Ek maak my oë toe.

N: Wat het jy al by die kerk gesien wat vir jou interessant was?

K: Ek weet nie.

N: Het jy al ooit gesien hoe 'n baba gedoop word?

K: Nee.

N: Was jy al ooit by 'n troue?

K: Nee.

N: En by 'n begrafnis?

K: Nee.

N: Hou jy van 'n kerk met klokke?

K: Ek weet nie.

N: Hou jy van 'n kerk met 'n toring?

K: Ja!

N: Ons kerk het mos nie 'n toring nie.

K: Hy sou vir my mooi gelyk het.

N: Hou jy van kerse?

K: Ja, ek hou daarvan om daarmee te speel.

N: En as dit nou net daar staan en brand in die kerk?

K: Dit lyk net vir my mooi.

N: En hou jy van sing?

K: Ja.

N: Ken jy die dominee wat partykeer daar voor staan?

K: Ja *(lag)*.

N: En daar is nog 'n dominee. Preek hulle lank of kort?

K: Lank.

N: En wat gebeur dan met jou?

K: Dan slaap ek op my ma se skoot.

N: As jy groot is, gaan jy dan ook kerk toe gaan?

K: Ja.

N: Hoekom?

K: Ek wil leer van die Bybel.

'n Paar ander opmerkings:

Hulle trek kerkklere aan. Trek netjies aan.

By die huis lees hulle Bybel - saans. Dan bid hulle ook voor hulle gaan slaap.

Hy en sy broer maak beurte om te bid by die eettafel.

Hy skakel nie by kleuterkategese in nie, maar woon die kort diensie voor die kategese saam met sy ma by. Dan wag hulle vir 'n half uur in die motor totdat die kategese verby is.

Geen ander blootstelling aan ander gemeentelike byeenkomste nie.

Daar is soms negatiwiteit om kerk toe te gaan.

Prenteverbatim L

Prent	Respondent L	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wat sien jy op hierdie prent? L: 'n Klomp kinders wat lag en wat omkyk en hulle waai hande. N: Sal jy by hulle wil gewees het? L: Ja ek sal as ek 'n seun gewees het. N: Ek gaan vir jou 'n klomp sulke prente wys...	N: En hierdie? L: Party is en party nie.
B	N: Sal jy by hulle wil gewees het? L: Ja, ek sal by hulle wil gewees het.	N: Is dit kerkmense? L: Ja. N: Hoekom dink jy so?

	N: Wat dink jy, wat doen hulle? L: Hulle speel ....die mannetjie maak sy oë toe en hulle sit 'n doek om en hy moet probeer om 'n dogtertjie te vang as hy ene kan kry sonder om te kyk.	L: Hulle is vriendelik en hulle is vriendelikmet die oom en het glimlagge.
C	N: Sal jy by hierdie mense wou wees? L: Nee, ek dink nie regtig so nie. N: Wat dink jy gaan op hierdie prent aan? L: Al die mense is in 'n saal en hulle luister hoe 'n meisiekind klavier speel. N: Wat se soort saal lyk dit vir jou na? L: Ek dink ek was al in daai saal gewees. N: Wat het die mense by hulle? L: Hulle het boeke by hulle. N: Waarna lyk dit vir jou? L: Dit lyk vir my na boeke waarin hulle kyk wat sy nou speel en so aan.	N: En dit? L: Ja. N: Jy het netnou gesê jy wil nie op hierdie prent wees nie. L: Nee, ek het gesê ek wil. N: Waar sal jy wil gesit het? L: Heel, heel voor. N: Hoekom? L: Omdat ek wil sien wat die tannie doen.
D	N: Sal jy dalk hier wou by gewees het? L: Nee, glad nie. N: Waarna lyk dit vir jou? L: 'n Meisiekind wat hartseer is	N: Is dit kerkmense? L: Ek dink die mamma is 'n kerkmens want sy troos die ander as hulle hartseer is.

	en nou troos haar ma vir haar.	
E	N: Hierdie prent het ek uitgeknip. Waarna lyk die prent vir jou? L: Dis 'n pa wat lees uit die boek wat hulle moet teken en dan teken hulle dit en 'n paar sê wat in die prentjie aangaan. N: Sê nou dit is 'n bank met banke voor en agter. Wat is dit dan? L: 'n Kerk en hulle lees uit die Bybel uit. N: Sê nou maar dit was jou gesin, sou jy wou by gewees het? L: Ja, ek sou baie graag wou by gewees het. N: Waar sou jy dan wou gesit het? L: Op my ma se skoot.	N: Dink jy dit is kerkmense? L: Ja. N: As jy so in die kerk sit, wat sien jy? L: Ek sien 'n dominee wat bid of uit die Bybel lees vir almal en hy praat oor Jesus. N: En nog? L: Ek sien die kruis en mooi vensters met Maria op en engele en die kleure van die vensters. N: Sien jy dit by ons kerk ook? L: Ja. N: En wat is nog voor behalwe die kruis? L: Die kerse. N: Wat is vir jou die mooiste in ons kerk waarvan jy die meeste hou? L: Die kruis met die handdoek om en die mooi plek waar die dominee staan.
F	N: Hier is die volgende prent. Sou jy hier wou by gewees het? L: Nee, glad nie. Ek wil nie 'n siek kind wees nie.	N: Is dit kerkmense? L: Ja. N: Hoe weet jy? L: Die verpleegster werk in die hospitaal en sy help die mense. N: Dink jy al die verpleegsters is kerkmense? L: Party en party is maar net een wat

		in die nagte gaan om babetjies dood te maak of 'n vrou wat sy nie van hou nie se babatjie gaan maak sy dood. Of hulle gaan maak die ander mense seer en gee vir hulle vergifting. N: Sulke lelike goed. En hierdie dogtertjie? L: Sy is ook een.
G	N: Sal jy hier wil by gewees het? L: Ja ek sal as ek van die groepie kon gewees het, dan sal ek baie graag wou by gewees het. N: Wat dink jy gebeur hier? L: Sy lees vir hulle 'n storie en ou wys sy vir hulle die prente. N: As jy hier kon gesit het, waar sou jy wou gesit het? L: Heel voor in die middel.	N: Dink jy dit is kerkmense? L: Ja. N: Hoekom dink jy so? L: Want die meisiekind is bly dat hulle kan kom en sy is vriendelik met hulle en sy lees vir hulle stories. N: Waar dink jy gebeur dit? L: Dis miskien klein kinders wat nog op uitstappies gaan as hulle in die Sondagskool is.
H	N: Hier is 'n baie interessante prent. Sou jy dalk hier naby wou by gewees het? L: Nee, ek dink nie dit sal lekker wees om daar te sit nie. N: En as jy net kon gekyk het? L: Dan sal ek daarso gesit het. N: Wat dink jy sou jy gesien het? L: Dan sou ek gesien het 'n outjie wat seergekry het of blind is en die tannie help hom om op te	N: Is dit kerkmense? L: Ja, die vrou wat vir die oom help. N: Hoe weet jy sy is 'n kerkmens? L: Want sy probeer om vir die mens te help wat blind is en wat nie kan loop nie. N: Doen al die kerkmense dit? L: Ja, as hulle 'n oom kry wat seergekry het.

	staan.	
I	N: Sou jy hier wou by gewees het? L Ja, ek sou hier baie graag wou bygewees het. N: Waarna lyk dit vir jou? L: 'n Dominee wat hulle huis kom kuier het en toe lees hy vir hulle uit die Bybel uit. N: Het dit al by julle huis gebeur? L: Baie kere. Dit was vir my baie lekker.	N: En hierdie mense? L: Ja, ek dink so. N: Hoekom dink jy so? L: Omdat hulle is bly die dominee het gekom want hy het vir hulle kom Bybel lees.
J	N: En hier? Wat gebeur hier? L: Hulle skree want hulle is oor iets baie bly. Hulle dink dit is baie snaaks. N: Sal jy dalk hier wil by gewees het? L: Ja, baie graag.	N: En hulle? L: Ja, ek dink so omdat hulle is bly en hulle lag. N: Dink jy kerkmense is altyd bly en vriendelik? L: Ja. N: Is hulle nie partykeer hartseer nie? L: Ja partykeer is hulle hartseer.
K	N: En hier? L: Ja, ek sal wil. N: Wat gebeur hier? L: Daarso is altyd sulke klomp mense wat saam op 'n bank sit en dan as die dominee sê ons moet vir die arm mense geld bymekaar maak, dan gaan al die mense met bakkies en dan gooi	N: Dink jy dit is kerkmense? L: Omdat hulle is in die kerk.

	die hele kerk se banke vir hulle geld in. N: Wat noem 'n mens daardie mense? L: Ek weet nie.	
L	N: Sou jy hier wou by gewees het? L: Ja, ek sou die tannie wou gewees het wat 'n present kry. N: Wie dink jy is nog hier? L: Dis twee mans. Die een man sit saam met die tannie op die bank en hy gee vir haar 'n present en die ander een staan en kyk of sy daarvan hou. N: dink jy hulle is familie van haar? L: Ek dink hulle is vriende.	N: En hierdie mense? L: Ja, ek dink so? N: Hoekom dink jy so? L Omdat hulle is so vriendelik en hulle gee vir mense geskenke wat hulle ken. N: Gee die kerkmense vir mekaar geskenke? L: Ja, as hulle verjaar of hulle is bly oor iets, of dis Kersfees, of Moedersdag. N: Het een van die kerkmense al vir jou 'n geskenk gegee? L: Ja, as ek verjaar of so.
M	N: Sou jy hier wou by gewees het? L: As daai my broer was, sou ek wou by gewees het. N: Wat dink jy gebeur hier? L: Hy lees vir hulle 'n storie en die kinders luister.	N: Dink jy hierdie mense is kerkmense? L: Ja, ek dink so. N: Hoekom dink jy so? L: Omdat hulle lyk nie stout nie, hulle lyk soet en hulle lyk baie vriendelik.
N	N: Sou jy dalk naby hierdie seuntjie wou gewees het? L: Nee, glad nie.	N: Dink jy hierdie seuntjie is 'n kerkmens? L: Nee. N: Hoekom dink jy so?

		L Want hy lyk ongeskik.
O	N: En by hierdie een? L: Ek sal net sal getroos het. N: Lyk hy vir jou hartseer? L: Ja. N: Hoekom dink jy is hy hartseer? L: Aag, ek dink hy het seergekry of sy maatjies was met hom lelik.	N: Dink jy dit is 'n kerkmens? L: Omdat hy is seker hartseer omdat hy nie elke dag kan kerk toe gaan nie en hy hou seker baie van kerk.
P	N: En hierdie een? Dink jy dit is 'n seun of dogtertjies? L: 'n Dogtertjie....Nee, sy is baie bang.	N: Dink jy hierdie kind is 'n kerkmens? L: Nee. N: Hoekom dink jy so? L: Omdat hy kon miskien baie stout gewees het in die kerk en toe het hy iets gebreek, aspris, toe hardloop hy weg en hy kruip weg waar 'n ou hom nie kan sien nie.
Q	N: Dink jy jy sal saam met hierdie een wou gewees het? L: Ja, ek sal wil. N: Wat doen sy? L: Sy kleur in - 'n prentjie.	N: Dink jy hierdie dogtertjie is 'n kerkmens? L: Sy is vriendelik en sy het 'n glimlag en sy lyk na 'n soet dogtetjie.
R	N: Op hierdie prent is een groot kop. Sien jy? Is dit 'n seuntjie of 'n dogtertjie? L: Seuntjie. N: Waaraan dink hy? L: Hy dink aan die mense wat	

	kerk toe kom. N: Wat noem ons die mense wat so in en uitgaan by die kerk? L: Kerkmense. N: Hulle is mos nie die heelweek in die kerk nie? L: Nee, net Sondae. N: Wat maak hulle die heel week? L: As hulle kinders is sal hulle skool toe gaan, as hulle groot is dan gaan werk hulle.... En as dit 'n Sondag is dan gaan hulle kerk toe. N: Gaan al die mense kerk toe? L: As hulle mense van Jesus is. N: Nou gaan ek weer vir jou al die prente wys....	

N: Watter prent kies jy?

L: Die een wat hulle so speel in die partytjie.

N: As jy na ons kerk toe gaan, wat is vir jou lekker by die kerk, en wat is nie lekker nie?

L: Dis lekker om daar te sit en te kyk hoe die dominee lees en om na al die mooi goed te kyk.

N: Kan jy iets onthou wat die dominee al gewys het?

L: 'n Kierie.

N: Wat maak 'n mens daarmee?

L: 'n Mens loop met hom of jy slaan iemand wat stout was.

N: Is die preke lank?

L: Partykeer, dan slaap ek maar op my pa se skouer.

N: Wat gebeur nog, behalwe die preek?

L: Hy bid en hulle vat die bakkies en dan gaan hulle vir die geld.

N: Wat doen die gemeente die hele tyd?

L: As daar iets is wat hulle moet doen soos as daar 'n skerm is van iets wat nie in die Bybel is nie, dan wys hulle dit met koki en dan sit hulle die lig aan.

N: Gaan party gemeentemense na vore?

L: Ja, party gaan steek die kerkse aan, of party gaan sê vir hulle wat gaan aan in die ander wêrelde.

N: Is dit lekker as die ander mense ook iets doen?

L: Ja, omdat dan is ek nie al die tyd so vervelig nie as die dominee net praat nie.

N: As julle uit die kerk kom, hou julle hier ook goed wat vir julle herinner dat julle kerkmense is?

L: Nie eintlik nie.

N: Lees julle Bybel?

L: Ja, in die aande wanneer ek gaan slaap.

N: Lees jyself?

L: Soms lees my ma vir my....

N: En wat van sing?

L: Partykeer dan sing ek.

N: Watter liedjie?

L: Ek wil die Here loof.

N: Wat bid jy?

L: Dankie vir die kos en vir 'n mamma en 'n pappa en vir 'n huis en dat ons sy kind is en dat ons nie lelike goed doen nie.

N: Gaan julle soms na ander gemeente-mense toe?

L: Ja, ek gaan partykeer kerk toe of Sondagskool toe en partykeer gaan ons nie kerk toe nie as ons nie tyd het daarvoor nie.

N: En party Sondagaande?

L: Dan gaan ons huiskerk toe.

N: Wat is huiskerk?

L: Dit is as elke aand dan het elkeen 'n beurt en dan gaan ons na daai huis toe en dan doen ons 'n paar goed.

N: Soos wat?

L: Ons bid altyd en ons lees elkeen 'n versie en ons kan speel as ons wil en ons eet en dis vir my baie lekker.

N: Is dit lekkerder by die huiskerk as by die groot kerk?

L: Dis vir my lekkerder by die regte kerk.

N: En die Sondagskool?

L: Die Sondagskool is vir my baie lekkerder as die regte kerk.

N: Hoekom?

L: Omdat ons kan inkleur en met die treintjie speel of mens kan luister hoe hulle uit die Bybel lees.

N: Wat is spesiaal daar voor in die kerk, daardie blink beker en bord? Wat is dit?

L: Ek weet nie.

N: En dan is daar nog so 'n houtstaandertjie met 'n bakkie bo-op. Wat is dit?

L: Dis 'n plek waar mens gedoop word.

N: Het jy al 'n doop bygewoon?

L: Ja.

N: En was dit vir jou lekker?

L: Ja.

N: Hoekom?

L: Omdat dan hoef 'n mens nie heeltyd so lank in die plek te sit nie en dis lekker om te kyk hoe die babatjie lyk en wat sy naam is.

N: Is jy ook gedoop?

L: Ja.

N: Hoekom doop 'n mens 'n kind?

L: Dat almal kan weet wat sy naam is en dan kan Jesus dit in sy boek skryf en dan hoef 'n mens nie altyd te sê kind, kind, kind nie, dan weet jy wat sy naam is.

In die gesprek met die moeder blyk dit dat sy redelik maklik kerk toe gaan as die gesin saamgaan. Hulle hou baie van Gesinsdienste, maar hulle kla as hulle te lank moet stilsit. Sy was al by die kinderkrans.

Prenteverbatim M

Prent	Respondent M	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wil jy graag by die mense op hierdie prent wees? M: Nee. N: Waarna lyk dit vir jou? M: Lyk of hulle skree.	N: En hulle? M: Party.
B	N: Wat dink jy gebeur op hierdie prent? M: Hulle speel blindemol. N: Sal jy saam met hulle wou gespeel het? M: Ja N: Watter een sou jy wou gewees het?	N: Is dit kerkmense? M: Ja. N: Hoekom? M: Want dit lyk so.

	M: Myself.	
C	N: Is die prent vir jou interessant? M: Nee. N: Wat sien jy op hierdie prent? M: Die tannie speel klavier. N: Waar is die mense, of wat doen hulle? M: Hulle luister. N: Wat sien jy nog? M: Hulle staan. N: Sal jy dalk by hulle wou wees? M: Nee.	N: Is dit kerkmense? M: Party is en party is nie. N: As jy nou hier kan sit, waar sal jy wil sit? M: Heel voor. N: En as jy in die kerk is, waar sou jy wou sit? M: Enige plek. Ek wil by my ma sit.
D	N: Hier is twee mense. Wat dink jy gebeur hier? M: Sy sê vir die kind iets. N: Soos wat? M: Ek weet nie. N: sou jy by hulle wou wees? M: Nee.	N: Is dit kerkmense? M: Ja. N: Hoekom dink jy so? M: Hulle is lief vir mekaar.
E	N: Hierdie prent is uitgeknip en nou kan 'n mens nie sien waar hulle is nie. Waar dink jy is hulle? M: In die park. N: Hoekom dink jy is hulle in die park? M: Want hulle sit op 'n bankie.	N: En hierdie? M: Ja. N: Waar sit hulle - in die park? M: Nee, die kerk. N: Sê nou jy sit in die kerk en jy kyk 'n bietjie rond. Vertel vir my alles wat jy al gesien het.

	N: Sê nou hier is nog banke voor en banke agter hulle, waar is hulle dan? M: By 'n konsert. N: Sê nou dit is jou pappa en jou mamma, waar sou jy wou gesit het? M: Op my mamma se skoot.	M: Die dominee, klomp mense.... N: En nog? M: Banke. N: En wat nog? M: 'n Bybel. N: Wat sien jy nog? M: Ou ooms en tannies, en jongmense en babas. N: In die kerk? Wat doen hulle daar? M: Hulle skree. N: Wie? M: Tweelinge. N: En daar voor in die kerk? M: Die tafeltjie waarop die dominee sy Bybel lees en die orrel se pype.
F	N: Wat gebeur op hierdie prent? M: Ek weet nie. N: Waar dink jy is dit? M: By 'n dokter. N: Sou jy op hierdie prent wou by gewees het? M: Nee! N: Wat doen jou pa? M: Hy is 'n dokter? N: Sou jy by wou wees as hy die dokter was? M: Ja.	N: Is dit gemeentemense? M: Ja. N: Hoekom? M: Want hulle sorg vir die kinders.

G	N: Hier is 'n groepie. Wat dink jy doen hulle. M: Hulle kyk ook na prentjies. N: Wat se prentjies sou jy van gehou het? M: Perdeprentjies. N: Waar sou jy wou gesit het? M: In die koelte hier voor.	N: Is dit kerkmense? M: Ja, hulle lyk so. N: Hoe lyk hulle? M: Hulle lyk vriendelik. N: Maar hulle sit dan onder 'n boom? Hoe dink jy waarom is hulle bymekaar? M: Om Bybel te lees. N: Wie het gesê hulle moet bymekaar kom? M: Die tannie. N: Wie is die tannie? M: 'n Witmens. N: Is sy van die gemeente? M: Ja. N: Is dit dalk 'n kinderkranstannie? M: Ja, want daar is 'n klomp kinders. N: Is dit nie dalk 'n Sondagskooltannie nie? M: Miskien. N: Is dit nie dalk 'n juffrou by die skool nie? M: Ek weet nie. N: Nou kan jy kies watter een van die drie dit is. M: 'n Kinderkranstannie. N: Hoekom?

		M: Want dit lyk so.
H	N: Wat sien jy gebeur op hierdie prent? M: Die vrou gee vir iemand iets. N: Sal jy hier naby wou gewees het. M: Nee! N: Hoekom nie. M: Want dis mense wat ek nie ken nie.	N: Is van hierdie mense kerkmense? M: Nee. N: Nie een nie? M: Miskien party. N: Hoe weet 'n mens? M: Want hulle is nie naby aan die dorp nie. M: Is daar nie ver van die kerk af ook kerkmense nie? N: Ja. M: Waar hou hulle kerk? N: Ek weet nie. M: Kan 'n mens in 'n huis ook kerk hou? N: Ja.
I	N: Dink jy jy sal dalk by hierdie mense wou wees? M: Nee. N: Sê nou dit was jou gesin. Sou jy dan by hulle wou gewees het? M: Ja. N: Wat maak hulle? M: Hulle lees Bybel. N: Lees julle ook Bybel? M: Ja. N: Baie keer?	N: Is dit kerkmense? M: Ja. N: Hoekom? M: Want hulle lees Bybel.

	M: Ja. N: Wie lees? M: Mamma. N: En wat doen julle? M: Ons luister. N: Is pappa ook by? M: Nee.	
J	N: Wat sien hulle? M: Hulle sien 'n konsert. N: Sou jy graag by hulle wou gewees het? M: Ja.	N: En hulle? M: Ja. N: Hoekom? M: Ek weet nie.
K	N: Sou jy by hulle wou wees. M: Nee. N: Wat gebeur hier? M: Die oom gee vir die mense iets. N: Wat dink jy gee hy vir hulle? M: Brood. N: Hoekom gee hy vir hulle brood? M: Want dit lyk so. N: Het jy dit al gesien? Waar gebeur dit? M: By die kerk. N: Wat noem ons dit dan? M: Weet nie.	N: Is dit kerkmense? M: Ja, want hulle is in die kerk.

	N: Wat gee hy dan nog vir die mense? M: Wyn. N: Hoekom gee hy brood en wyn? M: Weet nie. N: Kry jy ook? M: Nee. N: Hoekom nie? M: Seker omdat ek klein is. N: Kry kinders iets anders? M: Nee! N: Wil jy ook brood en wyn hê? M: Ja. N: Hoekom? M: Sommer, want dit lyk lekker.	
L	N: Wat gebeur op hierdie prent? M: 'n Oom gee vir 'n ouma 'n present. N: Sou jy hier wou by gewees het? M: Nee. N: Hoekom nie? M: Want hulle is nie my familie nie. N: En sê nou dit was jou ouma? M: Dan sou ek daarby wou	N: Dink jy hulle is kerkmense? M: Ja. N: Hoekom? M: Want hulle is lief vir mekaar.

	gewees het.	
M	N: Sou jy dalk hier wou by gewees het? M: Nee. N: Hoekom nie? M: Want ek ken hulle nie. N: En sê nou jy het hulle geken? M: Dan sou ek daarby wou gewees het. N: Wat sou julle dan gedoen het? M: Dieselfde. N: En wat is dit? M: Lees 'n boek.	N: Is dit kerkmense? M: Ja, want dit lyk of hulle Bybel lees. N: Sal jy wil by wees as iemand so Bybel lees? M: Ja.
N	N: Wat doen hierdie seun? M: Lelike goed. N: Hoekom doen hy dit? M: Want hy lyk so. N: Dink jy hy doen regtig lelike goed of trek hy net sy gesig so. M: Miskien trek hy net sy gesig so. N: Sou jy naby hom wou gewees het? M: Nee. N: Wat se lelike goed dink jy doen hy? M: Vloekwoorde.	N: Is hierdie mannetjie 'n kerkmens? M: Nee. N: Hoekom nie? M: Omdat hy nie so lyk nie. N: Kry 'n mens nie sulke mense in die kerk nie? M: Net so 'n paartjies.
O	N: Is dit 'n seun of 'n dogter?	N: En hierdie kind?

	M: Dink jy jy sou dalk by haar wou wees? N: Nee. M: Wat gebeur met haar? N: Sy huil. M: Hoekom? N: Sy't seergekry.	M: Ja. N: Dink jy nie sy gaan dalk in die kerk huil nie? M: Nee. N: Hoekom is sy 'n kerkmens? M: Ek weet nie.
P	N: Wat gebeur hier? M: Hy's omgelukkig. N: Hoekom? M: Want sy ma het met hom geraas. N: Wat het hy gedoen? M: Iets stouts. N: Wat gaan hy nou doen? M: Hy gaan vir sy ma luister. N: Sal jy by hom wil gewees het? M: Nee.	N: Dink jy dit is 'n kerkmens? M: Ja. N: Hoekom? M: *Stilte….*
Q	N: En sal jy by haar wou gewees het? M: Nee. N: Wat doen sy? M: Sy kleur 'n prent in. N: Waarom sou jy nie by haar wou wees nie? N: Want sy's klein.	N: Dink jy sy is 'n kerkmens? M: Ja, sy lyk so.
R	N: Wat sien jy alles op hierdie	

	samegestelde prent? M: 'n Kerk en klomp mense. N: Is dit 'n seun of 'n dogter? M: 'n Seun. N: Waaraan dink hy? M: Hy dink aan die kerk. N: *Verduidelik oor al die mense wat kerk toe gaan.*Jy kan mos slim name uitdink. Watter name gee jy aan mense wat so kerk toe gaan? M: Net mense. N: Op watter dag gaan hulle kerk toe? M: Op Maandag. N: Gaan hulle elke dag kerk toe? M: Nee, party gaan skool toe en party gaan nie. N: Ken die mense wat hier by die kerk ingaan en weer uitgaan mekaar? M: Nee. N: Is hulle nie vriende van mekaar nie? M: Net party. N: Ek gaan nou weer al die prente vir jou wys....	

Sy kies prent R vir verdere gesprek.

N: Hoekom is die prent vir jou interessant?

M: Want daar is 'n klomp goed waaraan 'n mens kan dink.

N: Is dit vir jou lekker of sleg by die kerk?

M: Lekker.

N: Wat is die lekkerste?

M: Om Bybel te lees.

N: Dink jy die kerk is te lank?

M: Nee.

N: Verstaan jy wat die dominee preek?

M: Net partykeer.

N: Kan jy aan iets dink wat hy al gepreek of gewys het?

M: Van die Here.

N: Wat het die Here gedoen?

M: Vir al die mense aan die kruis gehang.

N: Is daar iets in die kerk wat vir jou aan die kruis laat dink?

M: Ja, ons was een keer by die kerk toe was daar so 'n kruis daarso by die dominee.

N: Wie kom almal na julle huiskerk toe?

M: H-hulle kom.

N: Wat doen julle dan?

M: Dan speel ons en dan lees ons Bybel.

N: Wie lees dan Bybel?

M: My pa.

N: Is huiskerk vir jou lekker?

M: Ja, dan hoef 'n mens nie stil te sit nie.

N: Is dit sleg om stil te sit?

M: Net partykeer.

N: Het jy al gesien hoe word 'n babatjie gedoop?

M: Nee.

N: Is jy gedoop?

M: Ja.

N: Hoe weet jy dit?

M: My ma het vir my gesê.

N: Hoekom doop ons babatjies?

M: Om die Here se kind te wees.

N: Wat sê die Here vir die baba as hy gedoop word?

M: Jy is myne.

Prenteverbatim P

Prent	Respondent P	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Sal jy dalk by hierdie kinders wou wees? P: Nee.	N: En hierdie kinders? P: Hulle was in die skool. N: Dink jy nie hulle was dalk gister in die kerk nie? P: *Lag net onseker*
B	N: Sal jy dalk by die mense van hierdie prent wou wees? P: Ek weet nie. N: Wat dink jy gebeur hier? P: Hulle speel blindemol.	N: Dink jy dit is mense van die gemeente? P: Nee.
C	N: Sou jy dalk hier wou gewees het? P: Ek weet ook nie eintlik nie (*klink negatief)*	N: Dink jy dis gemeentemense? P: Mmm, dit lyk vir my so. N: As jy nou iewers hier 'n plekkie kon kies waar jy sou wou wees, waar sou jy kies? P: (*wys voor naby)* N: Hoekom sou jy voor naby wou gewees het? P: Dat ek lekker kan sien. N: Wat gebeur hier? P: 'n Tannie speel klavier en hulle kyk wat daar gebeur.

		N: Watse soort gebou is dit? P: Dit lyk vir my soos 'n kerk. N: Hoekom lyk dit vir jou soos 'n kerk? P: Want daar sit mense onderkant en daar sit mense bo. N: Wat het jy al in ons kerk gesien? P: Lat die mense nie gesels en lat hulle nie baklei nie.
D	N: Sou jy dalk by hulle wou gewees het? P: Mmmja.	N: En hulle? P: Nee.
E	N: Sou jy dalk hier wou gewees het? P: Miskien. (*Klink positief)* N: Waar dink jy sit hulle? P: Op 'n bank in die kerk. N: Hoekom dink jy hulle sit in die kerk? P: Want hulle hou Bybels vas. N: Sê nou maar dis jou pappa en jou mamma, waar sou jy graag wou gesit het? P: Daar (*wys die seun langs die ma).*	N: Dink jy prent E se mense is gemeentemense? P: Ja. N: Hoekom dink jy hulle is gemeentemense? P: Want hulle sit in die kerk.
F	N: En sou dalk hier wou by gewees het? P: Nee.	N: En hulle? P: Nee.
G	N: En hier?	N: Dink jy dis gemeentemense?

	P: Ja. N: Wat gebeur hier? P: Hulle kyk na prentjies. N: Waar is hulle? P: Onder 'n boom op 'n grasperk. N: En wie's hulle? P: Ek weet nie.	P: Nee.
H	N: Sal jy dalk hier wou by gewees het? P: Nee.	N: Dink jy hierdie vrou is 'n gemeente-mens (*wys na netjies geklede vrou)?* P: Ja. N: Hoekom dink jy sy is 'n gemeentemens? P: Want sy gee vir 'n ander mens iets. N: Dink jy mense wat vir ander mense iets gee, is gemeente-mense? P: Mmm (*lag)* Ek weet nie?
I	N: Sou jy dalk hier wou by gewees het? P: Ja. N: Wat gebeur hier? P: Die dominee lees vir hulle uit die Bybel uit. N: Wat noem 'n mens dit? P: Mmm *(weet nie)*	N: En hulle? P: Ja.
J	N: Sal jy by hierdie kinders wou wees?	N: Dink jy hulle is gemeente-mense? P: Nee.

	P: Miskien *(klink positief)*	
K	N: En hierby? P: Ja. N: Wat gebeur hier? P: Die mense kom verby om geldjies te kry.	N: Dink jy hulle is gemeentemense? P: Ja, want hulle gooi geld in vir die ander mense.
L	N: Sou jy hier wou by gewees het? P: Ja. N: Wat gebeur hier? P: Hulle gee vir die ander mense 'n present.	N: En hulle? P: Ja. N: Hoekom dink jy so? P: Want hulle is in kerkklere aangetrek.
M	N: En hier? P: Die ma lees vir hulle 'n storie uit die boek uit. N: Dink jy dit is hulle mamma? P: Mmm... ek dink so.	N: Dink jy hulle is gemeente-mense? P: MmmNee.
N	N: Sou jy by hierdie kind wou gewees het? P: Nee.	N: En hy? P: Nee.
O	N: En by hierdie een? P: Ja. N: Hoe lyk hy vir jou? P: Hartseer. N: Wat sou jy by hom wou gemaak het? P: Getroos het.	N: Gemeente-mense het nie altyd hulle kerkklere aan nie. Dink jy hierdie kind is 'n gemeente-mens? P: Dit lyk vir my...nee, ek dink nie so nie. N: Sê net soos jy regtig dink.

P	N: Sou jy by hierdie kind wou gewees het? P: Ja. N: Wat dink jy gebeur hier? P: Ek weet nie.	N: Is hy 'n gemeente-mens? P: Nee.
Q	N: Sou jy by hierdie kind wou wees? P: Ja. N: Waarom sou jy by haar wou wees? P: Sy kleur in en ek sal ook graag wou ingekleur het.	N: Dink jy sy is 'n gemeente-mens? P: Nee.
	N: Waaraan dink hierdie kind? P: Ek dink hy dink aan die kerk. N: Wat noem ons al die mense wat so in die kerk kom? P: Ek weet nie. N: Hierdie mense is gemeente-mense. Baie van die wat ons op die ander prente gesien het, is ook gemeente-mense. Ek gaan hulle vinnig weer vir jou wys en dan sê jy vir my of jy dink hulle is gemeentemense.	

N: Watter een van die prente wil jy graag weer sien om daaroor te gesels?

P: *Blaai deur.* Hierdie een *(prent E).*

N: Wat sien jy?

P: Lat die kinders Bybel lees en lat hulle saam met die ma en die pa ook kan lees, en lat die kinders ook saam in die kerk is.

N: As jy nou op 'n Sondagoggend opstaan, en mamma sê ons gaan kerk toe, is jy dan bly?

P: *Dink 'n bietjie.* MmmJa.

N: Is dit vir jou lekker by die kerk?

P: Ja.

N: Wat is vir jou lekker?

P: Lat ons kan stories hoor uit die Bybel uit en lat dit lekker is om te sien lat die mense nie so baie gesels nie.

N: As jy by die kerk aankom, wie is daar? Sien jy mense wat jy ken?

P: MmmNee.

N: Is dit lekker as mamma en pappa saamgaan?

P: Ja.

N: As julle nou so in die kerk sit, wat doen jy die hele tyd?

P: Ons moet na die dominee luister, en luister wat hy uit die Bybel lees en luister wat hy sê.

N: En verstaan jy alles wat hy sê?

P: Ek verstaan partykeer wat hy sê.

N: Kan jy nog iets onthou?

P: Ja, dominee het vir ons vertel van die vyf lampies en ander vyf lampies wat doodgebly het. (*Preek met demonstrasie - 10 lampe).*

N: Hoekom onthou jy dit so goed?

P: Want ek het al die liedjie by die skool gehoor.

N: Was jy al by as 'n babatjie gedoop is?

P: Ja.

N: Was dit vir jou lekker?

P: Ja, want dis lekker om te sien dat daardie babatjie dan kan groot word.

N: En het jy al Nagmaal gesien?

P: Ja.

N: Wat is dit?

P: Dit is as mens kerk toe gaan en hulle gee vir jou brood en 'n klein glasie wyn.

N: Hoekom gee hulle dit vir jou?

P: Want die wyn is van Jesus se bloed en die brood is van Jesus se... mmm *(Kan nie onthou nie).*

N: Se liggaam. Sou jy dit ook wou geëet het?

P: Ja.

N: Hoekom?

P: Want dis dan lekker om te voel dat Jesus in ons lewe.

N: Was jy al by 'n begrafnis?

P: Nee.

N: Was jy al by 'n troue?

P: Nee.

N: Het julle hier by die huis ook soms iets soos kerk?

P: Ek weet nie?

N: Lees julle soms uit die Bybel?

P: Ja, voordat ons gaan slaap.

N: En bid julle ook?

P: Ja.

N: Wie?

P: Ek en my ma.

N: En as julle eet?

P: Dan bid my pa so 'n ander een.

N: Weet jy hoe lyk julle ouderling of diaken?

P: Nee.

N: Wat doen hulle?

P: Ek weet nie.

N aan ouers: Dink julle hy is positief ingestel teenoor die kerk?

Moeder: Ja.

N: Is daar nie weerstande nie?

M: Soms.

Prenteverbatim R

Prent	Respondent R	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Wat sien jy op hierdie prent? R: ek sien op hierdie prentjie kinders, en ek sien bome en drade en gras en stoele. N: Sal jy graag by hierdie kinders wou gewees het? R: Ja. N: Hoekom? R: Want hulle lyk vir my baie vriendelik.	N: En hulle? R: Ja, ek dink 'n paar is maar party kan ook kinders van Satan wees.
B	N: Wat dink jy gebeur op hierdie	N: En hulle?

	prentjie. R: Ek dink iemand is besig om sy of haar verjaarsdag te vier. N: Sal jy graag hier wil by gewees het. R: Baie graag, die partytjie lyk vir my baaie, baie lekker!	R: Ja.
C	N: Sal jy graag hier wou by gewees het? R: Mmja. N: Waarna lyk dit vir jou? R: Dit lyk vir my soos 'n groot saal met mense en kinders wat besig is om te sing. N: As jy hier iewers kons sit, waar sou jy wou gesit het? R: *Wys 'n plek reg voor.* N: Hoekom daar? R: Want dan kan ek die klavier baie goed hoor, en jy kan die stem waar mense so praat ook baie goed hoor.	N: Dink jy dit is familie van Jesus? R: Ja.
D	N: Sou jy hier wou by gewees het? R: Ja. N: Hoekom? R: Want daarso is 'n ma en 'n kind wat besig is met 'n Bybel en ek hou van Bybele en ek hou van	N: Dink jy dit is familie van Jesus? R: Ja.

	boeke en ek hou ook baie van die Here.	
E	N: Hier sit 'n paar mense. Ek het die prent uitgeknip. Waar dink jy sit hulle? R: Ek dink hulle sit in die kerk. N: Hoekom dink jy so? R: Ek sien Bybele en ek sien netjiese klere, en ek sien ook dat daardie meisie bid. *(Wys na een langs pa).* N: As dit jou gesin was, waar sou jy wou gesit het? R: Ek sou op hierdie plekkie wou sit waar daardie meisie sit. N: Hoekom sou jy daar wou gesit het? R: Waant..., sê nou ek is daai meisie dan sou ek ook net soos sy gebid het.	N: Dink jy hulle is kinders van Jesus? R: Ja.
F	N: Sou jy by hierdie prent se mense wou by gewees het? R: Ja. N: Hoekom? R: Ekke sou vir daardie meisietjie gaan kuier het en dat sy vir my 'n drukkie kan gee en ekke kan vir haar 'n briefie gee wat ek vir haar geskryf het en 'n klein presentjie.	N: Dink jy dit is mense van Jesus? R: Mmja. N: Hoekom? R: Omdat haar dogtertjie is siek en die tannie help haar om gesond te word. R: Dink jy almal wat in die hospitaal help om kindertjies gesond te maak, is familie van Jesus? N: Party kan ook kwaai wees en sê: Luister na Satan, maar party kan ook

		kinders wees van Jesus.
G	N: En sal jy hier wou by gewees het? R: Baie graag, ja. N: Wat gebeur op hierdie prent? R: Ekke sien 'n juffrou en dat sy vir die kinders leer buitekant die skool. N: En waar sou jy wou gesit het? R: *Wys 'n plek naby die juffrou tussen die twee dogters.*	N: Is hulle mense van Jesus? R: Ja. N: Watter storie dink jy vertel sy vir hulle? R: Sy vertel hulle seker die storie van Noag.
H	N: Hier is 'n baie interessante prent. Sal jy hier naby wou gewees het? R: Ja. N: Wat dink jy gebeur hier? R: Dit lyk vir my of daai tannie iets koop by daai tannie.	N: Dink jy hulle is familie van Jesus? R: Ja. N: Hoekom dink jy so? R: Waant..., 'n mens werk mos dan moet 'n mens mos geld kry en daardie vrou het nie sommer alles gevat nie. Sy het vir hulle geldjies gegee. N: So sy is familie van Jesus. En hierdie ander mense? R: 'n Paartjies kan seuns van die duiwel wees en 'n paar vroue kan seuns van die duiwel wees, en nog iets, daar kan 'n paar wees wat van God is en wat in die hemel gaan wees.
I	N: Sou jy hier wou by gewees het? R: Ja. N: Wat gebeur hier?	N: Dink jy hulle is familie van Jesus? R: Ja, want die dominee lees vir hulle Bybel en hulle luister daarna.

	R: Daarso sit iemand daarso, 'n man en hy lees vir die gesin 'n Bybel. N: Wie is daardie man? R: Ek dink dis die dominee. N: Lees die dominee so vir mense Bybel? R: Ja. Ekke ken een stukkie van die Bybel, dis Johannes 3:16.	
J	N: Hier is 'n paar kinders. Sou jy by hulle wou gewees het? R: Jaa, want dit lyk vir my of hulle iets baie interessant gesien het - 'n verrassing of so-iets.	N: En hulle? R: Ja. N: Kyk net hulle gesigte wat bly is en kyk hoe skree hulle Hoera! Hoera! Want Jesus het vir hulle kom sê hulle is kinders van My.
K	N: Sal jy by hierdie mense wou by gewees het? R: Mmja. N: Hoekom? R: Want hulle deel goetertjies uit wat 'n mens kan eet en wat 'n mens kan drink by die kerk. N: Wat se goedjies is dit? R: Sulke broodjies soos laaskeer in die kerk waar ons lekkertjies gekry het en 'n stukkie brood en die grootmense 'n stukkie brood en wyn. N: Wat noem ons dit?	N: Dink jy prent K se mense is familie van Jesus? R: Ja.

	R: Ek weet nie.	
L	N: Sal jy graag hier wil by gewees het? R: Ja. N: Waarna lyk dit vir jou? R: Dit lyk vir my soos 'n man wat vir 'n ou tannie 'n presentjie gee.	N: En hierdie mense? R: Mmja.
M	N: Sal jy hier wil by gewees het? R: Die pa lees vir die kinders die Bybel, die Woord van Jesus, en die kinders luister gewildig daarna, en ekke sou baie graag daar wil gewees het, want die Bybel is baie interessant.	N: Dink jy hierdie prent se mense is deel van die familie van Jesus? R: Natuurlik.
N	N: Sou jy naby hierdie kind wou wees? R: Liewer nie, want hy lyk vir my kwaad.	N: En dink jy hy is een van die familie van Jesus? R: Nee.
O	N: Sou jy naby hierdie kind wou wees? R: Ja. N: Hoekom? R: Want hy lyk vir my baie vriendelik...	N: En hierdie kind? R: Ja. N: Hoe weet jy dit? R: Want dit lyk my hy is hartseer want sy moeder is dood en sy is by liewe Jesus en hy wil ook daar wees.
P	N: Sal jy naby hierdie kind wou wees? R: Ja. N: Wat gebeur hier? R: Hy vat 'n kers in die nag om	N: Dink jy hierdie kind is familie van Jesus? R: Ja.

	dan na sy mamma toe te gaan want hy's bang. N: En jy sou naby hom wou gewees het? R: Ja.... Ek raak aanmekaar bang in die nag.	
Q	N: En sou jy naby hierdie kind wou gewees het? R: Hoekom? N: Sy het 'n vriendelike gesiggie, sy teken mooi en ek dink sy is baie vriendelik.	N: Dink jy hierdie dogtertjie is familie van Jesus? R: Ja.
R	N: Wat sien jy hier? R: Ek sien 'n seun en baie tannies en kinders en ek sien 'n kerk. N: Wat noem ons hierdie mense wat almal kerk toe gaan? R: Ek weet nie. N: Gee vir hulle 'n naam, jou eie naam. R:...Die familie van Jesus. N: Dis 'n baie mooi naam. Nou gaan ons terug.	

Na die tyd kies sy prent G, om weer daarna te kyk.

N: Hoekom kies jy hierdie prent?

R: Want dit lyk soos 'n stil plek waar mense altyd Bybel hou en mense vir die plante sorg en sorg vir die kinders en hulle luister na 'n storie van Jesus.

N: As mense Sondae uit die kerk uit kom, wat gaan maak hulle dan totdat hulle weer kerk toe kom?

R: Hulle gaan 'n bietjie rus en kyk videos en alles en dan lees hulle Bybele en bid en sing Gesange en Psalms, en dan gaan hulle weer skool, en nog 'n daggie skool en dan gaan hulle nog skool tot dit Saterdag is en dan begin hulle om te braai en dan moet hulle klere soek wat hulle môre moet aantrek vir die Sondagskool, en dan die volgende dag is dit Sondag en dan gaan hulle weer kerk toe.

N: Sien hierdie mense mekaar in die week?

R: Ja.

N: En wat sê hulle dan vir mekaar?

R: Dan sê hulle: Ek het vir jou by die kerk gesien, ek is seker jy is 'n kind van Jesus.

N: Wat doen jy hier by die huis wat jou herinner dat jy familie van Jesus is?

R: We-el, ek gaan kerk en Sondagskool toe en ek het 'n Bybel wat ek lees, ek het baie Bybele, en ek het 'n Gesangboekie, en verder bid ek ook vir Jesus.

N: Kan ons daardie familie van Jesus maar die gemeente noem?

R: Ja.

N: Wie of wat is nou die gemeente?

R: 'n Gemeente is as al die mense wat God se kinders is, bymekaar kom, dan lees hulle Bybel, sing gesange, bid en dan begin hulle weer gesange sing en so gaan hulle aan tot die kerk verby is.

N: As jy kerk toe gaan, en jy sit daar in die kerk, wat sien jy alles?

R: Ek sien die dominee en ek sien die kruis van die Here met sulke lap bo-oor, en ek sien baaie mense en ek sien die orrel en ek sien nog meer mense wat aan die kant sit en partykeer sing daar mos 'n koor...

N: Ja.

R: Dit sien ek ook partykeer.

N: En wat se lap is daar op die kruis?

R: Dit is die klere van Jesus.

N: Wat is nog voor in die kerk?

R: Ek sien blomme, en ek sien nog 'n mat....

N: Is daar iets wat vir 'n mens laat dink aan die doop?

R: Daarso is 'n dominee, want hy doop mos.

N: Is jy ook gedoop?

R: Ja.

N: Het jy al gesien hoe word 'n babatjie gedoop?

R: Ja.

N: Hoekom word 'n babatjie gedoop?

R: Want sy het nie 'n naam nie, of hy het nie 'n naam nie, en as sy gedoop word is sy 'n baie slim kindjie. Sê nou maar hier staan die dominee en hier is so 'n potjie met water en hy gaan dit nou bo-oor die babatjie smeer sodat hy 'n kind van Jesus kan wees.

N: Is daar iets by die kerk waarvan jy nie hou nie of wat ons liewers anders moet doen?

R: Nee, daar is niks wat vir my sleg is nie, maar daarso is mos sulke merke in die dak, dis waarvan ek nie hou nie want dit lyk nie mooi nie.

N: Raak jy nie partykeer baie moeg is die kerk nie?

R: Ja, partykeer en dan sê my mamma ek moet nie moeg raak nie, ek moet net na die dominee luister wat hy alles sê.

N: Kry jy dit alles onthou?

R: Nee, partykeer as ons uit die kerk is dan vergeet ek al weer alles, dan moet ek in die Bybel gaan kyk, miskien kry ek die woorde wat hy gesê het.

N: Lees jy self, of lees daar iemand saam met jou?

R: Nee, ek lees alleen. My suster het ook 'n klein Bybeltjie en my mamma-hulle lees ook Bybel.

Prenteverbatim S

Prent	Respondent S	*Hierdie kolom moet blokkie vir blokkie van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	N: Jy moet vir my sê of jy graag by die mense op die prent wil wees. Wat sien jy op hierdie prent? S: Ek sien seuntjies wat skree op 'n kompetisie wat skree die een seuntjie moet wen. N: Sou jy graag by hulle wou wees? S: Nee.	N: Dink jy dit is gemeentemense? S: Ja. Hulle lyk vir my ook soos kinders van die Sondagskool.
B	N: En by hierdie mense? S: Ja. N: Waarna lyk dit vir jou, wat gebeur hier? S: Dit lyk vir my soos in die ou tyd waar die meisies hulle so snaaks aantrek en die seuntjies ook en dan lag die meisies vir die seuntjies want die seuntjies is snaaks.	N: Is dit gemeentemense? S: Ja. N: Hoekom? S: Hulle lyk soos die ander kinders wat oom nou net vir my gevra het.
C	N: Sou jy graag by hierdie mense wou wees? S: Ja.	N: Is dit gemeentemense? S: Ja. N: Hoekom dink jy so?

	N: Waarna lyk die prent vir jou? S: 'n Vrou wat klavier speel en mense wat kyk.	S: Want hulle het ook mooi klere aan. N: Waar dink jy hulle is nou? S: In 'n groot saal of iets wat baie deftig is. N: As jy nou hier iewers kon sit, waar sou jy wou sit? S: Hier heel voor. N: Hoekom? S: Dat ek alles kon sien. N: Wat wou jy alles sien? S: Hoe sy speel.
D	N: En by hulle? S: Nee. N: 'n Dogtertjie wat seergekry het en 'n ma wat kyk.	N: En hulle? S: Ja.
E	N: Sou jy graag hier by wou gewees het? S: Nee. N: Waar is hulle? S: In die kerk waar almal bid en daar's een man wat nie bid nie. N: Sê nou dit was jou pappa en mamma, sou jy dan wou by gewees het? S: Ja. N: Waar sou jy dan wou gesit het? S: Langs my ma.	N: Dink jy dit is gemeentemense? S: Ja.

	N: Sê nou jy sit so in ons kerk, wat sien jy dan? S: Dan sien 'n mens die dominee wat praat en preek. N: En nog? S: Dan sien mens die Here wat jou groet. N: Hoe sien 'n mens die Here groet jou? S: As die dominee sy hand so wys, dan groet die Here jou. N: Wat sien jy nog? S: Ek sien al die gemeente. N: Hoe lyk hulle vir jou? S: Hulle lyk vir my mooi aangetrek. N: Wie sien jy wat jy ken? S: My maatjies en my ooms en my tannies.	
F	N: Sou jy graag hier wou by gewees het? S: Ja. N: Wat sien jy hier? S: 'n Meisie wat in die hospitaal is en 'n dogter wat vir haar sê sy moenie bang wees nie, want daar's niks wat met haar sal gebeur nie.	N: Dink jy dit is gemeentemense? S: Ja. N: Hoekom dink jy so? S: Omdat daardie een vrou vir die meisie sê sy moenie bang wees nie, daar gaan niks met haar gebeur nie en sy help ook vir ander mense. N: So help gemeentemense vir ander mense?

		S: Partykeer.
G	N: Wat sien jy hier? S: Kinders en 'n groot kind wat vir hulle 'n storie lees. N: Sou jy graag hier by wou gewees het? S: Ja. N: Waar sou jy graag wou gesit het as jy kon kies? S: Hier voor *(Naby die groot kind en tussen die ander dogters).*	N: Dink jy dit is gemeentemense hierdie? S: Ja. N: Wat doen hulle? S: Die groot meisie lees vir hulle 'n Bybelstorie. N: Hoe weet jy dit is 'n Bybelstorie? S: Ag, dis nie 'n Bybelstorie nie, dis 'n storie. N: Sê nou dit was 'n Bybelstorie, waar het dit gebeur? S: By die Sondagskool. N: Hou hulle soms so buite Sondagskool? S: Ja, miskien as hulle nie kamers binne het nie.
H	N: Sou jy dalk hier naby wou wees om te sien wat hier gebeur? S: Ja. N: Hoekom? S: Want dit is al die Xhosa-mense en hulle kan vir jou baie wys.	N: Dink jy van hierdie mense is deel van die gemeente? S: Nee. N: Wat gebeur op hierdie prent? S: Mense wat goeters verkoop vir die ander mense.
I	N: Sou jy hier wou by gewees het? S: Nee.	N: Is dit mense van die gemeente? S: Ja, want 'n dominee van hulle kerk het mos vir hulle 'n Bybelstorie kom lees.

	N: Wat gebeur hier? S: Dis wat oom nou met my doen wat daardie dominee nou met hulle gesin doen. Hy lees net 'n storie uit die Bybel.	
J	N: Hoe lyk hierdie mense op prent J vir jou? S: Dit lyk vir my van kinders wat van sports is. N: Wil jy dalk by hulle wees? S: Ja.	N: En hulle? S: Ja, hulle lyk ook soos kinders van Jesus.
K	N: En by hulle? S: Ja. N: Wat sien jy hier? S: Ek sien van al die mense wat as hulle hier by die kerk inkom dan gee hulle geldjies.	N: En dink jy hulle is deel van die gemeente? S: Ja, want hulle gooi geld vir die kerk in vir die arme mense.
L	N: Kyk mooi na hierdie prent. Sou jy hier wou by gewees het? S: Ja. N: Wat gebeur hier? S: Dis van 'n tannie wat verjaar en 'n oupa en 'n man wat kom kuier.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeentemense? S: Ja. N: Hoekom dink jy so? S: Hulle lyk vir my soos kinders van Jesus. N: Waaraan sien jy dit? S: Aan hulle gesigte en op hulle lywe. Ek sien dat hulle glimlag en dat hulle mooi klere aan het.
M	N: En hier?	N: Dink jy hierdie mense is deel van 'n gemeente?

	S: Nee. N: Wat gebeur hier? S: 'n Pa wat vir sy twee kinders 'n storie lees uit die Bybel.	S: Ja. N: Hoekom dink jy so? S: Omdat die pa vir hulle 'n Bybelstorie lees en hulle hou baie van 'n Bybelstorie.
N	N: Wil jy graag by hierdie kind wees? S: Ja. N: Hoe lyk hy vir jou? S: Hy lyk asof hy lelik is en asof daar 'n duiwel in hom is. N: Wil jy by hom wees? S: Ja om vir hom te sê hy moenie vir die duiwel luister nie.	N: Is hy deel van 'n gemeente? S: Nee. N: Hoekom nie? S: Omdat hy vir my 'n bietjie lelik lyk.
O	N: En hoe lyk hy vir jou? S: Dit lyk of hy geval het en seergekry het. N: Sal jy by hom wil wees? S: Ja. N: Wat gaan jy dan maak? S: Ek wil hom troos.	N: Dink jy hierdie een is deel van die gemeente? S: Ek dink nie so nie.
P	N: Sal jy by hom wou wees? S: Nee. N: Hoe lyk dit vir jou? S: Na 'n dogtertjie wat alleen is met net 'n kersie by haar.	N: Is hierdie kind deel van die gemeente? S: Ja. N: Hoekom dink jy so? S: Omdat ek haar al daar iewers gesien het.
Q	N: En by haar?	N: Is sy deel van 'n gemeente, enige

	S: Ja, sy kleur 'n prentjie van die Bybel in.	gemeente? S: Nee.
	N: *Verduidelik die prent.* Waaraan dink hy? S: Hy dink aan die kerk. N: Hier by die deur van die kerk kom mense uit. Wat noem ons hulle? S: Die gemeente. N: *Verduidelik dat die gemeente Sondae kerk toe gaan.* Wat doen hulle dan voordat hulle weer kerk toe gaan? S: Hulle maak eers vir hulle mooi en dan trek hulle hulle rokke aan as hulle nou meisies is en hulle vat hulle boeke, hulle Bybels. N: En as hulle uitkom, wat maak hulle dan al daardie dae totdat hulle weer kerk toe gaan? S: Dan gaan hulle skool toe as dit Maandag is, al die kinders.	

Na die tyd kies sy prent G om weer te bekyk.

N: Waarom kies jy weer hierdie prent?

S: Omdat dit vir my mooi lyk en dit lyk van kinders wat ook baie graag vir God wil sien.

N: As julle uit die kerk kom, doen julle hier by die huis ook gemeentedinge?

S: Nie eintlik nie.

N: Wat se goed is gemeentegoed?

S: 'n Mens kan vir Jesus bid en vra dat die ander mense wat ook gemeente is en wat seergekry het, dat hulle weer sal kerk toe kom.

N: Bid julle by die huis?

S: Wanneer ons altyd in die aand kos eet en in die oggend, dan bid ons vir liewe Jesus dat ons so bevoorreg is dat ons ook kos kan kry.

N: Lees julle Bybel?

S: Ja, as ek gaan slaap, dan lees my pa of my ma of my sussie vir my.

N: Waar is julle dan?

S: Dan lê ek in my bed.

N: En bid jy dan ook?

S: Ja.

N: Wat?

S: Nie elke keer dieselfde nie.

N: Julle lees nie almal saam nie?

S: Nee.

N: Gaan julle soms na 'n wyksbyeenkoms toe?

S: Ja.

N: Wat gebeur daar?

S: Daar is kinders wat speel.

N: Het jy al 'n doop gesien.

S: Ja. Ek was self gedoop by my oupa.

N: Toe jy klein was?

S: Ja.

N: Is dit lekker om 'n doop te sien?

S: Ja.

N: Hoekom?

S: Want ek sien dan dat God kinders gestuur het.

N: Het jy al 'n Nagmaal gesien?

S: Nee.

Gaan Sondagskool toe, nie kinderkrans toe nie.

N: Wat is lekker by die Sondagskool?

S: Om prentjies in te kleur.

N: En wat is lekker by die kerk?

S: Wat die dominee alles preek.

N: Is dit lekker om net so te sit? Raak jy nie soms moeg nie?

S: Partykeer.

N: Wat is die lekkerste stukkie in die kerk?

S: Om liedjies te sing.

N: Wat is jou gunsteling-liedjie?

S: Al was ek nie daar nie.

N: Baie dankie vir die geselsie....

Prenteverbatim V

Prent	Respondent V	*Hierdie kolom moet van onder af gelees word. Dit is die response op die vraag of hierdie mense aan die gemeente behoort, of kerk toe gaan.*
A	V: Dis 'n lekker prent.	V: Nee.
B	V: Dis 'n sleg prent. Dit lyk vir my lelik.	V: Nee. N: Daardie oom lyk dan vir my of hy ook 'n pak klere aan het. V: Hy was werk toe.
C	V: Dis 'n sleg prent - daar is nie kinders by nie. N: Wil jy nie daar wees nie? V: Nee.	(Dink baie lank.) V: Ja. N: Hoe weet jy hulle was by die kerk? V: Daar is 'n tannie wat altyd speel met die klavier. N: En jy wil nie graag daar wees nie? V: Nee.
D	V: Dis ook 'n sleg prent - dis lelik. Daar's niks kinders by nie. N: Dít lyk vir my na 'n kind. V: Ek hou nie van dogters nie	V: Nee
E	V: Dis 'n sleg prent. Daar is 'n mamma en 'n pappa by. Die eerste prent was vir my lekker. N: So dis nie vir jou lekker as	V: Ja. N: So hulle was by die kerk? V: Hy (wys na seuntjie langs ma) was by die kerk, maar nie die ander nie.

	daar 'n mamma en 'n pappa by is nie? V: Nee.	N: Hou jy van hom? V: Nee. N: Hoe weet jy hy was by die kerk? V: Dit was in die speelgroepie. N: Het jy hom daar gesien? V: Ja.
F	V: Dis 'n lekker prent. By die hospitaal kry 'n mens lekker kos.	V: Nee, want sy's in die hospitaal. Sy kan nie kerk toe gaan nie. N: En hierdie verpleegster? V: Dis 'n tannie dokter. N: En sy kan ook nie kerk toe gaan nie? V: Nee. Sy moet die mense gesond maak. Sy kan nie kerk toe gaan nie.
G	V: Dis 'n lekker prent. N: Hoekom? V: Daar is kinders by.	V: Nee
H	V: Sleg prent. Dis lelike goed.	V: Nee, niks van daais (bedoelende "hulle") nie.
I	V: Dis 'n sleg prent. Daar is 'n mamma en 'n pappa by. N: Hou jy nie van 'n mamma en 'n pappa by nie. V: Nee.	V: Nee.
J	V: Sleg prent.	V: (Laang twyfel.) Nee.
K	V: Dis ook 'n sleg prent. Jy moet	V: Ja. By die kerk gooi 'n mens geld in

	jou geld weggee.	'n bordjie.
L	V: Dis 'n sleg prent. Daar is nie kinders by nie. N: Wat gebeur hier? V: Mmm. Dis 'n lekker prent. Daar is presente.	N: Dink jy hulle is deel van die gemeente? V: Ja. N: Almal van hulle, of net party? V: Almal van hulle. N: Hoekom dink jy so? V: Want hulle het mooi pakke aan wat 'n mens kerk toe dra.
M	V: Lekker prent. N: Hoekom. V: Die mamma kan met 'n mens speel. N: Hierdie mamma? V: Ja. N: Jy het netnou gesê as 'n mamma by is, is dit nie lekker nie. V: 'n Speelmamma is vir my lekker, maar nie 'n mamma nie.	
N	V: Hy's lelik.	N: En hierdie een? V: Nee.
O	V: Hy's ook lelik.	N: En hierdie seun? V: Nee.
P	V: Ek hou van hom.	N: Dink jy daardie seun is deel van die gemeente?

	N: Hoekom? V: Dis lekker as 'n kersie by is.	V: Nee. N: Dink jy nie hy was Sondag in die kerk nie? V: Nee, net babas. N: Hoekom net babas? V: Elke dag was daar net babas. Die laaste dag was daar net babas. (Moeder verduidelik later dat hulle in die moederskamer sit en dat hy baie hou van doop. Hulle woon die buurgemeente by, waar daar die vorige sondag weer babas gedoop is.)
Q	V: Ek hou van haar want sy't 'n inkleurboek N: En hou jy van inkleur? V: Ja, want ek het ook 'n inkleurboek met (noem allerhande dinge op) in.	N: Dink jy hierdie dogtertjie was van die gemeente? V: Nee. N: Dink jy nie so nie? So sy gaan nie kerk toe nie? V: Nee.

N: Van watter prent hou jy die meeste?

(Kies prent G. Alhoewel hy dit nie as 'n gemeenteprent uitgewys het nie, laat die navorser hom tog daaroor praat om te bepaal of hy dit dalk tog in verband met die gemeente gaan bring na die reeks vrae oor die gemeente/kerk.)

N: Wat dink jy het hier gebeur?

V: Die tannie lees vir hulle boek.

N: Waar is dit?

V: By Simonsberg.

N: So dis daar buite. Was jy al by as dit gebeur?

V: Mja.

N: Was dit vir jou lekker?

V: Ja.

N: Waar sou jy graag wou gesit het?

V: Onder die boom.

N: Langs watter kind?

V: Niks kind.

N: Wil jy alleen sit?

V: Nee, ek wil langs die tannie sit.

N: Is dit vir jou baie lekker om so naby die tannie te sit?

V: Mja.

N: Hoekom wil jy langs die tannie sit?

V: Sy kan vir my iets wys.

N: Wat gaan julle doen as julle klaar gelees het?

V: Hardloop resies.

N: En wat het hulle gedoen voordat hulle gelees het?

V: Gestap daarnatoe.

N: Watter dag dink jy was dit?

V: 'n Maandag.

N: Wat doen jy altyd op 'n Maandag?

V: Maak koekies by die skool.

Uit die gesprek met die ouers word die volgende duidelik:

Die gesin woon net die kerk op Sondagoggende by en nie ander gemeentebyeenkomste nie. Alhoewel hulle reeds vir een jaar hier woon het

hulle aangegaan by Noord om kontinuïteit te behou. Hulle vertrek weer binnekort. Hulle sit altyd in die moederskamer.

N: Waarvan hou hy die meeste?

Ouers: As daar 'n doop is. Dis waarom hy van die babas praat. Hulle is dan gewoonlik ook daar in die moederskamer.

N: Waaroor is hy dalk negatief?

Ouers: Nie eintlik iets nie.

Verdere gesprek met V:

N: Hou die kerk lank aan? Praat julle dominee lank?

V: Kort.

N: Wat trek jy aan as jy kerk toe gaan?

V: Sondagklere.

N: Hoe lyk dit?

V: Maroen.

N: Sit jy 'n das aan?

V: Nee.

N: Hou jy van jou Sondagklere?

V: Nee.

N: Nie?

V: Nee.

N: Hoekom nie?

V: Ek wil nie kerk toe gaan nie.

N: Hoekom nie?

V: Dis nie lekker daar nie.

N: Hoekom nie?

V: Die dominee praat lank en dan kan ek nie speel soos hier by die huis nie. Daar by die kerk is min speelgoed.

N: So julle sit daar agter die venster. Wil jy partykeer liewers binne wees?

V: Mmmnee.

N: Was jy al by as iemand getrou het?

V: Ja, want daar's koekies en beskuitjies.

N: Was dit in die kerk of by die saal?

V: By die saal.

Verdere vrae aan ouers:.

N: Het julle vaste godsdienstige gebruike, behalwe kerk toe gaan?

Ouers: Soggens lees ons saam uit 'n dagboek. En hulle vat beurte om te bid by die eettafel (nog 'n kleiner sussie). Saans lees sy pa vir hom uit die kinderbybel voordat hy gaan slaap.

N: Elkeen alleen, of saam?

Ouers: Een vir een.

(Geen kerkraadslid het hulle besoek sodat V hom/haar as kerkraadslid kon eien nie.)

N (predikant): Wat maak ek?

V: Jy maak dinge reg.